

DIE ROL VAN GOUD IN DIE INTERNASIONALE
BETALINGSVERKEER

deur

DANIËL CHRISTIAAN CRONJÉ

Proefskrif goedgekeur vir die graad

Doctor Commerci
(Ekonomie en Geld- en Bankwese)

in die Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe
aan die Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys.

Promotor : Prof. dr. D.P. Erasmus

POTCHEFSTROOM
NOVEMBER 1974

DANKBETUIGING

Dit is my voorreg om dank en erkentlikheid aan almal te betuig wat regstreeks en onregstreeks meegehelp het om sukses moontlik te maak.

Aan my promotor, prof. dr. D.P. Erasmus, my opregte dank vir sy bekwame en inspirerende leiding.

Aan dr. Martin Marais wat die taalkundige versorging behartig het, en mev. E. de Wet wat die tikwerk onderneem het, my hartlike dank.

Besondere dank ook aan my vrou vir haar volgehoue ondersteuning en daadwerklike bystand. Vir die baie ure wat sy spandeer het aan die tik van die studie in sy voorlopige vorm, my opregte waardering.

AAN HOM AL DIE EER.

Die Skrywer

Potchefstroom
November 1974

OPGEDRA AAN LARINE

INHOUDSOPGAWEHOOFSTUK 1INLEIDING

1.1	Doel met hierdie studie.	1
1.2	Metode van aanbieding.	3
1.3	Begripsbepaling.	5

HOOFSTUK 2DIE AANBOD VAN EN DIE VRAAG NA GOUD

2.1	Inleiding.	12
2.2	Die aanbod van goud.	13
2.2.1	Die produksie van goud.	13
2.2.1.1	Faktore wat goudproduksie beïnvloed	13
2.2.1.2	Goudproduksie tot 1945.	16
2.2.1.3	Goudproduksie sedert 1946.	19
2.2.2	Geografiese ontleding van totale goudproduksie.	21
2.2.2.1	Die tydvak voor 1945.	21
2.2.2.2	Die tydvak ná 1945.	23
2.2.3	Projeksies van goudproduksie.	26
2.2.4	Die totale goudaanbod.	31
2.3	Die vraag na goud.	33
2.3.1	Die verskillende komponente van die vraag na goud.	33
2.3.2	Die vraag na goud voor 1945.	34
2.3.3	Die vraag na goud sedert 1946.	36
2.3.3.1	'n Ontleding van die totale goudvraag.	36
2.3.3.2	'n Ontleding van die private vraag na goud.	39
2.3.3.3	Die offisiële vraag na goud.	45
2.4	Samevatting en gevolgtrekkings.	48

HOOFSTUK 3DIE INTERNASIONALE MONETÊRE ROL VAN GOUD TUSSEN 1815 EN 1945

3.1	Inleiding.	50
3.2	Die rol van goud in die internasionale betalings- meganisme.	51
3.2.1	Die monetêre rol van goud tussen 1816 en 1914.	51
3.2.1.1	Goud in verskillende lande.	51
3.2.1.2	Die goudstandaard en pryspeile.	54
3.2.1.3	Sukses van die goudstandaard voor 1914.	57
3.2.2	Die monetêre rol van goud tussen 1914 en 1945.	58
3.2.2.1	Die aftakeling van die goudstandaard tussen 1914 en 1918.	58
3.2.2.2	Die terugtog na die goudstandaard tussen 1919 en 1925.	72
3.2.2.3	Die monetêre rol van goud tussen 1925 en 1931.	78
3.2.2.4	Die aftakeling van die goudstandaard ná 1931 en die monetêre rol van goud tot 1945.	86
3.3	Goud en internasionale monetêre reserwes.	98
3.4	Samevatting en gevolgtrekkings.	102

HOOFSTUK 4DIE INTERNASIONALE MONETÊRE ROL VAN GOUD SEDERT 1945

4.1	Inleiding.	106
4.2	Goud en die Internasionale Monetêre Fonds (I.M.F.).	107
4.2.1	Behoeftte aan internasionale monetêre samewerking.	107
4.2.2	Die belangrikste voorstelle vir internasionale monetêre samewerking.	109
4.2.2.1	Die Keynesplan.	110
4.2.2.2	Die Whiteplan.	115
4.2.2.3	Keynes- en Whiteplanne.	120

4.2(3)	Die Bretton Woods-Ooreenkoms van Julie 1944.	122
4.2.3.1	Doelstellings van die I.M.F.	123
4.2.3.2	Kwotas en subskripsies.	125
4.2.3.3	Pariwaardes van geldeenhede.	127
4.2.3.4	Transaksies met die I.M.F.	131
4.2.3.5	Bystandsooreenkomste van die I.M.F.	134
4.2.3.6	Skaarsvalutas.	135
4.2.3.7	Geselekteerde algemene obligasies van lede.	136
4.2(4)	Die goudbeleid van die I.M.F.	137
4.2.4.1	Goudverkope teen premiepryse.	137
4.2.4.2	Subsidies aan goudprodusente.	142
4.2.4.3	Goudverkope deur lidlande aan die I.M.F.	144
4.2.4.4	Goudtransaksiedienste.	147
4.2.4.5	Goudkollaterale transaksies.	147
4.2(5)	Die goudaktiwiteite van die I.M.F.	148
4.2(6)	Spesiale Trekkingsregte (S.T.R.'e).	151
4.2.6.1	Agtergrond.	151
4.2.6.2	Die aard en kenmerke van S.T.R.'e.	154
4.2.6.2.1	Aard van S.T.R.'e.	154
4.2.6.2.2	Deelname.	155
4.2.6.2.3	Die goudwaarde-waarborg van S.T.R.'e.	155
4.2.6.2.4	Beperkings op gebruike en aanvaarbaarheid.	157
4.2.6.2.5	S.T.R.'e en rentekoers.	158
4.2.6.3	Aanvanklike S.T.R.-toekennings.	158
4.2.6.4	Goud en papiergoud.	160
4.2(7)	Die swakhede van die Bretton Woods-Ooreenkoms.	162
4.2.7.1	Ontoereikende wisselkoersmeganisme.	164
4.2.7.2	Die voorsiening van internasionale likiditeit.	166
4.2.7.3	Destabiliserende korttermynkapitaalvloei.	169
4.3	Goud en ander monetêre verwikkelinge sedert 1945.	172
4.3.1	Die tydperk, 1945-1958.	172
4.3.2	Die tydperk, 1959-1967.	196

4.3.3	Die tydperk, 1967-1971.	214
4.3.4	Die tydperk ná 1971.	238
4.4	Goud en internasionale likiditeit.	251
4.5	Samevatting en gevolgtrekkings.	256

HOOFSTUK 5

INTERNASIONALE GOUDPRYSBEWEGINGS EN GOUDMARKTE

5.1	Inleiding.	259
5.2	Internasionale goudmarkte.	259
5.2.1	Agtergrond.	259
5.2.2	Die Londense goudmark.	260
5.2.3	Die goudmark van Zurich.	267
5.2.3.1	Die tydvak vóór Maart 1968.	267
5.2.3.2	Die tydvak sedert Maart 1968.	269
5.2.4	Goudsmokkelary.	272
5.2.5	Russiese goudverkope.	276
5.3	Internasionale goudprysbewegings.	278
5.3.1	Goudprysbewegings vanaf 1949 tot Maart 1968.	278
5.3.1.1	Die tydperk, 1949-1954.	278
5.3.1.2	Die tydperk, 1954-1960.	281
5.3.1.3	Die tydperk, 1960-1968.	284
5.3.2	Goudprysbewegings ná Maart 1968.	285
5.3.3	Die omvang van goudtransaksies op die internasionale goudmarkte sedert Maart 1968.	299
5.3.4	Samevatting en gevolgtrekkings.	301

HOOFSTUK 6

GOUD EN INTERNASIONALE MONETÊRE HERVORMING

6.1	Inleiding.	304
6.2	Die huidige internasionale monetêre hervormingsstrategie.	305

6.2.1	Die behoefte aan internasionale monetêre her- vorming.	305
6.2.2	Die Komitee van 20.	307
6.2.3	Struikelblokke in die weg van internasionale monetêre hervorming.	310
6.2.4	Alternatiewe voorgestelde hervormingsriglyne en goud.	327
6.2.4.1	Die Sienaformule.	327
6.2.4.2	Riglyne deur die Komitee van 20 voorgestel.	331
6.2.4.3	Die Amerikaanse goudriglyne.	335
6.2.4.4	Goud en die Manifes van die Switserse Nasionale Komitee.	338
6.2.5	Die plan van onmiddellike aksie.	340
6.3	Goud en internasionale monetêre hervormings= planne.	342
6.3.1	Die begrippe "monetisasie" en "demonetisasie" van goud.	342
6.3.2	Algemene klassifikasie van internasionale mone= têre hervormingsplanne.	344
6.3.3	Die rol van goud in internasionale monetêre her= vormingsplanne.	347
6.3.3.1	Die sentralisasie van monetêre reserwes.	347
6.3.3.1.1	Die Triffinplan.	348
6.3.3.1.2	Leland B. Yeager : Die Triffinplan en moontlike alternatiewe.	354
6.3.3.1.3	Die Stampplan.	356
6.3.3.1.4	Die Angellvoorstel.	360
6.3.3.1.5	Davies se voorstel vir die skepping van 'n in= ternasionale goudbeurs ("International Gold Exchange").	362
6.3.3.1.6	Die Bostonplan.	367
6.3.3.1.7	Resente voorstelle - die sentralisasie van goud= reserwes by die I.M.F.	369
6.3.3.2	Die uitbouing van die goudwisselstandaard.	370
6.3.3.2.1	Die Bernsteinplan (of SRE-Voorstel).	370
6.3.3.2.2	Harrod en internasionale likiditeit.	375

6.3.3.2.3	Lutz se voorstel vir 'n meervoudige sleutel= valutastelsel.	376
6.3.3.2.4	Machlup en die monetêre rol van goud.	378
6.3.3.2.5	Zolotas se hervormingsvoorstelle.	379
6.3.3.3	Die goudprys en internasionale monetêre her= vorming.	384
6.3.3.3.1	'n Amptelike goudprysverhoging versus die demo= netisasie van goud.	384
6.3.3.3.2	Diverse voorstelle vir amptelike goudprysver= hogings.	386
6.3.3.3.2.1	Regstreekse amptelike goudprysverhogings.	386
6.3.3.3.2.2	Jaarlikse amptelike goudprysverhogings.	388
6.3.3.3.2.3	Afskaffing van die amptelike goudprys.	389
6.3.3.3.3	Die verdeling van revaluasiewinste in geval van 'n goudprysverhoging.	393
6.3.3.3.4	Die argumente ten gunste van en besware teen 'n verhoging in die monetêre goudprys.	395
6.3.3.4	'n Terugkeer na die volle goudstandaard en die demonetisasie van goud.	402
6.3.3.4.1	'n Terugkeer na die volle goudstandaard.	402
6.3.3.4.2	Die voorgestelde demonetisasie van goud.	407
6.3.3.5	Fluktuerende wisselkoerse.	410
6.3.3.5.1	Vry-fluktuerende wisselkoerse.	410
6.3.3.5.2	Meade se voorstel vir fluktuerende wisselkoerse.	411
6.3.4	'n Voorgestelde internasionale monetêre her= vormingsplan.	413
6.4	Samevatting en Gevolgtrekkings.	418

HOOFSTUK 7

DIE INVLOED VAN GOUD OP DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE

7.1	Inleiding.	420
7.2	Die rol van die goudmynbou in die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika.	421
7.3	Die goudmynbedryf en indiensname.	425

7.4	Goud en die Suid-Afrikaanse betalingsbalans.	429
7.4.1	Die lopende rekening.	429
7.4.2	Internasionale reserwes.	435
7.5	Goud en binnelandse besteding.	437
7.6	Staatsinkomste uit die goudmynbedryf.	439
7.7	Goud as stabiliserende faktor in die ekonomie.	442
7.8	Die uitwerking van die huidige hoë internasionale goudpryse op die Suid-Afrikaanse ekonomie.	445
7.9	Samevatting en gevolgtrekkings.	448

HOOFSTUK 8

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

8.1	Inleiding.	450
8.2	Die vraag na en aanbod van goud.	450
8.3	Goud en die internasionale monetêre stelsel.	450
8.4	Internasionale goudprysbewegings.	452
8.5	Goud en internasionale monetêre hervorming.	453
8.6	Die invloed van goud op die Suid-Afrikaanse ekonomie.	454
8.7	Slot.	456

BIBLIOGRAFIE

457

TABELLEHOOFSTUK 2

2.1	Totale goudproduksie, 1493-1945.	17
2.2	Goudproduksie van die wêreld, 1946-1973.	20
2.3	Goudproduksie van geselekteerde lande, 1910-1945.	22
2.4	Geografiese ontleding van goudproduksie, 1946-1973.	24
2.5	Totale goudaanbod in die vrye wêreld, 1948-1973.	32
2.6	Goudverbruik tot 1945.	35
2.7	Offisiële en private vraag na goud, 1946-1973.	37
2.8	Die private vraag na goud, 1956-1973.	40
2.9	Waarde van die jaarlikse offisiële opberging van goud, 1949-1973.	47

HOOFSTUK 3

3.1	Groothandelsprysindeks, 1814-1913.	56
3.2	Persentuele veranderings in die goudreserwes van geselekteerde lande tussen Desember 1913 en Desember 1918.	69
3.3	Die monetêre standaardposisies van 50 lande soos op 1 Januarie 1933.	92
3.4	Goud- en buitelandse valutareserwes voor 1945.	100
3.5	Distribusie van totale monetêre goudvoorraad gedurende die tydperk 1913-1945.	101

HOOFSTUK 4

4.1	Goudtransaksies en -aktiwiteite van die I.M.F., 30 April : 1969-1973.	150
4.2	Wisselkoersaanpassings as gevolg van die Smithsoniaanse Ooreenkoms van 18 Desember 1971.	235
4.3	Goud en internasionale likiditeit, 1948-1973.	252
4.4	Geografiese verdeling van offisiële goudbesit, 1948-1973.	254

HOOFSTUK 5

5.1	Staafgoudpryse op internasionale goudmarkte, 1951-1954.	280
5.2	Goudprys in Londen, 1954-1968.	283
5.3	Goudpryse op geselekteerde internasionale goudmarkte.	286
5.4	Benaderde internasionale goudverkope.	300

HOOFSTUK 6

6.1	Alternatiewe hervormingsplanne.	332

HOOFSTUK 7

7.1	Indiensname en vergoeding in die goudmynbedryf.	426
7.2	Die rol van goud in die lopende rekening van die betalingsbalans, 1950-1973.	430
7.3	Persentuele dekking van goedere-invoere deur goedere-uitvoere en goud.	432
7.4	Goud en die saldo op die lopende rekening.	433
7.5	Goud- en ander buitelandse reserwes, 1950-1973.	436
7.6	Voorrade deur die goudmynbedryf gebruik en bruto binnelandse besteding, 1950-1973.	438
7.7	Staatsinkomste uit die goudmynbedryf.	440

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 DOEL MET HIERDIE STUDIE

'n Wye reeks waardevolle artikels is in die verlede gebruik om as geld te dien. Die meeste van dié artikels kon dié funksie slegs vir 'n beperkte tydperk vervul "and are for this reason clearly inappropriate to an international industrialized exchange economy where continuity of equal worth is essential to health".¹⁾ By sommige van die ander artikels kom een of meer van die noodsaaklike eienskappe van geld kort.

Nadat die artikels wat nie aan die vereistes van 'n internasionale monetêre geldeenheid voldoen nie geëlimineer is, is dit duidelik dat daar slegs een moontlike monetêre "sporelement" bestaan, nl. goud. Charles Rist²⁾ som die besondere eienskappe van goud soos volg op: "... it is practically indestructible and remains identical under all latitudes. Thus it is that in the history of humanity it is equally desired by all peoples and at all times. It enjoys a more extensive and more universal market than any of the other rare goods. The possession of gold gives to the one who holds it the assurance of being able to exchange it at any time and any place, for goods for consumption or production".

Ten spyte van dié besondere eienskappe van goud word daar vir 'n geruime tyd reeds uit verskeie oorde gepoog om goud op internasionale vlak te demonetiseer. Die motivering vir hierdie

1) Holloway. Value and Worth (In Graduate Institute of International Studies. On International Monetary Order, p.48).

2) Rist. The Triumph of Gold, p.51.

studie spruit uit een sodanige poging voort, nl. die opskorting gedurende Augustus 1971 van die dollar se goudinwisselbaarheid. Sedertdien kon die internasionale monetêre outoriteite nog nie op 'n aanvaarbare internasionale monetêre stelsel besluit nie, hoofsaaklik vanweë 'n onvermoë om eenstemmigheid oor die monetêre rol van goud te verkry. Skrywer hiervan stel hom ten doel om nog 'n standpunt ten opsigte van die aangewese monetêre rol van goud onder die aandag van die internasionale beleidsbepalers te bring.

Die doel met hierdie studie is om die rol van goud in die internasionale betalingsverkeer te evalueer en te ontleed. Omdat goud ook vir nie-monetêre doeleindes aangewend kan word, is dit vooraf noodsaaklik om die vraag na en aanbod van goud te ontleed. Tweedens word beoog om die rol van goud as internasionale rekeneenheid, waardedraer en ruilmiddel in historiese perspektief te evalueer. Gepaard hiermee word beoog om die verband tussen internasionale monetêre krisis en die veranderende internasionale monetêre rol van goud bloot te lê. Derdens word beoog om die invloed van die onderliggende goudvraag- en goudaanbodtoestande op internasionale goudpryse te bepaal. Daarbenewens is dit die doel met hierdie studie om die rol van goud in die huidige internasionale monetêre hervormingspoging te ontleed, en 'n eie internasionale hervormingsplan, met spesiale beklemtoning van die rol van goud, te ontplooi. Die rol wat goud in die Suid-Afrikaanse ekonomie speel, is so nou by die internasionale monetêre rol van goud betrokke dat dit wil voorkom asof 'n ontleding daarvan noodsaaklik is.

Dit is belangrik om daarop te wys dat die studieterrein tot 'n ontleding van die internasionale monetêre rol van goud beperk

word, sodat internasionale monetêre gebeure ontleed word slegs vir sover dit in verband staan met goud.

1.2 METODE VAN AANBIEDING

In hoofstuk 2 word die aanbod van en vraag na goud ontleed. Eerstens word die aanbod van goud bespreek aan die hand van die goudproduksie, projeksies van goudproduksie, 'n geografiese ontleding van totale goudproduksie en die totale goudaanbod. Daarna word die verskillende komponente van die goudvraag aan die hand van die private en offisiële vraag na goud ontleed.

Die internasionale monetêre rol van goud gedurende die 1815-1945-tydperk word in hoofstuk 3 behandel. Na 'n analise van die rol van goud in die internasionale betalingsmeganisme word die rol wat goud in internasionale monetêre reserwes gedurende laasgenoemde tydperk gespeel het, ontleed.

In hoofstuk 4 word die internasionale monetêre rol wat goud sedert 1945 vervul het, behandel. Eerstens word die rol wat goud in die I.M.F. speel, ontleed aan die hand van die volgende verwante fasette: die behoefte aan internasionale monetêre samewerking; die belangrikste voorstelle vir internasionale monetêre samewerking; die Bretton Woods-Ooreenkoms van Julie 1944; die goudbeleid van die I.M.F.; die goudaktiwiteite van die I.M.F.; Spesiale Trekkingsregte; en die swakhede van die Bretton Woods-Ooreenkoms. Daarna word die verband tussen goud en ander monetêre verwickelinge sedert 1945 ontleed. Vanweë die komplekse aard en onderlinge afhanklikheid van genoemde monetêre verwickelinge word die rol van goud op 'n chronologiese grondslag ontleed. Hierdie hoofstuk word afgesluit met 'n

analise van die rol wat goud sedert 1945 in internasionale likiditeit speel.

In hoofstuk 5 word internasionale goudprysbewegings en goudmarkte ontleed. Eerstens word die aard en wese van internasionale goudmarkte behandel. Ná 'n analise van internasionale goudprysbewegings sedert 1949 word die omvang van goudtransaksies op internasionale goudmarkte sedert Maart 1968 onder oë geneem.

Hoofstuk 6 word aan internasionale monetêre hervorming gewy. Eerstens word die rol van goud in die huidige internasionale monetêre hervormingstrategie ontleed. Daarna word die rol wat goud in die belangrikste internasionale monetêre hervormingsplanne speel, krities ontleed. Skrywer hiervan voltooi hoofstuk 6 deur 'n eie monetêre hervormingsplan voor te stel.

In hoofstuk 7 word die invloed van goud op die Suid-Afrikaanse ekonomie behandel. Eerstens word die rol van die goudmynbou in die ekonomiese ontwikkeling, indiensname, staatsinkomste en binnelandse besteding van Suid-Afrika ontleed. Ná 'n analise van die invloed van goud op die betalingsbalans van Suid-Afrika word die rol wat goud as stabiliserende faktor in die Suid-Afrikaanse ekonomie speel, onder oë geneem. Hoofstuk 7 word afgesluit met 'n analise van die uitwerking wat die huidige hoë internasionale goudpryse op die Suid-Afrikaanse ekonomie het.

Die hoofmomente van hierdie studie en die gevolgtrekkings word in hoofstuk 8 saamgevat.

Heelwat probleme is met die metode van aanbieding van hoofstukke 3 en 4, waarin die internasionale monetêre rol van goud ontleed word, ondervind. Vanweë die komplekse aard en onderlinge afhanklikheid van die internasionale monetêre stelsel is op 'n chronologiese aanbieding besluit. 'n Verdere probleem, meer tegniese van aard, wat in die studie opgeduik het, is in die verskille wat ten opsigte van statistiek van private goudoppotting bestaan, geleë. Laasgenoemde probleem is opgelos deur, met die statistiek van die I.M.F. as uitgangspunt, die totale goudvraag- en goudaanbodstatistiek te koördineer. Die kunsmatige onderskeid wat in die literatuur tussen die terme "onse" en "fynonse" gemaak word, lewer 'n verdere tegniese probleem. Hierdie kunsmatige skeiding word egter gehandhaaf om by die onderskeie aangehaalde werke aan te pas.

Die sentrale probleemstelling in die onderhawige studie is dus die ondersoek na die internasionale monetêre rol van goud in historiese perspektief, en die rol van goud in die internasionale monetêre hervormingstrategie en -planne.

1.3 BEGRIPSBEPALING

'n Land is op die goudstandaard indien sy basiese geldeenheid gedefinieer is in terme van 'n spesifieke massa goud en indien die land se monetêre owerhede ten alle tye gereed is om dié koers te handhaaf deur onbeperkte hoeveelhede goud teen die amptelike koers wat deur die monetêre owerhede vasgestel is, te koop of te verkoop.¹⁾ Die minimum voorwaardes vir die bestaan van 'n ware internasionale goudstandaard is tweeledig, nl.:

1) Kramer, e.a. International trade and finance, p.160.

- (a) dat twee of meer lande se geldeenhede gedefinieer is in terme van goud; en
- (b) dat die onderskeie monetêre owerhede die vrylike in- en uitvoer van goud teen die genoemde koerse sal toelaat.

Die geldeenhede van lande wat op die goudstandaard is, handhaaf 'n vaste verhouding met mekaar vanweë hul konstante verhouding met goud. Die muntpariteit¹⁾ en die wisselkoers tussen twee geldeenhede (op die goudstandaard) hoef egter nie noodwendig identies te wees nie. Die bestaan van verskepinge van goud tussen lande veroorsaak dat die wisselkoers tussen nōu grense kan fluktrueer. Hierdie grense staan bekend as goudpunte. Volgens Van der Valk²⁾ was dié fluktuasies tussen die goudpariteit en die onderste (goudinvoerpunt) of boonste (gouduitvoerpunt) goudpunte meesal minder as een persent gewees.

Die goudstandaard kan in 'n verskeidenheid vorme voorkom. Vir die bestaan van die volle goudstandaard³⁾ (of goudspesiestandaard) is die volgende voorwaardes nodig, nl.:

- (a) goue muntstukke van die vereiste suiwerheid en massa is vrylik in omloop en daar bestaan geen beperking op die inwisselbaarheid van note in goudmunt nie;
- (b) goudmunt is die enigste onbeperkte wettige betaalmiddel;

1) Vir 'n bespreking van die begrip vergelyk Kramer, e.a., loc. cit.

2) Van der Valk. Het internasionale monetaire stelsel in een vernieuwingsfase, p.21.

3) Visser. Die Goudstandaard en die wenslikheid van 'n terugkeer daarheen. Die S.A. Bankiers Tydskrif, 55:477, Maart 1959.

- (c) die vrye in- en uitvoer van sowel goue muntstukke as staafgoud word toegelaat;
- (d) die owerheid onderneem om stawe teen 'n geringe koste in munt te omskep, asook om goud in onbeperkte hoeveelhede te koop of te verkoop; en
- (e) vir binnelandse behoeftes sirkuleer tekengeld wat slegs tot beperkte bedrae wettige tender is.

Korteweg en Keesing¹⁾ onderskei in geval van die volle goud= standaard tussen die suiwer en die uitgebreide goudmuntstandaarde. Die onderskeid is daarin geleë dat die totale geld= voorraad in eersgenoemde slegs uit volwaardige goudmunte bestaan, terwyl die uitgebreide goudmuntstandaard ook ruimte laat vir fidusiêre (dus onvolwaardige) geld naas die goud= munte.

Die goudkern- of staafgoudstandaard verskil van die volle goud= standaard daarin dat goudmunte uit sirkulasie verdwyn. Alhoewel die goudvoorraad van 'n land by die sentrale banke gekonsentreer is, het sekere lande wel bepaal dat papiergeld inwisselbaar sou wees in staafgoud van 'n sekere minimum massa. In Engeland byvoorbeeld, was 400 fynonse die minimum massa aan goud wat ingewissel kon word.²⁾

Die goudwisselstandaard is òók ingestel op die optimale gebruik van goud. Onder hierdie stelsel is papiergeld, naas goud, ook

-
- 1) Korteweg en Keesing. Het Moderne Geldwezen. Deel II: De Techniek van het Betalingsverkeer, p.288.
 - 2) Schumann, e.a. Ekonomie, 'n inleidende studie, p.415.

inwisselbaar in wissels of valuta van 'n goudstandaardland. Visser beweer: "Onder hierdie stelsel handhaaf 'n land die goudstandaard met 'n reserwe wat bestaan uit valuta van 'n ander land wat op die goudspesie- of staafgoudstandaard is".¹⁾ In 'n goudwisselstandaardland mag die monetêre owerheid dus die papiergeld òf in goud, òf in die valuta van 'n goudstandaard=land (gewoonlik Engeland of die V.S.A.), aflos. Korteweg en Keesing²⁾ onderskei ook die goudwisselpolitiek waaronder die sentrale bank 'n goudwisselportefeulje aanhou ter aanvulling van die goudvoorraad. Volgens hulle is 'n land op die goud=wisselstandaard "wanneer saldi of waardepapieren, die in goudvaluta zijn uitgedrukt, het enige middel zijn, waarvan zij voor de pariteitshandhaving gebruik maakt".³⁾ Onder die goudwisselstandaard is 'n land dus in staat om sy wisselkoers op goud te baseer sonder dat die betrokke land self enige goudvoorraad besit.

Die binnelandse ekonomieë van lande op die goudstandaard is konjunktoreel aan mekaar verbonde. Indien 'n land, wat onder die volle goudstandaard funksioneer, 'n onewewigtigheid op sy betalingsbalans ondervind, word 'n aanpassingsproses in werking gestel wat semi-outomaties is. Laasgenoemde kan aan die hand van 'n voorbeeld geïllustreer word.

Veronderstel 'n tekort ontwikkel op 'n land se betalingsbalans. Indien die wisselkoers die gouduitvoerpunt bereik, sal die land noodgedwonge goud moet uitvoer. Dié verlies aan goud sal eerstens

1) Visser, loc. cit.

2) Korteweg en Keesing, op. cit., p.289.

4) Loc. cit.

'n afname in die geldvoorraad tot gevolg hê en tweedens tot beperkende monetêre maatreëls, soos 'n verhoging in die diskontokoers, lei. Laasgenoemde gee aanleiding tot 'n resessie vanweë 'n daling in investering en verbruik.

Die gevolglike afname in invoere en toename in uitvoere (as gevolg van die laer binnelandse pryspeile) verbeter die betalingsbalanssituasie outomaties. Die betalingsbalanstekort kan ook deur 'n toename in kapitaalinvloei (as gevolg van die hoë bankkoers) uitgewis word.

Korteweg en Keesing¹⁾ beweer dat die gedragshipotese waarop bogenoemde "semi-outomatiese" aanpassingsproses berus, steeds minder en minder met die werklikheid ooreenstem. Hierdie gedragshipoteses is die volgende:

- (a) die sentrale bank handhaaf 'n vaste verhouding tussen die wettige gouddekking en die maatskaplike geldvoorraad;
- (b) 'n verandering in die geldvoorraad lei alleenlik tot 'n verandering in die algemene pryspeil en beïnvloed geen= sins die produksiepeil nie; die owerheid voer dus geen aktiewe konjunktuurbeleid nie;
- (c) die genoemde aanpassing in die pryspeil werk volledig deur op die in- en uitvoere en hierdie effek word nie deur 'n aktiewe handelsbeleid beïnvloed nie; en
- (d) geen spekulatiewe kapitaalvloei vind plaas nie.

1) Ibid., p.296-301.

Add. (a). Aan hierdie voorwaarde sou slegs voldoen kon word indien die grootste komponent van die geldvoorraad uit goudmunte en bankbiljette bestaan het. Namate handelsbanke met hul geldskeppende vermoëns ontwikkel het, het die uitgiftebanke ("emissiebanke") dit al hoe moeiliker gevind om die juiste gouddekking te handhaaf as gevolg van 'n onvermoë om die kredietverlening deur handelsbanke effektief te beheer. Teen die tyd dat uitgiftehuise in volwaardige sentrale banke wat wel in staat was om handelsbanke se kredietverlening te beheer, ontwikkel het, het die volle goudstandaard al tot die verlede behoort. Korteweg en Keesing verklaar in hierdie verband: "Het feit, dat slechts een 'juiste' monetaire politiek ertoe leidde, dat de gouden standaard op de vereiste wijze functioneerde, hield in, dat een 'onjuiste' functionering denkbaar was".¹⁾

Add. (b). Die veronderstelling dat 'n verandering in die geldvoorraad slegs die pryspeil, en nie produksie en inkomste nie, sal beïnvloed, pas volledig in by die kwantiteitsteorie. Ervaring het getoon dat 'n betalingsbalanstekort, wat tot 'n afname in die goudvoorraad en dus ook in die geldvoorraad lei, beslis 'n afname in produksie en werkgeleentheid tot gevolg sal hê. 'n Verlies aan sinchronisasie tussen internasionale konjunktuerskommeling en betalingsbalans onewewigtighede vererger en ook meegehelp om die volle goudstandaard 'n vroeë dood te laat sterf.

Add. (c). Behalwe die moontlikheid dat hierdie aanname ongeldig is as gevolg van 'n onelastiese binnelandse aanbod ten

1) Ibid., p.298.

opsigte van uitvoere, word die effektiewe werking van die volle goudstandaard verder deur aktiewe handelsbeleide gekortwiek.

Add. (d). Alhoewel daar nouliks sprake kon wees van spekulatiewe kapitaalvloeï voor die Eerste Wêreldoorlog was dit daarna aan die orde van die dag.

Van der Valk¹⁾ beweer op sy beurt dat die effektiewe funksionering van die goudstandaard afhanklik is van die volgende voorwaardes:

- (a) dat daar 'n voldoende goudvoorraad in die wêreld is;
- (b) dat diskontokoersbeleid 'n direkte invloed op die rentekoers het;
- (c) dat loon- en pryselastisiteite relatief groot is; en
- (d) dat vrye internasionale handels-, betalings- en kapitaalverkeer bestaan.

Ook aan hierdie voorwaardes is nie altyd voldoen nie, sodat die goudstandaard na 1914 nie na wense kon funksioneer nie.

Ander terme waaroor daar onduidelikheid mag bestaan, word op die tersaaklike plek toegelig.

1) Van der Valk, op. cit., p.23.

HOOFSTUK 2DIE AANBOD VAN EN DIE VRAAG NA GOUD2.1 INLEIDING

Ten einde die rol van goud in die internasionale betalingsverkeer sinvol te kan ontleed en evalueer, is 'n noukeurige studie van die aanbod van en vraag na goud vooraf noodsaaklik. Die belangrikheid van goud as internasionale betaalmiddel en reserwebate al dan nie, hang ten nouste met die goudaanbod saam. Daarbenewens word die monetêre rol van goud ook deur die nie-monetêre gebruike daarvan beïnvloed. In die hieropvolgende hoofstukke, waarin die monetêre rol van goud ontleed word, word sterk op die onderliggende goudaanbod- en goudvraagtoestande gesteun.

In die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk word die totale goudproduksie van die vrye wêreld ontleed, waarna projeksies van toekomstige goudproduksie, asook die totale goudaanbod van naderby beskou word. Vir doeleindes van dié studie is dit verder belangrik om die geografiese oorsprong van goudproduksie te analiseer - sommige standpunte ten opsigte van goud neem dié faktor wel deeglik in ag.

Die tweede gedeelte van die hoofstuk word aan die vraag na goud gewy. Die totale goudvraag word op grond van die nie-monetêre (private) en die monetêre (offisiële) vraag na goud onderskei en ontleed.

2.2 DIE AANBOD VAN GOUD

2.2.1 Die produksie van goud

2.2.1.1 Faktore wat goudproduksie beïnvloed

Die peil van goudproduksie word op die mediumtermyn deur veral vier faktore¹⁾ bepaal, naamlik:²⁾

- (a) die ontdekking van gouddraende erts, veranderings in die grade van die gouderts en die fisiese gemak waarmee goud ontgin kan word;
- (b) die stand van myntegnologie;
- (c) die peil van produksiefaktor- en materiaalkoste, wat as gevolg van (b) hierbo deur goudmyne benodig word; en
- (d) netto inkomste, soos deur die goudprys bepaal en aan-gepas vir indirekte inkomste uit owerheidsbystand en sekere vorms van differensiële belasting; asook die addisionele effek van die inkomste wat van die nuwe-produkte (uit die goudproduksie) afkomstig is.

Volgens Hirsch³⁾ kan die fluktuasies in goudproduksie in 'n groot mate aan ekonomiese faktore toegeskryf word. Hy lig hierdie bewering soos volg toe: "Broadly speaking, since the world goldmining industry entered its modern phase 80 years ago with the exploitation of the South African Rand, the influence of the first two factors (a en b hierbo)

1) Die bespreking van dié faktore word hoofsaaklik gebaseer op die artikel van Hirsch. Influences on Gold Production. I.M.F. Staff Papers, XV: 405-90, 1968.

2) Ibid., p.409-10.

3) Ibid., p.405.

independently of the latter two 'financial' influences (c en d hierbo) has waned".¹⁾ Veranderings in ekonomiese faktore, soos produksiekoste, die goudprys en die beskikbaarheid van arbeid en kapitaal, speel dus 'n baie groter rol in die aanbod van goud as vroeër.²⁾ Verhogings in die goudprys sal intensiewer soektogte na nuwe goudertsbronne tot gevolg hê. Steenkamp voeg daaraan toe: "Belangriker nog, is eenmaal deur geologiese opnames die omvang en die goudinhoud van die ertshoeveelheid in 'n bepaalde gebied met taamlike sekerheid bepaal, dan hang die hoeveelheid goud wat geproduseer sal word af van winsskattinge op grond van die bestaande en verwagte verhouding van koste tot opbrengste".³⁾

Die belangrikste invloed op die goudproduksie buite Suid-Afrika (die gebiede buite S.A. lewer tans ongeveer 23 persent van die totale goudproduksie van die wêreld)⁴⁾ word deur die beweging in die algemene peil van wêreldpryse in vergelyking met die internasionale goudprys, uitgeoefen. Die depressiewe invloed wat die dalende relatiewe goudprys op goudproduksie buite Suid-Afrika het (en gehad het), word gedeeltelik deur

1) Ibid., p.410.

2) Steenkamp. Die Goudmynbou in die Suid-Afrikaanse Ekonomie, p.7.

3) Loc. cit. Volgens Paish is die optimale produksiepeil dié waar die kontantwaarde van die verwagte totale toekomstige opbrengste die grootste surplus bo die kontantwaarde van alle verwagte toekomstige koste lewer. In die geval van 'n nuwe myn kom dit daarop neer dat die aanvanklike kapitaaluitgawes (om die myn in produksie te bring) van die kontantwaarde van die beraamde toekomstige bedryfswins afgetrek moet word alvorens die optimale produksiepeil bepaal kan word.

4) Vergelyk tabel 2.4.

subsidies teengewerk. Volgens Hirsch¹⁾ kan verwag word dat die invloed van genoemde subsidies in verskeie gebiede op die mediumtermyn sal afneem. Terselfdertyd verwag hy egter dat hierdie tendens teengewerk kan word deur 'n toename in die proporsionele hoeveelheid goud wat in verskeie lande as neweproduk ontgin word.

Die uitwerking van die relatiewe prysinvloede op die Suid-Afrikaanse goudproduksie was tot in 1966 van 'n geringer aard as die ooreenstemmende invloed op goudproduksie buite Suid-Afrika.²⁾ Daarbenewens was die invloed van relatiewe pryse op die Suid-Afrikaanse goudproduksie aan lang tyd=sloerings ("time lags") onderworpe en is belegginsbeslissings veral hierdeur beïnvloed. Hirsch beweer in hierdie verband: "In the medium term, movements in relative prices have influenced the profitability of South African gold output with less marked effects on the level of output".³⁾ Die koers waarteen nuwe goudmyne in Suid-Afrika geëksploiteer is, is wel deur ekonomiese faktore beïnvloed. Die onderliggende ekonomiese invloed op die Suid-Afrikaanse goudproduksie was in die relatiewe hoë produktiwiteit (in vergelyking met dië van ander Suid-Afrikaanse industrieë) geleë. In Suid-Afrika is die invloed van die dalende relatiewe goudprys op wins=gewendheid in die meeste goudmyne deur die beskikbaarheid van hoërgraad-erts teengewerk. Ongelukkig kon die gunstige erts=invloed ook nie onbepaald voortduur nie, en moes die dalende winsgewendheid op ander wyses teengewerk word. Hierdie metodes het die hervorming van fiskale maatreëls en 'n verbeterde dis=

1) Hirsch, op. cit., p.405.

2) Die vergelykbare elasticiteite van die goudaanbodvergelykings kan in Hirsch, op. cit., tabelle 3A en 3B, p.420-1, nagegaan word.

3) Ibid., p.405.

posisie van die arbeidsmag ingesluit. Die hervorming van die fiskale raamwerk het subsidies aan marginale goudmyne aan die een kant, en waardevolle belastingsverpligtings vir groot kapitaaluitgawes aan die ander kant, ingehou. Volgens Hirsch¹⁾ behoort genoemde fiskale maatreëls heelwat voordele vir die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf in te hou.

2.2.1.2 Goudproduksie tot 1945

Weens gebrekkige kommunikasie tussen die Kommunistiese en die Westerse wêreld is die vroeëre statistiek van die wêreld se totale goudvoorraad en goudproduksie onvolledig. Die beskikbare data, vanaf 1493 tot 1945, word in tabel 2.1 weergegee en vereis noukeurige ondersoek.

Soos uit tabel 2.1 blyk, het die totale goudproduksie tussen 1493 en 1800 ongeveer \$2 373 miljoen beloop. Dit kom in breë trekke ooreen met Rowe²⁾ se beraming van net meer as \$2 000 miljoen. Busschau³⁾ raam die totale goudproduksie tussen 1493 en 1849 op effens minder as 160 miljoen onse,⁴⁾ wat 'n waarde van ongeveer \$3 200 miljoen inhou. Hierdie syfer klop ook naastenby met die \$3 022 miljoen in tabel 2.1. Busschau⁵⁾

1) Ibid., p.406.

2) Rowe. Gold's Place in the World - freedom of movement advocated. The South African Mining and Engineering Journal, LIX(1): 718, 1948.

3) Busschau. The Glamour of Gold. Its attraction through the Ages. The South African Mining and Engineering Journal, LX:515, Junie 1949.

4) Die terme "onse" en "fynonse" word in hierdie studie kunsmatig geskei ten einde by die aangehaalde literatuur aan te pas.

5) Busschau. The Glamour of Gold, p.22.

TABEL 2.1

TOTALE GOUDPRODUKSIE, 1493-1945¹⁾

(in miljoene dollars uitgedruk)

TYDPERKE	LOPENDE PRODUKSIE	GOUDVOORRAAD SEDERT 1493	GEMIDDELDE JAARLIKSE PRODUKSIE TEEN \$35 PER ONS
(a) <u>Teen \$20,67 per ons</u>			
1493-1600	502	502	7,87
1601-1700	606	1 108	10,26
1701-1800	1 265	2 373	21,42
1801-1848	649	3,022	22,89
1849-1872	2 943	5 965	207,63
1873-1888	1 697	7 662	179,59
1889-1913	7 528	15 190	509,86
Sino-Sowjetblok		1 685	
Totale produksie (uit- gesonder die Sino- Sowjetblok) ²⁾			
		13 505	
1914-1928	5 600	19 105	632,13
1929-1933	2 117	21 222	716,90
(b) <u>Teen \$35 per ons</u>			
Revaluasie-effek	14 709	35 931	
1934-1937	4 007	39 938	1 001,75
1938-1945	8 430	48 368	1 053,75

- 1) Gegewens en bewerkings uit Triffin. The Evolution of the International Monetary System : Historical Reappraisal and Future Perspective, tabel 17, p.79; en I.M.F. International Financial Statistics, 1:12, Augustus 1948.
- 2) Die goudproduksie ná 1914 sluit dié van China en Rusland uit.

se beramings van gemiddeld 250 000, 300 000 en 600 000 onse jaarliks vir die sestiende, sewentiende en agtiende eeue respektiewelik, lewer onderskeidelik \$8,75 miljoen, \$10,5 miljoen en \$21 miljoen teen \$35 per ons wat goed vergelyk met die ooreenstemmende jaarlikse goudproduksie in tabel 2.1.

Soos duidelik uit tabel 2.1 blyk, het die jaarlikse goudproduksie, op enkele uitsonderings na, 'n geleidelike opwaartse tendens vertoon, met 'n hoogtepunt van \$1,3 miljard¹⁾ in 1940. Die belangrike ontdekkings van goud in Rusland (1814), Kalifornië (1848), Australië (1851), Suid-Afrika (1886), Indië (1889), Mexiko (1894), Kanada (1896), Suid-Rhodesië (1900) en Ghana (1903) het telkens daartoe aanleiding gegee dat die jaarlikse goudproduksie toegeneem het.²⁾ So het die ontdekking van goud in Kalifornië daartoe gelei dat die jaarlikse gemiddelde goudproduksie van die vyftigerjare van die negentiende eeu tot 6,25 miljoen onse gestyg het in vergelyking met die 1,75 miljoen onse van die veertigerjare.³⁾ Die goudproduksie van die wêreld het vanaf 'n jaarlikse gemiddeld van 6,1 miljoen onse in die sestigerjare tot net laer as 5,5 miljoen onse in die sewentigerjare en tot effens laer as 5 miljoen onse vir die jare 1880-1886 gedaal. Die uitwerking wat die goudontdekkings op die Witwatersrand in 1886 op die wêreldproduksie van goud gehad het, was dat die jaarlikse produksie geleidelik toegeneem het tot ongeveer 6 miljoen onse in 1889 en tot 'n gemiddeld van 9,5 miljoen onse in die negentigerjare.

1) Erasmus. Die plek van goud in die huidige internasionale monetêre stelsel, p.13. Die goudproduksie van die Sino-Sowjetblok is nie by hierdie syfer ingesluit nie.

2) Busschau, op. cit., p.27.

3) Ibid., p.28.

(In 1899 was die goudproduksie byna 15 miljoen onse gewees). Hierdie gegewens word duidelik in die jaarlikse gemiddelde goudproduksie van \$509,86 miljoen vir die tydperk 1889-1913 gereflekteer.¹⁾ Wat nie duidelik uit tabel 2.1 ten opsigte van die gemiddelde goudproduksie vir die periode 1914 tot 1928 na vore kom nie, is die daling in goudproduksie wat, as gevolg van stygende bedryfskoste, na 1915 ingetree het. Volgens Busschau²⁾ was die jaarlikse gemiddelde goudproduksie vir die dekade vanaf 1910 tot 1919 ongeveer 21,4 miljoen onse, met 'n hoogtepunt van 23 miljoen onse in 1915. Gedurende die twintigerjare van die twintigste eeu het die jaarlikse produksie tot 18,1 miljoen onse afgeneem. Die Britse devaluasie van 1931 en die in gebruikneming van nuwe goudmyne in Suid-Afrika het daartoe gelei dat die gemiddelde goudproduksie van die dertigerjare tot 29,3 miljoen onse gestyg het. 'n Hoogtepunt van 40 miljoen onse wat eers weer in 1961 geëwenaar kon word, is in 1940 behaal. "Hierdie periode staan bekend as 'n era van gunstige prys/kosteverhouding in die goudproduksie".³⁾

2.2.1.3 Goudproduksie sedert 1946

In tabel 2.2 word die totale goudproduksie van die wêreld (met die uitsondering van sekere Kommunistiese lande) vir die 1946-1973-tydperk weergegee en ontleed. Die hoogtepunt in die goudproduksie van die wêreld (buite Rusland) van \$1 283 miljoen in 1940 kon eers in 1962 weer geëwenaar word.⁴⁾ Behalwe vir geringe dalings gedurende 1951 en 1953 het goud=

1) Vergelyk tabel 2.1.

2) Busschau, op. cit., p.36.

3) Erasmus, loc. cit.

4) I.M.F. International Financial Statistics, 3(12): xxxi, Desember 1950; en tabel 2.2.

TABEL 2.2

GOUDPRODUKSIE VAN DIE WÊRELD, 1946-1973

JAAR	JAARLIKSE GOUDPRODUKSIE ¹⁾ (MILJOENE DOLLARS) ²⁾	INDEKS ³⁾ VAN FISIESE GOUDPRODUKSIE (1950=100) ⁴⁾
1946	745	88
1948	787	93
1950	846	100
1952	852	101
1954	897	107
1956	980	117
1958	1 051	127
1960	1 178	142
1962	1 300	156
1964	1 427	166
1966	1 460	171
1968	1 430	166
1970	1 470	170
1972	1 459	153
1973	1 495 ⁵⁾	146

- 1) Die goudproduksie van die wêreld sluit dié van Rusland, China, Bulgarye, Tsjeggo-Slowakye, Hongarye, Roemenië en Noord-Korea uit. Gegewens en bewerkings berus op: I.M.F. International Financial Statistics, 27(7): 17, Julie 1974; I.M.F. International Financial Statistics, 19:14, September 1966; I.M.F. International Financial Statistics, 12:15, Mei 1959; en I.M.F. International Financial Statistics, 3(12):(xxxi), Desember 1950.
- 2) Dié gegewens berus op 'n goudprys van \$35 per fynons tot aan die einde van 1971, \$38 per fynons vanaf Januarie 1972 en \$42,22 per fynons vanaf Maart 1973.
- 3) Hierdie indeks het betrekking op alle lande buite Rusland en is verwerk uit Chamber of Mines of South Africa. 84th Annual Report (1973), p.63.
- 4) 1 Kilogram = 32,1507 fynonse.
- 5) Geskatte syfer.

produksie sedert 1946 'n voortdurend stygende tendens vertoon tot en met 1966.¹⁾ Die 1 284,6 metrieke ton goud wat gedurende 1966 in die vrye wêreld geproduseer is, verteenwoordig tot dusver die hoogtepunt in totale goudproduksie.²⁾ Sedertdien het die goudproduksiepatroon egter, vanweë faktore wat reeds hierbo bespreek is, afgeplat.³⁾

Ten spyte daarvan dat die amptelike goudprys vanaf 1934 tot aan die einde van 1971 op \$35 per fynons vasgepen is, was die goudproduksie van die vrye wêreld sedert 1949 telkens op 'n hoër peil as dié van 1934.⁴⁾ Ten einde die korrekte perspektief te verseker, is dit nodig om daarop te let dat die kumulatiewe goudproduksie sedert (en met die insluiting van) 1938, dié van die totale 1493-1937-tydperk oortref.⁵⁾

2.2.2 Geografiese ontleding van totale goudproduksie

2.2.2.1 Die tydvak voor 1945

In tabel 2.3 word die goudproduksie van die belangrikste goudproduserende lande gedurende die tydperk tot en met 1945 ontleed. Uit genoemde data blyk dit duidelik dat Suid-Afrika reeds voor 1945 die belangrikste goudproduserende land in die wêreld was. Die Suid-Afrikaanse bydrae tot totale goudproduksie het van 0,8 persent gedurende 1887, 27,6 persent gedurende 1898, 34,2 persent gedurende 1910 tot 53,1 persent gedurende

1) I.M.F. International Financial Statistics, 12(5): 15 Mei 1959; en tabel 2.2.

2) Chamber of Mines of South Africa, loc. cit.

3) Vergelyk paragraaf 2.2.1.

4) Chamber of Mines of South Africa, loc. cit.

5) Loc. cit.; en tabel 2.1.

TABEL 2.3

GOUDPRODUKSIE VAN GESELEKTEERDE LANDE, 1910-1945¹⁾

(in duisende fynonse uitgedruk)

LANDE	1910	1920	1930	1940	1945
<u>Suid-Afrika</u>					
Produksie	7 531	8 158	10 716	14 047	12 225
%-bydrae	34,2	50,6	52,1	34,9	53,1
<u>V.S.A.</u>					
Produksie	4 657	2 476	2 100	6 003	915
%-bydrae	21,1	15,4	10,2	14,9	4,0
<u>Kanada</u>					
Produksie	494	767	2 107	5 311	2 697
%-bydrae	2,2	4,8	10,2	13,2	11,7
<u>Australië</u>					
Produksie	3 167	1 144	622	1 644	657
%-bydrae	14,4	7,1	3,0	4,1	2,9
<u>Suid-Rhodesië</u>					
Produksie	610	552	548	907	658
%-bydrae	2,8	3,4	2,7	2,3	2,9
<u>Totale goudproduksie van die wêreld²⁾</u>	22 022	16 130	20 576	40 242	23 043

1) Katzen. Gold and the South African Economy, tabel 6, p.40-1.

2) Die goudproduksie van Rusland is hierby ingesluit.

1945 toegeneem.¹⁾

Teenoor die stygende goudproduksie van Suid-Afrika was die goudneerslae van die ander goudproduserende lande relatief beperk. Uit tabel 2.3 is dit duidelik dat die bydrae van die V.S.A. tot totale goudproduksie van 21,1 persent gedurende 1910, tot slegs 4 persent gedurende 1945 afgeneem het. Die ooreenstemmende bydrae van Kanada, daarenteen, het van 2,2 persent gedurende 1910, tot 11,7 persent gedurende 1945 toegeneem. Tussen 1493 en 1913 het die Sino-Sowjetblok sowat 11 persent van die totale goudvoorraad geproduseer, terwyl die ooreenstemmende syfers vir 1940 en 1945 respektiewelik 10,6 persent en 11,4 persent beloop het.²⁾

2.2.2.2 Die tydvak nā 1945

In tabel 2.4 word die goudproduksie van die belangrikste nie-kommunistiese goudproduserende lande gedurende die tydperk sedert 1945 ontleed. Die belangrikste afleiding wat uit tabel 2.4 gemaak kan word, is dat die belangrike rol van Suid-Afrika in die goudproduksie van die wêreld nā 1945 verder toegeneem het. Die Suid-Afrikaanse bydrae tot die totale goudproduksie het van 56 persent in 1951 tot 77,4 persent in 1973 toegeneem.

Terwyl die goudproduksie van die wêreld vanaf 1953 tot 1973 met 339 metrieke ton toegeneem het, het die Suid-Afrikaanse goudproduksie gedurende die ooreenstemmende periode 'n toename van 484 metrieke ton getoon.³⁾ Die goudproduksie van die

1) Chamber of Mines of South Africa, loc. cit.

2) Verwerk uit tabel 2.1 en I.M.F. International Financial Statistics, 1:13, Januarie 1948.

3) Chamber of Mines of South Africa, op. cit., p.60 en 63.

TABEL 2.4

GEOGRAFIESE ONTLEDING VAN GOUDPRODUKSIE, 1946-1973¹⁾
 (in miljoene dollars uitgedruk)²⁾

GEBIED	1946	1956	1966	1972	1973
Suid-Afrika	417,5	556,4	1 080,8	1 109,7	1 156,8
(%-bydrae)	(56,0)	(56,8)	(74,0)	(76,1)	(77,4)
Kanada	99,6	153,4	114,6	77,2	81,5
(%-bydrae)	(13,4)	(15,7)	(7,8)	(5,3)	(5,5)
V.S.A.	51,2	65,3	63,1	54,3	49,8
(%-bydrae)	(6,9)	(6,7)	(4,3)	(3,7)	(3,3)
Res van Afrika	61,0	60,0	54,2	4)	4)
(%-bydrae)	(8,2)	(6,1)	(3,7)		
Latyns-Amerika	65,3	54,8	38,8	31,5	4)
(%-bydrae)	(8,8)	(5,6)	(2,7)	(2,2)	
Asië	7,9	36,2	43,6	61,1	4)
(%-bydrae)	(1,1)	(3,7)	(3,0)	(4,2)	
Europa	7,2	10,0	12,7	18,2	4)
(%-bydrae)	(1,0)	(1,0)	(0,9)	(1,2)	
Oseanië	35,9	42,1	37,2	47,6	4)
(%-bydrae)	(4,8)	(4,3)	(2,5)	(3,3)	
Wêreldtotaal ³⁾	745	980	1 460	1 459	1 495
(%-bydrae)	(100)	(100)	(100)	(100)	(100)

1) Gegewens en bewerkings is verkry uit en gedoen aan die hand van: Anon. Gold markets. International Currency Review, 6(2):15, Maart/April 1974; I.M.F. International Financial Statistics, 27(7):17, Julie 1974; I.M.F. International Financial Statistics, 12:15, Mei 1959; en I.M.F. International Financial Statistics, 3:12, Desember 1950.

2) Die gegewens berus op 'n goudprys van \$35 per fynons tot aan die einde van 1971, \$38 per fynons vanaf Januarie 1972 en \$42,22 per fynons vanaf Maart 1973.

3) Die goudproduksie van die wêreld sluit dié van Rusland, China, Bulgarye, Tsjeggo-Slowakye, Hongarye, Roemenië en Noord-Korea uit.

4) Geen offisiële statistiek is beskikbaar nie.

vrye wêreld het derhalwe, met die uitsondering van Suid-Afrika, gedurende die 1951-1973-periode inderwaarheid met ongeveer 145 metrieke ton gedaal. Dié toename in die Suid-Afrikaanse goudproduksie moet aan die ontginning van die nuwe goudvelde wat in die Oranje Vrystaat ontdek is, toegeskryf word. Alhoewel hierdie goudvelde reeds in 1938 ontdek is, moes die ontginning daarvan, vanweë die Tweede Wêreldoorlog, tot in 1953 wag.¹⁾ Gilbert²⁾ beweer: "This upward trend was due entirely to the new mining areas, as the output of the older mines in South Africa declined". Dié daling in die goudproduksie van die ouer Suid-Afrikaanse goudmyne was die gevolg van die toenemende onekonomiese ontginning van die oorblywende laergraad-erts.

Die bydrae van Kanada tot die totale goudproduksie het van 13,4 persent in 1946 tot 5,5 persent in 1973 afgeneem. Die ooreenstemmende bydrae van die V.S.A. het van 6,9 persent in 1946 tot 3,3 persent in 1973 gedaal.

Alhoewel die volume van die goudproduksie in Rusland vir die Weste 'n onbekende faktor is, is heelwat skattings daarvan reeds gemaak. Die jongste skatting van die Russiese goudproduksie sedert 1950 is dié van Michael Kaser.³⁾ Hierdie skatting lewer die volgende insiggewende resultate:

1950	128	metrieke ton
1955	145	metrieke ton
1960	188	metrieke ton

-
- 1) Gilbert. The Gold-Dollar System: Conditions of equilibrium and the price of gold, p.34.
 - 2) Loc. cit.
 - 3) Kaser. The Soviet balance of payments. International Currency Review, 6(3):60, Mei-Junie 1974.

1965	260	metrieke ton
1970	336	metrieke ton
1973	371	metrieke ton

Ten spyte van die stygende tendens wat goudproduksie in Rusland openbaar, is gedurende 1973 in die vrye wêreld steeds ongeveer 200 persent meer goud geproduseer as in Rusland.¹⁾

2.2.3 Projeksies van goudproduksie

Ten spyte van gesofistikeerde vooruitskattingsmetodes het die ramings van toekomstige goudproduksie in die verlede telkens gefaai vanweë onderskatting.

Die grootste gros van alle goudproduksieramings berus welis= waar op die ceteris paribus-aanname, maar dit is juis hieruit wat die foutiewe ramings voortspruit. Dit gebeur selde dat die ekonomiese koëffisiënte konstant bly: pryse verander, koste verander en die vraag na goud varieer voortdurend. Spieler²⁾ som dié probleem soos volg op: "I must warn the reader that most of what follows is more 'guesstimating' than estimating, and hence should not be regarded as more than a quantitative framework against which it may be helpful to consider the future supply and demand outlook". Die faktor wat goudproduksieramings sedert die einde van die sestigerjare die meeste in die war gestuur het, is die hoë goudprys op die vrye goudmarkte. 'n Hoër as beraamde goudprys kan enersyds aanleiding gee tot 'n verlenging van goudmyne se lewensduur

1) Chamber of Mines of South Africa, op. cit., p.63.

2) Spieler. New gold supply - A forward look. The Banker (Survey: South Africa), 119:925, September 1969.

(omdat laergraad-gouderts dan ekonomies ontgin kan word); andersyds kan dit eventueel tot 'n verhoging in lopende produksie lei. Desnieteenstaande, en met in agneming van bogenoemde probleme, is dit toepaslik om die faktore wat toekomstige goudproduksie sal beïnvloed, asook sekere vak-kundige goudproduksieramings te ontleed.

Davies¹⁾ beweer dat, indien die markprys van goud konstant sou bly, die koers van toekomstige goudproduksie van twee faktore sal afhang, t.w.

- (a) die ontdekking van nuwe ryk goudertsneerslae (slegs Suid-Afrika en Rusland kan in dié geval as potensiële goudbronne beskou word); en
- (b) nuwe tegnieke wat die ekonomiese ontginning van laergraad-gouderts teen ongeveer \$35 per ons moontlik sal maak. Na raming behoort een sodanige tegniek ongeveer 300 miljoen van die bekende 400 miljoen onse goud in die V.S.A. teen \$35 per ons ekonomies ontginbaar te maak.

Hirsch²⁾ beweer op sy beurt dat projeksies deur die Suid-Afrikaanse outoriteite en die mynindustrie op 'n skerp daling in dié land se toekomstige goudproduksie dui. Die kwantitatiewe raamwerk waarbinne dié vooruitskattings gedoen is, is afhanklik van faktore wat buite die goudmynindustrie

1) Davies. Gold: A forward strategy, p.16.

2) Hirsch, op. cit., p.406-8.

lê. Hy lig dit soos volg toe: "... avoidance of a substantial decline in South African gold output may be dependent on an increase in the net revenue of South African gold producers".¹⁾ Hirsch spreek die gedagte uit dat die toekomstige goudproduksie van die vrye wêreld minder sensitief ten opsigte van veranderinge in die relatiewe goudprys as in die verlede sal wees. Hy skryf dit aan veral drie faktore toe, nl.

- (a) subsidies;
- (b) die toenemende rol van goud as neweproduk; en
- (c) die toenemende rol van Suid-Afrikaanse goudproduksie in die totale goudproduksie van die wêreld.

R.C.J. Goode²⁾ baseer sy projeksies van die Suid-Afrikaanse goudproduksie op die aanname dat "the price of gold will continue to rise in real terms", en ontleed sy spesifieke voorspellings aan die hand van drie moontlike gevalle,³⁾ naamlik

- (a) myne ontvang 'n geleidelike stygende goudprys - goudproduksie van 26 miljoen onse vir 1982 en 21 miljoen onse vir 1987 word voorspel;
- (b) 'n onmiddellike⁴⁾ verhoging in die amptelike goudprys tot \$70 per ons - goudproduksie van 26,335 miljoen

1) Ibid., p.406.

2) Goode. Outlook for gold mining in South Africa (In Chamber of Mines. Gold production - outlook for the future, p.6).

3) Loc.cit.

4) Oktober 1972.

onse word vir 1982 voorspel; en

- (c) 'n onmiddellike¹⁾ verhoging in die amptelike goudprys tot \$100 per ons - goudproduksie van 27,202 miljoen onse word vir 1982 voorspel.

Goede beweer dus dat die Suid-Afrikaanse goudproduksie in 1982 sowat 27,202 miljoen onse sal beloop indien die amptelike goudprys reeds in Oktober 1972 tot \$100 per ons verhoog sou word. Dit verteenwoordig 'n afname van ongeveer 4,187 miljoen onse in vergelyking met die goudproduksie van 1971.

Michael Spieler²⁾ se vooruitskattings van die Suid-Afrikaanse goudproduksie verskil van laasgenoemde. Die aannames waarop sy projeksies berus en wat hy eksplisiet stel, is die volgende:

- (a) dat die prys wat myne vir hul goudproduksie ontvang, \$50 per ons is;
- (b) dat kostestygings sowat 2 persent per jaar beloop; en
- (c) dat nuwe goudertsonontdekkings tot 'n toename van 10 persent in goudproduksie in 1975, en tot 'n toename van 20 persent in 1980, sal lei.

Op grond van dié aannames voorspel Spieler³⁾ dat die Suid-Afrikaanse goudproduksie in 1975 sowat 37 miljoen onse en in 1980 31 miljoen onse sal beloop. Spieler se projeksies is

1) Oktober 1972.

2) Spieler, op. cit., p.923.

3) Loc. cit.

dus enigsins meer optimisties as dié van Goode.

'n Studiegroep van die Graduate Institute of International Studies,¹⁾ het in 1968 die volgende projeksies van goud=produksie in die vrye wêreld gemaak:

- (a) teen 'n goudprys van \$35 per ons: 'n jaarlikse gemiddelde goudproduksie van 960 metrieke ton vir die 1973-1982-periode; en
- (b) teen 'n goudprys van \$70 per ons: 'n jaarlikse gemiddelde goudproduksie van 1 550 metrieke ton vir die 1973-1982-periode.

Fells²⁾ se projeksie van gemiddeld 1 250 metrieke ton goud per jaar vir die Westerse goudmyne tussen 1972 en 1980, is op 'n inflasiekoers van 4 persent per jaar in die prys van goud gebaseer.

Spieler³⁾ baseer sy goudproduksieprojeksies onder andere daarop dat die goudprys in die vroeë sewentigerjare tot \$50 per ons behoort te styg. Op grond daarvan beweer hy dat die totale goudproduksie van die wêreld in 1975 ongeveer 1 430 metrieke ton, en in 1980 ongeveer 1 300 metrieke ton behoort te beloop.

Soos duidelik uit bostaande blyk, varieer projeksies ten opsigte van goudproduksie aansienlik. Dit kan veral daaraan

-
- 1) Graduate Institute of International Studies. On international monetary order, p.37.
 - 2) Fells. Gold 1972, tabel XIV, p.44.
 - 3) Spieler, op. cit., tabel 4, p.925.

toegeskryf word dat die ekonomiese faktore wat die goudproduksie beïnvloed, onbekend en moeilik bepaalbaar is. Die hoë goudprys wat tans op die vrye goudmarkte heers, is in geen projeksies ten opsigte van goudproduksie volkome verdiskonteer nie.

2.2.4 Die totale goudaanbod

Ten einde 'n duideliker beeld van die totale goudaanbod in die vrye wêreld te verkry, word die invloed van die netto goudhandel met die kommunistiese blok in tabel 2.5 ontleed. Die resultaat van genoemde handel was dat die totale goudaanbod in die vrye wêreld gedurende 1963 'n hoogtepunt van \$1 931 miljoen bereik het.

Die goudhandel tussen die kommunistiese lande en die vrye wêreld openbaar 'n belangrike tendens. Die kommunistiese blok was naamlik tot en met 1965 in toenemende mate 'n netto goudverkoper, waarna die tendens verander het. Die oesmis-lukkings van 1963 en 1965 in Rusland het tot graanaankope vanaf Kanada gelei, waarvoor in beide gevalle met 550 metrieke ton goud betaal is.¹⁾ Tussen 1966 en 1969 het die kommunistiese blok 'n netto koper van Westerse goud geword, ten spyte van 'n volgehoue toename in Rusland se goudproduksie.²⁾ Gedurende dieselfde tydperk (1966-1969) het die goudproduksie in die Weste egter 'n dalende tendens getoon.³⁾ Die tekort aan goud wat gedurende die afgelope 6 jaar in die Weste ondervind word, word verder deur die toenemende aanvraag na

1) Kaser. Soviet Gold - Production and Sales in 1971. (In Consolidated Gold Fields. Gold 1972, p.26).

2) Id. The Soviet balance of payments, p.60.

3) Chamber of Mines of South Africa, loc. cit.

TABEL 2.5

TOTALE GOUDAANBOD IN DIE VRYE WÊRELD, 1948-1973¹⁾
 (in miljoene dollars)²⁾

JAAR	VRYE WÊRELD: GOUDPRODUKSIE	NETTO HANDEL MET KOMMUNISTIESE BLOK	TOTALE GOUDAANBOD
1948	787	-	787
1949	820	-	820
1950	846	-	846
1951	827	-	827
1952	852	-	852
1953	849	75	924
1954	897	75	972
1955	940	75	1 015
1956	980	150	1 130
1957	1 019	260	1 279
1958	1 051	221	1 272
1959	1 127	255	1 382
1960	1 178	200	1 378
1961	1 215	325	1 540
1962	1 300	200	1 500
1963	1 381	550	1 931
1964	1 427	450	1 877
1965	1 459	400	1 859
1966	1 460	-75	1 385
1967	1 429	-5	1 424
1968	1 430	-32	1 398
1969	1 430	-17	1 413
1970	1 470	-	1 470
1971	1 430	21 ³⁾	1 451
1972	1 459	270 ³⁾	1 729
1973	1 495	338 ³⁾	1 833

1) Gegewens en bewerkings berus op: Tabel 2.2: I.M.F. International Financial Statistics, 27(7): 17, Julie 1974; I.M.F. International Financial Statistics, 19: 14, September 1966; I.M.F. International Financial Statistics, 12: 15, Mei 1959; I.M.F. International Financial Statistics, 3(12):(xxxi), Desember 1950; Fells, op. cit., p.28; Gold, Money, Commodities, 106:913, Junie 1974; en I.M.F. Annual Report, alle uitgawes sedert 1960.

2) Dié gegewens berus op 'n goudprys van \$35 per fynons tot aan die einde van 1971, \$38 per fynons vanaf Januarie 1972 en \$42,22 per fynons vanaf Maart 1973. Bewerkings berus op: 1 Kilogram = 32,1507 fynonse.

3) Russiese goudverkope

goud vir nie-monetêre doeleindes vergroot.¹⁾ Laasgenoemde tekort aan goud word duidelik in die hoë internasionale goudpryse weerspieël. Die volgehoue Russiese goudverkope sedert 1971 bevestig die vermoede dat die kommunistiese lande op 'n opportunistiese wyse van goud as politieke speelbal gebruik maak.

Kaser²⁾ beraam dat die Russiese goudverkope aan die vrye wêreld gedurende 1972 ongeveer 200 metrieke ton beloop het. Op grond van Kaser se beramings voer Fells³⁾ aan dat Russiese goudverkope aan die vrye wêreld gedurende die 1973-1980-periode jaarliks tussen 75 en 150 metrieke ton behoort te varieer.

2.3 DIE VRAAG NA GOUD

2.3.1 Die verskillende komponente van die vraag na goud

In sy ontleding van die vraag na goud gaan Davies⁴⁾ uit van twee premisse, nl. dat goud òf vir verbruik, òf vir opberging gebruik kan word. Weens die toenemende aantal doeleindes waarvoor goud ná 1950 gebruik word, is dit egter noodsaaklik om die vraag na goud in meer detail te ontleed. Die uiteensetting van die totale vraag na goud sien volgens Davies soos volg daaruit:⁵⁾

1) Vergelyk paragraaf 2.3.3.2.

2) Kaser. Soviet Gold - Production and Sales in 1971, p.27.

3) Fells, op. cit., p.44.

4) Davies, op. cit., p.3.

5) Ibid., p.4.

- (a) Die verbruik van goud ten opsigte van
 - (i) juweliersware en kuns;
 - (ii) tandheelkunde; en
 - (iii) industriële verbruik, soos in die elektronika, fisika en chemie.
- (b) Die opberging van goud
 - (i) private opberging - hier word onderskei tussen kort- en langtermynspekulasie, oppotting vir doeleindes van veilige bewaring, asook oppotting om tradisionele redes; en
 - (ii) offisiële opberging ter aanvulling van monetêre reserwes.

Davies¹⁾ tref bogenoemde onderskeid tussen verbruik en opberging op grond van die feit dat "gold bought for stock= piling can later return to the market, gold consumed cannot". Die ontleding van die verskillende komponente van die goudvraag sal op bogenoemde uiteensetting gebaseer word.

2.3.2 Die vraag na goud voor 1945

Uit tabel 2.6 blyk dit duidelik dat die nie-monetêre verbruik van goud vanaf 1889 geleidelik toegeneem het - van 40 persent in die 1889-1913-periode tot 47 persent in die 1929-1933-periode.²⁾ Morgan-Webb³⁾ skryf hierdie neiging

-
- 1) Ibid., p.3.
 - 2) Busschau beweer dat die nie-monetêre vraag na goud gedurende die 1890-1949-tydvak sowat 24 persent van die totale goudaanbod geabsorbeer het. Busschau. Gold and international liquidity, tabel VI, p.73.
 - 3) Morgan-Webb. The Rise and the Fall of the Gold Standard, p.112-3.

TABEL 2.6¹⁾GOUDVERBRUIK TOT 1945²⁾

(in miljoene dollars uitgedruk)

TYDPERKE	PRODUKSIE		MONETÊRE VERBRUIK		NIE-MONETÊRE VERBRUIK	
	LOPENDE	JAARLIKSE GEMIDDELDE	LOPENDE	JAARLIKSE GEMIDDELDE	LOPENDE	JAARLIKSE GEMIDDELDE
1493-1600	850	7,87				
1601-1700	1 026	10,26				
1701-1800	2 142	21,42				
1801-1848	1 099	22,89 (100%)	508	10,58 (46%)	591	12,31 (54%)
1849-1872	4 983	207,63 (100%)	3 217	134,04 (65%)	1 766	73,58 (35%)
1873-1888	2 874	179,62 (100%)	1 186	74,13 (41%)	1 688	105,50 (59%)
1889-1913 ³⁾	12 747	509,88 (100%)	7 589	303,56 (60%)	5 158	206,32 (40%)
1914-1928	9 482	632,13 (100%)	5 356	357,07 (56%)	4 126	275,07 (44%)
1929-1933	3 585	717,00 (100%)	1 895	379,00 (53%)	1 690	338,00 (47%)
1934-1937	4 007	1 001,75 (100%)	6 026	1 506,50 (150%)	-2 019	-504,75 (-50%)
1938-1945	8 430	1 053,75 (100%)	8 172	1 021,50 (97%)	258	32,25 (3%)

1) Gegewens en bewerkings uit: Triffin, loc. cit.; I.M.F. International Financial Statistics, 3(12):(xviii), Desember 1950; I.M.F. International Financial Statistics, 1(12):14, Desember 1948; en tabel 2.1. Verskille ontstaan as gevolg van afronding.

2) Die goudprys is deurgaans as \$35 per fynons geneem.

3) Alle statistiek ná 1913 sluit die Sino-Sowjetblok uit.

aan die geleidelike toename in private oppotting voor 1930 toe. Die toenemende goudoppotting deur sentrale banke het as aansporing vir verdere private oppotting, veral ná 1931, gedien. Morgan-Webb voer aan: "In 1931 private hoarding had grown to such a scale that it was apparent in the figures giving the international movements of gold".¹⁾ Die intrinsieke waarde van goud het daartoe gelei dat goud in toenemende mate as oppottingsmiddel ten koste van dié van lopende betaalmiddel gebruik is. Goud is dus as lopende betaalmiddel uit sirkulasie onttrek. Morgan-Webb²⁾ beweer in dié verband: "The experience of the gold standard from 1925 to 1931, and this has been confirmed by experience since 1931, demonstrated that 'hoarding' and 'currency' are two functions that can no longer be performed effectively by the same medium. The standard of value of the currency must be fixed in some medium that cannot be sterilised, or cornered, or hoarded".

Die ontpotting van 50 persent gedurende die 1934-1937-periode, soos duidelik uit tabel 2.6 na vore kom, was die gevolg van die appresiasie van die goudprys na \$35 per ons in 1934. Dié bykans 70 persent verhoging van die goudprys het dus tot 'n toename in die hoeveelheid goud wat vir die lopende betaalmiddelfunksie beskikbaar was, gelei.

2.3.3 Die vraag na goud sedert 1946

2.3.3.1 'n Ontleding van die totale goudvraag

In tabel 2.7 word die breë samestelling van die totale goudvraag sedert 1946 ontleed aan die hand van

1) Morgan-Webb, op. cit, p. 113.

2) Ibid., p.125.

TABEL 2.7OFFISIËLE EN PRIVATE VRAAG NA GOUD, 1946-1973¹⁾

(in persentasie uitgedruk)

JAAR	PRIVATE VRAAG	OFFISIËLE VRAAG	TOTALE GOUDAANBOD ²⁾
1946	55	45	100
1948	47	53	100
1950	62	38	100
1952	73	27	100
1954	31	69	100
1956	57	43	100
1958	47	53	100
1960	80	20	100
1962	75	25	100
1964	62	38	100
1966	103	-3	100
1968	150	-50	100
1970	81	19	100
1972	87	13	100
1973	97	3	100

1) 1946-1947: Gilbert, op. cit., tabel 2, p.52; 1948-1954: Fells, op. cit., tabel 1, p.28; en 1956-1973: tabelle 2.8 en 2.9.

2) Totale goudaanbod = goudproduksie van die vrye wêreld plus goudaankope vanaf die kommunistiese lande.

- (a) die offisiële vraag; en
- (b) die private vraag.

Soos duidelik uit tabel 2.7 blyk, het die private aankope van goud as persentasie van die totale goudaanbod vanaf 1954 tot en met 1964 'n tendens van geleidelike toename vertoon. Hierdie tendens kan veral aan die wêreldwye groei in reële inkomste toegeskryf word.¹⁾ Sedert 1964 het buitengewone fluktuasies in private goudaankope voorgekom. Private goudvraag as persentasie van totale goudvraag het byvoorbeeld van 62 persent gedurende 1964 tot 213 persent gedurende 1967 toegeneem.²⁾ Laasgenoemde fluktuasies het, in samehang met sprake dat die monetêre rol van goud in heroorweging geneem is, voorgekom. Gedurende die vierde kwartaal van 1967 en die eerste kwartaal van 1968 het die private goudvraag tot sulke hoogtes gestyg (in afwagting op 'n moontlike revaluasie van die offisiële goudprys) dat Westerse sentrale banke bykans 2 500 metrieke ton³⁾ goud aan die private sektor, met die insluiting van sekere Oos-Europese sentrale banke, gedurende die genoemde 6 maande moes verkoop. Gedurende die laaste 3 kwartale van 1968, asook gedurende 1969 en 1970, is 'n daling in die private vraag na goud ondervind, sodat die monetêre stelsel 'n klein gedeelte van die genoemde goudverlies kon terugwin. Die sentrale banke kon egter maar weinig van die verlore goud herwin, aangesien die private vraag na goud in 1970 steeds sowat 81 persent⁴⁾ van die totale goudaanbod geabsorbeer het. Sedert 1970 is feitlik alle goud wat jaarliks beskikbaar gestel is vir nie-monetêre doeleindes

1) Fells, op. cit., p.4.

2) Tabel 2.7; en Fells, op. cit., p.28.

3) Ibid., p.4.

4) Vergelyk tabel 2.7.

aangewend. Gedurende 1973 het die private goudvraag sowat 97 persent van die totale goudaanbod geabsorbeer.

2.3.3.2 'n Ontleding van die private vraag na goud

Die groot fluktuasies wat sedert 1964 in die private vraag na goud voorgekom het, word aan die hand van tabel 2.8 ontleed. In dié tabel word tussen private opberging aan die een kant, en industriële en artistieke gebruik aan die ander kant gedurende die 1956-1970-tydperk onderskei.

Soos duidelik uit tabel 2.8 blyk, het die industriële en artistieke vraag na goud vanaf 1956 tot 1973 met sowat 362 persent toegeneem. Die waarde van die industriële en artistieke gebruik van goud het vanaf 1956 tot en met 1972 sonder uitsondering gestyg.¹⁾ Gedurende 1973 het die industriële en artistieke goudverbruik egter met \$226 miljoen tot sowat \$1 431 miljoen afgeneem.

Sedert 1964 het die private opberging van goud (oppotting en spekulاسie) egter groot skommeling vertoon. Dit het byvoorbeeld gedurende 1966, 1968, 1970, 1972 en 1973 respektiewelik ongeveer \$650 miljoen, \$1 238 miljoen, \$220 miljoen, -\$152 miljoen en \$351 miljoen beloop. Hieruit is dit duidelik dat die private gebruik van goud aan groot fluktuasies onderhewig was, hoofsaaklik vanweë groot onstabiliteit in private oppotting en spekulاسie. Die statistiek wat in tabel 2.8 gebruik is, is hoofsaaklik dié van die Internasionale Monetêre Fonds en berus geheel en al op skattings, vandaar moontlike verskille

1) Tabel 2.8; I.M.F. Annual Report 1971, p.146; en Gold, Money, Commodities, 106:913, Junie 1974.

TABEL 2.8

DIE PRIVATE VRAAG NA GOUD, 1956-1973¹⁾
 (in miljoene dollars)²⁾

JAAR	INDUSTRIËLE EN ARTISTIEKE GEBRUIKE	GESKATTE PRIVATE OPBERGING ³⁾	TOTALE PRIVATE VRAAG
1956	310 (48%)	330 (52%)	640 (100%)
1958	360 (61%)	232 (39%)	592 (100%)
1960	430 (39%)	668 (61%)	1 098 (100%)
1962	510 (45%)	620 (55%)	1 130 (100%)
1964	600 (51%)	567 (49%)	1 167 (100%)
1966	780 (55%)	650 (45%)	1 430 (100%)
1968	860 (41%)	1 238 (59%)	2 098 (100%)
1970	975 (82%)	220 (18%)	1 195 (100%)
1972	1 657 (110%)	-152 (-10%)	1 505 (100%)
1973	1 431 (80%)	351 (20%)	1 782 (100%)

- 1) Gegewens en bewerkings berus op I.M.F. Annual Report 1970, p.125; Id. Annual Report 1971, p.146; en Gold, Money, Commodities, 106:913, Junie 1974.
- 2) Dié gegewens berus op 'n goudprys van \$35 per fynons tot aan die einde van 1971, \$38 per fynons vanaf Januarie 1972 en \$42,22 per fynons vanaf Maart 1973.
- 3) Private opberging bestaan uit oppotting en spekulasie, en word hierbo as restant bereken.

met ander bronne in verband met soortgelyke statistiek. Die I.M.F. lig diê skattings soos volg toe: "The estimates are subject to a considerable margin of error, and the distinction between the use of gold for industrial and artistic purposes and for private hoarding is blurred".¹⁾ Die hoofdoel van hierdie ontledings is egter om sekere neigings te onderskei en nie soseer om geringe statistiese verskille bloot te lê nie.

Die voortdurende styging in die gebruik van goud in die industrie, tandheelkunde, juweliers- en kunsbedrywe hang ten nouste saam met die fisiese eienskappe van goud. Green²⁾ beweer: "The new uses of gold in science and industry multiply every year, stimulated by its unique properties of resistance to corrosion, its excellence as an electrical conductor, its reflectivity and its incredible malleability ... Its virtual indestructibility gives it superiority over any other metal in many applications". Teen 1970 het die industriële en artistieke gebruik van goud reeds sowat 66 persent van die goudproduksie van die vrye wêreld geabsorbeer, teenoor die 32 persent wat dit gedurende 1956 beloop het.³⁾ Gedurende 1972 het die industriële goudvraag die goudproduksie van die vrye wêreld met bykans \$200 miljoen oortref. Gedurende 1973 het die industriële en artistieke goudgebruik ongeveer 96 persent van die goudproduksie van die vrye wêreld geabsorbeer.⁴⁾

1) I.M.F., loc. cit.

2) Green. The world of gold, p.201.

3) Verwerk uit tabelle 2.8 en 2.2.

4) Loc. cit.

Die belangrikste komponent in die konsumpsie van goud is juweliersware en kuns wat sowat 75 persent van die totale verbruik verteenwoordig.¹⁾ Davies²⁾ beweer dat die prys=elastisiteit van die vraag na goud vir juweliersware en kuns positief kan wees. Hy beweer dat 'n goudprysverhoging in 'n toenemende vraag na juweliersware behoort te resulteer vanweë die hoër prestige aan goud verbonde. By goudprysverlagings verwag Davies die teenoorgestelde effek. Green³⁾ deel nie Davies se stelling nie, en handhaaf die meer ortodokse negatiewe pryselastisiteitsbeginsel. Indien goudprysveranderinge nie te groot is nie, behoort Davies se bewering die meer aanvaarbare te wees.

Vanaf 1968 tot 1971 het die gebruik van goud in die tandheelkundebedryf sowat 72,5 metrieke ton per jaar beloop.⁴⁾ In 1971 het laasgenoemde bedryf sowat 5,4 persent van die totale goudverbruik geabsorbeer.⁵⁾ Fells beweer dat dié syfer moontlik ietwat laag is, aangesien die goudverbruik ten opsigte van tandheelkunde in ontwikkelende lande 'n onbekende faktor is.⁶⁾ Davies beweer dat die pryselastisiteit van die vraag na goud vir tandheelkundedoelindes feitlik geheel en al onelasties is.⁷⁾

-
- 1) Plumbridge. The future of gold production. (In Chamber of Mines. Gold production - Outlook for the Future, p.23).
 - 2) Davies, op. cit., p.5.
 - 3) Green, op. cit., p.212.
 - 4) Plumbridge, loc. cit.
 - 5) Fells, op. cit., tabel IV, p.32.
 - 6) Ibid., p.6. Fells waardeur dié onbekende faktor op sowat 10 metrieke ton.
 - 7) Davies, op. cit., p.5-6.

Die res van die industriële vraag na goud het gedurende 1971 sowat 166 metrieke ton, of 11,8 persent van die totale goudvraag, geabsorbeer.¹⁾ Hiervan is sowat 91 metrieke ton goud in die elektronikaveld gebruik, wat heelwat laer as die ooreenstemmende goudverbruik van 103 metrieke ton in 1969 is. Goudverbruik in die elektronika was vanaf 1968 tot 1971 aan heelwat onderstrominge onderhewig.²⁾ Eerstens is matige resessies in die V.S.A., Duitsland en Japan ondervind. Tweedens het wêreldwye tegnologiese ontwikkelings tot 'n meer optimale benutting van goud op dié terrein gelei. Verder het kleiner lande hul eie elektronikanywerhede gevestig, wat uitvoere daarheen in die wiele gery het. Daarteenoor het die opbloeï van die elektronikabedryf in sekere ontwikkelende lande tot 'n absolute toename in goudverbruik gelei. Volgens Davies is die pryselastisiteit van die vraag na goud in hierdie kategorie ook relatief onelasties.

Goudverbruik vir munte, medaljes en medaljons het van 10 persent in 1968 tot 7,9 persent in 1971 afgeneem.³⁾ Die offisiële aanmunting van goudmunte word deesdae in weinig lande toegelaat. Die grootste produsente is Suid-Afrika en veral Oostenryk.⁴⁾ Die verbruik van goud in die produksie van medaljes en medaljons toon heelwat fluktuasies, aangesien dit gewoonlik met die herdenking van belangrike gebeurtenisse, wat slegs sporadies voorkom, saamval.

Die industriële en artistieke goudkonsumpsie het in 1970 sowat \$975 miljoen beloop, wat 6,6 persent hoër was as dié

1) Fells, op. cit., tabel IV, p.32.

2) Ibid., p.6.

3) Ibid., tabel IV, p.32.

4) Ibid., p.6.

van 1969.¹⁾ Diē toename was egter heelwat laer as die gemiddelde groeikoers van ongeveer 9 persent in industriële en artistieke goudverbruik in die voorafgaande dekade. Die afname in die groeikoers van totale goudkonsumpsie gedurende 1970 kan veral aan die 20 persent daling in die vraag na goud vanuit die V.S.A. toegeskryf word.²⁾ Gedurende 1971 en 1972 het die groeikoers in die industriële en artistieke konsumpsie van goud weer eens versnel. Die industriële en artistieke verbruik van goud in die V.S.A. gedurende die tweede helfte van 1973 het sowat 120 metrieke ton beloop, sowat 8 persent hoër as die ooreenstemmende syfer gedurende 1972.³⁾ Die ooreenstemmende jaarsyfer van 240 metrieke ton oortref die Amerikaanse goudproduksie van 36 metrieke ton met 204 ton. Laasgenoemde tekort aan goud is vanaf oorsee aangevul, sodat "... the United States is thus of exceptional importance in the world market for gold".⁴⁾

In paragraaf 2.3.1 is, in die geval van private opberging van goud, tussen spekulاسie en oppotting onderskei. Alhoewel dit bykans onmoontlik is om transaksies op die goudmarkte eksplisiet tussen die genoemde kategorieë te verdeel, is dit nogtans noodsaaklik om diē 2 motiewe duidelik te ontleed.⁵⁾ Spekulاسie word gewoonlik gekenmerk deur onstabiliteit. Laasgenoemde kan veral daaraan toegeskryf word dat spekulاسie= beslissings nie genoegsaam op die eksterne, onderliggende goudmarkmilieu berus nie. Daarbenewens is spekulاسie sinoniem

1) I.M.F., op. cit., p.146-7.

2) Die V.S.A. absorbeer gemiddeld sowat 25 persent van die totale goudkonsumpsie. Vergelyk I.M.F., op. cit., p.146.

3) Anon. Currency Reviews: Gold. International Currency Review, 6(1): 40, 1974.

4) Loc. cit.

5) Davies, op. cit., p.7-12.

met onstabiliteit vanweë die groot somme internasionale vlugkapitaal wat skynbaar alomteenwoordig is. Oppotting, daarenteen, berus op ander fundamentele beginsels. In die geval van oppotting vir doeleindes van veilige bewaring, word goud gebruik as 'n metode waardeur rykdom opgeberg kan word, en word 'n stabiele goudprys as uitgangspunt gebruik. In Oosterse lande word goud dikwels om tradisionele redes opgepot as gevolg van 'n gebrek aan voldoende alternatiewe finansiële bates en beleggingskanale.

In die lig van bogenoemde kan 'n ontleding van oppotting en spekulاسie hoogstens op aannames en skattings berus. Soos duidelik uit tabel 2.8 blyk, het die proses van private opberging (oppotting en spekulاسie), tussen 1956 en 1966, met die uitsondering van 1958, baie stabiel verloop, waarna groot fluktuاسies daarin voorgekom het.¹⁾ Dat spekulاسie 'n belangrike rol in die private opberging van \$2 131 miljoen in 1967 en \$1 238 miljoen in 1968 gespeel het, val nie te betwyfel nie, maar 'n ontleding van die werklike oorsake kan hoogstens op skattings gefundeer word.²⁾ Uit tabel 2.8 is dit egter duidelik dat die private opberging van -\$152 miljoen in 1972 die laagste sedert die middel van die vyftigerjare was. Dié tendens het egter gedurende 1973 verander.³⁾

2.3.3.3 Die offisiële vraag na goud

Die offisiële vraag na goud bestaan uit die opberging deur monetêre owerhede van individuele lande (ter aanvulling van

1) Vergelyk paragraaf 2.3.3.1.

2) I.M.F., op. cit., p.146-7. Vergelyk ook Fells, op. cit., tabel II, p.29.

3) Vergelyk tabel 2.8.

hul internasionale monetêre reserwes) en internasionale finansiële instellings, soos byvoorbeeld die Internasionale Monetêre Fonds en die Europese Betalingsunie (in die uitvoering van, onder andere, internasionale verrekeningsfunksies). Die motiewe onderliggend aan die offisiële vraag verskil wesentlik van dié van die private goudvraag. Davies lig dié motiewe soos volg toe: "The demand for monetary gold is artificial in the sense that it depends upon political institutions, that is, the set of rules and practices in use among monetary authorities".¹⁾

In tabel 2.9 word die offisiële vraag na goud gedurende die 1949-1973-tydvak ontleed. Die revaluasie-effek van die offisiële goudprysverhogings is by die samestelling van tabel 2.9 buite rekening gelaat.²⁾ Indien laasgenoemde revaluasie-effek wel in berekening gebring word, het die totale offisiële goudopberging gedurende die 1949-1973-tydperk sowat \$14 870 miljoen beloop.³⁾ Hiervan is \$9 660 miljoen (ongeveer 65 persent) deur lande in hul monetêre reserwes opgeneem, terwyl die res, sowat \$5 210 miljoen (ongeveer 35 persent), na internasionale monetêre organisasies gekanaliseer is. Indien die revaluasie-effek buite rekening gelaat word, het die totale offisiële opberging van goud gedurende die 1949-1973-tydperk maar sowat \$6 868 miljoen beloop.⁴⁾

1) Davies, op. cit., p.4.

2) Die amptelike goudprys is gedurende Desember 1971 tot \$38 per fynons, en gedurende Februarie 1973 tot \$42,22 per fynons verhoog.

3) Verwerk uit I.M.F. International Financial Statistics, 27:17, Julie 1974; en I.M.F. International Financial Statistics (Supplement to 1965/66 Issues), p.(vi).

4) Tabel 2.9.

TABEL 2.9

WAARDE VAN DIE JAARLIKSE OFFISIËLE OPBERGING VAN GOUD, 1949-1973¹⁾
 (in mfljoene dollars)²⁾

JAAR	OFFISIËLE GOUDVRAAG ³⁾	JAAR	OFFISIËLE GOUDVRAAG ³⁾
1949	445	1962	370
1950	325	1963	820
1951	265	1964	710
1952	230	1965	220
1953	455	1966	-45
1954	670	1967	-1 580
1955	665	1968	-700
1956	490	1969	110
1957	690	1970	275
1958	680	1971	-137
1959	750	1972	224
1960	280	1973	51
1961	605		

- 1) Gegewens en bewerkings berus op: I.M.F. International Financial Statistics, Supplement 1965/1966, p.(vi); Gold, Money, Commodities, 106:913, Junie 1974; en I.M.F. Annual Report, 1971, tabel 41, p.146.
- 2) Die gegewens berus op 'n goudprys van \$35 per fynons tot aan die einde van 1971, \$38 per fynons vanaf Januarie 1972 en \$42,22 per fynons vanaf Maart 1973.
- 3) Die offisiële goudvraag word deur die amptelike goudopberging van sentrale banke, die I.M.F., Europese Betalingsunie, Europese Fonds en die Bank vir Internasionale Vereffening verteenwoordig. Die revaluasie-effek van offisiële goudprysverhogings is buite rekening gelaat.

'n Tendens wat heelwat kommer onder sommige ekonome wek, is die toenemende opberging van goud deur private instansies in vergelyking met dié van offisiële instellings. Aan die einde van 1973 het die totale waarde van offisiële goudbesit sowat \$49 845 miljoen beloop, terwyl die ooreenstemmende syfer ten opsigte van private opberging sowat \$32 500 miljoen beloop het.¹⁾ Hierdie tendens, wat gedeeltelik die tekort aan internasionale likiditeit veroorsaak en vererger het, behoort vanweë die huidige hoë internasionale goudpryse voort te duur.

2.4 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

Tussen 1493 en 1945 is goud ter waarde van ongeveer \$48 368 miljoen geproduseer. Ten spyte van die feit dat die amptelike goudprys vanaf 1934 tot 1971 op \$35 per fynons vasgepen was, het die goudproduksie van die vrye wêreld voortdurend 'n stygende tendens getoon. Alhoewel die totale goudproduksie sedert 1966 effens dalend verloop het, het dit gedurende 1973 steeds 1 101,1 metrieke ton beloop. Suid-Afrika het 'n steeds groter bydrae tot die totale goudproduksie van die vrye wêreld gelewer. Gedurende 1973 het Suid-Afrika reeds 77,4 persent tot die totale goudproduksie van die Weste bygedra.

Die goudproduksie van die vrye wêreld word jaarliks deur goudverkope (-aankope) deur die kommunistiese blok aangevul (verlaag). Vanaf 1966 tot en met 1969 was die kommunistiese blok netto goudkopers gewees, wat die totale goudaanbod in die Weste dienooreenkomstig verlaag het. Sedert 1971 is die kommunistiese blok egter netto goudverkopers, wat onder andere op ekonomiese opportunisme dui. Vanweë die voortdurende aanpassings in ekonomiese omstandighede verskil projeksies van

1) I.M.F. International Financial Statistics, 27:17, Julie 1974; en Pick's World Currency Report, 28(11): voorblad, November 1973.

toekomstige goudproduksie aansienlik, sodat geen konsekwente afleidings hieruit gemaak kan word nie.

Vir ontledingsdoeleindes van die totale vraag na goud word tussen private en offisiële vraag onderskei. Die private vraag na goud word òf vir verbruiksdoeleindes (juweliersware, kuns, tandheelkunde en industriële gebruik in elektronika, fisika en chemie), òf vir opbergingsdoeleindes (oppotting en spekulasie) benodig. Tussen 1801 en 1848 is ongeveer 46 persent van die totale goudproduksie vir monetêre doeleindes gebruik; gedurende die 1929-1933-periode was die ooreenstemmende persentasie ongeveer 53 persent gewees. Na 'n periode van relatiewe stabiliteit het die monetêre onsekerhede van die sestigerjare aanleiding gegee tot ongekende private oppotting van goud. Sedertdien kon monetêre owerhede die resulterende goudverlies nog nie volkome terugwin nie. Gedurende 1973 is sowat 97 persent van die totale goudaanbod vir nie-monetêre doeleindes aangewend.

Voordat die internasionale goudmarkte en goudprysbewegings in hoofstuk 5 ontleed word, word die internasionale monetêre rol van goud eers in hoofstukke 3 en 4 beskryf en ontleed. Alhoewel dit op die oog af logies sou voorkom om die goudprysbewegings onmiddellik hiernā af te handel, is die internasionale goudpryse, benewens die goudvraag en -aanbod, telkens ook deur monetêre faktore beïnvloed.

HOOFSTUK 3

DIE INTERNASIONALE MONETÊRE ROL VAN GOUD TUSSEN 1816 EN 1945

3.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk het ten doel 'n ontleding van die internasionale monetêre rol van goud tussen 1816 en 1945. 'n Ontleding van die monetêre rol van goud gedurende bogenoemde periode vereis vooraf 'n analise van die funksies van goud in historiese perspektief.

Goud se verbintenis met die mensdom kan in drie belangrike fases verdeel word.¹⁾ Die eerste fase is dié van die ornamentiek wat duisende jare geduur het en teen ongeveer 600 v.C. geëindig het. Gedurende hierdie fase is goud hoofsaaklik vir versiering en magsvertoon gebruik. Die tweede fase, wat eers teen 1816 tot volle ontplooiing gekom het, het teen ongeveer 600 v.C. begin en tot ongeveer 1916²⁾ geduur. Gedurende hierdie fase - die fase van metaalgeld - is goud steeds vir ornamentiek gebruik, maar dit is ook toenemend as waardemeter gebruik terwyl goudmunte vrylik begin sirkuleer het. Rowe³⁾ noem die derde fase, wat ná die Eerste Wêreldoorlog ontstaan het en steeds aan die gang is, die statiese fase. Die funksies van goud in die derde stadium stem ooreen met dié in die metaalgeldfase behalwe dat goudmunte uit sirkulasie verdwyn het en dat, volgens Rowe,⁴⁾ goud nie meer as geld funksioneer nie. Laasgenoemde stelling laat Rowe oop vir kritiek want, alhoewel goud nie meer in nasionale geldstelsels gebruik word nie, word

1) Rowe. Gold's place in the world. The S.A. Mining and Engineering Journal, LIX:717, Augustus 1948. Vergelyk Keynes. A Treatise on Money, p.289-92.

2) 1914 sou 'n meer waarskynlike datum wees.

3) Rowe, loc. cit.

4) Loc. cit.

dit steeds as 'n belangrike bron van internasionale betaal= middels beskou.

Dit is dus die doel om in hierdie hoofstuk die internasionale monetêre rol van goud gedurende die metaalgeldfase en die aanvanklike gedeelte van die statiese fase te ontleed. Bene= wens sekondêre tydsindelings word die monetêre rol van goud en die implementering van die goudstandaard in die histories gefundeerde 1816-1914- en 1914-1945-tydvakke ondersoek. Vir doeleindes van hierdie studie is dit verder nodig om die funksionering van goud as internasionale monetêre betaal= middel mede tussen alternatiewe geldeenhede te ondersoek.

3.2 DIE ROL VAN GOUD IN DIE INTERNASIONALE BETALINGSME= GANISME

3.2.1 Die monetêre rol van goud tussen 1816 en 1914

3.2.1.1 Goud in verskillende lande

Die Muntwet ("Coinage Act") wat in 1816¹⁾ in Brittanje ge= proklameer is, het die bedeling van die goudstandaard ingelui. Met hierdie wet is silwer deur goud as die soewereine wettige betaalmiddel vervang. Papiergeld is binnelands sowel as internasionaal ten volle inwisselbaar in goud, teen 'n koers van £3 17s 10½d²⁾ per ons, gemaak. Omdat die goudprys teen 1816 meer as £4³⁾ per ons in Brittanje was, moes die Bank van Engeland eers kontantbetalings hervat om sodoende die goudprys tot die gewenste peil af te dwing. Die verlangde peil van £3 17s 10½d is eers in 1822 bereik.

-
- 1) Hawtrey. The Gold Standard in Theory and Practice, p.63.
 - 2) Morgan-Webb. The Rise and Fall of the Gold Standard, p.14.
 - 3) Ibid., p.48.

Onderwyl Brittanje die goudstandaard betree het, het die meeste ander lande op stelsels van bimetallisme (van goud en silwer) voortgegaan. Dit, tesame met die sentrale posisie van die Londense goudmark, het daartoe gelei dat Brittanje die sentrum van die internasionale betalingsmeganisme geword het.

Omdat Brittanje in die aanvanklike stadium die enigste land was wat hierdie stelsel van monometallisme (gebaseer op goud) aangeneem het, kan dit, streng gesproke, nie 'n ware internasionale goudstandaard genoem word nie.¹⁾ Morgan-Webb²⁾ is van mening dat dit foutief is om te beweer dat Brittanje in 1816 op die goudstandaard gegaan het, want "she went on to 'a gold standard'. As the actual standard adopted was specially designed to equate the value of the pound sterling on the old standard with its value on the new standard, the correct designation of the new standard was 'the sterling standard'".

Behalwe Brittanje was die meeste lande tussen 1814 en 1873 òf op die silwerstandaard, òf op 'n stelsel van bimetallisme (gebaseer op goud en silwer). Hierdie lande het probleme ondervind vanweë voortdurende variasies in die goud:silwer-verhouding, veral waar eersgenoemde voortdurend geappresieer het in terme van laasgenoemde. Voortdurende oorloë en rewolusies tussen die jare 1848 en 1871 het baie lande tot die gebruik van gedepresieerde papiergeld gedwing.³⁾ Teen 1871 was papiergeld in Rusland, Hongarye-Oostenryk, Italië,

1) Vergelyk paragraaf 1.3.

2) Morgan-Webb, op. cit., p.15.

3) Hawtrey, op. cit., p.67.

die V.S.A. en Frankryk in gebruik, terwyl België en Switserland steeds stelsels van bimetallisme gehandhaaf het. In tussen is die silwerstandaard in Duitsland, Holland, Skandinawië en in die Ooste gebruik. Die evolusie wat daartoe gelei het dat die goudstandaard teen 1914 bykans dwarsdeur die wêreld in gebruik was, het sy oorsprong gehad in hierdie diversiteit.

Tydens 'n internasionale monetêre konferensie wat in 1867 in Parys gehou is, het dit duidelik geword dat die enigste oplossing in die rigting van 'n stelsel van monometallisme (gebaseer op goud) gelê het. Die proklamasie van 'n wet in 1873¹⁾ het Duitsland in staat gestel om, naas Brittanje, die eerste land te word wat formeel op die goudstandaard gegaan het. Duitsland se voorbeeld is deur Swede, Noorweë en Denemarke gevolg, terwyl Frankryk en België die aanmunting van silwer as wettige betaalmiddel gestaak het. In dieselfde periode het Oostenryk, Hongarye asook Rusland²⁾ na goud oorgeskakel. Die Nederlandse Bank se gebruik van 'n hinkende standaard³⁾ (met silwer as die minderwaardige vennoot teenoor goud) sedert 1875, het 'n de facto gebruik van die goudstandaard ingehou. Laasgenoemde is deur die "goudverklaring" van die Nederlandse regering in 1903, formeel bevestig.

Die offisiële verandering in 1834, van die goud:silwerverhouding van 15:1 tot 16:1 het die V.S.A. ook de facto op die goudstandaard geplaas.⁴⁾ 'n Besluit wat in 1862 deur die Amerikaanse Kongres geneem is om oninwisselbare papiergeld

-
- 1) Busschau. The Glamour of Gold, p.34.
 - 2) In 1893, aldus Hawtrey, op. cit., p.71.
 - 3) Korteweg en Keesing. Het Moderne Geldwezen. Deel II: De Techniek van het Betalingsverkeer, p.386.
 - 4) Ibid., p.393.

uit te reik het, via die Wet van Gresham,¹⁾ veroorsaak dat goud- en silwermunte uit sirkulasie verdwyn het. Die de facto goudstandaard in die V.S.A. het dus vir 'n papierstandaard plek gemaak. Die intrekking van genoemde papiergeld op 1 Januarie 1879²⁾ plaas die V.S.A. dus weer op 'n de facto-goudstandaard. Die Goudstandaardwet ("Gold Standard Act") van 1900 maak die goudstandaard eers dān 'n offisiële werklikheid vir die V.S.A. Die resultaat van bogenoemde was dat die belangrikste handelslande met die aanvang van die twintigste eeu aan die internasionale goudstandaard deelgeneem het. ('n Uitsondering in die verband was China³⁾ wat steeds op die silwerstandaard was).

Alhoewel hierdie internasionale goudstandaard op geen formele grondslag berus het nie, was die meeste geldeenhede (soos die frank, die mark, die pond en die dollar) vrylik teen mekaar inwisselbaar teen 'n koers wat met hul onderskeie goudkomponente ooreengestem het. Volgens Busschau⁴⁾ "Edwardian London became the economic capital of the world, and the Bank of England was, as it were, the International Monetary Fund".

3.2.1.2 Die goudstandaard en pryspeile⁵⁾

Die goudstandaard van die negentiende eeu word dikwels daarmee gekrediteer dat dit die gelyktydige bereiking van prysstabiliteit en ekonomiese groei moontlik gemaak het. Hieromtrent bestaan daar egter heelwat meningsverskil.

1) Die Wet van Gresham is die verskynsel dat "goeie" geld deur die "slegtes" uit sirkulasie gedwing word.

2) Korteweg en Keesing, loc. cit.

3) Busschau, loc. cit.

4) Ibid., p.34-5.

5) Hierdie gedeelte is gebaseer op Triffin. The Evolution of the International Monetary System: Historical Reappraisal and Future Perspectives, p. 12-5.

Daar is diegene, onder wie Gustav Cassel, wat die verskynsel dat die algemene pryspeil van 1910 bykans dieselfde was as dié van 1850 aan twee faktore toegeskryf het, naamlik: aan die relatief klein toename in die goudproduksie asook die geringe toename in die bestaande monetêre reserwes en aan die "response elasticity of new gold production to any substantial decreases or increases in the price level".¹⁾

Triffin verskil van bogenoemde denkrigting. Soos duidelik uit tabel 3.1 blyk, het groothandelspryse groot fluktuasies gedurende die tydperk 1814 tot 1913 getoon. Die stelling dat pryse vanaf 1850 tot 1910 bykans konstant gebly het, is dus uiters misleidend. Die invloed wat fluktuasies in goud=produksie op pryspeile gehad het, is volgens Triffin meer aanvaarbaar as die veronderstelde inverse verband tussen kommoditeitspryse en goudproduksie. Die ontdekkings van goud in 1848 en 1888 en die daarmee gepaardgaande toename in goudproduksie het sodanige verwantskap sekerlik bevraagteken.

Triffin beweer dat die bloot meganiese verklaring van die breë parallelisme tussen goudproduksie en pryse nie voldoende is om al die komplekse faktore wat by die ekonomiese groei van die negentiende eeu aanwesig was, korrek weer te gee nie. Sô byvoorbeeld kan 'n belangrike komponent in die ekonomiese groei van die vorige eeu tot ongeveer 1910 aan die groot toename in die volume bankkrediet toegeskryf word.

1) Ibid., p.12.

TABEL 3.1GROOTHANDELSPRYSINDEKS, 1814-1913¹⁾

	V.S.A.	V.K.	Duitsland
<u>Indeks (1913=100)</u>			
1814	178	178	129
1849	80	90	71
1872	133	125	111
1896	67	76	71
1913	100	100	100
<u>%-veranderings</u>			
1814-1849	-55	-49	-45
1849-1872	+66	+39	+56
1872-1896	-50	-39	-36
1896-1913	+49	+32	+41
1814-1913	-44	-44	-22

1) Ibid., tabel 1, p.13.

3.2.1.3 Sukses van die goudstandaard voor 1914

Vóór 1914 is die reëls van die goudstandaard nie streng deur sentrale banke nagekom nie. Eerstens is die binnelandse geldvoorraad van internasionale goudbewegings deur die insluiting van buitelandse valuta¹⁾ in die monetêre reserwes geïsoleer. Tweedens was korttermynkapitaalbewegings redelik stabiliserend van aard om sodoende die aanpassings in pryse te verlig.²⁾ Derdens het bewegings in die volume van uitvoere en invoere, sowel as pryspeile, 'n redelike mate van parallelisme tussen verskillende lande getoon. Verder het nominale lone nie noemenswaardig gedaal nie.

Nogtans het die goudstandaard tydens die periode 1880 tot 1914 redelik goed gefunksioneer - dit ten spyte van 'n afwyking van die klassieke goudstandaardreëls. Die faktore wat tot hierdie "sukses" meegehelp het, sluit onder andere die volgende in:

- (a) die deelnemende lande was almal van vergelykbare ekonomiese grootte en het daarbenewens ooreenstemmende konjunkturle neigings vertoon - internasionale handel het weinige aanpassings geverg;
- (b) tussen die jare 1880 en 1914 is 'n wêreldwye ekonomiese opbloeï ondervind - betalingsbalansaanpassings was derhalwe relatief "pynloos";³⁾
- (c) die opname van buitelandse valuta het nie buitensporige afmetings aangeneem nie;⁴⁾

1) Vergelyk paragraaf 3.3.

2) Rolfe. Gold and World Power, p.62.

3) Loc. cit.

4) Teen 1913 het buitelandse valuta ongeveer 14,6 persent van die totale monetêre reserwes beslaan. Triffin, op. cit., tabel 10, p.70; en tabel 3.4.

- (d) 'n afwesigheid van owerheidsbeheer het daartoe gelei dat mededinging redelik volmaak was;
- (e) tariewe en handelsbeperkings het feitlik nie bestaan nie, en internasionale handel was hoofsaaklik op 'n unilaterale basis gefundeer - in teenstelling met die multinasionale handelspatrone en beperkende handelspraktyke wat in die 1920's ontwikkel het; en
- (f) owerheidsbegrotings het geen surplusse of tekorte getoon nie.

Dit kom dus daarop neer dat, ten spyte van die afwykings van die teoretiese model,¹⁾ die ekonomiese klimaat gunstig genoeg vir die suksesvolle funksionering van die goudstandaard was. Rolfe²⁾ beweer in hierdie verband: "... it is improbable that the gold standard caused the favourable economic condition; rather, the environment permitted relatively painless adjustment of the balance of payments."

3.2.2 Die monetêre rol van goud tussen 1914 en 1945

3.2.2.1 Die aftakeling van die goudstandaard tussen 1914 en 1918

Gedurende Mei en Junie 1914 is die naderende politieke konflik in Europa op die internasionale geldmarkte gereflekteer. 'n Ongewone toename in likiditeit op die Europese geldmarkte was van die eerste waarskuwende simptome van die naderende politieke onheil.³⁾

1) Vergelyk paragraaf 1.3.

2) Rolfe, loc. cit.

3) Brown. The international Gold Standard Reinterpreted, 1914-34. Volume 1, p.7-10.

Gedurende Mei, Junie en Julie 1914 het die wisselkoerse tussen Amsterdam, Berlyn, Milaan en New York, aan die een kant, en Londen, aan die ander kant, in elke geval ten gunste van laasgenoemde beweeg. Dit het daartoe gelei dat Engeland 'n goudtoevloei van dwarsoor die wêreld ondervind het. Ge=paard hiermee het Britse banke, om 'n moontlike krisis die hoof te kon beid, daarmee buitelandse finansiële bates begin terugtrek. Die onmiddellike resultaat hiervan was 'n styging in korttermynrentekoerse - vanweë die omskakeling van bates in 'n likiede vorm. Hierdie magsvertoon deur die wêreld se belangrikste krediteurland, wat besig was om voorsorgmaat= reëls teen die moontlike internasionale politieke konfrontasie te tref, het verreikende gevolge gehad. Brown¹⁾ beweer: "There was thus an unraveling of part of the characteristic creditor-debtor relations of the principal money markets - a sort of preliminary and tentative retreat from the system of mutual adjustment of money markets through the ebb and flow of capital and credit."

Die vraag na sterling het op baie internasionale geldmarkte teen 27 Julie 1914²⁾ 'n hoogtepunt bereik; daarbenewens het die geldeenhede van Duitsland, Oostenryk, Italië, Rusland, Amerika, Spanje en Swede in waarde teenoor sterling gede= presieer.³⁾ Die resulterende vloei van goud vanaf die debiteur- na die krediteurlande het die waarskuwende simptome van die verbrokkeling van die internasionale betalingsmega= nisme wel duidelik laat blyk. Volgens Brown⁴⁾ was die

1) Ibid., p.8.

2) Oostenryk het op 28 Julie 1914 oorlog teen Serwië verklaar.

3) Volgens Brown, op. cit., p.9, was die geldeenhede van die Suid-Amerikaanse state, asook België, Nederland, Switser= land en Frankryk redelik stabiel.

4) Ibid., p.10.

onderskeidende kenmerk van die 1914-krisis die feit "that instead of a regulation there was a stoppage of the flow of sterling credit and a temporary suspension by London of the performance of its functions as a middleman in international finance".

Namate die krisis sy hoogtepunt genader het, het die banke daartoe oorgegaan om hul onmiddellik opeisbare en korttermynlenings in te kort om sodoende 'n moontlike opvraging van kontant te kon finansier. Die diskontomark is sodoende gekortwiek om as afsetgebied vir nuwe wissels te dien, asook om die bestaande wisselaanbod te finansier. Hierdie dubbele slag vir die akseptemark ("acceptance market") in sterling het die Londense akseptbanke ("acceptance houses") daartoe gedwing om vanaf 27 Julie 1914¹⁾ geen verdere akseptkredietfasiliteite toe te staan nie. Die funksionering van internasionale verrekening via Londen is hierdeur belemmer, aangesien die belangrikste enkele bron ter aanvulling van die lopende sterlingbalanse van buitelanders hierdeur verdwyn het.

Die Londense Effektebeurs het egter nog 'n kanaal voorsien waardeur buitelanders sterling kon bekom - via die verkoop van sekuriteite. Die ooraanbod van sekuriteite het daartoe aanleiding gegee dat die Londense Effektebeurs om 10h00 op 31 Julie 1914²⁾ gesluit is - 'n verdere knou vir die internasionale verrekeningstelsel via Londen.

Die uitbreek van die oorlog het, soos verwag is, die meeste valutatransaksies tot 'n einde gebring. Alhoewel sporadiese

1) Ibid., p.11-12.

2) Ibid., p.13.

wisselkoersnoterings¹⁾ wel voorgekom het, is daar 'n dooie-punt in internasionale valutatransaksies bereik.

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het daartoe gelei dat verskillende lande tussen 1914 en 1915 daartoe oorgegaan het om moratoria op private vereffenings in te stel.²⁾ In= dien lande die wettige regulasies van die goudstandaard wou nakom, sou dit vir vele lande 'n onnodige verkwisting van goud beteken het, sonder dat dit die wisselkoersprobleme enigins opgelos het. Goud kan in elk geval nie die totale internasionale likiditeit vervang nie. Die eise deur die krediteure dat betalings in goud moes geskied, is hewig teengestaan deur die debiteurlande.³⁾ Die Russiese Staatsbank, die Reichsbank en die Franse Bank het onderskeidelik op 27 Julie, 4 Augustus en 5 Augustus 1914 daartoe oorgegaan om goudspesiebetalings op te skort.⁴⁾ Duitsland, Rusland en Argentinië het onmiddellik wettige embargo's op die uitvoer van goud ingestel. Volgens Busschau⁵⁾ is laasgenoemde lande deur Oostenryk, België, Brasilië, Egipte, Frankryk, Griekeland, Hongarye, Noorweë, Peru, Portugal, Roemenië, Swede en Switserland gevolg in die instel van beperkings op betaling in goud. Alhoewel Engeland nie goudspesiebetalings gedurende die oorlog verbied het nie en ook geen embargo's op die uitvoer van goud ingestel het nie, is sowel die binnelandse inwisselbaarheid as die onbeheerde gouduitvoer in die praktyk verbied.

-
- 1) Vir 'n breedvoerige bespreking van die wisselkoersnoterings wat wel voorgekom het, vergelyk: Brown, op. cit., p.13-15.
 - 2) Busschau, op. cit., p.35.
 - 3) 'n Minder belangrike oorsaak hiervan was die risiko wat aan die seevervoer van goud tydens die oorlogstoestande verbonde was. Brown, op. cit., p.15.
 - 4) Ibid., p.16.
 - 5) Busschau, loc. cit.

Die eerste wettige beperking op die uitvoer van goud vanuit Engeland is op 1 April 1919 ingestel.

Alhoewel die V.S.A. gepoog het om, die krisis ten spyt, by die reëls van die goudstandaard te hou, het die dreigende gouddreinerings ook hierdie moondheid tot 'n tydelike de facto gouduitvoerembargo gedwing. Op 1 September 1914 het New Yorkse bankiers egter ooreengekom om die Amerikaanse internasionale verpligtinge na te kom deur die stigting van 'n goudfonds¹⁾ ter waarde van \$100 miljoen. Hierdie goudfonds het egter skaars met sy aktiwiteite begin "when the deep and persistent forces of the war-time international movement of goods began to dominate the world's exchanges".²⁾

Volgens Rolfe³⁾ het alle lande, behalwe die V.S.A., in 1914 van die goudstandaard afgestap. Brown⁴⁾ beweer dat sulke algemene stelling, wat gereeld in die literatuur voorkom, nie korrek is nie. Brown voer aan dat die gebeure van 1914 "did not break down the international gold standard completely or all at once".⁵⁾ Alhoewel hierdie skrywers hulle aan veralgemening skuldig maak, behoort Brown se kritiek terminologies van aard en nie op beginsels gegrond te wees nie. Ten spyte hiervan is Brown se verklaring van die algemene "afstap" van die goudstandaard in 1914 baie duidelik en noemenswaardig.

Brown⁶⁾ onderskei naamlik tussen die eksterne en die substansiële vorms van die internasionale goudstandaard. Die eksterne

1) Brown, op. cit., p.19-21.

2) Ibid., p.21.

3) Rolfe, op. cit., p.63.

4) Brown, op. cit., p.27.

5) Loc. cit.

6) Ibid., p.28.

vorm van die goudstandaard hou in dat:

- (a) die juridiese konsep geld - d.w.s. dat goud die monetêre standaard van 'n gegewe land is;
- (b) aan die juridiese konsep formele uitdrukking gegee word deur die formele wettige bevestiging daarvan;
- (c) die nodige binnelandse bankbeheermaatreëls wat deur dié wettige stelsels geïmpliseer word, sal geld;
- (d) die wenslike kode vir die finansiële optrede en praktyk sodanig geïmplementeer word dat die beoogde effek aan die wettige stelsels verleen word; en
- (e) wisselkoerse bepaal word deur die gelyktydige bestaan van sodanige wettige stelsels in die verskillende lande.

Met die substansiële vorm van die goudstandaard "we mean the whole institutional pattern of trade and of finance that breathes life into these forms of law and practice, and that works out its contribution to economic progress through them".¹⁾

In teenstelling met silwer wat ná 1870 gedemonetiseer is, is goud steeds ná 1914 aanvaar as die finale waardemeter - dit ten spyte van noodwendige veranderings in die monetêre stelsels en bankwette wat as gevolg van die 1914-krisis tot stand gekom het. Brown²⁾ beweer in hierdie verband: "From

1) Ibid., p.28-9.

2) Ibid., p.29.

the legal point of view the theory of the gold standard was maintained and the utmost change accomplished by law was the temporary suspension of certain rights and obligations that might tend to dissipate gold reserves and force a genuine abandonment of the gold standard as a juridical concept as well as an economic mechanism".

Alle lande wat daartoe gedwing is om veranderings in hul finansiële praktyke te maak, het gepoog om dit te bereik met die minimum veranderings in die wettige vorm van die goudstandaard.¹⁾ Sō is die invoerders van goud in die Verenigde Koninkryk tussen 1916 en 1919 versoek om alle ingevoerde goud aan die Bank van Engeland te verkoop.²⁾ Die enigste ander afwyking van die wettige vorm van die goudstandaard is in die Gebiede-wet ("Realm Act") van Desember 1916 in Brittanje beliggaam wat die smelting van goud verbied het. In verskeie van die lande in Sentraal-Europa is selfs die binnelandse vloei van goud verbied. Die invoer van goud na die V.S.A. is nie verbied nie, maar in September 1917 is die reg om goud uit te voer beperk tot diegene wat die nodige lisensies kon bekom. Dit is daarom nie vreemd nie dat Brown³⁾ tot die gevolgtrekking kom dat "the retreat from the international gold standard as a code of practice was far more complete than the retreat from it as a legal system ..."

Ten spyte van bogenoemde verbodinge op die private in- en uitvoer van goud het owerhede dit steeds as internasionale

1) Die embargo's op gouduitvoere asook die onderskeie moratoria op private vereffenings is reeds in diē paragraaf bespreek.

2) Brown, op. cit., p.30-34.

3) Ibid., p.34.

betaalmiddel aanvaar. Volgens Busschau¹⁾ het owerhede 'n toenemende voorkeur aan betaling in goud bō betaling in buitelandse papiergeld verleen. Onderwyl goudmunte uit sirkulasie verdwyn het, het alle internasionale valuta (die uitsondering was die V.S.A.-dollar) hul inwisselbaarheid in goud prysgegee. Die dollar was die enigste geldeenheid wat in goud inwisselbaar was, en hierdie internasionale inwisselbaarheid is tot 15 Augustus 1971²⁾ gehandhaaf. 'n Nuwe era in die internasionale betalingsmeganisme is ingelui waartydens die dollar in 'n toenemende mate die pond as die belangrikste internasionale geldeenheid vervang het.

Die distribusie van goud³⁾ gedurende die Eerste Wêreldoorlog het vier onderskeidende kenmerke geopenbaar,⁴⁾ naamlik

(a) Konsentrasie van goud

Die oorlogvoerende lande was verplig om soveel as moontlik goud te akkumuleer ten einde

- (i) die nominale rol van goud in hul monetêre en bankstelsels te handhaaf - veral waar hierdie stelsels aan groot inflasionêre druk onderworpe was; en
- (ii) die wisselkoerse van hierdie lande se geldeenheid so nā as moontlik aan die vooroorlogse vlak te handhaaf.

1) Busschau, op. cit., p.36.

2) Vergelyk paragraaf 4.3.3.

3) Vergelyk tabel 3.2.

4) Brown, op. cit., p.39-47.

Die reeds genoemde opskorting van goudspesiebetalinge en die embargo's op die uitvoere van goud het dit vir hierdie lande moontlik gemaak om goud op die volgende twee wyses te kon akkumuleer:

- (i) die akkumulasie van nuutgeproduseerde goud, die onttrekking daarvan uit sirkulasie en die konsentrasie daarvan by sentrale banke en tesourieë;
en
- (ii) die konsentrasie van goud by die finansiële magse blokke van die twee oorlogmakende groepe om te dien as sekuriteit vir voorskotte deur bondgenote.

(b) Goudbetaling

Heelwat trekkings is op bogenoemde goudakkumulasies gemaak ten einde sekere wisselkoerse te kon ondersteun. Sô byvoorbeeld is gedeeltes van die Franse, Russiese en Italiaanse goudreserwes aan Engeland verpand in ruil vir essensiële krediete. Engeland het vrylik van sy goudreserwes gebruik gemaak om die sterlingwisselkoers in New York en ander neutrale markte te ondersteun.

Hierdie gebruik van goudreserwes het 'n verdere dimensie in die gebruik daarvan ingehou, naamlik die gebruik van goud as 'n substansiële handelsitem in die betalingsbalans. Hierdie gebruik was slegs moontlik omdat sentrale banke bereid was om goud teen vasgestelde pryse aan te koop (dit was nog deel van die wettige raamwerk van die goudstandaard in die meeste lande).

(c) Goudarbitrasie

Totdat die V.S.A. tot die Eerste Wêreldoorlog toegetree

het, was goudarbitrasietransaksies¹⁾ in die neutrale markte aan die orde van die dag. Hierdie transaksies het meegehelp om die depresiasie van die dollarwisselkoers in terme van sekere neutrale lande in Europa, asook sekere in Suid-Amerika, te voorkom. Dit het 'n sekondêre herverdeling van goud ten gunste van die V.S.A. en die kleiner neutrale lande tot gevolg gehad.

(d) Goudweerstand

Die internasionale distribusie van goud vanweë goudbetaling en goudarbitrasie gedurende die oorlog, het probleme vir beide die goudontvangende en -betalende lande ingehou om die tradisionele rol van goud in hul monetêre en bankstelsels te kon handhaaf. Onderwyl die gouduitvloei van oorlogvoerende lande die solvabiliteit van hierdie lande se bankstelsels benadeel het, het die goudontvangende neutrale lande opgesaai gesit met die probleem van oormatige reserwes wat tot inflasioneêre druk kon lei.

Die gekombineerde uitwerking²⁾ van bogenoemde vier kenmerke van die distribusie van goud tydens die oorlog was

- (a) om die bankstelsels van die meeste lande in besit van òf meer òf konstante goudreserwes te laat; en
- (b) om terselfdertyd beide die oorlogvoerende en die neutrale lande in vyf onderskeidende groepe te verdeel ten opsigte van hul goudreserwes.

1) Goudarbitrasietransaksies hou die gelyktydige koop en verkoop van goud in verskillende goudmarkte in.

2) Ibid., p.99-100.

Hierdie vyf groepe, wat duidelik uit tabel 3.2 onderskei kan word, sluit die volgende in:

- (a) die belangrikste finansiers van die oorlog;
- (b) neutrale lande wat nie geslaagde goudweieringsbeleide ("gold repulsion policies") toegepas het nie;
- (c) neutrale lande wat spesiale maatreëls teen die akkumulasie van goud getref het;
- (d) kontinentale oorlogvoerende lande wat geslaagde maatreëls teen 'n uitvloei van goudreserwes getref het; en
- (e) kontinentale oorlogvoerende lande wat nie geslaag het om hul goudreserwes te handhaaf nie.

Soos reeds in hierdie paragraaf aangetoon, was Engeland in staat om groot hoeveelhede goud van dwarsoor die wêreld te trek. Gegaard hiermee het Engeland, as hoof van die Britse Ryk,¹⁾ sekere voordele in die geskarrel na goud gedurende die oorlog gehad. Sô byvoorbeeld is ooreenkomste met Suid-Afrika, Australië en Indië aangegaan waarvolgens 'n konstante gedeelte van die nuwe goudproduksie hul weg na die Bank van Engeland gevind het. 'n Ooreenkoms wat tydens die oorlogjare aangegaan is, het aan die Bank van Engeland die eksklusiewe reg verleen om die totale produksie van die Suid-Afrikaanse goudmyne teen 'n prys van 77s 9d per ons aan te koop. Verder het Engeland se posisie as middelman in die aankoop van oor=

1) Ibid., p.40-41.

TABEL 3.2

PERSENTUELE VERANDERING IN DIE GOUDRESERWES VAN GESELEKTEERDE LANDE
TUSSEN DESEMBER 1913 EN DESEMBER 1918¹⁾

LANDE VOLGENS BOGENOEMDE GROEPERING	% TOENAME IN GOUDRESERWES TUSSEN DESEMBER 1913 EN DESEMBER 1918
<u>GROEP A</u>	
<u>Verenigde Koninkryk:</u>	
Bank van Engeland	109
Bank van Engeland plus Note-uitgiftereserwe	210
<u>V.S.A.:</u>	
Monetêre goudvoorraad	60
<u>Duitsland:</u>	
Reichsbank	93
<u>GROEP B</u>	
<u>Nederland:</u>	
Nederlandse Bank	356
<u>Spanje:</u>	
Bank van Spanje	371
<u>GROEP C</u>	
<u>Swede:</u>	
Bank van Swede	180
<u>Switserland</u>	
	144
<u>GROEP D</u>	
<u>Frankryk:</u>	
Bank van Frankryk	
In Frankryk	-2
In Frankryk en die buiteland	56
<u>Italië:</u>	
Drie uitgiftehuise plus die tesourie	
In Italië	-29
In Italië en die buiteland	10
<u>Rusland:</u>	
In Rusland	-19 ²⁾
In Rusland en die buiteland	125 ²⁾
<u>GROEP E</u>	
<u>Oostenryk-Hongarye</u>	-79

1) Ibid., p.100 (tabel 4).

2) Julie 1914 - Oktober 1917.

logsvoorrade vir sy bondgenote, daartoe gelei dat die sterling-dollarwisselkoers aan voortdurende druk onderworpe was. Om dit te voorkom is ooreengekom dat groot gedeeltes van Frankryk, Rusland en Italië se goudreserwes na Engeland oorgeplaas is. Daarbenewens het Engeland ook as tussenganger in die opbou van dollarbalanse nā 1915 (met behulp van Japannese en Russiese goud) opgetree. Genoemde faktore het daartoe gelei dat Engeland se goudreserwes vanaf Desember 1913 tot Desember 1918 met 109 persent toegeneem het.

Die toenemende vloei van goud na die V.S.A.¹⁾ het inflasioneëre druk aldaar tot gevolg gehad. Voordat die monetêre owerhede se anti-inflasioneëre maatreëls (wat 'n goudweieringsprogram sou insluit) egter tot uitvoer gebring kon word, het die V.S.A. self tot die Eerste Wêreldoorlog toegetree. Dit het die posisie sodanig verander dat die V.S.A. 'n embargo op gouduitvoere moes instel om 'n moontlike verlies van goud aan die neutrale lande te voorkom. Nogtans het die V.S.A., volgens tabel 3.2, tussen 1913 en 1918 'n toename van 60 persent in goudreserwes ondervind.

Behalwe die wettige embargo's op die uitvoer van goud deur Duitsland is 'n verskeidenheid verdere pogings aangewend om goud in die Reichsbank²⁾ te kry. Alle vorme van propaganda en selfs loterye is gebruik om opgepotte goud na die Reichsbank te kanaliseer.

Alle pogings van kontinentale oorlogvoerende lande om goud te bekom is deur private oppotting en sluikhandel in die

1) Ibid., p.43.

2) Ibid., p.43-4.

wiele gery.¹⁾ Alle pogings om die gebruik van goud te optimaliseer het daartoe gelei dat goud uit sirkulasie verdwyn het ten koste van papiergeld, en dat die volle goudstandaard vir die goudkernstandaard²⁾ moes plek maak. Brown³⁾ beweer egter dat "the sacrifice of the gold circulation, like that of free export and the right of convertibility, was part of an effort to preserve, rather than destroy, the external forms of the international gold standard by protecting bank reserves and supporting exchange rates".

Die uitwerking wat die Eerste Wêreldoorlog op die stelsel van internasionale finansie- en bankwese (met Londen as die mid-delpunt) en op die Britse oorheersing van die internasionale handel gehad het - dié twee fasette het die kern van die vooroorlogse goudstandaard gevorm - kan soos volg saamgevat word:⁴⁾ "The international gold standard before the war was in reality a sterling exchange standard, but after the war this was no longer true". Dit was nie langer waar nie, omdat die naoorlogse goudstandaard in 'n nuwe ekonomiese omgewing moes funksioneer waarin

- (a) die Britse oorheersing van die wêreld se valutamarkte afgeneem het; en
- (b) die Britse internasionale bankindustrie aan nuwe en strawwe mededinging onderwerp is.

1) Ibid, p.44.

2) Die eienskappe van die goudkernstandaard is in paragraaf 1.3 bespreek.

3) Brown, op. cit., p.45.

4) Ibid., p.133.

3.2.2.2 Die terugtog na die goudstandaard tussen 1919 en 1925

Soos reeds aangetoon,¹⁾ het die goudstandaard tydens die periode 1880 tot 1914 redelik goed gefunksioneer. Een van die belangrikste faktore wat daartoe meegehelp het, was die ewewig wat die meeste lande in hul betalingsbalanse ondervind het. Die bestaande muntpariteite het uitdrukking gegee aan die historiese gefundeerde internasionale ewewig.²⁾ Daarbenewens het lande ooreenstemmende konjunktorele neigings vertoon. Aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog het daar weinig van hierdie harmoniese samehang oorgebly. Elke land (oorlogvoerend of neutraal) het tydens die Eerste Wêreldoorlog verskillende fases van ekonomiese ontwikkeling deurgemaak. Die redes wat tot laasgenoemde neiging aanleiding gegee het, sluit onder andere die volgende in:

- (a) die historiese internasionale ekonomiese betrekkings het verbrokkel;
- (b) afsetmarkte het verdwyn;
- (c) verouderde produksiemoontlikhede moes plek maak vir innovasies;
- (d) 'n eertydse krediteurland soos Duitsland het ná die oorlog die las van 'n groot oorlogskuld gehad;
- (e) die V.S.A. daarenteen, het van 'n debiteur- in 'n belangrike krediteurland ontwikkel;
- (f) in die meeste lande is die binnelandse geld- en kredietwese ontwrig;

1) In paragraaf 3.2.1.3.

2) Korteweg en Keesing, op. cit., p.306-7.

- (g) begrotingstekorte (vanweë die oorlog) het in die meeste lande aanleiding gegee tot inflasionêre druk; en
- (h) 'n algemene staat van wanorde het in die meeste internasionale valutamarkte geheers.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die herinstelling van die goudstandaard heelwat aanpassings sou verg.

Die skokke van die Eerste Wêreldoorlog het die Britse pond van die goudstandaard "afgedwing". Ten einde die waarde van die pond te stabiliseer is besluit om die waarde daarvan aan die dollar te koppel. Die wisselkoers van £1 = \$4,77¹⁾ waarop besluit is, het ingehou dat die waarde van goud na £3 19s 4d (teenoor die £3 17s 10½d wat dit vir die 92 jaar voor 1914 was) in terme van die Britse geldeenheid verander het. Die goudwaarde van die pond was dus nie langer 20s nie, maar slegs 19s 7d. Volgens Morgan-Webb²⁾ verteenwoordig hierdie depresiasie dat daar finaal van die sogenaamde sterlingstandaard afgestap en tot die dollarstandaard oorgegaan is. Morgan-Webb beweer dat die dollarstandaard "'n" goudstandaard was, aangesien 'n nuwe eenheidswaarde (t.w. die dollar) aanvaar is. In ooreenstemming met die definisiële ontleding van die goudstandaard in paragraaf 1.3, het die dollar egter op die goudstandaard gebly - die finale waardemeter is in elk geval steeds goud en nie die dollar nie.

Van kardinale belang is egter die onderskeid tussen die sterlingstandaard (die goudstandaard vóór 1914) en die dollarstandaard (die goudstandaard ná 1914). Nadat Brittanje die

1) Morgan-Webb, op. cit., p.78-79.

2) Ibid., p.79.

dollarstandaard na die oorlog verlaat het, kon die V.S.A. die dollarstandaard suiwer op grond van Amerikaanse konsepte ontwikkel. Terwyl ongeveer 5 persent van die Amerikaanse industriële produksie by internasionale handel betrek is, was dit in die geval van Brittanje ongeveer 20 persent.¹⁾

"Consequently, whereas the management of the sterling standard had been primarily directed towards ensuring its international correctitude, that of the dollar standard was directed towards its internal efficiency".²⁾ Volgens Morgan-Webb³⁾ was die Britse konsepsie "that of an international standard dominated by international interests to such an extent that British interests were allowed to remain 'under the harrow' in order to ensure the success of its operation. The dollar standard, on the contrary, was 'designed primarily to promote the national industrial and commercial development of the United States'".

Nadat die verbod op die uitvoer van goud in 1919 in die V.S.A. opgehef is, is groot hoeveelhede goud na lande soos Japan en Argentinië uitgevoer.⁴⁾ Teen Mei 1920 het die pryspeil, in terme van goud (in die V.S.A.), tot 250 persent van wat dit in 1913 was, gestyg. Die waarde van goud in terme van goedere het dus met sowat 60 persent gedaal. Die resulterende strawwe kredietbeperkings het veroorsaak dat pryse in die V.S.A. binne 12 maande met 40 persent gedaal het.⁵⁾ Hierdie prysdalings het daartoe gelei dat lande soos Japan en Argentinië (wat steeds op die goudstandaard was) ook finaal van die goud=

1) Ibid., p.80.

2) Loc. cit.

3) Ibid., p.82.

4) Hawtrey, op. cit., p.91.

5) Visser. Die Goudstandaard en die wenslikheid van 'n terugkeer daarheen. S.A. Bankierstydskrif, 55:480, Maart 1959.

standaard afgestap het, sodat die goudstandaard daarna slegs in die V.S.A. gefunksioneer het. Die V.S.A. was toe die enigste koper van monetêre goud en die wêreld se surplus=goud het dus daarheen gevloei. Die goudreserwes van die V.S.A. het as gevolg daarvan met ongeveer \$3 miljard toege=neem.¹⁾

Verskeie georganiseerde pogings is aangewend om die chaos waarin die internasionale monetêre wêreld nā die Eerste Wêreldoorlog verkeer het, op te los. In 1920 het monetêre deskundiges van 39 verskillende lande die Brusselskonferensie bygewoon. Tydens hierdie konferensie is die riglyne vir 'n algemene stabilisasieprogram daargestel; daarbenewens is die stigting van sekere internasionale liggame, byvoorbeeld die Internasionale Verrekeningshuis, voorgestel. Van groter belang was egter die Genuakonferensie van 1922 wat deur re=geringsverteenwoordigers bygewoon is. Tydens hierdie kon=ferensie het die Europese afgevaardigers tot die slotsom geraak dat die algemene herinstelling van die goudstandaard as finale doelwit voorop gestel moes word.²⁾ Verder is be=sluit op die program van aksie, tegnieke en monetêre liggame waarmee genoemde doel verwesenlik moes word. Die program³⁾ van aksie waarop besluit is, het ten doel gehad om

- (a) nasionale begrotings te balanseer en inflasie te voorkom;
- (b) langtermynkapitaal na lande wat finansiële en ekono= miese probleme as gevolg van die oorlog ondervind het, te kanaliseer;

1) Loc. cit.

2) Brown, op. cit., p.340-4.

3) Ibid., p.346.

- (c) die instelling en uitbouing van sentrale banke te inisieer en om die politiese ongebondenheid van so= danige lande te verseker;
- (d) maatreëls in te stel wat die spaarsame aanwending van monetêre goud sou verseker; en
- (e) ooreenkomste aan te gaan vir die vereffening van historiese skulde.

In 1923¹⁾ het vae gerugte die ronde begin doen dat Brittanje op die punt gestaan het om na die goudstandaard terug te keer. Hierdie gerugte is met gemengde gevoelens ontvang. 'n Tydperk van gestadigde herstel uit die ekonomiese wanorde wat die Eerste Wêreldoorlog agtergelaat het, was besig om plaas te vind. Die moontlikheid dat die herstel gekortwiek sou word deur 'n herinstelling van die goudstandaard, het wye reaksie van die ekonomiese gemeenskap uitgelok. Hierdie besware teen genoemde stap kom duidelik by monde van J.M. Keynes²⁾ na vore: "I see grave objections to reinstating gold in the pious hope that international co-operation will keep it in order - - - the reinstatement of the gold standard means, inevitably, that we surrender the regulation of our price level and the handling of the credit cycle to the Federal Reserve Board of the United States".

Die monetêre owerhede in Brittanje, wat onder die wanindruk verkeer het dat die sterlingstandaard (d.i. die goudstandaard voor 1914) en die dollarstandaard (d.i. die goudstandaard ná

1) Morgan-Webb, op. cit., p.86.

2) Ibid., p.86-7.

1914) identies was, het egter bogenoemde outoritêre kritiek verwerp. Op 13 Mei 1925¹⁾ is die Goudstandaardwet van 1925 aangeneem waarvolgens die Bank van Engeland

- (a) verplig was om goudstawe te verkoop vir die wettige betaalmiddel in minimum hoeveelhede van 400 fynonse teen 'n prys van 77s 10½d per standaardons;
- (b) banknote sou inwissel in goudmunte - hierdie beslissing het by die Bank van Engeland berus tensy 'n proklamasie die teendeel bepaal het; en
- (c) die alleenreg verkry het om goudstawe in goudmunte om te munt.

Tydens die begroting van 28 April 1925²⁾ is goedkeuring aan die Bank van Engeland verleen om goud vir uitvoerdoeleindes te lewer. Die statutêre verpligting van die Bank van Engeland om alle goud wat teen 77s 9d aangebied is, aan te koop, is in elk geval geensins deur die gebeure sedert 1914 beïnvloed nie.

Die beperking dat goud nie vir binnelandse sirkulasie gebruik kon word nie, is sonder moeite ingestel en die goudspesie=standaard³⁾ in Engeland is sodoende geïmplementeer. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog is die standpunt in Engeland gehandhaaf dat die goudstandaard van krag was indien inwisselbaarheid

1) Brown, op. cit., p.381.

2) Loc. cit.

3) Vergelyk paragraaf 1.3.

gegeld het - al is die uitvoer van goud beperk. In 1925 is die goudstandaard heringestel nadat die verbod op goud=
uitvoere opgehef is; dit ten spyte van die binnelandse
oninwisselbaarheid van goud. Hierdie standpunt is ook deur
die meeste Europese lande gehuldig. Die uitsondering was
die V.S.A. wat die binnelandse inwisselbaarheid van goud
as 'n voorvereiste vir die suksesvolle funksionering van die
goudstandaard gestel het. Dit is dus duidelik dat die V.S.A.
nie die program van optrede wat deur die Genuakonferensie
voorgestel is, streng nagekom het nie. Die binnelandse
inwisselbaarheid van die dollar en goud strook nie met die
voorgestelde spaarsame aanwending van monetêre goud nie.

3.2.2.3 Die monetêre rol van goud tussen 1925 en 1931

Die Britse terugkeer na die goudstandaard in April 1925 was voldoende aanduiding vir Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika, Danzig, Hongarye en Nederland om onverwyld na die soliede basis van goud terug te keer.¹⁾ Vroeg in 1926²⁾ het 39 lande weer eens in die stabiele wisselkoerse van die goud=
standaard gedeel. Behalwe genoemde lande het die volgende lande ook een of ander vorm van die goudstandaard aanvaar: Swede, Denemarke, Switserland, Duitsland, Estland, Letland, Finland, Litaue, Oostenryk, Tsjeggo-Slowakye, Joego-Slawië, Bulgarye, Rusland, V.S.A., Kanada, Chili, Uruguay, Venezuela, Colombia, Boliwië, Nicaragua, Salvador, Costa Rica, Guatamala, Honduras, Kuba, Mexiko, Egipte, Brits-Indië, Siam, Nederlands-Oos-Indië, die Filippyse Eilande. Aan die begin van 1926 was daar nog 15 lande wat eers de facto-stabilisasieaksies van stapel moes stuur ter voorbereiding van hulle terugkeer

1) Brown, op. cit., p.386.

2) Ibid., p.395.

na die goudstandaard,¹⁾ t.w. Poland, België, Italië, Spanje, Noorweë, Griekeland, Portugal, Roemenië, Frankryk, Argentinië, Paraguay, Brasilië, Ecuador, Peru en Japan.

Die Britse opskorting van die gouduitvoerverbod en die herinstelling van die inwisselbaarheid van buitelandsebeheerde Britse ponde en goud in 1925 het die goudwisselstandaard²⁾ as die monetêre stelsel van die belangrikste lande bevestig. Die gedagte van die goudwisselstandaard is tydens die Genua-konferensie gebore en wel in die besluit om die monetêre gebruik van goud te ekonomiseer.³⁾ Dat die monetêre stelsel in gebruik wel die goudwisselstandaard was, blyk duidelik daaruit dat sleutelvalutas⁴⁾ toenemend as aanvulling tot goud in internasionale monetêre reserwes gebruik is. Die Britse pond en die V.S.A.-dollar het as die belangrikste sleutelvalutas na vore gekom. Van der Valk⁵⁾ beweer dat die mislukking van die goudwisselstandaard juis as gevolg van hierdie sleutelvalutas plaasgevind het. Dit is duidelik dat die suksesvolle funksionering van die goudwisselstandaard al dan nie met die wel en wee van die Britse en Amerikaanse betalingsbalansposisies saamgeval het. Hoe Hawtrey⁶⁾ dus kon beweer dat "the working of the gold standard was not ideal, but it was not more defective than in the period ending with 1914", is nie duidelik

1) Ibid., p.399.

2) Vir 'n definisiële ontleding van die goudwisselstandaard, vergelyk paragraaf 1.3.

3) Van der Valk. Het internasionale monetaire stelsel in een vernieuwingsfase, p.26

4) Sleutelvaluta is die geldeenheid van 'n land wat
 (a) 'n belangrike rol in die internasionale ekonomiese verkeer vervul;
 (b) 'n belangrike internasionale finansiële sentrum is; en
 (c) politieke stabiliteit ondervind.

5) Loc. cit.

6) Hawtrey, op. cit., p.120.

nie en laat ruimte vir kritiek. Die suksesvolle funksioneering al dan nie van die goudstandaard voor 1914, was immers nie van die betalingsbalansposisies van die V.S.A. en Brittanje afhanklik nie.

'n Kernvraagstuk wat uit die wêreldwye herinstelling van die goudstandaard in die vorm van die goudwisselstandaard na vore gekom het, het om die goudpariteite van die onderskeie geldeenhede gesentreer. Indien die goudpariteite van die belangrikste geldeenhede nie realisties sou wees nie, sou die goudwisselstandaard uit die staanspoor tot mislukking gedoem wees. 'n Belangrike voorbeeld van oorwaardering was dié van die Britse pond wat hoofsaaklik uit prestigeoorwegings op die vooroorlogse goudpariteit vasgepen is.¹⁾ Aangesien Britse pryse gedurende die Eerste Wêreldoorlog gestyg en goudbesit gedaal het, het hierdie stap van Brittanje 'n beleid van deflasie tussen 1919 en April 1925 vereis. Die konsekwensies wat uit die oorwaardasie van die pond (gestel dit is 10 persent) sou voortspruit, is reeds in Julie 1924 deur die Federasie van Britse Industrieë soos volg voorspel:²⁾

- (a) ernstige tydelike wanallokasies in die handel, asook 'n waarskynlike afname in werkloosheid;
- (b) groot dalings in Britse pryse wat ernstige verliese vir effekte- en kommoditeite-eienaars, sowel as vir instansies wat van geleende geld gebruik gemaak het, sou inhou;
- (c) die noodwendige 10 persentdaling in nominale lone sou tot algemene industriële onrus lei;

1) Rolfe, op. cit., p.64 en Van der Valk, op. cit., p.25.

2) Morgan-Webb, op. cit., p.91-2.

- (d) uitvoere sou na alle waarskynlikheid daal; en
- (e) staatskuld se reële las sou toeneem as gevolg van 'n daling in inkome, terwyl die rentelas konstant bly.

Bogenoemde voorspellings is in alle opsigte bewaarheid, behalwe ten opsigte van die intensiteit daarvan. Churchill, wat vir bogenoemde goudpariteit verantwoordelik was, het later die genoemde beslissing as die grootste fout in sy lewe beskou.¹⁾ Hierdie algehele mistasting ten opsigte van die goudpariteit van die pond kan as een van die belangrikste oorsake van die depressie van 1929-32 beskou word.

Die 6 jaar van 1925 tot 1931 kan in 2 onderskeidende tydperke²⁾ verdeel word, nl.:

- (a) 1925-28, waartydens die leierskap tussen die pond en die sterling finaal beslis is; en
- (b) 1928-31, waartydens die stryd tussen die dollar en die pond tot die driedimensionele vlak uitgebrei is - die frank het tot die stryd toegetree.

Soos reeds genoem, het die Britse hertoetrede tot die goudstandaard die konsekwensie gehad dat die lot van die Britse goudreserwes in die hande van die Amerikaanse monetêre outoriteite geplaas is. Morgan-Webb³⁾ stel dit soos volg: "Britain's position of vassalage is best illustrated by her forced assumption of the humiliating position of debt=

1) Van der Valk, loc. cit.

2) Morgan-Webb, op. cit., p.97.

3) Ibid., p.99.

collector for the United States". Die streng beskermingsbeleid van die V.S.A. het voorkom dat sy debiteure hul skulde met behulp van goedere vereffen; betaling is in goud vereis. Hierdie goud is in Londen bekom. Een van die belangrikste konsekwensies van bogenoemde verwickelinge was die toenemende goudvloei van Brittanje na die V.S.A. Een van die nuwe-effekte van hierdie tendens was die verhoging in die Britse bankkoers van 4 na 5 persent, wat op sigself nie bevorderlik vir die ekonomiese klimaat was nie.¹⁾

Volgens Morgan-Webb²⁾ was die Britse rol van skuldinvorderaar namens die V.S.A. nie slegs vernederend nie, maar ook in 4 verskillende opsigte fataal, nl.

- (a) die oorskotdumping deur die debiteure van die V.S.A. het 'n algemene wanallokasie in die interne ekonomie van Brittanje tot gevolg gehad;
- (b) debiteure van die V.S.A. kon hul skulde slegs in goud vereffen deur 'n doelbewuste onthouding van Britse uitvoere;
- (c) die Britse uitvoerhandel is heelwat gekortwiek deur die verarming van sy klante (as gevolg van 'n kragtige gouddreinerings na die V.S.A.) asook deur die Britse valutabeperkings en goudbeskermingsmaatreëls; en
- (d) die Bank van Engeland se poging om sy verlies aan goud met behulp van deflasionêre maatreëls aan te vul

1) Visser, op. cit., p.481.

2) Morgan-Webb, op. cit., p.101-2.

het elke sektor van die Britse handel gekortwiek en algemene industriële wanallokasie tot gevolg gehad.

Dat Brittanje bogenoemde rol vir bykans 6 jaar kon vervul, spreek boekdele vir die finansiële sterkte van daardie land.

Die 1928-31-tydperk is op 25 Junie 1928¹⁾ deur die Franse herinstelling van die goudstandaard (in die goudwisselstandaardvariasie) ingelui. Die frank is egter onderwaardeer aangesien die frank met sowat 80 persent gedevalueer is en die frank dus "a conception of currency based on a national hoarding complex"²⁾ was. Die belangrikheid van dié monetêre ontwikkelings van 1928³⁾ in Frankryk was, vanuit die standpunt van die internasionale goudstandaard, die groot toevloei van goud na Frankryk. Die Britse rol van skuldinvorderaar namens die V.S.A. is dus na Frankryk uitgebrei. Bogenoemde vier fatale ontwikkelings vir die Britse handel is slegs deur die Franse stap vererger. Die situasie is aansienlik vererger omdat die Franse nie by die "reëls"²⁾ van die goudstandaard gehou het nie.⁴⁾ Die goudtoevloei na Frankryk is nie toege- laat om na die pryspeile deur te filtreer nie. In plaas daarvan dat die goudinvloei tot 'n toename in die binnelandse geldvoorraad gelei het, is dit gesteriliseer, en die oorwaardasie van die pond en die onderwaardasie van die frank is derhalwe nie uit die weg geruim nie. "The consequence",

-
- 1) Brown, op. cit., p.459. Volgens Morgan-Webb, op. cit., p.102 het Frankryk eers in Augustus 1928 die goudstandaard prakties geïmplementeer.
 - 2) Morgan-Webb, loc. cit.
 - 3) In Duitsland is die omskakeling van die goudwissel- na die goudstaafstandaard ook in 1928 voltooi: Brown, op. cit., p.486.
 - 4) Clarke en Pulay. The world's money: How it works, p.112.

volgens Cassel,¹⁾ "was such a drain on the gold reserves of other countries as to cause the breakdown of the international gold-standard system. The sudden increase in the value of gold meant a corresponding fall of the general level of commodity prices --- (and) as a result of increased competition, a general desire to protect oneself against this extraordinary competition arose and led to a wave of ultra-protectionism, with the most destructive effects on international trade".

Gedurende 1927-1928 is die Amerikaanse ekonomie deur die toepassing van 'n beleid van kredietuitbreiding gestimuleer. Hierdie beleid het daartoe gelei dat die V.S.A. binne 15 maande \$500 miljoen aan goud verloor het. As gevolg daarvan is die diskontokoers eers van $3\frac{1}{2}$ tot 5 persent, en in Augustus 1929, tot 6 persent verhoog.²⁾ As gevolg hiervan het die pryse van aandele en effekte binne 2 maande met gemiddeld 40 persent gedaal.³⁾ Die terugslag wat die handel ondervind het, het sulke afmetings aangeneem dat die wêreld ekonomie 'n ernstige depressie beleef het. Verlagings in die diskontokoerse van Engeland en die V.S.A. was nie voldoende om die ekonomie van dié moonthede te infleer nie.

Die ineenstorting van die Wallstraatse Effektebeurs en die kredietinperkings deur Engeland was van die belangrikste faktore wat tot 'n algemene daling in groothandelspryse gelei

1) League of Nations. Report of the Gold Delegation of the Financial Committee, p.74.

2) Visser, op. cit., p.482.

3) Hawtrey, op. cit., p.131.

het. Volgens Clarke en Pulay¹⁾ het dié daling tussen 1929 en 1931 ongeveer 25 persent beloop. Daarbenewens het onder=indiensname van 10 persent in Oktober 1929 tot 18½ persent in Oktober 1930, en tot 22 persent in Oktober 1931 gestyg.²⁾ Die dalende wêreldpryspeil en resulterende styging in die waarde van goud het die handhawing van die goudstandaard onmoontlik gemaak. Argentinië en Uruguay het in Desember 1929 goudbetalings gestaak om sodoende die depresiasie van hul geldeenhede moontlik te kon maak. In 1930 is die geld=eenhede van Brasilië, Chili, Venezuela, Paraguay, Peru, Australië en Nieu-Seeland toegelaat om te daal en is dit laer as die gouduitvoerpunt gehandhaaf.³⁾

Die finale krisis wat die voortbestaan van die goudstandaard sou beëindig, het in Mei 1931⁴⁾ gekom toe die finansiële probleme van die Kreditanstalt, 'n Oostenrykse bank, onthul is. In heelwat van die Sentraal- en Oos-Europese lande is die landbou en industriële ontwikkeling deur die oorbenutting van kredietvoorskotte (wat hoofsaaklik op 'n voortdurende aanbod van buitelandse kapitaal berus het) gefinansier. Die beëindiging van die buitelandse lenings en die skerp daling in landboupryse sedert 1929 het die genoemde finansiële instellings in onbenydenswaardige posisies gelaat. Die probleme van die Kreditanstalt het die ineenstorting van die oorbesette kredietstruktuur tot gevolg gehad. Die paniek van die deposante en die kredietverskaffers het uitgekring totdat die internasionale finansiële betrekkinge van alle Sentraal=

1) Clarke en Pulay, op. cit., p.113.

2) Loc. cit.

3) League of Nations, op. cit., p.9.

4) Ibid., p.22.

en Oos-Europese lande beïnvloed is. Engeland, wat 'n belangrike krediteurland was, het likiditeitsprobleme ondervind as gevolg van die wanbetaling deur debiteure in Europa. Dit het tot 'n grootskaalse onttrekking van kapitaal uit Londen gelei vanweë die gebrek aan vertroue in sterling. Volgens Clarke en Pulay¹⁾ het die Bank van Engeland in die tweede helfte van Julie 1931 meer as £32 miljoen aan goud verloor. Hierop is meer as £130 miljoen in New York en Parys geleen om die toestand die hoof te kon bied.²⁾ Die Engelse bankkoers is verhoog, maar die dreinerings van goud is voortgesit en op 21 September 1931³⁾ het Brittanje finaal van die goudstandaard afgestap.

Voor die einde van Oktober 1931 het al die Britse Dominiums (behalwe Suid-Afrika), die res van die Britse Ryk, die drie Skandinawiese lande, Portugal, Egipte, Boliwië en Finland van die goudstandaard afgestap.⁴⁾ Japan het in Desember 1931, Griekeland in April 1932, Siam en Peru in Mei 1932 gevolg.⁵⁾

3.2.2.4 Die aftakeling van die goudstandaard ná 1931 en die monetêre rol van goud tot 1945

'n Opvallende kenmerk van die dertigerjare was die hoë wêreldwye werkloosheidsyfers wat hoofsaaklik die resultaat

1) Clarke en Pulay, loc. cit.

2) Visser, loc. cit.

3) League of Nations, loc. cit.

4) Ibid., p.9.

5) Loc. cit.

van mededingende beskermingsbeleide was. As gevolg daarvan het ekonomiese en monetêre nasionalisme hoogty gevier, maar dit was eweneens die resultaat van die oorlogsvoorbereiding deur Duitsland, Italië en Japan. Ten spyte van dié omstandighede het die opvatting in Brittanje geheers dat "the attempt to restore the gold standard in 1925 is now generally believed to have been a mistake and its breakdown in 1931 a blessing in disguise".¹⁾ Soos uit die volgende bespreking sal blyk, was laasgenoemde geen vergesogte stelling nie.

Paul Einzig²⁾ beweer dat die toenemende gebruik van oninwisselbare sterling in offisiële buitelandse valutatransaksies, deur lidlande sowel as nie-lidlande van die Sterlinggebied, meegebring het dat die sterlingwisselstandaard (en nie die goudwisselstandaard nie) die basis van die internasionale betalingsmeganisme gevorm het. Morgan-Webb³⁾ beweer egter dat die term "sterling-dollarstandaard" 'n meer gepaste benaming vir die monetêre stelsel van die dertigerjare sou wees. Keynes se bewering dat "sterling had not left gold but that gold had left sterling", word deur Brown weerlê op grond daarvan dat die Britse afstapping van die goudstandaard "did not alter the basic characteristics of the decentralized post-war world credit structure".⁴⁾ Die nouer Britse en Amerikaanse ekonomiese samewerking in die dertigerjare lei daartoe dat Morgan-Webb se keuse van "sterling-dollarstandaard" skynbaar die mees beskrywende benaming is.

1) Reedman. Gold and Post-War Currency Standard. Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie, 9:388, Desember 1941.

2) Einzig. The Destiny of Gold, p.39-40.

3) Morgan-Webb, op. cit., p.160-1.

4) Brown. The International Gold Standard Reinterpreted, Vol. II, 1914-1934, p.1052.

Die goudstandaard verdwyn tussen 1931 en 1936 volledig van die toneel.¹⁾ In dié proses kon twee uiteenlopende strominge baie duidelik onderskei word,²⁾ nl.

- (a) krediteurlande wat in 1931 of daarna die goudstandaard verlaat het, het in die algemeen oorgeskakel na swewende wisselkoerse, sonder stabiele pariteite en sonder vaste goudpunte, maar met die behoud van 'n vrye betalings verkeer; en
- (b) debiteurlande wat in 1931 of daarna die goudstandaard verlaat het, is daartoe verplig om die betalingsverkeer op een of ander wyse te beheer.

Van belang is sekere tegniese ontwikkelinge³⁾ wat uit die substitusie van die goudstandaard met verskillende papierstandaarde voortgespruit het, t.w.

- (a) 'n binnelandse papierstandaard en 'n internasionale goudstandaard kan terselfdertyd deur dieselfde land gebruik word;
- (b) afstapping van die goudstandaard, deur 'n land, kan opgevolg word met 'n opskorting van die vryheid van die internasionale betalingsverkeer;
- (c) 'n land wat die goudstandaard substitueer met 'n ongebonde internasionale betalingsverkeer kan veranderinge

1) Korteweg en Keesing, op. cit., p.311.

2) Ibid., p.312.

3) Ibid., p.312-5.

in wisselkoerse of deur devaluasie, of met behulp van swewende wisselkoerse bewerkstellig; en

- (d) beperkings word op die internasionale bewegings van goud geplaas in gevalle waar lande van die goudstandaard afstap en tot swewende wisselkoerse oorgaan.

Dit is teen bogenoemde agtergrond dat die spesifieke lande se optrede ondersoek moet word.

Nadat Brittanje in September 1931 van die goudstandaard afgestap het, is die Britse pond tot 1936 toegelaat om op die internasionale valutamarkte in waarde te fluktueer. Die netto toevloei van buitelandse kapitaal na Brittanje in die eerste helfte van 1932 het tot 'n appresiasie van die waarde van die pond gelei. Om hierdie waardevermeerdering teen te werk is van 'n gelykstellingsfonds¹⁾ gebruik gemaak. Die Wisselkoersgelykstellingsrekening ("Exchange Equalization Account") is amptelik op 24 Junie 1932 ingestel, maar het waarskynlik nie-amptelik reeds vroeër begin funksioneer.²⁾ Tydens die Ottawakonferensie van Julie 1932 is besluit om die waarde van die Britse pond aan 'n prysindeks te koppel wat verteenwoordigend van sterlingpryse moes wees.³⁾ Die depresiasie van die pond onmiddellik na September 1931 het die relatiewe oorwaarding van dié geldeenheid tydens die

-
- 1) Volgens Korteweg en Keesing, op. cit., p.321, word 'n gelykstellingsfonds gedefinieer as "een van overheidswege ingesteld fonds, dat het beheer krijgt over activa die het in staat stellen zowel op de valutamarkt als op de binnelandse geldmarkt volgens door de overheid vast te stellen richtlijnen te opereren".
- 2) Brown, op. cit., p.1116.
- 3) Morgan-Webb, op. cit., p.164.

herinstelling van die goudstandaard in April 1925 in Engeland geneutraliseer.¹⁾ Die doel van die Wisselkoersgelykstellingsrekening was dus om die pond teen appresiasie te beskerm in die geval van 'n invloed van buitelandse korttermynkapitaal.

Die mislukking van die Oostenrykse bank, Kreditanstalt, in 1931 het groot druk op die Duitse goud en buitelandse valuta-reserwes geplaas. Om die onttrekking van buitelandse deposito's en die resulterende skerp depresiasie van die Reichsmark te voorkom, het die Duitse monetêre owerhede daartoe oorgegaan om streng valutabeheer toe te pas.²⁾ Verskeie Sentraal- en Oos-Europese, asook Suid-Amerikaanse lande het Duitsland in die regulering van die internasionale betalingsmeganisme gevolg. In hierdie lande is die binnelandse en internasionale monetêre stelsels dus van mekaar geskei. Volgens Korteweg en Keesing³⁾ is en word valutabeheermaatreëls op die volgende terreine (in volgorde van toepassing) ingestel:

- (a) kapitaalvloei;
- (b) toerisme;
- (c) kapitaalopbrengsvloei; en
- (d) goedereverkeer.

Ten einde 'n duidelike beeld van die rol van goud in die internasionale betalingsmeganisme te kry is dit nodig om die verbintenis al dan nie van lande met die goudstandaard te ontleed. Hierdie ontleding word gedoen aan die hand van

1) Vergelyk paragraaf 3.2.2.2.

2) Einzig, op. cit., p.42.

3) Korteweg en Keesing, op. cit., p.326-7.

tabel 3.3 wat in 1933 deur Leo Pasvolsky saamgestel is.¹⁾ Volgens Brown bestaan daar heelwat struikelblokke in die interpretasie van so 'n tabel. Nie alle vorme waarin valu= tabehermaatreeëls voorkom, is van offisiële aard nie. As gevolg hiervan kan die area waar die goudstandaard van krag bly, nie duidelik gedefinieer word nie. Die rol van goud in die internasionale betalingsverkeer word verder verbloem deur die feit dat die geldeenhede van verskeie lande nie op die goudstandaard was nie, maar dat dit in der waarheid gekoppel was aan geldeenhede wat wel op die goudstandaard was. Die verbintenis van verskeie geldeenhede met sterling kom ook nie in hierdie tabel na vore nie.

'n Wye reeks bankmislukkings in die V.S.A. het direk daartoe aanleiding gegee dat die internasionale inwisselbaarheid van die dollar en goud in April 1933²⁾ beëindig is. Daar is in die V.S.A. geglo dat die goudstandaard die struikelblok was wat enige prysstygings in die V.S.A. (waarna die landbou gesmag het) voorkom het. Vir 'n kort periode is die dollar= prys van goud gemanipuleer om sodoende mededingende devalu= asies van die dollar te bewerkstellig.³⁾ Die goudprys is vir ongeveer 'n jaar lank toegelaat om te sweef nadat die Amerikaanse owerheid sy obligasie om goud teen \$20,67 per fynons te koop, geskrap het. Gedurende die periode wat die dollar toegelaat is om te sweef, is die wisselkoers van die dollar daaglik bepaal deur vasstelling van die goudprys. Van belang was die algemene neiging om die goudprys voortdurend te verhoog. Van der Valk beweer in hierdie verband: "Tegen

1) Brown, op. cit., p.1074.

2) Clarke en Pulay, op. cit., p.114.

3) Shannon. International Liquidity, p.31.

TABEL 3.3⁴⁾DIE MONETÊRE STANDAARDPOSISIES VAN 50 LANDE SOOS OP 1 JANUARIE 1933

LOS VAN DIE GOUDSTANDAARD MET GE= DEPRESIEERDE GELDEENHEDE		SLEGS IN NOMINALE TERME OP DIE GOUD= STANDAARD TEEN DIE OU PARITEITE WAT GE= HANDHAAF WORD MET BE= HULP VAN AMPTELIKE BEHEER	OP DIE VOLLE GOUDSTANDAARD
SONDER OFFI= SIËLE BEHEER	MET OFFISIËLE BEHEER		
Australië	Argentinië	Oostenryk	Albanië
Brits-Indië	Boliwië	Bulgarye	België
Brits-Maleia	Brasilië ¹⁾	Tsjeggo-Slowakye	Danzig
Kanada	Chili	Estland	Nederlands-Oos- Indië
Egipte	Colombia	Duitsland	Frankryk
Finland	Denemarke	Hongarye	Italië
Brittanje	Ecuador	Letland	Litaue
Ierse Vrystaat	Griekeland	Roemenië	Nederland
Mexiko	Japan	Joego-Slawië	Poland
Nieu-Seeland ²⁾	Persië ³⁾		Switserland
Noorweë	Portugal		V.S.A.
Palestina	Spanje ¹⁾		
Peru	Turkye ¹⁾		
Siam	Uruguay ²⁾		
Swede			
Unie van Suid- Afrika			

- 1) Die goudstandaard is na die Eerste Wêreldoorlog nie officieel heringestel nie.
- 2) Die goudstandaard is na die Eerste Wêreldoorlog nie officieel heringestel nie, maar daar is de facto na die vooroorlogse pariteite teruggekeer.
- 3) Persië was tot Maart 1932 op 'n silwerstandaard toe 'n goudpariteit officieel vasgestel is, alhoewel die wisselkoers aan die pond sterling gekoppel was.
- 4) Brown, loc. cit.

het advies van verskillende bekwame adviseurs ging Roosevelt deur met aankopen van goud om de goudprijs te verhoogen met het doel de pryzen van, vooral agrarische, produkten te doen stijgen".¹⁾ Volgens Van der Valk is dit merkwaardig dat ook Roosevelt, nes Churchill, foutiewe monetêre beslissings ge= neem het. Churchill het goud onderwaardeer terwyl Roosevelt dit op sy beurt oorwaardeer het.

In Januarie 1934 het die V.S.A. egter tot die goudstandaard teruggekeer. Deur middel van wetgewing is bepaal dat die goudprys binne die V.S.A. verhoog word van \$20,67 per ons tot nie minder nie as \$34,45 per ons en nie meer nie as \$41,34 per ons.²⁾ By wyse van proklamasie is besluit om die goudprys op \$35 per ons vas te stel, met die voorbehoud dat die president van die V.S.A. die bevoegdheid besit om die goudprys binne bogenoemde grense by die Amerikaanse konjunk= tuurontwikkeling aan te pas.³⁾ Die genoemde goudprysverhoging het 'n devaluasie van die V.S.A.-dollar van 40,93428 persent ingehou.⁴⁾ Hierdie dollardevaluasie het egter 'n appresiasie teenoor ander geldeenhede ingehou, aangesien die gemiddelde wêreldwye devaluasie teenoor goud ongeveer 70 persent beloop het.⁵⁾

- 1) Van der Valk, op. cit., p.28.
- 2) Korteweg en Keesing, op. cit., p.318.
- 3) Van dië bevoegdheid is nie gebruik gemaak nie.
- 4) Hierdie persentasie is verwerk uit Korteweg en Keesing, op. cit., p.394. In Clarke en Pulay, loc. cit., word foutiewelik beweer dat "... the dollar was stabilized in January 1934, but at a level (against gold) 60 per cent lower than before".
- 5) Shannon, loc. cit.

Die stelsel van swewende wisselkoerse het nie slegs tot wisselkoersmededinging gelei nie, maar het aanleiding gegee tot 'n devaluasiewedloop. Korteweg en Keesing¹⁾ stel dit sterker: "Men vreesde dat die zwevende valuta tot internasionale anarchie aanleiding zou geven". Die Ekonomiese Wêreldkonferensie van Junie 1933²⁾ (te Londen) is belê om die internasionale monetêre probleme (waaronder die devaluasiewedloop) te ondersoek en te bespreek. Die sukses van die Konferensie is enigszins in die wiele gery deur die Amerikaanse besluit om die dollar te laat sweef.

Die toenemende opskorting van die goudstandaard en die internasionale devaluasiewedloop het tot die stigting van internasionale monetêre blokke³⁾ gelei. Die monetêre chaos van die dertigerjare blyk duidelik uit die ontstaan en funksionering van die volgende onderskeibare monetêre blokke:

(a) Die goudblok

Ten einde die finale desintegrasie van die internasionale goudstandaard te voorkom nadat ook die V.S.A. in April 1933 die goudstandaard opgeskort het, het België, Frankryk, Nederland, Pole en Switserland by die goudblok⁴⁾ aangesluit. Die doel van die goudblok, wat slegs op 'n losse ooreenkoms berus het, was om die goudstandaard te verdedig. Dié poging het misluk in 'n monetêre wêreld waarin fluktuierende wisselkoerse,

1) Korteweg en Keesing, p.316.

2) Ibid., p.317.

3) Tensy anders vermeld, is dié gedeelte in verband met monetêre blokvorming gebaseer op Van der Valk, op. cit., p.28-9.

4) In Korteweg en Keesing, loc. cit., word Italië ook as lid van die goudblok beskou.

devaluasies, beperkings op die internasionale handels- en betalingsverkeer en oorwaardeerde geldeenhede (van goudstandaardlande) hoogty gevier het. Die goudblok was nie teen die vloedgolf van devaluasies vanaf 1935 bestand nie: België het in 1935, Frankryk, Switserland en Nederland (in volgorde) in September 1936, en Frankryk in 1938, die verdediging van hul goudpariteite laat vaar.¹⁾ Die devaluasie van die frank in 1938 is deur 'n periode van swewing voorafgegaan, terwyl Nederland oorgegaan het tot volgehoue swewing van sy geldeenheid. Ná die mislukking van die goudblok is die Driedelidige Ooreenkoms ("Tripartite Monetary Pact")²⁾ tussen die V.S.A., Engeland en Frankryk gesluit. Dit het, onder andere, die handhawing van stabiele wisselkoerse beoog om op só 'n wyse die devaluasiewedloop te voorkom. Volgens Visser³⁾ het wisselkoerse dan ook geringe skommeling "gedurende die volgende 3 jaar" vertoon. Die voortdurende daling in die waarde van die Franse frank het egter ook hierdie ooreenkoms tot mislukking gedoem.

(b) Die sterlingblok

Die Britse besluit om van die goudstandaard af te stap het lede van die sterlinggebied met die keuse gelaat om òf saam met sterling te sweef, òf om die tradisionele band te verbreek en afsonderlike goudpariteite te handhaaf. Die meeste lidlande van die sterlinggebied, asook

1) Volgens Clarke en Pulay, op. cit., p.114-5, het Italië die goudblok in 1935 verlaat.

2) Reedman, op. cit., p.385-6.

3) Visser, op. cit., p.483.

buitestaanders soos Egipte en Argentinië, het hul egter by die Britse pond geskaar en wel om die volgende drie redes:¹⁾

- (i) volgehoue verbintenis met goud sou verliese ingehou het, aangesien 'n gedeelte van dié lande se buitelandse valutareserwes in sterling gehou is;
- (ii) die grootste komponent van dié lande se buitelandse handel was met Brittanje en sy Dominiums, wat meer voordele as handel met goudbloklande sou inhou; en
- (iii) die pond het relatief meer stabiel as die meeste ander geldeenhede vertoon.

(c) Die Jenblok²⁾

Die jen is in die dertigerjare tot mededingende devaluasies toegelaat om sodoende Japanse uitvoere te bevorder. As reaksie op die oorstroming van die wêreldmarkte deur Japanese produkte is invoerbepelkings in verskeie lande ingestel.

(d) Die dollarblok

Die uitvoerposisie van die V.S.A. is aansienlik versterk omdat die devaluasie van die dollar in 1933 reeds deur aansienlike binnelandse loon- en prysverlagings voorafgegaan is. Hierdie devaluasie van die dollar is deur devaluasies van 'n groot aantal Latyns-Amerikaanse lande gevolg.

1) Clarke en Pulay, op. cit., p.120-1.

2) Vergelyk Korteweg en Keesing, op. cit., p.319.

(e) Die verrekeningsgebied van Duitsland

By hierdie gebied is die hele Oos-Europa ingesluit. Alhoewel die goudpariteit van die Duitse mark gehandhaaf is, kon invoere slegs met vergunning plaasvind. Dié invoerbeleid het deel van Duitsland se oorlogsekonomie gevorm.

Shannon¹⁾ beweer dat die gemiddelde appresiasie van goud ten opsigte van gedevalueerde valuta teen 1937 ongeveer 70 persent beloop het. Dat hierdie syfer nie byvoorbeeld 100 persent beloop het nie, was, volgens hom, "due to fortuitous circumstances".²⁾ Die skynbaar vrugtelose mededingende devaluasies het dus die voordeel ingehou dat die prys van goud gestyg het.

Vanaf 1937 is die internasionale monetêre orde verder verswak deur toenemende onstabiliteit in die vloei van internasionale kapitaal. Korteweg en Keesing³⁾ beweer dat die oorsake vir die toenemende vloei van vlugkapitaal in die laat dertigerjare eerder polities as ekonomies van aard was. Die naderende gevaar van 'n Europese oorlog het onder andere daartoe gelei dat die meeste kapitaaleienaars voorkeur aan die V.S.A. gegee het. Gedurende die 5 jaar na 1933 het die V.S.A. net soveel kapitaal ontvang as wat dit gedurende die periode van 1921 tot 1934 aan die res van die wêreld beskikbaar gestel het.⁴⁾ Die resultaat was dat die Amerikaanse besit aan goud in die tien jaar vanaf 1929 tot 1939 van 38 persent tot 71 persent

1) Shannon, op. cit., p.29.

2) Ibid., p.30.

3) Korteweg en Keesing, op. cit., p.321.

4) Shannon, op. cit., p.32.

van die totale monetêre goudvoorraad van die wêreld toege-
neem het. Ten spyte hiervan beweer Visser:¹⁾ "Teen 1938
was likwiditeit tot 'n groot mate herstel en hierdie jaar
kan as nader aan 'normaal' beskou word as enige ander sedert
1913".

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 het 'n
einde aan die relatief onbelemmerde vloei van internasionale
handel en kapitaal gemaak. Valutabeheermaatreëls en bilate-
rale verrekeningsooreenkomste het in diens van die oorlogs-
ekonomieë gestaan. Lande het owerheidsingrype nodig gevind
totdat die Tweede Wêreldoorlog in 1945 beëindig is, omdat
politieke faktore tot ongewenste betalingsbalansprobleme kon
lei. Na die oorlog moes die verbrokkelde ekonomiese betrek-
kinge weer aangeknoop word, en is owerheidsbeheerde ekono-
miese rekonstruksie in die meeste lande nagestreef. Ten
opsigte van die naoorlogse herstel van die internasionale
monetêre orde beweer Rolfe:²⁾ "The wartime controls provided
the hiatus during which plans for a new monetary order could
be discussed, in hope they could be agreed upon and imple-
mented when peace was achieved".

3.3 GOUD EN INTERNASIONALE MONETÊRE RESERWES

Die toenemende aanvulling van goud met sleutelvalutas as
internasionale betaalmiddels was 'n logiese ontwikkeling.
Behalwe dat die toenemende gebruik van sleutelvalutas 'n
meer ekonomiese benutting van die monetêre goudvoorraad tot
gevolg gehad het, het die tendens twee verdere voordele inge-
hou, nl.

1) Visser, loc. cit.

2) Rolfe, op. cit., p.69.

- (a) in vergelyking met goud hou sleutelvalutas rentevoordele in; en
- (b) die vervoer- en hanteringskoste van valutas is laer as dié van goud.

Uit tabel 3.4 blyk dit dat sleutelvalutas as komponent van totale internasionale monetêre reserwes van 15 persent gedurende 1913, tot 24 persent gedurende 1928 toegeneem het. Die wêreldwye opskorting van die goudstandaard ná 1931, die mededingende devaluasies van die dertigerjare, asook die revaluasie van die goudprys in 1934, het egter tot 'n afname in die gebruik van sleutelvalutas gedurende die dertigerjare gelei. Teen die einde van 1937 het sowat 91 persent van internasionale reserwes steeds uit goud bestaan. Die meer stabiele monetêre toestande van die laat veertiger- en vroeë vyftigerjare het egter verseker dat die rol van reserwevalutas weer eens toegeneem het.¹⁾

In tabel 3.5 word die internasionale distribusie van die monetêre goudvoorraad gedurende die 1913-1945-periode ontleed. Een onbetwisbare tendens kom in hierdie tabel na vore, nl. dat die goudbesit van die V.S.A. van 24,8 persent gedurende 1913, tot 59,4 persent van die totale internasionale monetêre goudvoorraad in 1945 toegeneem het. Hierdie tendens kan aan veral twee faktore toegeskryf word, t.w.

- (a) die toenemende surplusse op die betalingsbalans

1) Teen 1949 en 1957 het reserwevalutas respektiewelik 25 en 31 persent van totale internasionale monetêre reserwes uitgemaak, aldus Triffin, op. cit., tabel 10, p.70.

TABEL 3.4¹⁾

GOUD- EN BUITELANDSE VALUTARESERWES VOOR 1945²⁾
 (uitgedruk in miljoene dollars)

JAAR	(a) GOUD	(b) RESERVE= VALUTAS	(c) TOTALE RESERWES	(d)=(a) AS % VAN (c)	(e)=(b) AS % VAN (c)
1913	4 110	700	4 810	85	15
1928	9 850	3 160	13 010	76	24
1933	19 265	1 115	20 380	95	5
1937	25 285	2 370	27 655	91	9

- 1) Gegewens en bewerkings uit Triffin, op. cit., tabel 8, p.66-7.
 2) Die goudprys voor 1933 is as \$20,67 per fynons, en daarna as \$35 per fynons geneem.

TABEL 3.5

DISTRIBUSIE VAN TOTALE MONETÊRE GOUDVOORRAAD GEDURENDE
DIE TYDPERK 1913-1945¹⁾

(uitgedruk in persentasies)

LANDE	1913	1919	1929	1938	1945
Verenigde Koninkryk	9,5	8,9	7,0	13,0	5,9
Frankryk	19,5	10,5	16,2	10,4	4,6
Duitsland	11,7	4,0	5,4	n/b	n/b
V.S.A.	24,8	38,4	38,5	54,9	59,4
Argentinië	3,7	5,1	4,4	1,8	3,5
Japan	1,1	5,3	5,2	n/b	n/b
Res van die wêreld	29,7	27,8	23,3	19,9	26,6

1) Gegewens en bewerkings uit Keynes, op. cit., p.298; en I.M.F. International Financial Statistics, 1:14, Augustus 1948.

van die V.S.A.;¹⁾ en

- (b) die toenemende gebruik van die dollar as internasionale betaalmiddel.

Uit bostaande is dit dus duidelik dat goud in die periode voor 1945 die belangrikste komponent van internasionale likiditeit was, en dat bykans 60 persent van die monetêre goudvoorraad by die V.S.A. gesentreer was. Laasgenoemde tendens het heelwat tot die herinstelling van die internasionale goudwisselstandaard na 1945 bygedra.

3.4 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

Die vervanging van die stelsels van bimetallisme en silwerstandaarde met die internasionale goudstandaard is deur die proklamasie van die Muntwet (van 1816) in Brittanje ingelui. Die vasgestelde goudprys van £3 17s 10½d per ons is vir bykans 'n eeu gehandhaaf. Duitsland het in 1873, en die V.S.A. in 1900, formeel tot die goudstandaard toegetree. Tussen 1873 en 1903 het die meeste van die ontwikkelde lande formeel of de facto tot die goudstandaard toegetree, sodat die internasionale betalingsmeganisme tussen 1903 en 1914 op die internasionale goudstandaard gebaseer was. Alhoewel die reëls van die goudstandaard voor 1914 nie streng deur sentrale banke nagekom is nie, het dit nogtans redelik suksesvol tydens dié tydvak gefunksioneer.

Die suksesvolle funksionering van die goudstandaard is as gevolg van die Eerste Wêreldoorlog in die wiele gery. Dié

1) Vergelyk I.M.F. International Financial Statistics, 1:126-7, September 1948.

politieke konfrontasie het daartoe gelei dat tussen 1914 en 1915 moratoria op private vereffenings en gouduitvoer= embargo's deur die meeste lande ingestel is. In die V.S.A. is beperkings op die uitvoer van goud eers in September 1917 ingestel. Volgens Brown¹⁾ is wel van die goudstandaard "as a code of practice" afgestap maar dit is nie as 'n wettige stelsel opgeskort nie.

Verskeie georganiseerde pogings (soos byvoorbeeld die Genua= konferensie van 1922) is aangewend om die chaos waarin die internasionale betalingsorde ná die Eerste Wêreldoorlog verkeer het, op te los. Die gerugte dat Brittanje aan die begin van die twintigerjare op die punt gestaan het om na die goudstandaard terug te keer is met gemengde gevoelens (waaronder dié van J.M. Keynes) ontvang. Daar is gevoel dat die stap die gestadigde ekonomiese herstel wat besig was om plaas te vind, in die wiele sou ry. Die herinstelling van die goudstandaard op 13 Mei 1925 (in die goudspesiestandaard= vorm) in Brittanje het daartoe aanleiding gegee dat 39 ander lande reeds in 1926 in die stabiele wisselkoerse van die goudstandaard gedeel het. Die algemene herinstelling van die goudstandaard vanaf 1925 was egter uit die staanspoor tot mislukking gedoem omdat die onderskeie muntpariteite op onrealistiese peile vasgestel is. Ten spyte van die volgehoue inflasie in Brittanje sedert 1914 is die Britse pond byvoorbeeld op dieselfde goudpariteit as voor die Eerste Wêreldoorlog heringestel. Dié oorwaardasie van die pond sou 'n belangrike aanleidende faktor tot die Groot Depressie van 1929-32 wees. Die finale terugslag vir die goudstandaard

1) Vergelyk paragraaf 3.2.2.1.

het op 25 Junie 1928 gekom toe die Franse frank na die goud= standaard teruggekeer het, en wel teen 'n koers sowat 80 persent laer as tevore. Die resulterende toevloei van goud na Frankryk het ernstige ekonomiese konsekwensies vir die res van die wêreld ingehou.

Die Groot Depressie en die bankrotskap van die Kreditanstalt was van die belangrikste faktore wat Brittanje verplig het om op 21 September 1931 finaal van die goudstandaard af te stap. Volgens Korteweg en Keesing¹⁾ het die goudstandaard tussen 1931 en 1936 volledig van die toneel verdwyn. Nadat die V.S.A. die goudstandaard in April 1933 opgeskort het, is die dollar toegelaat om tot in Januarie 1934 te sweef, toe die V.S.A. tot die goudstandaard teruggekeer het. (Die monetêre wêreld was dus in wese van toe af op die goudwissel= standaard²⁾ gewees). Die goudprys wat in Januarie 1934 op \$35 per fynons vasgestel is, is tot in Desember 1971 op dié peil gehandhaaf. Die tydperk vanaf 1931 tot 1945 is gekenmerk deur swewende valutas, mededingende devaluasies en beperkings op die internasionale monetêre stelsel in sekere debiteurlande. Verskeie monetêre blokke het ook in dié era tot stand gekom.

Tot ongeveer 1928 het die toenemende rol van sleutelvalutas in die finansiering van die internasionale handel daartoe gelei dat goud se rol in totale internasionale monetêre reserwes vanaf 85 persent in 1913 tot 76 persent in 1928 gedaal het. Dit het tot 'n meer besparende aanwending van

1) Korteweg en Keesing, op. cit., p.311.

2) Vir 'n ontleding van dié term, vergelyk paragraaf 1.3.

die relatief beperkte goudreserwes gelei. Dié tendens is tussen 1928 en die veertigerjare deur die onsekerhede op die internasionale valutamarkte teengewerk, waarna die rol van die sleutelvalutas weer relatief in belangrikheid toegeneem het.

In die volgende hoofstuk word die internasionale monetêre rol van goud sedert 1945 ontleed.

HOOFSTUK 4DIE INTERNASIONALE MONETÊRE ROL VAN GOUD SEDERT 1945✓ 4.1 INLEIDING

Ten einde die internasionale monetêre rol van goud sedert 1945 te ontleed, is dit nodig om goud as internasionale rekeningseenheid, ruilmiddel en waardedraer te ontleed. Alhoewel feitlik alle fasette van die internasionale betalingsmeganisme in dié hoofstuk aangesny word, word slegs gekonsentreer op dié wat 'n direkte of indirekte verband met goud het.

- ✓ Die internasionale betalingsmeganisme funksioneer sedert 1945 binne die raamwerk van die I.M.F. ✓ Derhalwe word die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk aan 'n ontleding van die rol van goud in die I.M.F. gewy. Dit word gedoen aan die hand van 'n analise van die behoefte aan internasionale monetêre samewerking; die belangrikste voorstelle vir internasionale monetêre samewerking; die Bretton Woods-Ooreenkoms van Julie 1944; die goudbeleid van die I.M.F.; die goudaktiwiteite van die I.M.F.; en Spesiale Trekkingsregte (S.T.R.'e). Daarbenewens is 'n ontleding van die redes vir die opskorting van die Bretton Woods-Ooreenkoms op 15 Augustus 1971 noodsaaklik.
- ✓ Die swakhede van die Bretton Woods-stelsel word aan die hand van die volgende ontleed: die ontoereikende wisselkoersmeganisme; die voorsiening van internasionale likiditeit; en die destabiliserende korttermynkapitaalvloei.

Vervolgens word 'n analise van die rol van goud in ander internasionale monetêre praktyke, ooreenkomste en verwikkelings, wat buite die formele I.M.F.-raamwerk val, gedoen. Vir dié

doel word 'n chronologiese ontleding van die belangrikste internasionale monetêre gebeure sedert 1945, wat direk of indirek aan goud gekoppel kan word, gemaak.

Hierdie hoofstuk word met 'n bespreking van die rol van goud in internasionale likiditeit, asook 'n analise van die geografiese distribusie van die monetêre goudvoorraad, afgesluit.

4.2 GOUD EN DIE INTERNASIONALE MONETÊRE FONDS (I.M.F.)

4.2.1 Behoeftte aan internasionale monetêre samewerking

Die Groot Depressie en die resulterende monetêre en ekonomiese krisis wat tot 'n algemene opskorting van die internasionale goudstandaard in die vroeë dertigerjare gelei het, het 'n tydperk van onsekerheid in die internasionale monetêre wêreld ingelui. Ten einde dié leemte te vul, het 'n tydperk gevolg waarin met vry-fluktuierende en aanpasbare wisselkoerse asook met valutabeheermaatreëls geëksperimenteer is. Om dié onseker milieu enigszins te vererger het die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog daartoe gelei dat die Driedledige Ooreenkoms van 1936 feitlik alle betekenis verloor het.¹⁾ "During the war, however, the conviction steadily strengthened that international cooperation on a more comprehensive basis was necessary to deal with the overwhelming problems that would have to be faced at the end of the war".²⁾ Laasgenoemde oortuiging het so sterk posgevat, veral ten opsigte van internasionale monetêre samewerking, dat planne³⁾ in beide die V.S.A. en die Verenigde Koninkryk voorberei is wat onmiddellik na die

- 1) I.M.F. The first ten years of the International Monetary Fund, p.3.
- 2) Loc. cit.
- 3) Die belangrikste planne in dié verband word in paragraaf 4.2.2 bespreek.

beëindiging van die oorlog in werking gestel kon word.

Die planne vir internasionale monetêre samewerking (wat uiteindelik tot die stigting van die I.M.F. gelei het) is so opgestel dat die volgende vier besondere probleme¹⁾ van die dertigerjare in berekening gebring is:

- (a) Die mislukking van die goudwisselstandaard het die swakhede van 'n stelsel waarin die tekort aan monetêre goud of aangesuiwer is deur geldeenhede wat in goud inwisselbaar was, of gerugsteun is deur valutalenings, onthul.
- (b) Die monetêre chaos van die dertigerjare het duidelik daarop gewys dat, hoewel dit noodsaaklik was om fundamentele betalingsbalansonegewigtighede te herstel, besluite ten opsigte van wisselkoersaanpassings nie slegs by nasionale owerhede kon berus nie, omdat dit andersyds tot offensiewe devaluasies as substituuat vir toepaslike binnelandse uitbreidende beleidsmaatreëls kon lei; en andersyds aanleiding kon gee tot mededingende wisselkoersaanpassings.
- (c) Die destabiliserende effek van vlugkapitaal, wat die monetêre probleme van die dertigerjare vererger het, moes aan internasionale beheermaatreëls onderwerp word.
- (d) Dit is algemeen aanvaar dat die belangrikste defek²⁾ van die goudwisselstandaard in die neiging tot

1) Johnson. The world economy at the crossroads, p.20-1.

2) Loc. cit.

wa ~~deflasyonêre onewewigtigheid~~¹⁾ geleë was; terwyl die reserweverlies van tekortlande snelle wisselkoersaanpassings afgedwing het, was surpluslande nie aan dieselfde dwingende dissiplines onderworpe nie.

4.2.2 Die belangrikste voorstelle vir internasionale monetêre samewerking²⁾

Die belangrikste planne ter verbetering van die internasionale monetêre stelsel wat tydens die Tweede Wêreldoorlog die lig gesien het, was dié van John Maynard Keynes (van die Verenigde Koninkryk) en Harry Dexter White (van die V.S.A.). Benewens die Keynes- en Whiteplanne het enkele ander voorstelle ook die lig gesien, waaronder die Franse en Kanadese planne, asook die sleutelvalutaplan van Professor Williams.³⁾

Van laasgenoemde drie is dit veral die Franse plan⁴⁾ wat heelwat aandag aan die monetêre rol van goud bestee het. Dié voorgestelde oplossing het 'n stelsel voorgestaan wat 'n middeveg tussen die goudwisselstandaard en die goudkernstandaard sou inslaan. Ten einde die suksesvolle funksionering van die stelsel te verseker, is die daarstelling van 'n Monetêre Stabilisasiekantoor voorgestel. Die Franse plan het ingehou dat monetêre pariteite by wyse van onderlinge referensie vasgestel sou word en dat onderlinge krediete

1) "deflationary bias".

2) Dit is nie die doel van hierdie studie om die verskillende planne volledig te ontleed of te evalueer nie. Hier word slegs gepoog om die belangrikste planne kortliks weer te gee en die rol van goud daarin nader te beskou.

3) I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume III: Documents), p.97-127.

4) Ibid., p.97-102.

sonder enige goudbewegings toegestaan kon word, behalwe waar goud as kollateraal moes dien. Die stelsel sou inhou dat alle geldeenhede direk of indirek aan goud gekoppel sou word, "... a first step toward a general return to an international gold standard".¹⁾ Die Franse plan het voorgestel dat, terwyl goud sy rol as betaalmiddel van internasionale balanse en as gemeenskaplike monetêre eenheid moes handhaaf, die funksie van belangrikste ekonomiese determinant opgeskort moes word. Die Franse plan het tot die gevolgtrekking gekom dat "gold is the international currency of the future".²⁾

4.2.2.1 Die Keynesplan³⁾

Die evolusie van die finale Keynesplan het etlike jare geduur totdat dit eindelijk in Keynes se Voorstelle vir 'n Internasionale Verrekeningsunie (Proposals for an International Clearing Union) van April 1943 uitgekristalliseer het. Alhoewel die grootste gedeelte van die Keynesplan verwerp is, is dit relevant om sy voorstelle kortliks te noem en die rol van goud daarin te ontleed.

Die Voorstelle vir 'n Internasionale Verrekeningsunie het vir die volgende voorsiening gemaak:⁴⁾

-
- 1) Ibid., p.100-1.
 - 2) Ibid., p.101.
 - 3) Die evolusie van die Keynesplan word in Id. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume I: Chronicle), p.48-53 bespreek en die vierde (11 Februarie 1942) en die finale konsep (April 1943) van die Keynesplan word volledig in Id. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume III: Documents), p.3-36, weergegee.
 - 4) Rolfe. Gold and World Power, p.76-7; en Horie. The International Monetary Fund, p.63-71.

(a) Die stelsel moes sodanig funksioneer dat

- (i) inflasionêre en deflasionêre invloede teëgewerk kon word;
- (ii) sowel debiteur- as krediteurlande tot betalings=
balansaanpassings gedwing kon word;
- (iii) die waarde van alle geldeenhede gestabiliseer sou word; en
- (iv) reserwes gekonstitueer sou word ten einde die graad van internasionale likiditeit te verhoog.

(b) Die Internasionale Verrekeningsunie moes 'n nuwe internasionale geldeenheid (bancor) kon skep (vergelyk a(iv) hierbo). Hierdie internasionale geldeenheid sou die vorm aanneem van deposito's by die Internasionale Verre=
keningsunie deur lidlande wat dit terselfdertyd as deel
van hul internasionale monetêre reserwes sou beskou. Die bancor sou in terme van goud gedefinieer word, terwyl alle geldeenhede in terme van bancor vasgestel moes word, maar tog nog aangepas kon word. Lidlande sou dus bancors gebruik om betalingsbalanstekorte mee te finansier, terwyl surpluslande dit in hul monetêre reserwes moes akkumuleer. Van belang is dat die bancors in wese slegs boekhouinskry=
wings sou wees en moes dus by die Internasionale Verre=
keningsunie sentreer. Omdat tekortlande egter "oortrokke" kon raak in terme van hul bancorsaldo's, sou dit gevolg=
lik inhou dat die Internasionale Verrekeningsunie inter=
nasionale likiditeit kon skep.

(c) Lidlande sou aanvanklik 'n bancorkwota ontvang, gebaseer
op in- en uitvoere. Die kwotas sou jaarliks aangepas word.

Indien 'n lidland se bancorreserwes 25 persent hoër of laer as die betrokke bancorkwota was, sou 'n boete daarop betaal moes word. In gevalle waar tekortlande se bacorsaldo's met 50 persent oortrokke raak, sou ôf goud, ôf buitelandse valuta, ôf skuldbriewe as kollate=raal vir dié lenings moes dien.

- (d) Lidlande met chroniese betalingsbalanstekorte of -surplusse kon deur die Internasionale Verrekeningsunie tot wisselkoërsaanspassings, kapitaalbeheer, of dié betaling van goud en buitelandse valuta gedwing word. Die Internasionale Verrekeningsunie "would have considerable power over member countries in adjusting exchange rates, imposing internal inflation or deflation, or permitting restrictive practices on payments; but this power would extend to the surplus countries as well as the deficit countries".¹⁾ (Laasgenoemde voorgestelde beheer sou die neiging tot deflasioneëre onewewigtigheid²⁾ wat by die goudwisselstandaard bestaan, uitgeskakel het).
- (e) Totale wêreldlikiditeit kon na gelang van omstandighede verhoog (deflasie) of verlaag (inflasie) word deur 'n proporsionele aanpassing in lidlande se kwotas.
- (f) Goud sou in die Keynesplan steeds 'n belangrike rol speel. Eerstens kon lande ooreenkom om wanbalanse in goud te vereffen (alhoewel geen land goud bō bancors kon vereis nie). Tweedens sou die Internasionale Verrekeningsunie goud teen die vasgestelde prys aankoop deur middel van

1) Rolfe, op. cit., p.77.

2) Vergelyk paragraaf 4.2.1.

bancors, maar nie genoodsaak wees om goud vir bancors te verkoop nie. Ten opsigte van laasgenoemde beweer Rolfe:¹⁾ "Oneway convertibility between Bancor and gold would have been an important step toward eliminating the metal as a cornerstone of the international payments system".

Die rol wat goud in die Keynesplan sou vervul, is deur Keynes self eksplisiet uitgespel.²⁾ Stokvis³⁾ onderskei die volgende redes waarom Keynes, ten spyte van sy goudantipatie, goud wel in sy voorgestelde plan gehandhaaf het:

- (a) die sielkundige waarde wat goud gehad het;
- (b) die waarde van goudreserwes as internasionale koopkrag in tye van nood;
- (c) goud se onbetwiste rol as internasionale rekeneenheid en waardemeter;
- (d) die moontlikheid om surpluslande met goud tevrede te stel; en
- (e) die belange wat goudproduserende lande by 'n stabiele goudmark sou hê en die belang wat die V.S.A. met sy groot goudreserwes by 'n demonetisasie, al dan nie, van goud sou gehad het.

Alhoewel die Keynesplan goud as noodsaaklike komponent bevat het, was Keynes klaarblyklik nie oortuig dat bogenoemde vyf

1) Rolfe, loc. cit.

2) I.M.F., op. cit., p.30-1.

3) Stokvis. Bretton Woods en het Internasionaal Monetair Bestel, p.252.

redes deurgaans die internasionale monetêre rol van goud sou verseker nie. Keynes¹⁾ beweer in dié verband: "What, in the long run, the world may decide to do with gold is another matter. The purpose of the Clearing Union is to supplant gold as a governing factor, but not to dispense with it".

Alhoewel die waarde van bancor volgens Keynes in terme van goud gedefinieer sou word, hoëf die waarde daarvan nie onveranderd te gebly het nie. In gevalle waar die Internasionale Verrekeningsunie se goudvoorraad buitensporig hoog sou word, kon die mag tot waardeaanpassing van die bancor wel uitgeoefen word. Stokvis²⁾ beweer dat laasgenoemde ingehou het dat goud sy rol as internasionale monetêre standaard sou prysgee. Horie³⁾ ondersteun laasgenoemde standpunt: "The gold value of bancor is controlled by the Union and, in consequence, gold is controlled by bancor".

Volgens Keynes⁴⁾ is dit vanselfsprekend dat goud en bancors slegs eensydig inwisselbaar moes wees. Geen lidland sou onder die Keynesplan sy bancorbalans by die Internasionale Verrekeningsunie vir goud kon omwissel nie. Dit sou egter nie inhou dat dié liggaam slegs goud ontvang nie; surplus= goud kon ook op 'n proporsionele basis tussen lande met surplus bancorsaldo's verdeel word. Keynes⁵⁾ motiveer die afwesigheid van volledige inwisselbaarheid uit sy plan met die teorie dat die aanwesigheid daarvan tot 'n verpligte gouddekking vir die bancors sou lei. Dit is egter te betwyfel of bancors sonder

1) I.M.F., op. cit., p.30.

2) Stokvis, op. cit., p.251.

3) Horie, op. cit., p.75.

4) I.M.F., op. cit., p.31.

5) Horie, loc. cit.

volledige goudinwisselbaarheid in die aanvanklike stadium as internasionale geldeenheid algemeen aanvaarbaar sou wees.

Lutz¹⁾ het die gebreke van die Keynesplan egter finaal aan die kaak gestel deur 'n moontlike absurde situasie wat Keynes se Voorstelle kon meebring, uit te wys. Hy wys daarop dat 'n tekort op die Amerikaanse betalingsbalans tot Amerikaanse goudverkope aan die Internasionale Verrekeningsunie kon lei. Dit kon tot 'n inkorting van die bancorkwotas (wat nie noodwendig gouddekking besit nie) lei om sodoende volgehoue vertroue in bancor te verseker. Horie som dié moontlikheid soos volg op: "In other words, the functioning of creating currency through the Union will have been lost, resulting in the revival of the gold standard. Thus, in spite of the one-way convertibility of bancor, there would be a return to the past State of affairs".²⁾

Alhoewel dit duidelik is dat Keynes oortuig was daarvan dat goud uiteindelik gedemonetiseer sou word, het hy geen alternatief gehad nie as om, sover dit goud betref, te kompromitteer.

4.2.2.2 Die Whiteplan³⁾

Die finale konsep van die Whiteplan het op 10 Julie 1943 die lig gesien. Hierin is onder andere die stigting van die sogenaamde Internasionale Stabilisasiefonds (International Stabilization Fund) as permanente instelling vir internasionale

1) Ibid., p.76.

2) Loc. cit.

3) Die evolusie van die Whiteplan word in I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume I: Chronicle), p.40-8 bespreek en die eerste (April 1942) en die finale konsep (10 Julie 1943) van die Whiteplan word volledig in Id. The International Monetary Fund : 1945-1965 (Volume III: Documents), p.37-96, weergegee.

monetêre samewerking voorgestel. Die spesifieke doelstel=
lings¹⁾ waarvoor die Internasionale Stabilisasiefonds tot
stand moes kom, was die volgende:

- (a) om wisselkoerse te stabiliseer;
- (b) om die tydsaspek en die graad van internasionale beta=
lingsbalansoneewigtigheid te minimaliseer;
- (c) om toestande te skep waaronder egalige handels- en ka=
pitaalvloei gekweek kon word;
- (d) om die kanale te verskaf waarbinne die effektiewe be=
nutting van geblokkeerde buitelandse balanse kon plaas=
vind; en
- (e) om die gebruik van valutabeheer, bilaterale verrekenings=
ooreenkomste, meervoudige wisselkoerstegnieke, asook
diskriminerende wisselkoerspraktyke te verminder.

Die belangrikste beginsels²⁾ waarop die Whiteplan berus het,
het onder andere die volgende ingesluit:

- (a) Die Internasionale Stabilisasiefonds (Fonds)  sou uit
goud, geldeenheide en sekuriteite van lidlande bestaan.
Die bronne van die Fonds sou van lidlande se kwotas
afhanklik wees en aanvanklik 'n minimum van \$50 miljard
bedra.
- (b) Lidlande sou verplig wees om 'n gedeelte van hul kwotas
(minimum van 30 persent) in goud en die balans in hul

1) Ibid., p.86.

2) Ibid., p.86-96; en Horie, op. cit., p.46-9.

eie geldeenheid by te dra. Daarbenewens kon 'n opsie uitgeoefen word om tot 50 persent van sodanige kwota in owerheidsekuriteite by te dra. Lidlande kon die goudkomponent van hul kwota min netto valuta-aankope van die Fonds as deel van hul monetêre reserwes beskou.

- (c) Die monetêre eenheid van die Fonds sou as "unitas" bekend staan en sou gelykwaardig aan 137¹/7 grein fyn=goud, die ekwivalent van \$10, wees. Die waarde van unitas sou slegs met die goedkeuring van 85 persent van die stemtotaal van die I.M.F. gewysig kon word.
- (d) Die waarde van alle geldeenhede sou in terme van unitas gedefinieer wees. Geen lidland sou direk of indirek met goud handel kon dryf teen pryse wat nie in ooreenstemming met die unitaspariteit van sodanige land se geldeenheid sou wees nie.
- (e) Wisselkoersaanpassings sou, behoudens sekere aanvanklike uitsonderings, slegs in gevalle van fundamentele betalingsbalansonewewigtigheid oorweeg kon word, en sou aan goedkeuring van minstens 75 persent van die stemtotaal van die I.M.F. onderworpe wees.
- (f) Die Fonds sou die grense waarbinne lidlande se wisselkoerse kon fluktureer, bepaal.
- (g) Die Fonds sou by magte wees om goud, geldeenhede en owerheidsekuriteite van lidlande te koop, te verkoop en op te berg; goud te bestem en oor te dra; en om self skuldbriewe uit te reik en dit aan lidlande te verkoop.

- (h) In gevalle waar geldeenhede in skaarsvalutas ("scarce currencies") ontwikkel, sou die Fonds toetree om ewewig tussen vraag en aanbod te herstel.
- (i) Alle lidlande moes instem om die helfte van alle goud en buitelandse valuta wat sodanige land as surplus bō sy offisiële reserwes by toetrede bekom het, aan die Fonds te verkoop.
- (j) Alle lidlande sou onderneem om alle valutabeheermaat=
reëls (behalwe diē ten opsigte van internasionale ka=
pitaalvloei) op te skort en om geen addisionele be=
perkings sonder die medewete van die Fonds in te stel
nie. Daarbenewens sou lidlande moes onderneem om geen
verdere bilaterale verrekeningsooreenkomste aan te gaan
en in geen meervoudige wisselkoerspraktyke betrokke te
raak nie.

Die voorstel dat die goudkomponent van lidlande se kwotas 'n
minimum van 30 persent moes beloop, verdien verdere aandag.
 Horie¹⁾ beweer in diē verband: "The large percentage of gold
 payments was no doubt designed to reinforce the position of
 the fund and increase its authority ..." Van groter belang
 is egter die verskynsel dat die maatstawwe vir die berekening
 van die kwotas en goudkomponente²⁾ onder die Whiteplan soda=
 nig sou wees dat die "grootste deel van het goud- en deviezen=
 besit blyft dus nog in handen der nationale circulasiebanken
 in dit stelsel".³⁾ Stokvis⁴⁾ beweer dat diē gekompliseerde

1) Ibid., p.49-50.

2) I.M.F., op. cit., p.87.

3) Stokvis, op. cit., p.261.

4) Loc. cit.

kwotastelsel sou meebring dat die maksimum oordraging van goud en buitelandse valutareserwes van lidlande slegs een sesde, in die geval van lande met groot internasionale monetêre reserves, en een derde in die geval van lande met klein reserves, sou beloop.

In ooreenstemming met die Keynesplan sou die rol van goud as internasionale rekeneenheid en waardemeter ook in die Whiteplan gehandhaaf word, maar sou die rol daarvan as monetêre standaard eweneens opgeskort word. Alhoewel 'n nuwe internasionale geldeenheid (unitas) onder die Whiteplan geskep sou word, was die bedoeling dat dit bloot 'n rekeneenheid¹⁾ moes wees en nie dat enige addisionele internasionale geldeenheid geskep moes word nie. Hieruit volg dus dat "the Unitas plan provides no international currency. Unitas is simply a word meaning gold to the value of \$10 at the present price".²⁾

Die waardes van geldeenhede sou via unitas ook aan goud gekoppel wees, en dit sou die plig van elke lidland wees om die goudpariteit van sy geldeenheid sover moontlik³⁾ te handhaaf. Die Fonds sou egter nie die goud beheer nie (die V.S.A. sou dit vanweë sy groot goudreserwes moes doen); dus=doende sou die goudpariteit van die unitas in wese die waarde van die dollar verteenwoordig. "Unitas" sou derhalwe slegs 'n alternatiewe benaming vir "dollar" ingehou het.

Die Whiteplan het verder daarvoor voorsiening gemaak dat die

1) Horie, op. cit., p.50.

2) Loc. cit.

3) Behalwe in gevalle van fundamentele betalingsbalans=onewewigtigheid.

koop- en verkooppryse van goud vir muntdoeleindes op 'n on=
 buigsame wyse vasgepen sou word. Daarbenewens sou die be=
 stemming en oordraging van goud onder dié plan die funksie
 van internasionale verrekening aan die Fonds toeken. Die
 Fonds sou dus 'n ware stabilisasiefonds genoem kon word.¹⁾

Die Whiteplan sou, soos in die geval van die Keynesplan, die
 neiging tot deflasionêre onewewigtigheid²⁾ wat in die geval
 van die goudwisselstandaard bestaan, gedeeltelik ondervang.
 Horie³⁾ beweer: "Originally these provisions were a codifi=
 cation of the characteristics of the gold standard system,
 since the movement of gold automatically compelled both
 creditor and debtor nations to make every effort to adjust
 their balance of payments ..." Surpluslande sou dus ook
onder dié voorstel gedwing word tot betalingsbalansaanpas=
sings.

In 'n vergelyking tussen die Keynes- en Whiteplanne kom
 Stokvis⁴⁾ tot die gevolgtrekking dat goud 'n ietwat groter
 rol in die Whiteplan sou speel, alhoewel dit slegs 'n
 nuanseverskil sou wees.

4.2.2.3 Keynes- en Whiteplanne

Die Artikels van Ooreenkoms van die Internasionale Monetêre
Fonds is op 22 Julie 1944 te Bretton Woods, New Hampshire,
as grondslag vir die funksionering van die I.M.F. goedge=
keur.⁵⁾ Voordat dié Artikels egter hul finale beslag gekry

1) Ibid., p.51.

2) Vergelyk paragraaf 4.2.1.

3) Horie, loc. cit.

4) Stokvis, op. cit., p.275.

5) I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume
 I: Chronicle), p.89-91.

het, is heelwat konsepte opgestel en gewysig. In ooreenstemming met die nasionaliteite van Keynes en White was die reeks samesprekings hoofsaaklik tot verteenwoordigers van die Verenigde Koninkryk en die V.S.A. beperk.

Alhoewel sommige van die voorstelle van die Keynesplan wel in die Artikels van Ooreenkoms van die I.M.F. opgeneem¹⁾ is, is die Artikels hoofsaaklik aan die Whiteplan ontleen. Benewens diepgaande prinsipiële ekonomiese verskille tussen die twee planne kan die voorkeur vir die Whiteplan ook vanuit 'n politiese standpunt benader word. Teen 1943 was Engeland 'n ekonomies verswakte land wat waarskynlik vir 'n geruime tyd 'n tekortland sou wees, terwyl die V.S.A. homself in presies die teenoorgestelde situasie bevind het.²⁾ Die Keynesplan se voorsiening van outomatiese kredietverlening aan tekortlande, asook die voorgestelde inkorting van die monetêre soewereiniteit van lidlande, is teen bogenoemde agtergrond nie sonder die aanwesige politieke kleur beoordeel nie.

Ten spyte daarvan dat die Keynesplan die opheffing van die goudstandaard op die lang termyn sou inhou, is sommige ekonome dit eens dat heelwat van die probleme van die Bretton Woods-stelsel uitgeskakel kon word indien die Artikels van Ooreenkoms in 'n groter mate op die Keynesplan gebaseer was.³⁾ Sô, byvoorbeeld, beweer Richard Gardner:⁴⁾ "Still it (die Keynesplan) would have served the long-term US interest to have negotiated on the basis of the Keynes plan adapting it as necessary to

- 1) Vergelyk in dié verband byvoorbeeld die trekkingsregte wat lande by die I.M.F. op grond van hul kwotas besit.
- 2) Van der Valk. Het internationale monetaire stelsel in een vernieuwingsfase, p.32-3.
- 3) Ibid., p.32.
- 4) Gardner. The political setting (In Acheson, e.a. Bretton Woods Revisited, p.27).

remove its inflationary bias and its other defects". Dié tekortkoming is sowat 'n kwarteeu later gedeeltelik uitgeskakel deur die goedkeuring en implementering van die Spesiale Trekkingsregte¹⁾ deur die I.M.F.

4.2.3 Die Bretton Woods-Ooreenkoms van Julie 1944

Tydens die Bretton Woods-konferensie van Julie 1944 is die Artikels van Ooreenkoms van twee afsonderlike internasionale monetêre organisasies opgestel, nl.:

- ✓ (a) Die Internasionale Monetêre Fonds (I.M.F.); en
- ✓ (b) Die Internasionale Bank vir Heropbou en Ontwikkeling (Wêreldbank).

✓ Die Wêreldbank beweeg hoofsaaklik op die terrein van kredietverlening aan ontwikkelende lande op lang termyn.²⁾ Aangesien die rol van goud in dié studie bestudeer word, word slegs in toepaslike omstandighede na die Wêreldbank verwys.

✓ Die internasionale betalingsmeganisme is sedert 1945 op die Bretton Woods-stelsel wat die essensiële kenmerke van die goudstandaard bevat, nl. goudpariteite vir alle geldeenhede en stabiele wisselkoerse, gebaseer.³⁾ Laasgenoemde stelsel is in die Artikels van Ooreenkoms van die I.M.F. veranker, Soos later sal blyk, hou die Bretton Woods-Ooreenkoms in dat alle geldeenhede in terme van goud gedefinieer word; sodoende berus dié stelsel dus uitsluitlik op goud. Ten einde die rol van goud in die internasionale betalingsmeganisme duidelik te

1) 31 Mei 1968. Van der Valk, op. cit., p.127.

2) Korteweg en Keesing. Het moderne geldwezen. Deel II: De techniek van het betalingsverkeer, p.343; en Stokvis, op. cit., p.302-3.

3) Van der Valk, op. cit., p.73.

kan skets, is 'n breedvoerige bespreking van die toepaslike Artikels van Ooreenkoms¹⁾ van die I.M.F., asook beleidsverklarings ten opsigte van goud, noodsaaklik.

Die statute van die I.M.F. wat in Julie 1944 te Bretton Woods opgestel is, is in Maart 1946 deur die lidlande goedgekeur.²⁾

Die seremoniële ondertekening van die Artikels van Ooreenkoms van die I.M.F. deur die eerste 29 lidlande op 27 Desember 1945 het teoreties die totstandkoming van die I.M.F. uitgemaak.³⁾

Op 6 Mei 1946 is die eerste vergadering van die Raad van Direkteure van die I.M.F. te Washington gehou en die praktiese aktiwiteite van die I.M.F. het in Maart 1947 in aanvang geneem.⁴⁾

✓ 4.2.3.1 Doelstellings van die I.M.F.

Die doelstellings van die I.M.F. word in Artikel I van die statute vervat.⁵⁾ Tydens die twee en twintigste Jaarvergadering van die I.M.F. te Rio de Janeiro in 1967 is 'n voorgestelde amendement tot die statute van die I.M.F. om vir die voorgestelde Spesiale Trekkingsregteskema voorsiening te maak, goedgekeur. Artikel I van die statute word ook hierdeur geraak.⁶⁾

Die doelstellings van die I.M.F. is die volgende:

✓ (a) om internasionale monetêre samewerking te bevorder

- 1) Vir doeleindes van dié studie word die term "statute" gebruik om die Artikels van Ooreenkoms van die I.M.F. aan te dui.
- 2) Van der Valk, op. cit., p.126.
- 3) I.M.F., op. cit., p.118.
- 4) Van der Valk, loc. cit.
- 5) I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume III: Documents), p.187-8.
- 6) Ibid., p.520-1.

deur die daarstelling van 'n permanente instelling wat die kanale voorsien om gereelde onderlinge oorlegpleging en samewerking in verband met internasionale monetêre probleme te vergemaklik;

- (b) om die uitbreiding en gebalanseerde groei van internasionale handel moontlik te maak, en om sodoende by te dra tot die bevordering en bereiking van hoë peile van indiensname en reële inkome, asook die ontwikkeling van produktiewe hulpbronne van alle lidlande (as primêre doelstellings van ekonomiese beleid);
- (c) om wisselkoersstabiliteit te bevorder, ordelike wisselkoers-ooreenkomste tussen lidlande te handhaaf en om mededingende devaluasies te voorkom;
- (d) om behulpzaam te wees met die daarstelling van 'n multilaterale betalingstelsel ten opsigte van lopende transaksies tussen lidlande, en om toe te sien dat valutabeheer-maatreëls wat die groei van wêreldhandel kortwiek, opgehef word;
- (e) om vertroue onder lidlande te bevorder deur die tydelike beskikbaarstelling van I.M.F.-bronne aan lede teen vol-doende sekuriteit; sodoende kry lidlande die geleentheid om betalingsbalans onewewigtighede uit te skakel sonder om maatreëls wat destruktief vir nasionale of internasionale vooruitgang kan wees, te gebruik; en
- (f) om, in ooreenstemming met die voorafgaande, die tydspek en graad van onewewigtigheid in die betalingsbalanse van lidlande te minimaliseer.

Die I.M.F. sal alle besluite en beleidsmaatreëls op die doelstellings van Artikel I van die statute rig.

4.2.3.2 Kwotas en subskripsies

Die bepalings ten opsigte van kwotas en subskripsies word in Artikel III (soos gewysig) van die statute vervat. Die fondse van die I.M.F. word slegs uit die subskripsies van lidlande aangevul en dié bydraes word op lede se kwotas bereken. Die kwotas van lidlande word 5-jaarliks aangepas. Die oorspronklike kwotas is in 1944 te Bretton Woods sover moontlik op die volgende formule gebaseer:¹⁾

90 persent van:

- 2 persent van nasionale inkome, 1940,
- plus 5 persent van goud en dollarbalanse op 1 Julie 1943,
- plus 10 persent van die maksimum variasie in uitvoere, 1934-38,
- plus 10 persent van gemiddelde invoere, 1934-38,
- verhoog vir elke land in dieselfde verhouding as "average exports, 1934-38, bore to national income".

Die oorspronklike kwotas is reeds gedurende 1950, 1955, 1960, 1965 en 1970 aangepas en ervul veral drie belangrike funksies,²⁾ nl.

- (a) die grootte van die kwotas bepaal die volume valutas en goud wat tot beskikking van die I.M.F. is;

1) Horsefield. Derivation and Significance of the Fund's Resources. (In I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume II: Analysis), p.351.)

2) Loc. cit.

- (b) kwotas bepaal lidlande se stemreg in die I.M.F.;¹⁾ en
- (c) kwotas beïnvloed lidlande se leningsregte by die I.M.F.

Van der Valk²⁾ beweer dat Amerika en Engeland saam sowat een derde van die totale stemreg besit teenoor die 17 persent van die oorspronklike E.E.G.-lande. Agt lande beheer dus sowat die helfte van die I.M.F.-stemreg.

✓ Ten einde die spesifieke rol van goud in die kwotas en subskripsies van lidlande en die I.M.F. te ontleed, word die toepaslike seksies van Artikel III³⁾ (soos gewysig) kortliks ontleed.

✓ (a) Seksie 1: Kwotas

Aan elke lidland word 'n kwota toegewys.

(b) Seksie 2: Kwota-aanpassings

Die I.M.F. sal kwotas 5-jaarliks in die algemeen aangepas en, waar nodig en wenslik, ook die kwotas van indiwiduele lidlande. Daarbenewens kan die I.M.F., indien dit wenslik geag word, die kwota van enige lidland ter enige tyd op sō 'n lid se versoek aanpas.

-
- 1) Op 30 April 1956 het die volgende lidlande op persentuele basis soos volg tot die totale kwotas bygedra (die ooreenstemmende stemregpersentasies volg tussen hakies): China, 6,29 (5,64); Frankryk, 6,00 (5,39); Duitsland, 3,77 (3,48); Indië, 4,57 (4,17); Italië, 2,06 (2,01); Nederland, 3,14 (2,94); V.K., 14,86 (12,99); V.S.A., 31,43 (27,20). Id. The first ten years of the I.M.F., p.48.
- 2) Van der Valk, op. cit., p.34.
- 3) I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume III: Documents), p.188-9 en p.521.

(c) Seksie 3: Subskripsies

(i) Die subskripsie van elke lidland sal aan só 'n lidland se kwota gelyk wees en sal ten volle aan die I.M.F. betaalbaar wees.

(ii) Elke lidland sal 'n minimum aan goud betaal wat gelyk is aan die kleinste van of 25 persent van sy kwota, of 10 persent van die lidland se offisiële besit aan goud en V.S.A.-dollars.

(iii) Indien 'n lidland op 12 September 1946 offisieel geen goud en V.S.A.-dollars besit het nie, is die totale subskripsie in die land se eie geldeenheid betaalbaar.

(iv) Benewens die goudkomponent is die restant van die subskripsie in die land se geldeenheid betaalbaar.

(d) Seksie 4: Betalings in geval van wysigings in kwotas
Behoudens sekere uitsonderings¹⁾ is die toename in lede se kwotas binne 30 dae betaalbaar - 25 persent in goud en die res in die lidland se geldeenheid. In gevalle van kwotaverlagings moet die I.M.F. die nodige goud- en valutabetalings aan die besondere lidland maak.

4.2.3.3 Pariwaardes van geldeenhede

Die pariwaardestelsel van die I.M.F. word in Artikel IV (soos gewysig) van die statute van die I.M.F. vervat.²⁾ Na aanleiding van heelwat kritiek teen dié stelsel motiveer die I.M.F. in die

1) Vir 'n breedvoerige bespreking van dié uitsonderings vergelyk: I.M.F., op. cit., p.188-9.

2) Ibid., p.189-91 en p.522.

Jaarverslag van 1951¹⁾ *kode vir* die insluiting van die pariwaardestelsel in die statute soos volg: "The (par value) system is not a wise one merely because it was written into the Articles of Agreement. But it is correct to state that it was written into the Articles of Agreement because it emerged from the experience of the world over a period of many years ... (and) is a striking fact that the maintenance of stable rates of exchange is virtually the invariable objective of all countries at all times".

✓ Ten einde die rol van goud in die pariwaardestelsel te ontleed, word die toepaslike seksies van Artikel IV (soos gewysig) kortliks ontleed.

(a) Seksie 1: Die uitdrukking van pariwaardes van geldeenhede
 Die pariwaarde van die geldeenheid van elke lidland word in terme van goud as gemeenskaplike denominator, of in terme van die V.S.A.-dollar se gewig en grein soos op 1 Julie 1944,²⁾ gedefinieer. Alle berekeninge met betrekking tot lidlande se geldeenhede vir die toepassing van die statute van die I.M.F. word op grond van dié pariwaardes (en dus goud) gedoen.

(b) Seksie 2: Goudaankope gebaseer op pariwaardes
 Alle goudaankope en -verkope word binne nou grense om die pariwaardes afgehandel. Die I.M.F. bepaal die wydte van sodanige grense.

1) Id. Annual Report 1951, p.37.

2) \$35 per fynons goud.

(c) Seksie 3: Die pariteite waarteen buitelandse valuta=transaksies plaasvind

Die maksimum- en minimumkoerse waarteen valutatransaksies tussen lidlande plaasvind, sal nie van die pariteit afwyk met

- ✓ (i) meer as een persent in die geval van kontantvaluta=transaksies, en
- ✓ (ii) meer as 'n goedgekeurde marge in die geval van ander valutatransaksies waar die afwyking (c)(i) hierbo oortref nie.

In gevolgde Besluit nr. 3463-(71/126)¹⁾ van 18 Desember 1971 deur die I.M.F., kan die maksimum- en minimumkoerse vanaf Desember 1971 in die geval van kontantvalutatransaksies met tot 2½ persent van die pariteit afwyk.

(d) Seksie 4: Verpligtings ten opsigte van wisselkoers=stabiliteit

- ✓ Elke lidland onderneem om met die I.M.F. saam te werk ten einde wisselkoersstabiliteit te bevorder, ordelike wissel=koersoreenkomste met mede-lidlande te handhaaf en om mededingende wisselkoersaanpassings te voorkom.

(e) Seksie 5: Aanpassings in pariwaardes

- (i) Lidlande mag slegs aanpassings in die pariwaardes van geldeenhede voorstel in gevalle van fundamentele betalingsbalansonewewigtighede.
- (ii) Alle voorgename aanpassings in pariwaardes moet in oorleg met die I.M.F. geskied.

1) Id. Annual Report 1972, p.85-7.

(iii) Indien die voorgestelde aanpassing, plus alle vorige aanpassings (hetsy toe- of afnames):
 eerstens nie meer as 10 persent van die aanvanklike pariwaarde afwyk nie, sal die I.M.F. geen besware opper nie; tweedens nie meer as 20 persent van die aanvanklike pariwaarde afwyk nie, sal die I.M.F. dit binne 72 uur goedkeur of besware opper; en derdens meer as 20 persent van die aanvanklike pariwaarde afwyk, sal die I.M.F. (na 'n langer tydskuur) dit goedkeur of besware daarteen opper.

(f) Seksie 8: Die handhawing van die goudwaarde van die I.M.F. se bates

Dië seksie van Artikel IV van die statute bevat 'n waarde=
waarborgklousule in terme van goud. Volgens Aufricht¹⁾
verwys dië seksie in werklikheid na die handhawing van
die goudwaarde van lidlande se geldeenhede wat deur die
 I.M.F. besit word, soos:

- ✓ (i) lidlande se valutasubskripsies;
- ✓ (ii) die I.M.F. se besit aan geldeenhede van lidlande na aanleiding van ander lidlande se valuta-aankope; en
- (iii) bedrae van lidlande ontvang, soos byvoorbeeld hef=
 fings in die geldeenhede van lidlande.

Op grond van Artikel IV, seksie 8(b) is 'n lidland verplig om binne 'n redelike tyd "an amount of its currency equal to the reduction in the gold value of its currency held

1) Aufricht. The International Monetary Fund, p.48-9.

by the Fund",¹⁾ te betaal in alle gevalle waar die pariwaarde van 'n lidland se geldeenheid verlaag word. In gevalle waar pariwaardes verhoog word (Artikel IV, seksie 8(c)), moet die I.M.F. sodanige bedrag binne 'n redelike tydperk aan 'n lidland terugbetaal.

Volgens Aufricht²⁾ bevat Artikel IV, seksie 8(b) "another, perhaps even more striking value guarantee clause". Dit maak daarvoor voorsiening dat 'n lidland verplig is om die goudwaarde van sy geldeenheid te handhaaf, ook in gevalle van noemenswaardige depresiasies in die waarde van die lid se basiese monetêre geldeenheid - afgesien van enige formele pariwaardeaanpassings. Hierdie klousule behoort in die huidige monetêre milieu van hoë inflasie=koerse meer aandag te geniet.

4.2.3.4 Transaksies met die I.M.F.

Die doel van Artikel V (soos gewysig) van die statute van die I.M.F. is om aan lande, "dat tijdelijk betalingsbalansmoeilikheden heeft, sterke valuta's te beskikking te stellen".³⁾

Dië trekkingsregte bestaan uit die koop van die benodigde sterk valutas deur die betrokke lande. Lidlande wat van Artikel V (soos gewysig) gebruik maak om sekere valutas te bekom, moet aan sekere bepalinge waaronder 'n maksimum tydperk van 5 jaar⁴⁾ waartydens die "geleende" valutas teruggekoop moet word, voldoen.

1) I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume III: Documents), p.191.

2) Aufricht, op. cit., p.49.

3) Van der Valk, op. cit., p.35.

4) Loc. cit.

Ten einde die rol van goud in die trekkingsregte by die I.M.F. te ontleed, word die toepaslike seksies van Artikel V¹⁾ (soos gewysig) ontleed.

(a) Seksie 3: Voorwaardes wat die gebruikmaking van die bronne van die I.M.F. beheer

'n Lidland mag onder sekere voorwaardes die valuta van 'n medelid van die I.M.F. met die land se eie geldeenheid aankoop. Die belangrikste voorwaarde sluit die volgende in:

- (i) Die lidland wat 'n betrokke geldeenheid "trek" moet dit in ooreenstemming met die doelstellings²⁾ van die statute gebruik.
- (ii) Die valuta wat benodig word, kan slegs getrek word indien dit nie ingevolge Artikel VII, seksie 3, deur die I.M.F. as 'n skaarsvaluta verklaar is nie.
- (iii) Die voorgestelde aankoop van 'n valuta mag nie die geldeenheid (van die aankopende lidland) in die besit van die I.M.F. jaarliks met meer as 25 persent van die betrokke lidland se kwota verhoog nie. Daarbenewens mag die I.M.F. op geen stadium meer as 200 persent van enige lidland se geldeenheid besit nie. Die 4 trekkingsregte van 25 persent per jaar wat die I.M.F. se besit van 'n lidland se geldeenheid van 100 persent tot 200 persent van sy kwota kan verhoog, staan as krediettranches bekend. Die trekkingsreg van 25 persent wat die I.M.F. se besit van 'n lidland se geldeenheid van 75 persent na 100 persent van sy kwota kan verhoog, staan as die goudtranche bekend.

1) I.M.F., op. cit., p.191-3; 228; 243; en 522-3.

2) Paragraaf 4.2.3.1.

Die trekkingsreg wat daartoe lei dat die I.M.F. se besit van 'n lidland se geldeenheid nie 75 persent van sy kwota oorskry nie, staan as die supergoud=tranche bekend.¹⁾

Die feitlik outomatiese aard van die supergoud- en goudtranches het daartoe gelei dat dié 2 trekkings=regte deur lidlande as deel van hul internasionale monetêre reserwes beskou is.²⁾ Tydens die Jaarvergadering van die I.M.F. in 1965 het H. Ansiaux³⁾ van België die volgende beswaar teen dié praktyk geopper: "The use of the gold tranche and even of the super gold tranche remains juridically and, therefore, potentially in fact, conditional ... It is, therefore impossible for central banks to incorporate them in their reserves on the same footing as gold or convertible currencies". Dié beswaar het daartoe gelei dat die goudtranche (en dus die supergoudtranche) wettig outomatiese trekkingsregte geword het ingevolge 'n amendement van Artikel V, seksie (iii),⁴⁾ van 1968.

(b) Seksie 6: Aankope van valutas van die I.M.F. deur middel van goud

- (i) Enige lidland wat die geldeenheid van enige medelid direk of indirek wil bekom, kan dit vir goud by die

- 1) Ingevolge Artikel V, seksie 3(a)(iii) sal die 25 persent-bepierking slegs van toepassing wees, "to the extent that the Fund's holdings of the member's currency have been brought above seventy-five percent of its quota if they had been below that amount".
- 2) S.A. Reserwebank. Kwartaalblad, 99:5-59, Maart 1971.
- 3) Ansiaux. Statement by the Governor of the Fund for Belgium. (In I.M.F. Summary Proceedings : Annual Meeting, 1965, p.131-2).
- 4) I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume III: Documents), p.522.

I.M.F. aankoop, "provided that it can do so with equal advantage".¹⁾

- (ii) Dié seksie van die statute verbied geen land om enige nuutgeproduseerde goud (binne die land se grondgebied geproduseer) op enige goudmark te verkoop nie.

(c) Seksie 7: Die terugkoop van 'n lidland se geldeenheid in besit van die I.M.F.

- (i) 'n Lidland mag enige gedeelte van sy geldeenheid wat 75 persent van sy kwota by die I.M.F. oortref, met goud van die I.M.F. terugkoop.
- (ii) 'n Lidland moet aan die einde van elke finansiële jaar (van die I.M.F.), onder sekere voorwaardes²⁾ 'n gedeelte van die besit van die I.M.F. van die lid se geldeenheid met goud of inwisselbare valutas terugkoop, in ooreenstemming met die bepalinge van Skedule B.³⁾

4.2.3.5 Bystandsooreenkomste van die I.M.F.⁴⁾

Vir doeleindes van latere ontledings word bystandsooreenkomste slegs kortliks genoem. Dié fasiliteit wat deur die I.M.F. verskaf word en nie in die statute vervat is nie, word deur Gold⁵⁾ soos volg gedefinieer: "A stand-by arrangement may be defined as a decision of the Fund by which a member is assured that, in accordance with the terms of the decision, the member will

1) Ibid., p.192.

2) Ibid., p.192-3.

3) Ibid., p.210-1.

4) Gold. The Stand-By Arrangements of the International Monetary Fund, p.245-55.

5) Ibid., p.3.

be able to purchase the currencies of other members from the Fund during a specified period and up to a specified amount. It may be contrasted with a decision of the Fund under which a member makes a direct purchase of exchange".

4.2.3.6 Skaarsvalutas

Artikel VII¹⁾ van die statute van die I.M.F. handel oor sogenaamde "skaarsvalutas". Dié seksies wat op die rol van goud van toepassing is, word kortliks ontleed.

(a) Seksie 1: Algemene skaarste aan 'n geldeenheid

Indien bevind word dat 'n algemene skaarste aan 'n sekere geldeenheid ontwikkel, kan die I.M.F. sy lede dienooreenkomstig inlig en in 'n verslag die oorsake van die skaarste, asook voorgestelde metodes om die situasie te oorbrug, uiteensit.

(b) Seksie 2: Maatreëls om die I.M.F. se besit aan skaarsvalutas aan te vul

Indien die I.M.F. dit gerade ag om 'n tekort in enige lidland se geldeenheid aan te vul, kan een of beide van die volgende stappe gedoen word:

(i) Voorstel dat die lidland die besondere geldeenheid onder sekere terme en voorwaardes aan die I.M.F. leen; of dat die I.M.F., met die lidland se goedkeuring, die skaarsvaluta uit ander bronne bekom; en

(ii) vereis dat die lidland sy geldeenheid aan die I.M.F. vir goud verkoop.

1) I.M.F., op. cit., p.194-5.

(c) Seksie 3: "Skaarsheid" in die I.M.F.-besit

Indien dit duidelik sou word dat 'n geldeenheid skaars genoeg geword het, word die geldeenheid formeel deur die I.M.F. as "skaarsvaluta" verklaar. Die aanbod van 'n skaarsvaluta word dan ooreenkomstig die internasionale ekonomiese omstandighede "gerantsoeneer"; ^{verder} daarbenewens word tydelike beperkings op die wisselkoersaktiwiteite in die skaarsvaluta ingestel.

'n Land met voldoende goudvoorrade behoort dus die probleme en ontwrigtings wat skaarsvalutas gewoonlik meebring, te oorbrug.

4.2.3.7 Geselekteerde algemene obligasies van lede

Ingevolge Artikel VIII, seksie 5,¹⁾ kan die I.M.F. van lidlande vereis om, onder andere, die volgende inligting aan die I.M.F. beskikbaar te stel:

- (i) offisiële besit aan goud en buitelandse valuta;
- (ii) banke en finansiële instansies se besit aan goud en buitelandse valuta;
- (iii) produksie van goud;
- (iv) goud in- en uitvoere op grond van geografiese oorsprong en bestemming; en
- (v) internasionale betalingsbalansgegevens, met insluiting van handel in goedere en dienste, goudtransaksies, bekende kapitaaltransaksies, en ander items.

1) Ibid., p.196.

4.2.4 Die goudbeleid van die I.M.F.

4.2.4.1 Goudverkope teen premiepryse

Die obligasies van I.M.F.-lidlande met betrekking tot die goudprys word in Artikel IV, Seksie 2¹⁾ uiteengesit, waarin bepaal word dat [die I.M.F. die marges om die pariwaardes van geldeenhede waarbinne lede goudtransaksies kan doen, sal vasstel. As gevolg van dié verband tussen die goudprys en pariwaardes was die beleid van die I.M.F. ten opsigte van goudtransaksies teen premiepryse daarop ingestel om te voorkom dat internasionale goudtransaksies teen pryse wat aansienlik hoër as pariwaardes is, gesluit word.²⁾ Die doelstellings van laasgenoemde beleid was die volgende:

- (a) om te voorkom dat goudverkope teen premiepryse die stabiliteit van lidlande se wisselkoerse sou ondermyn,³⁾ en
- (b) om die vloei van goud uit monetêre reserwes na private opberging tot 'n minimum te beperk (private opberging was die belangrikste komponent van die aanvraag in die premiemarkte).

Die verwesenliking van beide bogenoemde doelstellings het dus die voorkoming van goudverkope teen premiepryse vereis.

Die gelyktydige bereiking van beide bogenoemde doelstellings het die I.M.F. egter in die volgende dilemma⁴⁾ geplaas:

-
- 1) Vergelyk paragraaf 4.2.3.3 (b).
 - 2) Gumbart. Gold transactions at premium prices. (In I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume II: Analysis), p.174.)
 - 3) Ingevolge Artikel I (iii).
 - 4) Gumbart, loc. cit.

Indien die premiemark van goud voorsien is ten einde die premie op die goudprys te verlaag of te elimineer, sou dit daartoe lei dat 'n groter gedeelte van die nuutontginde goud hul weg na private oppotting vind, en daarmee saam 'n waarskynlike afwending van offisiële goudbesit na private oppotting. Solank die goudverkope op die premiemarkte teen pryse wat die neergelegde marges van die I.M.F. oortref, sou plaasvind, sou lidlande uitgesluit wees van die aankope van nuutontginde goud.¹⁾ Hierdie prosedure sou die hoeveelheid internasionale likiditeit (goud) wat monetêre owerhede beskikbaar kan stel, verminder. Indien, as alternatief die goudaanbod op die premiemarkte nie gehandhaaf is nie, sou die premie op die goudprys nie verdwyn nie en kon dit selfs toeneem, "thus possibly leading to instability of exchange rates".²⁾ Die rede waarom wisselkoersstabiliteit ondermyn sou kon word, is in die gouddenominasie van geldeenhede geleë. Internasionale goudtransaksies teen nie-offisiële goudpryse sou dus die vasgestelde wisselkoerse beïnvloed.

Peru (in Augustus 1946) en Colombia (April 1947) het probleme ondervind met die interpretasie van Artikel I en Artikel IV, seksies 2 en 3.³⁾ Peru wou goudartikels bō die voorgeskrewe goudprys van die hand sit, terwyl die monetêre owerheid van Colombia van die Raad van die I.M.F. wou weet "whether Colombian miners could be permitted to sell gold abroad, or to sell it at home for industrial purposes, at more than the equivalent of \$35 an ounce".⁴⁾ Dié 2 gevalle het daartoe gelei dat die Raad

1) Ingevolge Artikel IV, seksie 2.

2) Gumbart, loc. cit.

3) I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume I: Chronicle), p.179-181.

4) Ibid, p.180.

van die I.M.F. die hele probleem van goudverkope teen premiepryse in heroorweging geneem het.

Met die oog op genoemde doelstellings en probleme is 'n verklaring op 18 Junie 1947¹⁾ aan alle lidlande gestuur waarin die beleid van die I.M.F. ten opsigte van goudtransaksies teen premiepryse uiteengesit is. In dié verklaring is die mening uitgespreek dat die primêre doel van die I.M.F., naamlik wêreldwye wisselkoersstabiliteit, deur die praktyk om goud teen premiepryse²⁾ te koop en te verkoop, ondermyn is - "... The Fund strongly deprecates international transactions in gold at premium prices and recommends that all of its members take effective action to prevent such transactions in gold with other countries or with the nationals of other countries".³⁾

Alhoewel die private oppotting van goud nie deur bogenoemde verklaring beëindig is nie, is die aanbod van goud in die premiemarkte sekerlik beïnvloed.⁴⁾ Die uitbreek van die Koreaanse Oorlog het die oppotting van goud egter weer eens gestimuleer.

Praktyke ten opsigte van die goudprys wat in België (in 1948) en Chili (in 1949) ontwikkel het, het die Raad van die I.M.F.

- 1) Id. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume III: Documents), p.310.
- 2) Dit is bo en behalwe die goedgekeurde marges waarmee die goudprys met pariwaardes kan verskil.
- 3) Loc. cit.
- 4) Id. The first 10 years of the I.M.F., p.17-8.

tot die besef gebring dat die beleid in verband met goud=transaksies nie na wense was nie.¹⁾ 'n Suid-Afrikaanse voor=stel in 1948 dat 'n gedeelte van dié land se goudmynproduksie in die vorm van semi-geprosesseerde goud teen 'n premie ver=koop word, het die I.M.F. gedwing om 'n finale beleid oor die saak te formuleer.²⁾ In Oktober 1948 is die Suid-Afrikaanse regering in kennis gestel dat bogenoemde voorstel nie goedge=keur sou word nie, tensy Suid-Afrika maatreëls tref wat sou verseker dat goud wat onder die voorgestelde plan verkoop word, slegs vir bona fide of gewone industriële, professionele, of artistieke doeleindes gebruik sou word.³⁾ Ongelukkig kon ook dié beleidsverklaring deur die I.M.F. aan Suid-Afrika nie voorkom dat 'n voorgestelde transaksie van 100 000 onse goud teen \$38,20 per fynons met 'n Londense makelaar, op grond van interpretasieverskille, deur die mat val nie. Op grond van bogenoemde probleme (en vele meer) het die I.M.F., nadat gepoog is om die goudpremiebeleid deur middel van effektiewer maatreëls toe te pas, tot die slotsom geraak, "that it was impracticable to seek a substantially equal application of controls by countries in very different situations."⁴⁾

Tussen Oktober 1949 en September 1951 het die Raad van die I.M.F. die beleid van 1947 ten opsigte van goudverkope teen premiepryse by 30 verskillende geleenthede hersien.⁵⁾ Alhoewel

-
- 1) Vir 'n bespreking van dié praktyke vergelyk: Gumbart, op. cit., p.181-3.
 - 2) Suid-Afrika het in dié tyd betalingsbalansprobleme onder=vind - Ibid., p.183.
 - 3) I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume I: Chronicle), p.253.
 - 4) Id. The first 10 years of the I.M.F., p.17.
 - 5) Id. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume I: Chronicle), p.292.

die Direkteure van die I.M.F. huiwerig was om die Verklaring van 18 Junie 1947 heeltemal op te skort, is Besluit nr. 75-(705) in verband met goudpremieverkope op 28 September 1951 aan die lede bekend gestel.¹⁾

Ingevolge dié Besluit beveel die I.M.F. aan dat die vloei van goud na premiemarkte steeds tot 'n minimum beperk behoort te word sodat die maksimum hoeveelheid goud in monetêre reserwes opgeberg kan word om stabiele wisselkoerse te verseker. Omdat dit níe vir alle lande moontlik is om uniforme maatreëls te tref om die doelstellings van die goudpremieverklaring te verwesenlik nie, "the Fund leaves to its members the practical operating decisions involved in their implementation, subject to the provisions of Art. IV, Sec. 2 and other relevant articles of the Articles of Agreement of the I.M.F."²⁾

Teen 1951 het dit derhalwe duidelik geword dat die I.M.F. níe met beheermaatreëls die goudprys op \$35 per fynons kon vaspen nie en is die goudpremiebeleid tot een van morele oorreding gewysig.³⁾ Groot goudspekulاسie in 1960 en 1968 het aanleiding gegee tot die oprigting van die goudpoel⁴⁾ in Oktober 1961, en tot die stigting van 'n monetêre en vrye goudmark⁵⁾ in Maart 1968.⁶⁾

1) Id. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume III: Documents), p.225.

2) Loc. cit.

3) Id. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume I: Chronicle), p.598.

4) Word in paragraaf 4.3.2 bespreek.

5) Word in paragraaf 4.3.3 bespreek.

6) Van der Valk, op. cit., p.127.

4.2.4.2 Subsidies aan goudprodusente

Die beleid van die I.M.F. ten opsigte van goudverkope teen premiepryse¹⁾ het 'n parallel in die beleidsverklaring met betrekking tot die betaling van subsidies aan goudprodusente gehad. Dié praktyk het eweneens die moontlikheid ingehou dat die doelstellings van Artikel IV, seksie 2 ondermyn kon word. Die marge waarbinne goudtransaksies kon plaasvind, is in Junie 1947 op $\frac{1}{4}$ persent plus sekere hanterings- en vervoerkoste vasgestel. Laasgenoemde is in Oktober 1954 gewysig: 'n lidland kon kies tussen die bestaande marge en 'n marge van 1 persent.²⁾

'n Kanadese verklaring op 18 November 1947, waarin die Kanadese owerheid sy voorneme bekend gemaak het, "to offer to each gold mine in Canada a subsidy of \$7 for each ounce of gold produced in excess of the output in the year ending Junie 30, 1947", het die I.M.F. tot 'n beleidsverklaring ten opsigte van die betaling van subsidies aan goudprodusente gedwing.³⁾ Die Raad van die I.M.F. het bevind dat die Kanadese voorneme nie met die doelstellings van Artikel IV, seksie 2 sou bots nie.

Besluit nr. 233-2 van 11 Desember 1947 het die beleid van die I.M.F. ten opsigte van subsidies aan goudprodusente duidelik uitgespel en is sedertdien onveranderd gelaat.⁴⁾ Ingevolge dié Besluit moet elke maatreël wat die betaling van subsidies

1) Vergelyk paragraaf 4.2.4.1.

2) Horsefield. Subsidies to Gold Producers (In I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume II: Analysis), p.203).

3) I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume I: Chronicle), p.183.

4) Id. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume III: Documents), p.225-6.

aan goudprodusente inhou, eers aan die I.M.F. voorgelê word. Die I.M.F. moet die stabiliteit van wisselkoerse sover as moontlik verseker. Die sentrale element in die genoemde beleidsverklaring is die volgende: Ingevolge Artikel IV, seksie 2 van die statute word lidlande verbied om goud teen 'n prys wat hoër as die pariteitskoers plus die voorgeskrewe marge is, te koop. Hierdie artikel bepaal verder dat: "In the view of the Fund, a subsidy in the form of a uniform payment per ounce for all or part of the gold produced would constitute an increase in price which would not be permissible if the total price paid by the member for gold were thereby to become in excess of parity plus the prescribed margin. Subsidies involving payments in another form may also, depending upon their nature, constitute an increase in price".¹⁾ Subsidies wat nie wisselkoersstabiliteit ondermyn nie, is egter in ooreenstemming met bogenoemde beleid en is dus aanvaarbaar. Die I.M.F. beoordeel elke subsidieprogram individueel en hersien dit van tyd tot tyd, in ooreenstemming met veranderde omstandighede.

Die volgende lande²⁾ het sedert Desember 1947 maatreëls getref waarvolgens subsidies aan goudprodusente wat in ooreenstemming met die beleid van die I.M.F. was, betaal is (die jare waarin sodanige programme goedgekeur is, verskyn tussen hakies): Kanada (1947), Australië (1948 en 1954), Colombia (1954), Filippyne (1954), Fiji (1959), Suid-Afrika (1963) en Suid-Rhodesië (1948 en 1963).

1) Loc. cit.

2) Horsefield, op. cit., p.203-13.

4.2.4.3 Goudverkope deur lidlande aan die I.M.F.

Op 30 Desember 1969 het die I.M.F. by wyse van 'n offisiële kommunike aangekondig dat 'n ooreenkoms met Suid-Afrika ten opsigte van die verkoop van nuutontginde goud aan die I.M.F. bereik is.¹⁾ Die ooreenkoms het gevolg op 'n maandelange dispuut wat skynbaar om wettige vakterme gesentreer het, maar wat in wese met fundamentele ekonomiese geskilpunte te make gehad het.²⁾

Die faktor wat direk tot Besluit nr. 2914-(69/127) van 30 Desember 1969 aanleiding gegee het, was die spekulatiewe en Suid-Afrikaanse goudverkope wat tot gevolg gehad het dat "the premium of the private price over the official price collapsed dramatically".³⁾ 'n Duidelike behoefte het by alle partye wat by bogenoemde dispuut betrokke was, bestaan om tot 'n ooreenkoms oor die verkoop van nuutontginde goud aan mone-têre owerhede te kom.

Die belangrikste bepalings van genoemde ooreenkoms⁴⁾ maak vir die volgende voorsiening:

- (a) Die I.M.F. het as beleid bepaal dat geen lidland offisieel direk goud van Suid-Afrika sal aankoop nie.
- (b) Suid-Afrika sal slegs onder die volgende omstandighede goud aan die I.M.F. verkoop:

1) I.M.F. Annual Report, 1970, p.34.

2) Brown. An Appraisal of the agreement of South African gold sales to the I.M.F. The South African Journal of Economics, 39:123, Junie 1971.

3) Ibid., p.124.

4) I.M.F., op. cit., p.184-7.

- (i) in gevalle waar die goudprys op die vrye markte \$35 per ons of laer is - soveel goud as wat nodig mag wees om in Suid-Afrika se lopende valutabehoefte te voorsien;
 - (ii) sonder inagneming van die goudprys op die vrye markte - soveel goud as wat Suid-Afrika se valuta= behoeftes (op 'n halfjaarlikse basis) mag wees, bo en behalwe dié gedeelte van die valutabehoefte wat reeds deur verkope op die goudmarkte en deur (i) hierbo bevredig is;
 - (iii) soveel goud as wat nodig is in geval van 'n Suid-Afrikaanse toewysing ingevolge Artikel XXV, seksie 5;¹⁾ en
 - (iv) van die Suid-Afrikaanse goudvoorraad op 17 Maart 1968, \$35 miljoen per kwartaal vanaf 1 Januarie 1970, min goudverkope aan monetêre owerhede en dié wat vanweë normale transaksies aan die I.M.F. verkoop word.
- (c) Daarbenewens, "it is ... understood that South African rand drawn by other members under normal Fund procedures may be converted into gold".²⁾

1) Artikel XXV, seksie 5: "The Fund shall ensure that a participant will be able to use its special drawing rights by designating participants to provide currency for specified amounts of special drawing rights ...". Id. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume III: Documents), p.528.

2) Id. Annual Report, 1970, p.35.

- (d) Die beleid van die I.M.F. in verband met goudverkope deur lidlande aan die I.M.F. moet in gevalle van noemenswaardige veranderings in monetêre omstandighede en in alle gevalle minstens elke 5 jaar hersien word.

Tydens die jaarvergadering van die I.M.F. in 1970 het die Italiaanse afgevaardigde, Mario Ferrari-Aggradi,¹⁾ beweer dat bogenoemde ooreenkoms bygedra het tot "the reduction of the tensions in the international capital and money markets". Tydens dieselfde geleentheid het Nicolaas Diederichs²⁾ in dié verband opgemerk: "The agreement removes the uncertainty which for many months surrounded the marketing of South African gold, and which was not conducive to international economic stability and confidence". Ongelukkig het genoemde stellings net tot in 1971 gegeld. Die verhogings in die monetêre goudprys in Desember 1971 (tot \$38 per fynons) en in Februarie 1973 (tot \$42,22 per fynons) het daartoe gelei dat geen Suid-Afrikaanse goudverkope aan die I.M.F. gedurende die tydperk 1 Mei 1972 tot 30 April 1973 ingevolge die Ooreenkoms van 30 Desember 1969 plaasgevind het nie.³⁾ Gedurende die voorafgaande tydperke wat in 1970, 1971 en 1972 geëindig het, het die Suid-Afrikaanse goudverkope aan die I.M.F. respektiewelik sowat S.T.R. 283, 390 en 105 miljoen beloop.⁴⁾

-
- 1) Ferrari-Aggradi. Statement by the Governor of the Fund of Italy. (In I.M.F. Summary Proceedings Annual Meeting 1970, p.120).
- 2) Diederichs. Statement by the Governor of the Fund and Bank for South Africa (In I.M.F., op. cit., p.191).
- 3) I.M.F. Annual Report, 1973, Tabel 1.16, p.91.
- 4) Id. Annual Report, 1972, Tabel 1.16, p.80.

4.2.4.4 Goudtransaksiedienste

Ingevolge Besluit nr. 103-(52/12) van 21 Februarie 1952¹⁾ word goudtransaksiedienste aan lidlande beskikbaar gestel. Die I.M.F. bring owerheidskopers en -verkopers bymekaar en 'n sekere diensheffing word van albei partye gehef. Latere besluite²⁾ het die goudtransaksiedienste sodanig uitgebrei dat ook sekere nie-lidlande of internasionale organisasies as koper of verkoper by sodanige transaksies betrokke kan wees.³⁾

Sedert die ingebruikneming van die goudtransaksiedienste in 1952 het die sentrale banke van 29 lidlande en 5 internasionale organisasies reeds teen 1970 van dié fasiliteit gebruik gemaak.⁴⁾ Teen die einde van April 1970 is 122 sodanige transaksies met 'n totale waarde van \$1 135 miljoen reeds deur die I.M.F. voltooi.⁵⁾ Sedert 1965 is slegs 2 sulke transaksies afgehandel.

4.2.4.5 Goudkollaterale transaksies

Hierdie fasiliteit is, soos vele ander, uit die behoeftes en versoeke van lidlande gebore. By 4 geleenthede is goud as sekuriteit vir lenings deur lidlande aangebied, en in 3 ge=

-
- 1) Id. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume III: Documents), p.274.
 - 2) Ibid., p.274-5.
 - 3) Sodanige nie-lidlande of internasionale organisasies kan enige van die volgende insluit: Switserland, Die Bank vir Internasionale Verrekening, Die Internasionale Bank vir Heropbou en Ontwikkeling, Die Internasionale Finansiële korporasie, Die Inter-Amerikaanse Ontwikkelingsbank en Die Internasionale Ontwikkelingsassosiasie.
 - 4) Id. Annual Report, 1970, p.130.
 - 5) Loc. cit.

valle is dit as kollateraal aanvaar.¹⁾ Iran het in Februarie 1953 goud as sekuriteit vir 'n I.M.F.-lening aangebied maar die aansoek is teruggetrek voordat die Raad van die I.M.F. tot 'n besluit kon kom. Die Verenigde Arabiese Republiek het by 3 geleenthede goud as sekuriteit vir lenings aangebied (in 1958, en by 2 geleenthede in 1962). In laasgenoemde 2 gevalle is die lenings deurgevoer en in eersgenoemde geval is die lening nie benut nie.

Bogenoemde aansoeke het tot Besluit nr. 1543-(63/39) van Julie 1963 aanleiding gegee.²⁾ Ingevolge dié besluit is die voorwaardes waaronder goudkollaterale transaksies kan plaasvind, duidelik uiteengesit. Die I.M.F. stel dit duidelik dat sodanige transaksies slegs goedgekeur sal word indien die doeleindes van die I.M.F. daardeur bevorder sal word en indien die benutting van die I.M.F.-fondse in ooreenstemming met die statute van die I.M.F. is. Daarbenewens moet sodanige lenings na 6 maande deur middel van goud of inwisselbare valutas afgelos word.

4.2.5 Die goudaktiwiteite van die I.M.F.

Die goudtransaksies en -aktiwiteite van die I.M.F. vanaf 1969 tot 1973 word in tabel 4.1 weergegee. Die toe- of afnames in die goudbesit van die I.M.F. moet toegeskryf word aan 'n wye reeks faktore en derhalwe kan geen herkenbare neiging daarin onderskei word nie. In dié paragraaf word enkele van die belangrikste oorsake van die veranderinge wat in die goudbesit van die I.M.F. voorgekom het, onderskei.

-
- 1) Horsefield en Lovasy. Evolution of the Fund's policy on Drawings (In I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume II: Analysis), p.406-7).
 - 2) I.M.F. The International Monetary Fund (Volume III: Documents), p.240-2.

Die afname in die goudbesit van die I.M.F. ter waarde van S.T.R. 445,1 miljoen gedurende 1969 kan hoofsaaklik aan die goudverlies ingevolge Artikel VII, seksie 2(ii) toegeskryf word.¹⁾ Gedurende 1970 is sowat S.T.R. 282,8 miljoen se goud deur Suid-Afrika aan die I.M.F. verkoop ingevolge die Ooreenkoms van Desember 1969, en die toename van S.T.R. 193,7 miljoen in die goudbesit van die I.M.F. kan hoofsaaklik hieraan toegeskryf word. Gedurende 1971 is 'n toename van sowat S.T.R. 1 575,1 miljoen in die goudvoorraad van die I.M.F. ondervind. Benewens die groot toename in goudsubskripsies van S.T.R. 1 807,8 miljoen was 'n goudontvangste ter waarde van S.T.R. 400 miljoen uit die V.S.A. mede-verantwoordelik vir die netto toevloei. Laasgenoemde goudtoevloei van S.T.R. 400 miljoen vanuit die V.S.A. was die gevolg van 'n afname in beleggings in V.S.A.-sekuriteite van S.T.R. 800 na S.T.R. 400 miljoen.²⁾ Die netto toename van S.T.R. 992,6 miljoen in die goudvoorraad van die I.M.F. gedurende 1972 kan aan veral 2 faktore toegeskryf word, nl. eerstens, 'n verdere goudontvangste van S.T.R. 400 miljoen vanuit die V.S.A. en tweedens, het die terugkoop van geldeenhede met goud deur lidlande gedurende 1972 sowat S.T.R. 506,2 miljoen beloop. Uit Tabel 4.1 kom die belangrikheid al dan nie van die I.M.F. in die internasionale vloei van die monetêre goudvoorraad duidelik na vore.

1) Dié seksie maak daarvoor voorsiening dat van lidlande, van wie die geldeenhede as skaarsvalutas verklaar is, vereis kan word om die betrokke geldeenheid aan die I.M.F. vir goud te verkoop.

2) Id. Annual Report, 1971, p.167-8.

TABEL 4.1

GOUDTRANSAKSIES EN -AKTIWITEITE VAN DIE I.M.F., 30 APRIL: 1969-1973:¹⁾
(uitgedruk in miljoene S.T.R.'e)

	1969	1970	1971	1972	1973
<u>Toename in goudbesit as gevolg van:</u>					
Subskripsies	22,2	25,3	1 807,8	81,6	60,9
Terugkoop van geldeenhede deur lidlande	69,8	80,8	15,4	506,2	2,8
Heffings deur lidlande betaal	30,6	68,1	71,2	46,4	3,9
Heraanskaffing vanaf die V.S.A.	-	-	400,0	400,0	-
Aankope in terme van Artikel V, seksie 6(a)	-	289,0	389,6	105,0	-
(waarvan verkope deur Suid-Afrika)	-	(282,8)	(389,6)	(105,0)	-
<u>Totale toename</u>	122,6	463,2	2 684,0	1 139,2	67,6
<u>Afname in goudbesit as gevolg van:</u>					
Verkope ingevolge Artikel VII, seksie 2(ii)	547,0	250,0	1 085,8	121,2	-
(waarvan verkope ingevolge die 5e Kwotahersiening)	-	-	(564,1)	(7,5)	-
Rente op I.M.F.-lenings	17,1	17,0	14,3	2,7	-
Terugbetalings en betaling van heffings	3,7	2,4	-	-	-
Vergoeding aan lidlande betaal	-	-	8,8	22,7	28,5
<u>Totale afname</u>	567,7	269,4	1 108,9	146,6	28,5
<u>Netto toename of afname (-)</u>	-445,1	193,7	1 575,1	992,6	39,1

1) Ibid., p.168; en Id. Annual Report 1973, p.91.

4.2.6 Spesiale Trekkingsregte (S.T.R.'e)

4.2.6.1 Agtergrond¹⁾

Gedurende die sestigerjare het die oortuiging toegeneem dat 'n meer rasonale metode gevind moes word waarvolgens die volume internasionale likiditeit beheer kon word ten einde die internasionale monetêre stelsel daardeur te versterk. Die volume monetêre reserwes van lidlande van die I.M.F. is voor 1970 bepaal deur die betalingsbalanstekorte van sleutelvalutalande, die goudproduksie en die patroon van absorbering en verbruik daarvan, die inwisseling van goud en sleutelvalutas en fluktuasies in die reserwebates wat van die I.M.F.-transaksies afhanklik is (soos byvoorbeeld die goudtranche en krediettranches). Die vasberadenheid van sleutelvalutalande "to reduce or eliminate their balance of payments deficits supported the credibility of the argument that unconditional liquidity might not increase sufficiently to prevent global stagnation and deflation".²⁾ Daarbenewens het die langdurige tekort op die Amerikaanse betalingsbalans daartoe gelei dat die valutakomponent van internasionale monetêre reserwes onrusbarend toegeneem het.³⁾ Die produksie van goud het eweneens min tot die groei van internasionale monetêre reserwes bygedra, aangesien die grootste gedeelte van die goudproduksie in die sestigerjare deur oppotting en industriële verbruik geabsorbeer

-
- 1) Gold. The Amendments. (In I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume II: Analysis), p.595-9); Id. Special Drawing Rights: Character and use, p.1-11; Van der Valk, op. cit., p.91; en I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume I: Chronicle), p.541-45; 586-92; en 605-7.
 - 2) Gold. The Amendments. (In I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume II: Analysis), p.595).
 - 3) Id. Special Drawing Rights: Character and use, p.6; en paragraaf 4.4.

is.¹⁾

Die tekort aan internasionale monetêre reserwes kan aan die hand van enkele statistieke aangedui word.

- (a) Waar monetêre reserwes in 1958 sowat 57 persent van die waarde van invoere verteenwoordig het, het dié syfer in 1967 tot sowat 36 persent afgeneem.²⁾
- (b) Teenoor die jaarlikse toename van 8 persent in wêreldhandel, het die totale monetêre reserwes gedurende 1962 afgeneem (teenoor 'n jaarlikse toename van 3 persent in die 3 voorafgaande jare).³⁾ Dit was derhalwe duidelik dat, benewens die tekort aan internasionale likiditeit in die sestigerjare, ook die inherente onstabiliteit in die groei van monetêre reserwes as probleemterrein na vore gekom het.

Vier moontlike oplossings⁴⁾ is aan die hand gedoen waarvolgens in die tekort aan internasionale likiditeit voorsien kon word, t.w.

- (a) swewende wisselkoerse;
- (b) 'n verhoging in die amptelike goudprys;
- (c) 'n verhoging in die leenkapasiteit van tekortlande; en
- (d) die skepping van 'n nuwe reserwekomponent.

Na vele geskilpunte uit die weg geruim is, is eindelik op (d) besluit. 'n Kort dokument getitel *Outline of a Facility Based*

1) Vergelyk paragraaf 2.3.3.

2) Gold, op. cit., p.7.

3) I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume I: Chronicle), p.541.

4) Hoofstuk 6 word aan internasionale hervormingsplanne gewy.

on Special Drawing Rights in the Fund het die basiese terme en kenmerke van 'n "facility ... intended to meet the need, as and when it arises, for a supplement to existing reserve assets", uiteengesit.¹⁾

Tydens die 22-ste Jaarvergadering van die I.M.F. in September 1967 te Rio de Janeiro het die Raad van Goewerneurs van die I.M.F. 'n resoluëie aanvaar in terme waarvan die Uitvoerende Direkteure versoek is om met hul werk met betrekking tot genoemde fasiliteit voort te gaan.²⁾ Die fasiliteit moes binne die raamwerk van bogenoemde uiteensetting gevestig word; daarbenewens moes die nodige amendemente tot die statute van die I.M.F., wat nodig sou wees om dië fasiliteit daar te stel, aan die Raad van die I.M.F. voorgelê word. Na 6 maande is bogenoemde uiteensetting in 'n wettige instrument, in die vorm van voorgenoemde amendement, omskep en saam met 'n verslag van die Uitvoerende Direkteure aan die Raad van Goewerneurs in April 1968 voorgelê. Aan die einde van Mei 1968 is 'n resoluëie deur die Raad van die I.M.F. aangeneem waarvolgens die voorgestelde amendemente goedgekeur is. Die voorstelle het effektief as amendement tot die Artikels van Ooreenkoms³⁾ van die I.M.F. op 28 Julie 1969 begin funksioneer nadat 60 persent van die 111 lidlande, met 80 persent stemreg, dit aanvaar het.

Soos duidelik uit voorgaande blyk, het Spesiale Trekkingsregte (of papiergoud) nie as tydelike noodmaatreël ontwikkel nie. Inteendeel, "it was the culmination of over five years of

1) Gold, op. cit., p.10.

2) Loc. cit.

3) I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume III: Documents), p.525-538.

laborious, and at time acrimonious, negotiations, and it marked a major breakthrough toward a more rational organization of the international monetary system".¹⁾

Vervolgens sal die belangrikste kenmerke en gebruike van S.T.R.'e, wat ook as "papiergoud"²⁾ bekend staan, kortliks ontleed word. Die verband tussen goud en papiergoud sal telkens uitgelig word.

4.2.6.2 Die aard en kenmerke van S.T.R.'e³⁾

4.2.6.2.1 Aard van S.T.R.'e

Die Spaanse vertaling⁴⁾ van Spesiale Trekkingsregte is "derechos especiales de giro" wat die essensiële kenmerk van die skema baie duidelik toelig. Die term "trekkings" dui daarop dat minder in die stelsel oorbly nadat sekere "regte" uitgeoefen is. Die woord "giro" aan die ander kant, dui op oordragte van een rekening na 'n ander, "a gyration or circulation of amounts that, once created, remain in existence".⁵⁾ 'n Giroreg wat deur sy eienaar uitgeoefen word, word slegs na 'n ander houer oorgeplaas. S.T.R.'e bestaan dus slegs as boekhouinskrywings wat in 'n spesiale grootboek by die I.M.F. te Washington aangeteken word.

1) Davidson en Weil. The Gold War, p.178.

2) Loc. cit.

3) Gebaseer op: I.M.F., loc. cit.; en Id. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume I: Chronicle), p.605-7.

4) Machlup. Remaking the International Monetary System: The Rio Agreement and beyond, p.13.

5) Loc. cit.

Die doel van S.T.R.'e is om as aanvulling tot bestaande reserwebates te dien.¹⁾ S.T.R.'e is dus nie veronderstel om bestaande reserwebates te vervang in die sin dat monetêre owerhede die besit daarvan as substituuat vir ander reserwebates kan weier nie. Dienooreenkomstig word lidlande ingevolge die statute nie verplig om S.T.R.'e as reserwebates te beskou nie - "... and each may decide for itself how it will regard these rights for the purposes of domestic law or policy".²⁾ Die I.M.F. beskou S.T.R.'e as 'n komponent van reserwes en lede kan dit dus by monetêre reserweopgawes insluit.

4.2.6.2.2 Deelname

Deelname aan die S.T.R.-skema is oop vir alle lidlande van die I.M.F. wat die gepaardgaande obligasies aanvaar. Die allokasie van S.T.R.'e word op grond van hul I.M.F.-kwotas aan lidlande gemaak, en toekennings word jaarliks gemaak. Allokasiebesluite word 5-jaarliks geneem, met die verstandhouding dat 'n lidland sodanige toekenning kan weier, in welke geval dié land nie ten gunste van die besluit gestem het nie.

4.2.6.2.3 Die goudwaarde-waarborg van S.T.R.'e

Ingevolge Artikel XXI, seksie 2 van die Artikels van Ooreenkoms, "the unit of value of special drawing rights shall be equivalent to 0,888 671 gram of fine gold".³⁾ Dit is terselfdertyd die ekwivalent van die goudpariteit van die V.S.A.-dollar in gewig en grein soos op 1 Julie 1944. Daarbenewens is die bepalings van Artikel IV, seksie 8 van die statute ook op S.T.R.'e van

-
- 1) Vir 'n breedvoerige bespreking oor die aspek van S.T.R.'e raadpleeg Gold. Special Drawing Rights: The role of language, p.11-25.
 - 2) Id. Special Drawing Rights: Character and use, p.26-7.
 - 3) I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume III: Documents), p.525.

toepassing.¹⁾ Dit hou dus in dat alle lidlande wat S.T.R.'e ontvang, hetsy deur toekenning of vanweë oordragte, daarvan verseker is dat die goudinhoud van die S.T.R. gehandhaaf sal word en wat dus die moontlikhede van verliese elimineer.

Die handhawing van die goudinhoud van S.T.R.'e kan egter onder sekere omstandighede wel verliese vir S.T.R.-eienaars meebring. In dié verband beweer Machlup:²⁾ "In the case of a sharp increase in the price of gold (in terms of national currencies), countries that have used large portions of their SDR's might have to reconstitute them, sooner or later, at prices much higher in terms of exports and imports that prevailed at the time they drew down their balances". In die geval van 'n verlagings in die goudprys sal lande wat groot hoeveelhede S.T.R.'e geakkumuleer het, verliese in terme van reële koopkrag ly. Indien die devaluasies van die dollar in Desember 1971 en Februarie 1973, die eerstes sedert 1934, as maatstaf geneem word, klink bogenoemde probleme nie meer sō vergesog nie.

Die Uitvoerende Direkteure het gedurende 1974 'n besluit³⁾ geneem ingevolge waarvan die waarde van die S.T.R. vanaf 1 Julie 1974 voorlopig op grond van 'n standaardmandjiesstelsel waardeur word, tot tyd en wyl die I.M.F.-statute gewysig word. Vanaf genoemde datum word EEN S.T.R. (vir wisselkoersdoeleindes) gelyk gestel aan die "mandjie" van geldeenhede met die volgende komposisie (in persentasie uitgedruk):

1) Ibid., p.191.

2) Machlup, op. cit., p.30.

3) Anon. SDR valued by 16 Currencies. I.M.F. Survey, 17 Junie 1974, p.185; en Cutler. The valuation of the SDR Euromoney, Augustus 1974, p.27-31.

Verenigde State	33
Duitsland	12,5
Verenigde Koninkryk	9
Frankryk	7,5
Japan	7,5
Kanada	6
Italië	6
Nederland	4,5
België	3,5
Swede	2,5
Australië	1,5
Spanje	1,5
Noorweë	1,5
Denemarke	1,5
Oostenryk	1
Suid-Afrika	1
	100

Bogenoemde geweegde waardasie van 'n S.T.R. is op die onder= skeie lande se benaderde deelname aan internasionale transaksies gebaseer, met genoemde lande se aangepaste gemiddelde uitvoere van goedere en dienste gedurende die 1968-1972-periode as uit= gangspunt.

4.2.6.2.4 Beperkings op gebruike en aanvaarbaarheid

S.T.R.'e as sodanig, kan nie direk in goedere- en dienstetransak= sies gebruik word nie, maar kan aangewend word om bruikbare bui= telandse valuta te bekom. 'n Deelnemer kan S.T.R.'e gebruik om ander valuta te bekom, dog mag laasgenoemde slegs vir be= talingsbalansdoeleindes en nie om die komposisie van hul monetêre reserwes te verander nie, aanwend. Laasgenoemde hou dus

in dat 'n deelnemer nie addisioneel verkreë S.T.R.'e in goud kan omwissel ten einde die goudkomponent van sy reserwes daarmee te verhoog nie.

- Gedurende die eerste basiese periode van 5 jaar word van S.T.R.-deelnemers vereis dat die gemiddelde netto gebruik van S.T.R.'e gedurende dié periode nie 70 persent (as daaglikse gemiddeld bereken) van sy S.T.R.-toekenning mag oortref nie. Daarbenewens word geen deelnemer op enige stadium verplig om meer as twee maal sy kumulatiewe S.T.R.-toekenning by wyse van S.T.R.'e te aanvaar nie.

4.2.6.2.5 S.T.R.'e en rentekoers

'n "Billike" rentekoers is op S.T.R.-houdings van toepassing.

4.2.6.3 Aanvanklike S.T.R.-toekennings

Die eerste S.T.R.-allokasie is op 1 Januarie 1970 aan 104 lid=lande van die I.M.F. gedoen, teen 'n toekenningskoers van 16,8 persent van hul onderskeie kwotas.¹⁾ Dié allokasie het sowat S.T.R. 3 414 miljoen²⁾ beloop, waarvan die V.S.A. sowat S.T.R. 867 miljoen ontvang het. Gedurende die periode vanaf Januarie tot Junie 1970 is sowat S.T.R. 549 miljoen deur 46 van die S.T.R.-deelnemers in transaksies gebruik.

Gedurende die periode 1 Januarie 1970 tot 30 Junie 1971 is S.T.R.'e as bruikbare en aanvaarbare reserwebates in transaksies tussen deelnemers onderling, en tussen deelnemers en die I.M.F. gevestig. Die I.M.F. kom tot die slotsom dat "... par=

1) I.M.F. Annual Report, 1970, p.29.

2) Die effek hiervan was 'n 5-persenttoename in offisiële wêreldreserwes.

ticipants have been willing to hold and acquire them and have been able to use them readily to obtain needed foreign exchange".¹⁾

Die S.T.R.-toekennings van S.T.R. 2 949 miljoen wat op 1 Januarie 1971 gemaak is, het die totale monetêre reserwes in 1971 met sowat 3,6 persent verhoog.²⁾ S.T.R.-eienaars het gedurende die tydperk 1 Januarie 1970 tot 30 April 1971 van S.T.R. 1 450 miljoen in internasionale transaksies gebruik gemaak.

Alhoewel die periode vanaf Mei 1971 tot April 1972 deur heelwat sturinge in die internasionale monetêre stelsel gekenmerk is, was deelnemers steeds in staat om S.T.R.'e in die verkryging van valuta en die terugkoop van geldeenhede van die I.M.F. te gebruik.³⁾ Die derde en finale S.T.R.-allokasie van die eerste basiese periode is op 1 Januarie 1972 gemaak. Dié toekenning was S.T.R. 2 952 miljoen wat aan 112 deelnemers gemaak is teen die ekwivalent van 10,6 persent van hul onderskeie I.M.F.-kwotas.⁴⁾ S.T.R.-eienaars het gedurende die periode vanaf 1 Mei 1971 tot 30 April 1972 sowat S.T.R. 1 178 miljoen in oordragte gebruik, in vergelyking met die S.T.R. 518 miljoen in die daaropvolgende fiskale jaar.⁵⁾ Die afname in die gebruik van S.T.R.'e in die 1972/73-boekjaar kan aan die volgende faktore⁶⁾ toegeskryf word: 'n relatiewe groot

1) Id. Annual Report, 1971, p.38.

2) Loc. cit.

3) Id. Annual Report, 1972, p.40.

4) Loc. cit.

5) Id. Annual Report, 1973, p.48.

6) Ibid., p.49.

aantal deelnemers het geen betalingsbalansbehoefte ten opsigte van die verkryging van valuta ondervind nie; 'n algemene behoefte om S.T.R.'e op te berg ten tye van wisselkoersonsekerhede; die afwesigheid van 'n verdere S.T.R.-toekenning; en die toenemende behoefte by deelnemers om aan die rekonstitusievereistes te voldoen.

4.2.6.4 Goud en papiergoud

Menings oor die invloed wat die skepping van S.T.R.'e op die monetêre rol van goud behoort te hê, verskil. Twee belangrike denkrigtings kan in diê verband onderskei word:

- (a) Die een groep, onder leiding van die V.S.A., gaan van die standpunt uit dat die skepping van S.T.R.'e die demonetisasie van goud gestimuleer het. Hulle beweer dat papiergoud slegs 'n boekhouinskrywing is wat weinig met goud te make het. In 1969 het Takeo Fukuda,¹⁾ van Japan die volgende beweer: "With the activation of SDR's, gold will surely become less important as international liquidity". G.P. Schultz,²⁾ van die V.S.A., stel dit enigszins sterker: "I do believe orderly procedures are available to facilitate a diminishing role of gold in international monetary affairs in the future". Dié skool veronderstel dus dat die oninwisselbaarheid van S.T.R.'e in goud inhou dat goud gedemonetiseer word.

-
- 1) Fukuda. Statement by the Governor of the Fund and Bank for Japan (In I.M.F. Summary Proceedings, Annual Meeting 1969, p.32).
 - 2) Shultz. Statement by the Governor of the Fund and Bank for the United States (In I.M.F. Summary Proceedings, Annual Meeting 1972, p.39).

- (b) Die ander groep, onder leiding van Suid-Afrika, gaan van die standpunt uit dat die skepping van S.T.R.'e die monetêre rol van goud gestimuleer het. Tydens die Jaarvergadering van die I.M.F. in 1969 het N. Diederichs¹⁾ die saak soos volg opgesom: "The coming of SDR's does not mean that gold is being 'phased out'. On the contrary, as the largest single element and strongest component of world liquidity, gold's importance becomes even greater". Pierre Werner²⁾ van Luxembourg beweer dat S.T.R.'e op die oomblik en binne die afsienbare toekoms slegs as superstruktuur wat op bestaande reserwe= middele gebaseer is, sal funksioneer. Ten opsigte van die rol van goud beweer Werner: "Gold, ..., cannot quickly be dismissed as a fundamental reserve asset and remains, above all, an anchor of stability and a value of refe= rence".³⁾

S.T.R.'e is dus, soos die veronderstelling was, komplemente en nie substitute nie, van bestaande reserwebates. Die formele definiering van S.T.R.'e in terme van goud bevestig weer eens die onvervangbare monetêre rol van goud. Alhoewel die prak= tiese rol van goud vanweë kunsmatige beperkings - die dalende reële amptelike goudprys was die resultaat hiervan - sedert 1934 afgeneem het, het dit in belangrikheid toegeneem as anker en basis van die internasionale monetêre stelsel. Bogenoemde koppeling tussen goud en S.T.R.'e asook die fundamentele rol

-
- 1) Diederichs. Statement by the Governor of the Fund and Bank for South Africa (In I.M.F. Summary Proceedings, Annual Meeting 1969, p.120).
- 2) Werner. Statement by the Governor of the Fund and Bank for Luxembourg (In I.M.F. Summary Proceedings, Annual Meeting 1969, p.123).
- 3) Loc. cit.

van goud in die I.M.F. is onteenseglike bewyse hiervan. Diederichs¹⁾ wys tereg daarop dat die Verslag van die Uitvoerende Direkteure daarvoor bekend is dat die belangrike rol van goud in die huidige monetêre stelsel erken word: "The Report rightly draws attention to the 'tradition, universal use, limited production, and physical characteristics of gold', and to the point that 'gold is the only international asset held by monetary authorities that is not a liability of another monetary institution and that, in addition, it is the only instrument of reserves that is subject to complete national control'".

4.2.7 Die swakhede van die Bretton Woods-Ooreenkoms

Dit is redelik algemeen aanvaar dat die naoorlogse internasionale monetêre stelsel binne die raamwerk van die I.M.F. en die goudwisselstandaard sou funksioneer. Indien die eien-skappe²⁾ van die goudwisselstandaard egter in aanmerking geneem word, blyk dit dat dié standaard slegs vanaf 1961 tot 1968 van krag was.³⁾ Gedurende dié tydvak het 'n afspraak tussen 'n aantal sentrale banke (die Londense goudpoel) bestaan " ... om de goudprijs op de vrije goudmarkt te Londen voortdurend te houden op 35 dollar per troy ons fijn, en daarvoor zo nodig goud uit de monetaire voorraden ter beschikking te stellen".⁴⁾ Volgens Korteweg en Keesing⁵⁾ het die goudwisselstandaard voor

-
- 1) Diederichs. Statement by the Governor of the Fund for South Africa (In I.M.F. Summary Proceedings, Annual Meeting 1972, p.75).
 - 2) Vergelyk paragraaf 1.3.
 - 3) Korteweg en Keesing, op. cit., p.367.
 - 4) Loc. cit.
 - 5) Loc. cit.

1961 en na 1968 nie gegeld nie, maar is die internasionale betalingsmeganisme gebaseer op 'n samestelling van afsprake betreffende die vereffening van onderlinge internasionale saldo's met behulp van goud (waarop 'n monetêre verrekeningsprys van \$35 per fynons van toepassing was).

Milton Gilbert¹⁾ beweer egter dat 'n beter benaming vir die internasionale monetêre stelsel wat ná Bretton Woods ontwikkel het, die "gouddollarstelsel" sou wees. Hy grond dié benaming op die praktyk dat die 2 belangrikste komponente van internasionale monetêre reserwes, nl. goud en die V.S.A.-dollar, inwisselbaar was.

Paul Einzig²⁾ het geen beswaar teen die benaming "goudwisselstandaard" tot en met die middel van die sestigerjare nie. Tot op daardie stadium was dollars in offisiële besit wel in goud inwisselbaar, met die gevolg dat 'n goudwisselstandaard=variasie wel tot op genoemde tydstip van toepassing was.

Einzig wys egter op die oninwisselbaarheid van dollars in private besit en toenemende oninwisselbaarheid van dollars in offisiële besit ná die middel van die sestigerjare, en voer aan dat besware teen die algemeen aanvaarde benaming van "goudwisselstandaard" ingebring kan word. Hy beweer dat dit ná die middel van die sestigerjare meer korrek sou wees om die internasionale monetêre stelsel as die "dollarwisselstandaard" te beskryf, "... not only because currencies were

1) Gilbert. The Gold-dollar system: conditions of equilibrium and the price of gold, p.1.

2) Einzig. The destiny of gold, p.52.

convertible into dollars rather than into gold but also because the dollar assumed the role of the principle currency for international purposes".¹⁾ Dié toenemende prominensie van die dollar as internasionale betaalmiddel was egter die resultaat van die volgehoue vaspenning van die amptelike goudprys op \$35 per fynons.

Op grond van die voorafgaande bespreking is dit dus duidelik dat die internasionale monetêre stelsel ná 1945 aan voort=
durende fundamentele veranderings onderworpe was. Vóór 1961 was die monetêre stelsel op 'n samestelling van afsprake gebaseer; tussen 1961 en 1968 het 'n goudwisselstandaardvariasie die basis gevorm; en ná 1968 tot en met 15 Augustus 1971 was die internasionale monetêre stelsel op die sg. "dollarwisselstandaard" gebaseer. Ná 15 Augustus 1971 het die internasionale monetêre stelsel van variasies van beheerde tot vryfluktuerende wisselkoerse verander.

Die opskorting van die Bretton Woods-stelsel op 15 Augustus 1971 was die resultaat van fundamentele swakhede wat in die struktuur van die Bretton Woord-Ooreenkoms opgesluit was. Dié swakhede word nou aan die hand van die monetêre rol van goud ontleed.

4.2.7.1 Ontoereikende wisselkoersmeganisme

In terme van die Bretton Woods-Ooreenkoms was wisselkoersaanpassings op grond van internasionale betalingsprobleme nie outomaties van aard nie. Lande met betalingsbalanstekorte kon vir baie jare wisselkoersaanpassings ontwyk, terwyl surpluslande sodanige aanpassings bykans onbepaald op die lange baan kon skuif. "Currency devaluations and revaluations came only after

1) Loc. cit.

all else had failed: 'Not even at the 11th hour, but at the 13th hour', in the words of a European banker".¹⁾ Daar= benewens het die sentrale rol wat die dollar in internasionale monetêre reserwes gespeel het, enige wisselkoersaanpassing van dié geldeenheid bykans onmoontlik gemaak.

In die praktyk het dit daarop neergekom dat die V.S.A.-dollar as die belangrikste sleutelvaluta (met 'n vaste pariteit) ontwikkel het, terwyl die ander belangrike geldeenhede gepoog het om hul pariteite te handhaaf, dikwels ten spyte van langdurige onewewigtighede.²⁾ Root som hierdie situasie soos volg op: "This almost rigid adherence to exchange parities encouraged speculation, provoked crises, and delayed adjustment".³⁾

Vanaf Januarie 1947 tot Junie 1970 het 'n geringe aantal wisselkoersaanpassings in die belangrikste geldeenhede voorgekom.⁴⁾ Daarbenewens was sodanige wisselkoersaanpassings gewoonlik in 'n afwaartse rigting, wat sodoende wisselkoers=appresiasies van die V.S.A.-dollar ingehou het. Met die uitsondering van die Switserse frank en Japannese jen (wat hul pariteite gehandhaaf het) het alle geldeenhede gedurende bo=genoemde tydperk in terme van die V.S.A.-dollar gedepresieer.⁵⁾ Die gevolg was dat die dollar in terme van ander geldeenhede geappresieer het, ten spyte daarvan dat die dollar gedurende die sestigerjare oorwaardeer was. Die V.S.A. is dus tot 'n unilaterale wisselkoersaksie gedwing ten einde die verlangde

1) Anon. Why the system broke down. Business Week, 2195:84, September 1971.

2) Root. International Trade and Investment, p.489.

3) Loc. cit.

4) Loc. cit.

5) Loc. cit.

internasionale wisselkoersaanpassings te bewerkstellig.

Ten spyte van die feit dat, om bogenoemde probleme die hoof te kan bied, wisselkoersvoorstelle wissel van vry-fluktuierende wisselkoerse tot 'n gewysigde vorm van die pariwaardestelsel, bestaan daar algemene eenstemmigheid dat "... more frequent, prompter and therefore smaller adjustments in exchange rates would serve the system better. In the past governments have tended to wait too long before adjusting their exchange rates, with the result that substantial disequilibrium situations built up which ultimately required large and disruptive adjustments".¹⁾

4.2.7.2 Die voorsiening van internasionale likiditeit

Internasionale likiditeit bestaan uit die internasionale aanbod van "verdiende" reserwes (goud, buitelandse valuta en ander bates soos S.T.R.'e) en "geleende" reserwes (fasiliteite om verdiende reserwes te leen) waarmee betalingsbalanstekorte gefinansier kan word. Onder die regime van die Bretton Woods-stelsel het die struktuur van internasionale monetêre reserwes 'n radikale verandering ondergaan: Die rol van goud het vanaf 69 persent in 1948 tot 30 persent in 1971 afgeneem, terwyl die rol van buitelandse valuta²⁾ in internasionale monetêre reserwes vanaf 28 persent in 1948 tot 60 persent in 1971 toegeneem het.³⁾

Die basiese oorsake van dié struktuurverandering, asook die ekonomiese konsekwensies daarvan word nou ontleed.

-
- 1) De Jongh. International monetary developments - with special reference to the role of gold, p.3.
 - 2) In 1971 het die V.S.A.-dollar sowat 66 persent van buitelandse valuta in internasionale reserwes verteenwoordig: Root, op. cit., p.487.
 - 3) Tabel 4.3.

Gedurende die 1945-1961-tydvak het die daling in die reële goudprys tot 'n relatiewe toename in die private vraag (hoofsaaklik met die oog op industriële gebruik) na goud gelei. Daarbenewens het monetêre outoriteite slegs tot die goudmarkte toegetree in gevalle waar die goudprys benede \$35 per fynons sou daal. Die gevolg was "... dat de monetaire goudvoorraden in dit tijdvak wel enigszins zijn toegenomen, maar veel minder dan de andere internationale liquiditeiten".¹⁾ Voortdurende stygings in die Londense goudprys gedurende 1960 het tot die oprigting van die Londense goudpoel gedurende 1961 gelei.²⁾ Die goudpoel, wat ten doel gehad het om die Londense goudprys op \$35 per fynons te stabiliseer, het tot 1967 redelik suksesvol gefunksioneer.³⁾ Groot goudverliese deur die goudpoel (vanweë hernieude druk op die pond en die dollar) vanaf 1967 het egter aanleiding gegee tot die beëindiging van dié ooreenkoms op 16 Maart 1968.⁴⁾ Die gevolg was dat die monetêre goudvoorraad vanaf 1961 tot Maart 1968 geen toename getoon het nie. Die instelling van die tweeledige goudprysstelsel gedurende Maart 1968 het die monetêre goudvoorraad feitlik onveranderd gelaat; daarbenewens is die bestaande monetêre goudvoorraad bykans geheel en al ten opsigte van internasionale ver-
rekening bevries.⁵⁾ Die resulterende tekort aan internasionale likiditeit is hoofsaaklik met sleutelvalutas (veral met die V.S.A.-dollar) aangevul.

Die Bretton Woods-stelsel het dus sodanig gefunksioneer dat

- 1) Korteweg en Keesing, loc. cit.
- 2) Vergelyk paragraaf 4.3.2.
- 3) Korteweg en Keesing, op. cit., p.368.
- 4) Loc. cit.
- 5) Vergelyk paragrawe 4.3.2 en 4.3.3.

"... most of the growth in international reserves has come from an increase in U.S. liabilities to foreign central banks".¹⁾ Hierdie groei in V.S.A.-verpligtinge was egter onbeplan en die resultaat van Amerikaanse betalingsbalanse= korte wat weinig gemeen gehad het met die vereiste internasionale likiditeitsbehoefte. In gevalle van Amerikaanse betalingsbalanssurplusse sou die dollarbalanse verminder het, ongeag die behoefte aan internasionale likiditeit. Die dollar kon in elk geval nie op die lang termyn die tekort aan internasionale likiditeit aanvul nie, en wel vanweë die inherente teenstrydigheid wat in die goudwisselstandaard opgesluit is. Root lig dié saak soos volg toe: "A sustained increase in the official liabilities of the central reserve country would eventually reduce the gold cover below 100 percent (as happened to the dollar in the mid-1960's) and a continuing increase would cause a progressive loss of confidence in the gold convertibility of the reserve currency".²⁾ Die volgehoue omwisseling van dollarbalanse in goud (in gevalle van vertrouenskrisisse) het die volgende effek:

- (a) die aanbod van internasionale likiditeit neem af;³⁾
- (b) die goudwisselstandaard kan ineenstort;⁴⁾ en
- (c) die sleutelvalutaland kan die goudinwisselbaarheid van sy geldeenheid opskort⁵⁾ - soos op 15 Augustus 1971 deur die V.S.A. aangekondig is.

1) Root, op. cit., p.486.

2) Loc. cit.

3) Reiersen. The question of international liquidity, p.7.

4) Root, loc. cit.

5) Loc. cit.

Die likiditeitsprobleem¹⁾ van die Bretton Woods-Ooreenkoms was dus tweërlei van aard, nl.

- (a) op die kort termyn is internasionale likiditeit van wisselvallige fluktuasies in die Amerikaanse betalingsbalans afhanklik; en
- (b) op die lang termyn kan nie op die dollar peil getrek word om nuwe internasionale likiditeit te verskaf nie.

Die V.S.A.-dollar kon dus slegs as belangrikste sleutelvaluta funksioneer solank dit relatief sterk gestaan het in vergelyking met ander geldeenhede, sodat dollars in onbeperkte hoeveelhede buite die V.S.A. aanvaar is. Dié likiditeitsprobleem, wat die belangrikste oorsaak van die opskorting van die Bretton Woods-Ooreenkoms op 15 Augustus 1971 was, was die resultaat van die relatiewe afname in die rol van goud as internasionale reserwebate.

4.2.7.3 Destabiliserende korttermynkapitaalsvloei²⁾

'n Derde swakheid in die Bretton Woods-stelsel was die destabiliserende vloei van korttermynkapitaal tussen die belangrikste finansiële sentra sedert die begin van die sestigerjare. 'n Ware internasionale kapitaalmark (gebaseer op Eurodollars) het ontwikkel en 'n groot poel likiede fondse daargestel, "... which could be rapidly switched from one center to another in response to interest-rate differentials (interest arbitrage) or to expected adjustments in exchange rates".³⁾ Dié snelle oordrag

1) Ibid., p.487.

2) Ibid., p.489.

3) Ibid., p.489 en 491.

van groot hoeveelhede korttermynkapitaal van een finansiële sentrum na 'n ander het twee belangrike konsekwensies gehad, nl.

- (a) die vryheid waarmee nasionale outoriteite van monetêre beleid gebruik kan maak ter bereiking van binnelandse stabilisasie, word aansienlik beperk - die konflik tussen interne en eksterne ewewig word geïntensiveer; en
- (b) die hoë graad van internasionale mobiliteit van dié likiede kapitaal het 'n destabiliserende effek op internasionale valutamarkte.

Dié omvangryke internasionale vloei van spekulatiewe korttermynkapitaal wat gedurende die sestigerjare ontwikkel het, is in 'n groot mate vergemaklik deur die snelle groei van die Eurodollarmark.

Tydens 'n simposium insake internasionale monetêre hervorming wat gedurende Oktober 1973 in Johannesburg gehou is, is die oorsake van die opskorting van die Bretton Woods-stelsel deur verskeie sprekers ontleed. Rinaldo Ossola¹⁾ van Italië het, soos dit gebruiklik geword het, begin deur hulde te bring aan die Bretton Woods-stelsel, maar het dit ook gekritiseer. Hy is van mening dat "... the inefficiency of the adjustment process was the paramount deficiency of the Bretton Woods system".²⁾ Daarbenewens skryf hy die ineenstorting van dié stelsel ook aan die afwesigheid van 'n matige groei in netto

1) Ossola. The shape of International monetary reconstruction. (In Institute of Directors. International monetary reconstruction, p.6).

2) Loc. cit.

internasionale likiditeit toe. Ossola beweer in hierdie verband: "The supply of monetary gold was inadequate with the consequence that reserve centre deficits were necessary to the system, leading to the well-known Triffin delirium".¹⁾ Ossola het dus nie slegs die V.S.A. verantwoordelik gehou vir die opskorting van die Bretton Woods-stelsel nie, maar het ook heelwat kritiek aan die adres van die Bretton Woods-stelsel as sodanig en aan surpluslande gerig.²⁾ Aschinger³⁾ het 'n meer positiewe houding teenoor die Bretton Woods-stelsel ingeneem en het heelwat van die blaam op die Amerikaanse betalingsbalanstekorte geplaas. Gerhard de Kock⁴⁾ het die verskillende standpunte soos volg saamgevat: "I think there was general agreement, with differences of emphasis, of course, that the persistent U.S. deficits had much to do with the breakdown of the Bretton Woods system".

Dat die voortdurende Amerikaanse betalingsbalanstekorte veel te make gehad het met die ineenstorting van die Bretton Woods-stelsel is sekerlik waar, maar dit sou misleidend wees om die inherente swakhede van die Bretton Woods-Ooreenkoms in dié verband buite rekening te laat. Ingevolge die Bretton Woods-stelsel is die amptelike goudprys op \$35 per fynons vasgepen - sodat goud die funksie van internasionale rekeneenheid kon vervul - wat tot 'n relatiewe daling in die rol van goud as internasionale reserwebate gelei het. Die resulterende toeneemende behoefte aan internasionale likiditeit is met behulp van

1) Loc. cit.

2) De Kock. The shape of international monetary reconstruction. (In Institute of Directors. International monetary reconstruction, p.29).

3) Loc. cit.

4) Loc. cit.

die V.S.A.-dollar aangevul. Die volgehoue Amerikaanse betalingsbalanstekorte was dus 'n funksie van die relatiewe afname in die rol van goud as internasionale betaalmiddel.

4.3 GOUD EN ANDER MONETÊRE VERWIKKELINGE SEDERT 1945

Ten einde die rol van goud in ander internasionale monetêre praktyke, ooreenkomste en verwikkelinge sedert 1945 (wat buite die formele raamwerk van die I.M.F. val) te ontleed, is 'n chronologiese analise van die belangrikste monetêre gebeure sedert daardie datum nodig. Alhoewel nie alle sodanige gebeure direk aan goud gekoppel kan word nie, word sekere belangrike internasionale monetêre verwikkelinge nogtans kortliks bespreek vir ontledingsdoeleindes. Die gebeure wat wel direk aan goud gekoppel kan word, word egter meer breedvoerig aangesny.

4.3.1 Die tydperk, 1945-1958

Tydens die V.V.-Monetêre en -Finansiële Konferensie wat vanaf 1 tot 22 Julie 1944 te Bretton Woods gehou is, is besluit om die Internasionale Monetêre Fonds en die Internasionale Bank vir Heropbou en Ontwikkeling op te rig, met die doel om die effektiewer funksionering van die internasionale betalingsme-ganisme te verseker. Beide die I.M.F. en die Internasionale Bank vir Heropbou en Ontwikkeling (die Bank) is amptelik op 27 Desember 1945¹⁾ gevestig nadat 'n voldoende aantal lidlande, wat gesamentlik 'n sekere gedeelte van die kapitaal verteenwoordig het (80 persent in geval van die I.M.F. en 65 persent in geval van die Bank), die Artikels van Ooreenkoms van beide

1) Paragraaf 4.2.3; en Van Meerhaeghe. International economic institutions, p.22.

instansies goedgekeur het.¹⁾

Ten einde die funksies van die Bank uit te brei het 2
geaffilieerdes van die Bank mettertyd die lig gesien, nl.:

(a) Die Internasionale Finansiekkorporasie op 20 Julie
1956;²⁾ en X

(b) die Internasionale Ontwikkelingsassosiasie op 24
September 1960.³⁾ X.

Op 9 Mei 1947 is die Benelux-doeaneooreenkoms tussen België,
Nederland en Luxemburg onderteken waarvolgens "greater freedom
of trade in agricultural commodities between the Benelux
countries, subject to the observance of certain minimum prices",
van krag geword het.⁴⁾ Dit het op die beskerming van die Bel-
giese en Luxemburgse landbousektore teen die meer mededingende
Nederlandse landbousektor neergekom.

Gedurende Julie-Augustus van 1947⁵⁾ is gepoog om terug te keer
tot die inwisselbaarheid van die Britse pond. Dié poging het
egter na slegs 7 weke skipbreuk gely. In terme van die Anglo-
Amerikaanse Finansiële Ooreenkoms van 1945 het die regering
van die Verenigde Koninkryk met die V.S.A. ooreengekom om,
behoudens sekere uitsonderings, ná 15 Julie 1947 geen beperkings

- 1) J.M. Keynes omskryf die doel van die Bank soos volg: "It will be the duty of the Bank, by wise and prudent lending, to promote a policy of expansion of the world's economy in the sense in which this term is the exact opposite of inflation". Ibid., p.56.
- 2) Ibid., p.71.
- 3) Ibid., p.77.
- 4) Ibid., p.170.
- 5) Van der Valk, op. cit., p.126.

op betalings en oordragte vir lopende transaksies in te stel nie en "would permit the current sterling receipts of sterling area countries to be used in any currency area without discrimination".¹⁾ Gedurende die maande wat genoemde datum voorafgegaan het, is stappe deur die Verenigde Koninkryk gedoen om die oordraagbaarheid van bestaande sterling uit te brei, asook om sy inwisselbaarheidsverpligtings na te kom. Die opheffing van sekere oorlogse beperkings op die oordraagbaarheid van sterling is van tyd tot tyd aangekondig.²⁾ Bogenoemde ooreenkoms het egter nie die opheffing van alle handelsbeperkings ingehou nie. In- en uitvoerbeperkings asook valutabeheer ten opsigte van sekere kapitaalitems is steeds gehandhaaf.

(Vanaf die begin van Julie 1947³⁾ het die goud- en dollarbestedings van die Verenigde Koninkryk snel toegeneem. Gedurende Julie en Augustus van 1947 was die benutting van Amerikaanse en Kanadese krediete deur die Verenigde Koninkryk gelykstaande aan dié van die voorafgaande ses maande. Daarbenewens het die dollaruitgawes ook gestyg vanweë die groeiende tekort wat die Verenigde Koninkryk en die res van die sterlinggebied met die dollargebied ondervind het.

Bogenoemde dreinerings van die Verenigde Koninkryk se internasionale reserwes was so groot dat dié land op 21 Augustus 1947 "withdrew the facility of freely transferring sterling from Transferable Accounts to American or Canadian Accounts, while at the same time eliminating Canadian Transferable Accounts".⁴⁾ Nā bogenoemde opskorting van die sterling-dollar-inwisselbaar-

1) I.M.F. Annual Report 1948, p.30.

2) Loc. cit.

3) Ibid., p.31.

4) Loc. cit.

heid het sterling steeds oor 'n wye gebied oordraagbaar gebly. Die Britse owerheid het dit duidelik gestel dat die opskorting van sterlinginwisselbaarheid slegs as 'n tydelike noodmaatreël beskou moes word en dat die langtermyn doel steeds die inwisselbaarheid van die pond voorop gestel het.

Dié Britse ondervinding het dus duidelik getoon "that the establishment of convertibility of currencies can succeed only when the underlying conditions are favorable to a system of multilateral trade and payments".¹⁾ Volgens Van der Valk het dit daartoe gelei dat die moontlikhede van 'n vryer handels- en betalingsverkeer ondersoek is.²⁾

Een van dié pogings om 'n vryer handels- en betalingsverkeer te verseker het op die Algemene Ooreenkoms insake Tariewe en Handel (A.O.T.H.) uitgeloop. Na vele onderhandelings en same-sprekings is die A.O.T.H. wat die provisionele kodifikasie van handelsooreenkomste tussen die deelnemende lande bevat het,³⁾ op 30 Oktober 1947 onderteken. Die A.O.T.H., wat op 1 Januarie 1948 in werking getree het, het ten doel "the substantial reduction of tariffs and other trade barriers and to the elimination of discrimination", om daardeur die meer algemene doelwitte van 'n verhoging in lewenstandaarde, volle indiensname, 'n groot en geleidelik groeiende volume reële inkome en effektiewe vraag, die volle benutting van hulpbronne, die uitbreiding van produksie en internasionale handel en die daarstelling van die ekonomiese milieu wat ontwikkelende lande se ekonomiese ontwikkeling sal bevorder, te bereik.⁴⁾

1) Ibid., p.32.

2) Van der Valk, op. cit., p.51-2.

3) Van Meerhaeghe, op. cit., p.91.

4) Ibid., p.93.

'n Verdere poging om 'n vryer handels- en betalingsmeganisme te verseker, is gedurende 1947 en 1948 aangewend deur ekonomiese hulp aan ekonomieë wat algemene wanallokasie en verwoesting as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog ondervind het, te verskaf. Die grondslag vir die terugkeer na 'n stelsel van multilaterale handels- en betalingsverkeer is deur die sogenaamde Marshall-hulpprogram, van die V.S.A., gelê.¹⁾ Dié program, wat formeel as die Europese Herstelprogram (Marshallplan) bekend sou staan, is op 5 Junie 1947 deur Generaal Marshall te Harvard voorgestel, waarvolgens hy in gedagte gehad het dat "... the United States should be prepared to aid the European countries within the framework of a coordinated programme that the Europeans would draw up themselves".²⁾ Die Marshallplan is formeel op 3 April 1948³⁾ in werking gestel en is tussen 1948 en 1952 afgehandel. Ingevolge die Marshallplan is die voortdurende finansiële hulp vir die finansiering van invoere wat vir ekonomiese heropbou benodig is, deur die V.S.A. aan Europese lande verseker. Dit het die dreigende gevaar van 'n ekonomiese terugslag wat Europa in die gesig gestaar het, afgewend. Nogtans beweer die I.M.F. in dié verband: "The restoration of international balance, however, still requires important and difficult adjustments in many national economics and for most of these adjustments the national authorities now have the main responsibility".⁴⁾

Die ondertekening van die Konvensie vir Europese Ekonomiese Samewerking op 16 April 1948 het die Organisasie vir Europese

- 1) Van der Valk, op. cit., p.52.
- 2) Van Meerhaeghe, op. cit., p.189.
- 3) Van der Valk, op. cit., p.126.
- 4) I.M.F., op. cit., p.1.

Ekonomiese Samewerking in die lewe geroep.¹⁾ As voorloper van die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (14 Desember 1960)²⁾ was die hoofdoel van die Organisasie vir Europese Ekonomiese Samewerking om 'n gesonde Europese ekonomie te verseker deur ekonomiese samewerking tussen lidlande op te bou.³⁾ Om dié doelwit te bereik, was die suksesvolle imple=mentering van die Marshallplan wat 'n bevredigende peil van ekonomiese aktiwiteit in lidlande van die Organisasie vir Europese Ekonomiese Samewerking, asook 'n verhoging in die uitvoere na nie-lidlande sonder dié hulp van buitengewone eksterne hulp, ten doel gehad het, noodsaaklik.

Die wydverspreide devaluasies van geldeenhede gedurende September 1949⁴⁾ was die verreikendste sedert dié van die vroeë dertigerjare. Die geldeenhede van 13 I.M.F.-lidlande is gevalueer, die meeste waarvan met sowat 30,5 persent in verhouding tot die V.S.A.-dollar. Daarbenewens het 6 lidlande wat geen pariwaardeooreenkoms met die I.M.F. gehad het nie, asook 10 nie-lidlande ook hul geldeenhede gevalueer. Die omvang van die Septemberdevaluasies blyk duidelik daaruit dat die invoere van die devaluerende lande sowat 65 persent van totale wêreldhandel beslaan het, gemeet in terme van die wêreldinvoere van 1948.⁵⁾

Dié grootskaalse devaluasies van geldeenhede was die resultaat van die groot verandering wat die voorafgaande 10 jaar in die

1) Van Meerhaeghe, op. cit., p.190.

2) Ibid., p.203.

3) Ibid., p.190.

4) I.M.F. Annual Report 1950, p.1.

5) Loc. cit.

relatiewe ekonomiese situasies van groot dele van die wêreld ondervind is. Volgens die I.M.F.¹⁾ was die basiese oorsaak van die devaluasies geleë in "... the postwar distortion in international payments". Sommige van die distorsies het reeds voor die Tweede Wêreldoorlog na vore gekom. Die Groot Depressie het daartoe gelei dat die geldeenheid van bykans elke land in terme van goud gedevalueer is. Die wisselkoerspatroon wat na 1939 bestaan het, was egter geensins bevredigend nie, "and it required support at many points".²⁾ Daarbenewens het sommige lande se onsekere betalingsposisies, beleide vereis wat hoë produksiepeile gekortwiek het.

Die distorsies wat deur die Tweede Wêreldoorlog veroorsaak is en wat tot die wydverspreide devaluasies van September 1949 aanleiding gegee het, was die volgende:³⁾

- (a) Die oorlog het magte ontketen wat die handelsposisies van heelwat belangrike streke verander het: sommige se posisies is verswak terwyl dié van ander versterk is. Die ontwikkeling van sintetiese produkte het die vraag na natuurlike rubber en veselstowwe wat hoofsaaklik in nie-dollargebiede vervaardig is, nadelig beïnvloed. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is nuwe industrieë in ontwikkelende lande gevestig omdat die oorlogvoerende lande nie dié produksie kon handhaaf nie. Benewens die veranderings in die handel en produksie was die Europese lande (en baie ander lande elders) vir sowat 6 jaar van die normale handelskanale afgesny, terwyl die produksie in dié lande deur oorlogsvereistes versteur is.

1) Loc. cit.

2) Ibid., p.2.

3) Ibid., p.2-3.

- (b) Dienooreenkomstige steurende veranderings het in nie-handelsbetalings voorgekom. Europese lande moes die grootste gedeelte van hul buitelandse beleggings li=kwideer ten einde die koste verbonde aan die oorlog asook naoorlogse heropbou te kon finansier. Daarbenewens was Wes-Europese lande en Brittanje daartoe verplig om in die vroeë naoorlogse tydperk groot somme kapitaal van die V.S.A. en Kanada te leen. Valutabeheermaatreëls het voorkom dat Europese lande hul handels-, finansiële en versekeringsdienste op die vooroorlogse peil kon voortsit.
- (c) Die herstel van die betalingsposisies in die oorlog=voerende lande het veel langer geduur as wat verwag is. Europese lande was verplig om hul heropbouprogramme met behulp van invoersurplusse, wat deur die V.S.A., Kanada en Latyns-Amerika gefinansier is, aan te pak. Politieke wanorde het eweneens daartoe gelei dat Suid-Asië en die Verre-Ooste invoersurplusse wat gedeeltelik deur kapi=taalluitvloei van die V.S.A. en Europa gefinansier is, in hul betalingsbalanse ondervind het. Die I.M.F.¹⁾ merk op dat die naoorlogse toestand selfs in 1950 so=danig was dat "... the tension and uncertainty in international relations compel countries to devote to military purposes resources that are urgently needed for consumption and investment and for the restoration of better balance in international payments through an expansion of exports".

1) Ibid., p.3.

- (d) Oorlogse en naoorlogse finansiering het ook ernstige wêreldwye inflasionêre probleme tot gevolg gehad, veral in dié oorlogvoerende lande wat ernstige wanalokasies ondervind het. Die stygende geldvoorraad het die inflasionêre druk sodanig verhoog dat prysbeheer en rantsoenering eindelik voor dié geweldige druk moes swig. Die gevolglike relatief groter prys- en kostestygings in Europa en Asië het die internasionale mededingsvermoë van dié gebiede aanmerklik verswak. Die selfde probleme is in sommige Afrikalande ondervind.

Bogenoemde verreikende veranderings in die wêreld ekonomie het wisselkoersaanpassings dus onafwendbaar gemaak. "The uncertain question was not whether such adjustments would take place, but when".¹⁾ Die devaluasies kon in elk geval nie suksesvol deurgevoer word tensy die kapasiteit om uitvoere te produseer, herstel is nie. Gedurende 1948 en 1949 het produksie in Europa grootliks uitgebrei, terwyl die uitbreiding van wêreldhandel afgeneem het. Dié verstarring in die uitbreiding van wêreldhandel kan hoofsaaklik aan 'n afname in invoervraag toegeskryf word, omdat laasgenoemde "was no longer sustained by substantial and widespread shortages in supply".²⁾

Met die besluit om geldeenhede te devalueer het die lande in gedagte gehad om 'n situasie te skep waarin 'n hoë handelspeil en groter ewewigtigheid in internasionale betalings gehandhaaf kon word deur minder van beperkings, diskriminasie en buitengewone buitelandse hulp afhanklik te wees.³⁾ Die omvang van

1) Loc. cit.

2) Ibid., p.4.

3) Ibid., p.5.

die probleem kan aan die hand van die Amerikaanse betalingsbalans¹⁾ verduidelik word:

V.S.A.-surplus op goedere en dienste in 1949:

met O.E.E.S.-lande ²⁾	\$3,1 miljard
met ander in sterlinggebied en O.E.E.S.-afhanklikes	0,5 miljard
met Latyns-Amerika	0,7 miljard
met Kanada	0,5 miljard
met die res van die wêreld	1,4 miljard
<u>Totale surplus</u>	<u>\$6,2 miljard</u>

Daarbenewens het sekere onaangetekende transaksies verdere dollarbetalings ingehou, maar dié is deur private skenkings en kapitaalbewegings vanaf die V.S.A. geneutraliseer. Die res van die wêreld het dus 'n tekort van \$6,2 miljard gehad wat op een of ander wyse gefinansier moes word. Indien in gedagte gehou word dat sekere handelslande van Europa dollars aan geassosieerde valutagebiede beskikbaar gestel het, dan kan afgelei word dat die totale dollarbenodigdhede van Europa veel groter was as wat die Europese tekorte met die V.S.A. wou voorgee. Die dollars wat benodig is om bg. tekorte met die V.S.A. (in 1949) te finansier, is hoofsaaklik deur skenkings en krediet vanuit die V.S.A. voorsien. Dié nypende dollartekort het dus snelle wisselkoersaanpassings gebiedend gemaak, veral nadat dié res van die wêreld in die tweede kwartaal van 1949 'n tekort van \$8,1 miljard³⁾ op die goedere- en diensterekening met die V.S.A. ondervind het.

1) Loc. cit.

2) Organisasie vir Europese Ekonomiese Samewerking.

3) Ibid., p.6.

Die presiese omvang van die September-devaluasies is dikwels bevraagteken. Triffin is van mening dat die I.M.F. in alle geval nie die lande se devaluasiebesluit op 17 September 1949 enigins kon beïnvloed nie.¹⁾ Hy beweer in verband met moontlike optrede deur die I.M.F. om die onverwagte groot omvang van die devaluasies te kon voorkom, die volgende: "Any show of insistence by the Fund on a different rate of devaluation, or even on a reasonable time for discussion, would have led merely to unilateral action, in defiance of the Fund. The real problem, therefore, is whether more effective consultation could have been stimulated in the months preceding the formal requests for changes in par value".²⁾

Dus, ten spyte daarvan dat die goudpariteit van die dollar onverander gebly het, het die Septemberdevaluasies van 1949 weer eens op die vertroue in goud ten tye van ekonomiese krisis gedui, en het die de facto rol van goud in 1949 toegeneem.

Dat die 1949-devaluasies suksesvol was, blyk duidelik daaruit dat die dollartekort van O.E.E.S.-lande, byvoorbeeld, van \$7,5 miljard in 1947 tot 'n jaarkoers van \$2,0 miljard in die eerste helfte van 1950 afgeneem het, hoofsaaklik vanweë laer invoere, minder dollars nodig om ander gebiede te betaal, 'n verbetering in die dienstebalans, en 'n geringe toename in uitvoere.³⁾ Sommige Europese lande was selfs in staat om sedert die vierde kwartaal van 1949 hul goud- en dollarreserwes te verhoog. Die 1949-devaluasies het dus die einde van die dollar tekorttydvak ingelui en die dollaroorvloedtydvak ("dollar glut period") voorafgegaan.

1) Triffin. The world money maze, p.196.

2) Loc. cit.

3) I.M.F. Annual Report 1951, p.4.

Gedurende 1950-51 is verdere pogings aangewend om beperkings op internasionale handel te verlig en sodoende die peil van internasionale handel te verhoog. In die eerste helfte van 1950 was die opvallendste kenmerk van ontwikkeling ten opsigte van handelsbeperkings dat streeksooreenkomste geliberaliseer is, maar dat 'n relatief intensiewer peil van diskriminasie teenoor lande buite sodanige streke gehandhaaf is. Hierdie tendens is egter deur die aanvaarding van die Kode van Liberalisasie deur die O.E.E.S.-lande (op 18 Augustus 1950) en deur die stigting van die Europese Betalingsunie (op 19 September 1950) teengewerk.¹⁾

Handelsliberalisasie is in Julie 1949 begin toe die O.E.E.S.-lande hulle dit ten doel gestel het om kwantitatiewe beperkings op 50 persent van intra-Europese handel (met 1948 as basisjaar) ter syde te stel.²⁾ Op 4 Oktober 1950 en 1 Februarie 1951 respektiewelik is die graad van liberalisasie tot 60 persent en 75 persent verhoog.³⁾

Die Europese Betalingsunie was in wese 'n verrekeningshuis vir die sentrale banke van die O.E.E.S.-lande.⁴⁾ Elke sentrale bank moes sy land se maandelikse handelsbalans met elke ander lidland van die O.E.E.S. aan die Bank vir Internasionale Verrekening (die verrekeningsagent van die Europese Betalingsunie) rapporteer. Ná konsolidasie is elke O.E.E.S.-land se netto handelsposisie met die res van die Europese Betalingsuniegebied bepaal. Netto surplusse is gedeeltelik vergoed deur goudbetalings van die Europese Betalingsunie aan die surpluslande

1) Van Meerhaeghe, op. cit., p.194.

2) Kramer, e.a. International trade and finance, p.365.

3) Van Meerhaeghe, loc. cit.

4) Kramer, e.a., op. cit., p.364.

en gedeeltelik deur kredietverlening van die surpluslande aan die Europese Betalingsunie. Op dieselfde wyse moes tekortlande hul tekorte gedeeltelik met goudbetalings aan die Europese Betalingsunie vergoed, terwyl hul vir die res krediet van die Europese Betalingsunie kon ontvang.

Die Europese Betalingsunie was nie 'n onuitputlike bron van krediet vir debiteurlande nie.¹⁾ Elke lidland moes 'n kwota gelykstaande aan 15 persent van sy handel met die ander lidlande in 1949, by die Europese Betalingsunie handhaaf. Uitstaande kredietsurplusse en -tekorte is van maand tot maand geakkumuleer. In gevalle waar 'n lidland se netto surplusse meer as sy kwota beloop het, het die Europese Betalingsunie die oorskot met 'n 100 persent goudbetaling vergoed. Daarenteën moes lidlande dienooreenkomstige netto tekorte met 100 persent goudbetalings vereffen. 'n Ou probleem het egter weer hier na vore gekom: "This arrangement exerted pressure on EPU members to avoid net deficits with the rest of the EPU area that exceeded their respective quotas, but it did not encourage members to reduce net surpluses that exceeded quotas".²⁾ Om hul betalingsbalanse in ewewig te kry was surpluslande dus nie aan dieselfde outomatiese dissipline onderhewig as tekortlande nie.

Op 30 September 1950 is die vaste wisselkoers van die Kanadese dollar opgeskort en is aangekondig dat dié koers voortaan op 'n vry-fluktuierende basis vasgestel sou word.³⁾ Dié stap is destyds geneem ten einde 'n ongewenste kapitaalinvloei, hoof-

1) Loc. cit.

2) Loc. cit.

3) I.M.F., op. cit., p.44.

saaklik uit die V.S.A., teë te werk. Die kapitaalinvloei het daartoe gelei dat rentekoerse verlaag het, wat weer inflasionele druk en 'n stygende buitelandse skuld in Kanada tot gevolg gehad het. Die doelwit van die Kanadese optrede het dus verskil van die 1949-devaluasies, "which were intended to rectify an unfavorable balance of trade and to check an outflow of capital".¹⁾

Bogenoemde optrede deur Kanada het die aantal lidlande van die I.M.F. wat vry-fluktuierende wisselkoerse gebruik het, tot vyf opgestoot - op daardie stadium was Frankryk, Peru, Italië en Thailand die ander vier.²⁾ Dié aksies van die vyf lande³⁾ het geensins die rol van goud in die internasionale monetêre stelsel verminder nie; goud het steeds as waardemeter van die vry-fluktuierende geldeenheede gedien.

Dat die internasionale betalingsprobleme aan die verbeter was, was teen die middel van 1952 reeds duidelik.⁴⁾ Die I.M.F. beweer in hierdie verband: "The speed and the extent of the improvement, ..., in the gold and dollar reserves of the non-dollar world have varied from country to country, but since the middle of 1952 all of the major currency areas have shared in it".⁵⁾ Dié situasie het daartoe gelei dat optimisme begin

1) Loc. cit.

2) Ibid., p.45.

3) In die vroeë vyftigerjare is vry-fluktuierende wisselkoerse ook in Libanon en Sirië geïmplementeer. De Vries. The par value system: An Interview. (In I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume II: Analysis), p.46-7).

4) I.M.F. Annual Report 1953, p.39.

5) Loc. cit.

posvat het dat internasionale monetêre beperkings opgehef sou kon word, en dat blywende internasionale monetêre ewewig sodoende behaal kon word. Sedert 1952 is redelik algemeen besef dat bogenoemde doeleindes nie bereik kon word sonder dat die volle inwisselbaarheid van geldeenhede verwesenlik is nie. Ten einde die suksesvolle implementering van die inwisselbaarheid van geldeenhede te verseker, moes addisionele valutabeperkings vermy word. Die I.M.F.¹⁾ se opinie in dié verband lui soos volg: "Indeed, the imposition of restrictions as part of a program for establishing the convertibility of a single currency might provoke reprisals elsewhere and, as other countries in turn restricted their purchases, might produce a vicious circle of mounting restrictions and reduced trade".

Na 'n sluiting van bykans 15 jaar is die Londense goudmark op 22 Maart 1954 weer deur die Britse regering op 'n beperkte grondslag heropen.²⁾ Die I.M.F. is deur F.J. Portsmore in kennis gestel dat die Britse regering steeds die standpunt ondersteun het dat goud sover as moontlik na monetêre reserwes gekanaliseer moes word. Daar is egter gevoel dat die voortgesette sluiting van die Britse goudmark geen sinvolle internasionale doel sou dien nie en dat dit in elk geval nie in die belang van die Verenigde Koninkryk en die Sterlinggebied sou wees nie. Alhoewel die Britse Regering hul aanvanklik bereid verklaar het om die bepalinge van Artikel IV, seksie 2 - die marge om die pariwaardes van lidlande waarbinne goudtransaksies kon plaasvind word daarin voorgeskryf - steeds na te kom, is later voorgestel dat die marges vergroot moes word.³⁾ In

1) Ibid., p.41.

2) Id. Annual Report 1954, p.116-8; en Id. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume I: Chronicle), p.417-8.

3) Ibid.. p.418.

Oktober 1954 het die I.M.F. genoemde voorstel oorweeg en besluit dat lidlande "be given the option of respecting limits either of 1 per cent on each side of parity or of $\frac{1}{2}$ of 1 per cent plus the recognized charges".¹⁾

Die heropening van die Londense goudmark is opgevolg deur 'n aankondiging van die Suid-Afrikaanse Minister van Finansies ingevolge waarvan Suid-Afrikaanse goudprodusente voorts alle goudverkope slegs deur bemiddeling van die Suid-Afrikaanse Reserwebank kon doen.²⁾ Voorheen kon dié goudprodusente 'n gedeelte van hul goudproduksie op die vrye goudmarkte van die hand sit.

Op 29 Julie 1955³⁾ het die Raad van Ministers van die O.E.E.S.-lande besluit om die Europese Betalingsunie-Ooreenkoms weer eens te hernieu en om die basiese verrekeningsverhouding te wysig. Die goud-krediet-verhouding wat ten opsigte van verrekenings van toepassing was, is van 50:50 tot 75 persent goud en 25 persent krediet aangepas. Met dié stap is gepoog om lande tot individuele betalingsbalansewewigtigheid te dwing - die verrekeningsdissipline van goud is veel groter as dié van krediet.

Die gesonde grondslag van die ekonomiese oplewing in die vroeë vyftigerjare is deur die Suezkanaalkrisis van 1956 getoets. Die I.M.F.⁴⁾ se opinie ten opsigte van die ekonomiese weerstand teen dié krisis lui soos volg: "... The behaviour of many

1) Loc. cit.; en paragraaf 4.2.4.2.

2) I.M.F. Annual Report 1954, p.118.

3) Id. Annual Report 1956, p.97.

4) Id. Annual Report 1957, p.5.

countries in the face of the strains and stresses of the 1956-57 disturbance was generally encouraging. There was evidence of much more basic strength than could have been expected a few years earlier". Die effek van die Suezkanaal-krisis - die sluiting van die Suezkanaal en van die Siriese oliepyplyne in Oktober 1956¹⁾ - op die Wes-Europese ekonomie was in die algemeen nie so erg as wat verwag is nie.²⁾

Genoemde Suezkanaalkrisis het tot 'n inkorting van Midde-Oosterse petroleumproduksie gelei, wat 'n inkomsteverlies van meer as \$150 miljoen vir die betrokke lande ingehou het.³⁾ Dié afname in die Midde-Oosterse olieproduksie het, benewens die beïnvloeding van die produserende lande se betalingsbalansposisies, ook die lande waarheen die oliewinste normaalweg geremitteer is, benadeel - veral die Verenigde Koninkryk. Daarbenewens het die sterlingdeposito's van die olieproduserende lande (wat lede van die Sterlinggebied was) in Londen ook afgeneem.⁴⁾ Vanweë die toenemende druk op die monetêre reserwes van die Verenigde Koninkryk het laasgenoemde in 1956 sowat \$561,5 miljoen van die I.M.F. getrek.⁵⁾ Verder is 'n bystandsooreenkoms van \$738,5 miljoen met die I.M.F. gereël en is 'n kredietspeling⁶⁾ van \$500 miljoen deur die Uitvoer-Invoer-Bank van Washington aan die Verenigde Koninkryk toegestaan.⁷⁾ Die geweldige mobilisasie van reserwes en potensiële reserwes het spekulasie vinnig die nek ingeslaan; sodoende is die waarde van die Britse pond gehandhaaf.

1) Ibid., p.27.

2) Ibid., p.28.

3) Ibid., p.30.

4) Loc. cit.

5) Ibid., p.53.

6) "Line of credit".

7) Loc. cit.

'n Belangrike ontwikkeling op die gebied van die internasionale handel was die totstandkoming van die Europese Ekonomiese Gemeenskap (E.E.G.) in 1957.¹⁾ Alhoewel die E.E.G.-Verdrag reeds op 25 Maart 1957 onderteken is, het die E.E.G.-Verdrag eers op 1 Januarie 1958 van krag geword.²⁾ Die algemene doelstellings³⁾ van die E.E.G. sluit in: die bevordering van die harmoniese ontwikkeling van ekonomiese aktiwiteit binne die E.E.G., kontinue en gebalanseerde uitbreiding, groter stabiliteit, 'n matige verhoging in lewenstandaard en nouer bande tussen lidlande. Die kanale waardeur bogenoemde algemene doeleindes bereik sou word, sluit in die ontwikkeling van 'n gemeenskapsmark, die geleidelike koördinering van ekonomiese beleide, en meer spesifiek:⁴⁾

- (a) die eliminerings van invoerregte, kwantitatiewe beperkings op die in- en uitvoer van goedere en alle maatreëls wat die onbelemmerde beweging van persone, dienste en kapitaal tussen lidlande verhinder;
- (b) die daarstelling van eenvormige doeanetariere teenoor nie-lidlande;
- (c) die wysiging van wetgewing binne lidlande tot die mate wat die suksesvolle funksionering van die gemeenskapsmark benodig;
- (d) die koördinasie van ekonomiese beleid, met die insluiting van betalingsbalansaanpassingsbeleide en die verbod op praktyke wat mededinging versteur; en die

-
- 1) Die aanvanklike E.E.G.-lande was: België, Frankryk, Duitsland, Italië, Luxemburg en Nederland.
 - 2) Van Meerhaeghe, op. cit., p.263-4.
 - 3) Ibid., p.264-5.
 - 4) Ibid., p.265.

aanname van eenvormige landbou- en vervoerbeleide;

- (e) die daarstelling van 'n Europese Sosiale Fonds waar=
deur indiensnamegeleenthede verbeter en lewenstandaarde
verhoog kan word;
- (f) die daarstelling van 'n Europese Beleggingsbank waar=
deur ekonomiese groei bevorder kan word; en
- (g) die assosiasie met oorsese lande en gebiede met die
doel om die handel uit te brei en by te dra tot
sosiale en ekonomiese ontwikkeling.

Alle diskriminasie op grond van nasionaliteit word deur die
artikels van die E.E.G.-Verdrag verbied. Lidlande stel nie
net in die ontwikkeling van 'n doeane-unie belang nie, maar
eventueel in die daarstelling van 'n ekonomiese unie. Die
E.E.G. het sedert sy ontstaan tot die grootste ekonomiese
mag in die internasionale handel ontwikkel, en kan sy stempel
derhalwe onmiskenbaar op die internasionale betalingsmeganisme
afdruk - hieronder ressorteer die standpunt van die E.E.G.
ten opsigte van die toekomstige internasionale monetêre rol
van goud.

Gedurende 1956 en 1957 het industriële produksie in Frankryk
snel uitgebrei vanweë vraagsurplustoestande.²⁾ Dié groei in
industriële produksie is gedeeltelik op inflasionêre wyse
gefinansier wat aanleiding gegee het tot 'n groot Franse be-
talingsbalanstekort. Alhoewel 'n toenemende invoersurplus
heelwat van die resulterende inflasionêre druk in Frankryk

1) Ibid., p.265.

2) I.M.F. Annual Report 1958, p.91-2.

geabsorbeer het, was die betalingsbalanstekort nie voldoende om prysstygings te absorbeer nie. Die beleid om die stygende handelstekort as anti-inflasioneëre maatreeël aan te wend, het vanweë sneldalende goud- en buitelandse valutareserwes en steeds stygende invoere in 1957 misluk.¹⁾ Benewens maatreeëls soos invoerdeposito's, strenger invoerlisensieëring, hoër kompenserende invoerbelasting en 'n opheffing van invoerliberalisasie is 'n de facto-devaluasie van die frank in Augustus en Oktober 1957 aangewend om die Franse betalingsbalanstekorte te oorbrug.²⁾ Die I.M.F. verduidelik: "In two steps, taken in August and October, a system was established whereby a 20 per cent surcharge was imposed on all outgoing payments and a 20 per cent premium was paid on all incoming payments".³⁾ Dié stappe het 'n de facto-devaluasie van $16\frac{2}{3}$ persent van die Franse frank ingehou.⁴⁾

Benewens bogenoemde stappe is verdere maatreeëls wat die owerheidstekort moes teenwerk gedurende die tweede helfte van 1957 in Frankryk getref, en addisionele kredietbeperkings is vroeg in 1958 ingestel. Die resultaat van genoemde maatreeëls was die volgende:

- (a) Gedurende Februarie-Desember van 1958 het die groot-handelsprysindeks in Frankryk met minder as 1 persent, en die lewensduurte-indeks met minder as 6 persent gestyg.⁵⁾

1) Ibid., p.93.

2) Ibid., p.94.

3) Loc. cit.

4) Ibid., p.52.

5) Id. Annual Report 1959, p.89.

- (b) Die betalingsbalanstekort van die frankgebied het van \$1 miljard in 1957 tot sowat \$150 miljoen in 1958 afgeneem.¹⁾ Goudontpoting deur Franse inwoners was gedeeltelik vir die skerp afname in die tekort gedurende die tweede helfte van 1958 verantwoordelik.

Ten einde meer permanensie aan die gunstige resultate van die maatreëls te verleen, is die Franse frank op 27 Desember 1958 met 14,9 persent gedevalueer.²⁾ Verdere stabilisasiemaatreëls is aan die begin van 1959 deur Frankryk ingestel "... to strengthen confidence in the currency by reducing inflationary pressure ..."³⁾ Die I.M.F. kom tot die volgende gevolgtrekking in die evaluasie van die sukses van bogenoemde maatreëls: "The outstanding feature of the economic development of France in 1958 and the early part of 1959 was the considerable success of the disinflationary measures that had been applied in restoring both internal and external equilibrium".⁴⁾

Die mees positiewe poging sedert die Tweede Wêreldoorlog om 'n ware multinasionale betalingstelsel tot stand te bring, was die besluit van 14 Europese lande⁵⁾ - België, Denemarke, Frankryk, Duitsland, Italië, Luxemburg, Nederland, Noorweë, Swede, die Verenigde Koninkryk, Oostenryk, Finland, Ierland en Portugal - om vanaf Desember 1958 die eksterne inwisselbaarheid van hul onderskeie geldeenhede te herstel.⁶⁾ Daarbenewens het

1) Loc. cit.

2) Ibid., p.91.

3) Ibid., p.92.

4) Ibid., p.88-9.

5) Ibid., p.125 - Griekeland het die eksterne inwisselbaarheid van sy geldeenheid op 25 Mei 1959 ingestel.

6) Id. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume I: Chronicle), p.466.

15 ander lande - Australië, Burma, Ceylon, Ghana, Indië, Irak, Jordanië, Libië, Maleia, Marokko, Nieu-Seeland, Pakistan, Sudan, Tunisië en Suid-Afrika - van wie die meeste op mone= tere gebied met voorgenoemde Europese lande geskakel het, stappe gedoen om hul valutabeheermaatreëls by die veranderde omstandighede aan te pas.¹⁾ Verder het 'n aantal I.M.F.- lidlande ongebonde valutamarkte waarin hul geldeenhede vrylik teen die geldeenhede van die belangrikste handelslande in= wisselbaar was, vir wisselende tydperke gehandhaaf. In die meeste I.M.F.-lidlande is nie-inwoners toegelaat, "to transfer their currencies to all countries, and a number of them accord (ed) the same facilities to residents".²⁾

Dié bykans volledige opheffing deur die belangrikste handels= lande van maatreëls wat die inwisselbaarheid van buiteLand= beheerde valutabalanse gereguleer het, het 'n belangrike stap in die rigting van 'n vrye internasionale betalingstelsel in= gehou. Behoudens sekere uitsonderings³⁾ wat hoofsaaklik in verband met bilaterale ooreenkomste en kapitaalbesit gestaan het, kon nie-inwoners vrylik hul besit van bykans alle be= langrike geldeenhede binne die offisiële wisselkoersmarges na enige ander geldeenhede omwissel. Die formele oorskakeling na eksterne inwisselbaarheid het nie-inwoners in staat gestel om betalings in enige land te doen deur trekkings op valutareke= nings wat in die belangrikste geldeenhede gedomineer was. Dié hoër graad van ongebondenheid in die internasionale be= talingsverkeer het 'n skrilte kontras met die vroeëre gebonde betalingsmeganisme gevorm.⁴⁾

1) Loc. cit.

2) Id. Annual Report 1959, p.126.

3) Loc. cit.

4) Ibid., p.127.

Die belangrikste betekenis van die algemene besluit tot eksterne inwisselbaarheid van geldeenhede kan soos volg opgesom word:¹⁾

- ✓ (a) Die resulterende unifikasie van valutamarkte het die eliminasië van differensiasie in valutakwotasies ingehou.
- ✓ (b) Die instelling van nie-inwonersinwisselbaarheid van geldeenhede het die beëindiging van die Europese Betalingsunie ingehou.
- ✓ (c) Die voordele van eksterne inwisselbaarheid is nie slegs tot die Europese lande beperk nie, "but other countries also benefited, for they are now able more freely to use their holdings of the currencies which were made convertible for nonresidents".²⁾
- ✓ (d) Eksterne inwisselbaarheid het die weg tot die uitskakeling van diskriminerende handels- en betalingspraktyke gebaan.

Die Europese Monetêre Ooreenkoms, wat reeds op 5 Augustus 1955 onderteken is, het met die beëindiging van die Europese Betalingsunie op 27 Desember 1958 in werking getree.³⁾ Die instelling van nie-inwonersinwisselbaarheid van geldeenhede deur sekere I.M.F.-lidlande in Desember 1958, het die einde van die Europese Betalingsunie ingehou. Die Europese Betalingsunie,

1) Ibid., p.4-5.

2) Ibid., p.5.

3) Van Meerhaeghe, op. cit., p.201-2.

wat in wese 'n verrekeningsmeganisme en substansiële outo=
matiese krediete ingehou het, het sedert 27 Desember 1958
alle betekenis as instelling verloor; dit was nie ontwerp
vir 'n stelsel van eksterne inwisselbaarheid van geldeenhede
nie. Aangesien alle inter-Europese valutabalanse sedert 1958
volledig in terme van goud, dollars, of ander inwisselbare
geldeenhede verreken moet word, sluit die funksies van die
Europese Monetêre Ooreenkoms nie dié van verrekening in nie.¹⁾

Die Europese Monetêre Ooreenkoms maak voorsiening vir die
daarstelling van 'n Europese Fonds en 'n Multilaterale Ver=
effeningstelsel.²⁾ Die Europese Fonds is geskep ten einde
die aktiwiteite van die Multilaterale Vereffeningstelsel op
te neem en maak voorsiening vir spesiale krediete (vir periodes
wat nie 2 jaar oorskry nie) waarmee lidlande tydelike betalings=
balansprobleme kan oorbrug. In teenstelling met die prosedures
van die Europese Betalingsunie waarvolgens 25 persent van netto
balanse in krediet en 75 persent in goud sedert Julie 1955 ver=
effen is, geskied vereffening in terme van die Europese Mone=
têre Ooreenkoms, 100 persent in V.S.A.-dollars. Daarbenewens
word vereffening ingevolge die Europese Monetêre Ooreenkoms
teen die verklaarde koop- of verkoopkoers van die V.S.A.-
dollar afgehandel.

Die ekonomieë van die Europese lande het teen 1958 sodanig
van die ekonomiese ontwrigtings as gevolg van die Tweede
Wêreldoorlog herstel, dat die suksesvolle aanvaarding van
eksterne inwisselbaarheid deur 14 Wes-Europese lande in 1958

1) Kramer, e.a., op. cit., p.365.

2) I.M.F., op. cit., p.130.

sukcesvol deurgevoer kon word. Die 1945-1958-periode is gekenmerk deur monetêre samewerking en suksesvolle pogings om 'n ware multinasionale betalingstelsel te verwesenlik.

Gedurende dié periode het die rol van goud as komponent van internasionale monetêre reserwes feitlik konstant gebly¹⁾ - vandaar die afwesigheid van belangrike internasionale monetêre krisisse. Die periode ná 1958, wat deur genoemde instelling van eksterne inwisselbaarheid ingelui is, het benewens 'n relatiewe afname in die rol van goud in internasionale likiditeit, ook 'n periode van monetêre onsekerhede in krisisse ingelui.

4.3.2 Die tydperk, 1959-1967

Gedurende die eerste helfte van 1959 was wisselkoersontwikkelinge in Wes-Europa baie gunstig, wat die vermoede herbevestig het dat dié lande interne ewewig bereik en hul mededingingsposisies teenoor ander lande verbeter het. Só het die goud- en buitelandse valutareserwes van die Wes-Europese lande gedurende die jaar wat geëindig het op 30 April 1959 met meer as \$3,5 miljard toegeneem.²⁾ Die verbetering in die internasionale bedingingsposisies van dié lande is des te meer merkwaardig as die destydse voortdurende internasionale politieke spanninge in aanmerking geneem word; dit het weinig effek op ekonomiese aktiwiteit en die beweging van fondse gehad.

Nieteenstaande die uitgebreide aanvaarding van eksterne inwisselbaarheid was 'n substansiële gedeelte van lande se

1) Vergelyk tabel 4.3.

2) I.M.F., op. cit., p.1.

lopende ontvangstes teen die tweede helfte van 1959 steeds aan inwisselbaarheidsbeperkings onderhewig, veral met betrekking tot betalings ten opsigte van staatshandeldrywende lande. Op 23 Oktober 1959 het die I.M.F., op grond van bogenoemde omstandighede, besluit¹⁾ "... that there is no longer any balance of payments justification for discrimination by members whose current receipts are largely in externally convertible currencies". In gevalle waar sodanige diskriminerende beperkings reeds vir 'n geruime tyd van toepassing was, sou 'n redelike tydperk vir die nodige aanpassings toegelaat word. In gevalle waar die geldeenhede van lidlande nie ekstern inwisselbaar was nie, sou die I.M.F. bereid wees "to consider whether balance of payments considerations would justify the maintenance of some degree of discrimination ..."²⁾

Die belangrikste internasionale betalingsbalansprobleem van 1959 - die voortekens van die uiteindelijke mislukking van die goudwisselstandaard is ook daarin weerspieël - was die betalingsbalanstekorte wat die V.S.A. ondervind het. Dié tekorte is, benewens die Europese Herstelprogram en ander finansiële hulpprogramme, ook deur die V.S.A.-regering se aanmoediging van Amerikaanse bestedings in die buiteland, hulp aan buitelanders om markte in die V.S.A. te vestig en ekonomiese en militêre hulpprogramme, veroorsaak.³⁾ Die betalingsbalanstekorte wat die V.S.A. vanweë bogenoemde faktore ondervind het, is egter sedert die middel van 1959 deur 'n progressiewe verbetering in die V.S.A. se handelsposisie teengewerk. Die versterking in die handelsrekening van die V.S.A. was die gevolg van die snelle ekonomiese ontwikkeling wat in ander industriële lande ondervind is. Vir doeleindes van dié studie

1) Id. Annual Report 1960, p.179.

2) Loc. cit.

3) Ibid., p.62.

is die herverdeling in offisiële goudreserwes wat uit die genoemde Amerikaanse betalingsbalansposisie voortgevloei het, van groot betekenis. Volgens die I.M.F. was die netto goudvloei uit die V.S.A. na ander lande sowat \$1 031 miljoen in 1959, vergeleke met die sowat \$2 275 miljoen in 1958.¹⁾ Dié goudverlies van die "bankierland" van die goud= wisselstandaard sou, soos later wel deeglik sal blyk, in same= hang met ander faktore tot die opskorting van die goudwissel= standaard in 1971 lei. Die Amerikaanse erkenning van genoemde probleem het so vroeg as Oktober 1959 met die invoering deur die V.S.A. van die sogenaamde "Buy American Procurement Policy", duidelik geword.²⁾

Die behoefte aan 'n vryhandelsvereniging het sedert die einde van die vyftigerjare onder sekere O.E.E.S.-lande (waaronder veral die Verenigde Koninkryk) ontstaan. Die Europese Vry= handelsvereniging ("European Free Trade Association") is op grond van dié behoefte op 4 Januarie 1960³⁾ deur Oostenryk, Denemarke, Noorweë, Portugal, Swede, Switserland en die Verenigde Koninkryk tot stand gebring.⁴⁾ Die doelstellings van die Europese Vryhandelsvereniging wat op 3 Mei 1960 van krag geword het, sluit onder andere die volgende in:⁵⁾ om 'n multilaterale vereniging wat die opheffing van handelsbeperkings en die bevordering van nouer ekonomiese samewerking tussen O.E.E.S.-lidlande sal verwesenlik, tot stand te bring; om tariewe en kwantitatiewe beperkings op invoere van industriële produkte uit ander O.E.E.S.-lande progressief te

1) Ibid., p.63.

2) Van der Valk, op. cit., p.127.

3) Van Meerhaeghe, op. cit., p.335.

4) I.M.F., op. cit., p.138.

5) Loc. cit.

verminder; en die voorkoming van enige noemenswaardige verskille in die aanbod van ru-materiaal wat in die Europese Vryhandelsvereniginggebied vervaardig word.

Benewens bogenoemde het die volgende twee vryhandelsverenigings ook gedurende Februarie 1960 die lig gesien:¹⁾

- (a) Die ondertekening van die Verdrag van Montevideo deur Argentinië, Brasilië, Chili, Mexiko, Paraguay, Peru en Uruguay op 18 Februarie 1960 om die Latyns-Amerikaanse Vryhandelsvereniging tot stand te bring; en
- (b) die ondertekening van die Verdrag van Ekonomiese Assosiasie deur Guatamala, El Salvador en Honduras om die Sentraal-Amerikaanse Gemeenskapsmark tot stand te bring.

Beide dié instellings het ook, soos soortgelyke instansies, ten doel om die graad van vryheid van die internasionale handelsverkeer te verhoog.

Gedurende Oktober 1960 het 'n ongekende toename in private vraag (oppotting en spekulasie) die ooreenstemmende goudproduksie oortref; die Londense goudprys het op 20 Oktober 1960 die peil van \$40 per fynons oortref. Dié styging in die nie-amptelike goudprys, wat die toenemende probleme van die goud=wisselstandaard duidelik weerspieël het, kon aan veral die volgende faktore toegeskryf word:²⁾

- (a) Die styging in die private vraag na goud het met 'n buitengewoon hoë uitvloei van korttermynkapitaal vanaf

1) Ibid., p.138-9.

2) Id. Annual Report 1961, p.129.

die V.S.A., wat tot 'n verswakking in die dollar gelei het, saamgeval. Op 17 November 1960¹⁾ het die monetêre goudbesit van die V.S.A. sowat \$18 miljard beloop, wat die ekwivalent van die destydse korttermyn-buitelandse laste van die V.S.A. (uitgesonder dié aan internasionale institusies verskuldig) was.²⁾ Die toenemende Amerikaanse betalingsbalanstekorte het egter 'n groot bedreiging vir die 100 persent gouddekking van korttermyn-buitelandse dollarlaste ingehou. Toenemende wantroue in die V.S.A.-dollar was aan die orde van die dag.

- ✓ (b) Voortvloeiend uit (a) het 'n gedagterigting begin posvat dat die monetêre goudprys moontlik verhoog kon word.
- ✓ (c) Maatreëls wat in Duitsland en Switserland getref is om die invloed van buitelandse kapitaal en spekulasie te beperk, het daartoe gelei dat die vraag na goud gestyg het.

Verskeie ontwikkelings³⁾ het dié abnormale toename in die vraag na goud teengewerk:

- (a) By wyse van 'n publieke aankondiging is die algemene goedkeuring van die Amerikaanse Tesourie ten opsigte van die direkte ingrype deur die Verenigde Koninkryk in die Londense goudmark, bekend gemaak.
- ✓ (b) 'n V.S.A.-Uitvoerende Bevel ("U.S. Executive Order") van 14 Januarie 1961 het die aankoop en besit van goud buite die V.S.A. deur Amerikaners en V.S.A.-

1) Jacobsson. International monetary problems: 1957-1963, p.204.

2) Ibid., p.207-8.

3) I.M.F., loc. cit.

beheerde maatskappye verbied en daarbenewens van Amerikaanse inwoners vereis dat hul goud en/of goud=sekuriteite (wat goud op deposito verteenwoordig het) teen 1 Junie 1961 van die hand gesit moet wees.

- (c) Op 6 Februarie 1961 het President J.F. Kennedy, in sy eerste presidensiële verklaring met betrekking tot die Amerikaanse betalingsbalanssituasie, dit eksplisiet uitgespel dat die V.S.A.-dollar nie gedevalueer sou word nie; daarbenewens is verskeie maatreëls wat getref is om die betalingsbalansposisie van die V.S.A. te herstel, aangekondig.
- (d) Ten spyte van 'n verswakking in die betalingsbalansposisie van die V.S.A. het die handelsbalans, in vergelyking met die vorige jaar, aanmerklik verbeter.

Die goudprysfluktuasies wat gedurende Oktober 1960 voorgekom het, sou uiteindelik aanleiding gee tot die oprigting van die goudpoel in Oktober 1961.¹⁾

Die inwisselbaarheid van geldeenhede het op 15 Februarie 1961 'n nuwe dimensie verkry met die aanvaarding van die bepaling van Artikel VIII²⁾ van die statute van die I.M.F. deur België, Frankryk, Duitsland, Ierland, Italië, Luxemburg, Nederland, Peru, Swede, die Verenigde Koninkryk en Saudi Arabië (Maart 1961).³⁾ Die aantal lande wat reeds die obligasies ingevolge

1) Van der Valk, loc. cit.

2) Artikel VIII omskryf die obligasies waarvolgens geldeenhede deur die I.M.F. as inwisselbaar beskou sal word.

3) I.M.F., op. cit., p.12.

Artikel VIII op 15 Februarie 1961 aanvaar het, is sodoende tot 21 verhoog¹⁾ - Kanada, Kuba, die Dominikaanse Republiek, El Salvador, Guatemala, Haiti, Honduras, Mexiko, Panama en die V.S.A. het Artikel VIII reeds vroeër onderskryf. Die wyer front waarop formele inwisselbaarheid (teenoor die informele inwisselbaarheid van 1958) deur I.M.F.-lidlande aanvaar is, het belangrike implikasies vir die aktiwiteite van die I.M.F. gehad:²⁾ "Over the past two years, the currencies of some of the countries concerned were increasingly drawn by other member countries, but under the Fund Agreement it was not permissible to use those currencies to make repayments to the Fund. The removal of this limitation may be an added encouragement to the use of a larger number of currencies in Fund transactions". Die aanvaarding van die inwisselbaarheid van geldeenhede in terme van Artikel VIII het die verwesenliking van 'n multilaterale betalingstelsel bespoedig.

Op 6 Maart 1961 is die Duitse mark, met die nodige kennisname aan die I.M.F., met 5 persent gerevalueer, ten einde die surplus op die Duitse betalingsbalans te verminder en om invoerpryse voldoende te verlaag ten einde oortollige inflasionele druk te verminder.³⁾ 'n Groot toevloei van spekulatiewe kapitaal na Duitsland het dié land tot monetêre maatreëls genoop; daarbenewens wou Duitsland, via revaluasie, ook 'n bydrae tot die bereiking van internasionale monetêre ewewig lewer. Dit is van die min geleenthede waar 'n surplusland vrywillig tot die bereiking van internasionale monetêre

1) Ibid., p.12-3.

2) Ibid., p.13.

3) De Vries. Exchange rate adjustment. (I.M.F. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume II: Analysis), p.110).

ewewig meegehelp het. Dié stap van Duitsland is op 7 Maart 1961 deur 'n guldenrevaluasie van 5 persent gevolg ten einde die betalingsbalanssurplus en oortollige likiditeit in die Nederlandse ekonomie teë te werk.¹⁾ Daarbenewens het 'n loon= gaping tussen Nederland en Duitsland aanleiding gegee tot 'n uitvloei van Nederlandse werkers. Die voorgestelde revalu= asie van die gulden moes genoemde probleme help uitstryk.

Wantroue in die dollar word gewoonlik²⁾ in 'n styging in die goudprys op die vrye internasionale goudmarkte gereflekteer.³⁾ Die faktore wat tot dié inverse verband aanleiding gee, is tweërlei van aard, naamlik

- (a) die dollar se rol as sleutelvaluta in die goudwissel= standaard tot 15 Augustus 1971 het daartoe gelei dat offisiële aankope en verkope van goud op die goud= pariteit van die dollar gebaseer is; en
- (b) dit is tot in 1971 algemeen aanvaar dat 'n dollar= devaluasie "... gevolg sou word deur die van vrijwel alle ander valuta's in de wereld, zodat een vlucht in ander valuta's, in plaas van in goud, niet zonder risico zou zijn".⁴⁾

Die plotselinge styging van die goudprys op die Londense goud= mark in Oktober 1960 was uiters ongewoon vir die noodsaaklike

1) Ibid., p.111.

2) Die interessante geval waartydens die dollar verstewig het onderwyl die goudprys op die vrye goudmarkte gestyg het, word behandel in: Anon. Money: A Mystical Boom. Time, 4 Maart 1974, p.22.

3) Van der Valk, op. cit., p.60.

4) Loc. cit.

stabiliteit op die internasionale valutamarkte, veral waar die onstabiliteit hoofsaaklik die gevolg van ongegronde spekulاسie was.¹⁾ Ten einde derglike ongewenste plotselinge goudprysstygings te voorkom, is in Februarie 1961²⁾ op die stigting van die Londense goudpoel besluit. Die goudpoel, wat eers in Oktober 1961³⁾ met sy aktiwiteite begin het, het ten doel gehad die voorsiening en aankoop van goud op die Londense goudmark⁴⁾ ten einde die goudprys te stabiliseer om sodoende ongewenste valutakrisisse te voorkom.⁵⁾ Die deelne-
mende lande van die goudpoel, wat onder die direkte beheer van die Bank van Engeland gestaan het, was die sentrale banke van die V.S.A., die Verenigde Koninkryk, België, Duitsland, Italië, Nederland, Switserland, Luxemburg en Frankryk.⁶⁾ Die goudpoel was 'n koop- en verkoopkonsortium (die goudverkope was van monetêre reserves afkomstig) wat daartoe bygedra het dat die goudprys tot aan die begin van 1968⁷⁾ ~~relatief stabiel~~ gehou is. Die V.S.A. het, volgens ooreenkoms, in 1961, 50 persent van die netto goudverkope deur die goudpoel voorsien.⁸⁾

Die goudpoel was sedert sy ontstaan in 1961 tot in 1965 'n

1) Loc. cit.

2) Loc. cit.

3) Ibid., p.127.

4) Root, op. cit., p.479.

5) Tehan. The U.S. dollar and the world monetary system, p.16.

6) Van der Valk, op. cit., p.60.

7) Loc. cit.

8) Tehan, loc. cit.

netto koper van goud.¹⁾ Dit kan toegeskryf word aan die onderliggende surplusaanbod wat gedurende dié tydperk in die Londense goudmark ondervind is. Dié tendens het egter gedurende 1965 verander en die goudpoel was aan die einde van 1965 slegs effens beter daaraan toe as aan die einde van die vorige kalenderjaar²⁾ - wat op 'n betekenisvolle verandering in die onderliggende vraag- en aanbodrelasies dui.

Ten spyte daarvan dat die vraag na goud op die Londense goudmark gedurende 1966 aansienlik laer was as gedurende 1965, was die goudpoel vir die eerste maal, sedert die totstandkoming daarvan, 'n netto verkoper van goud gewees,³⁾ hoofsaaklik vanweë 'n aansienlike afname in die goudaanbod.⁴⁾ Die goudpoel was sedert 1966 tot en met die likwidasië daarvan in Maart 1968⁵⁾ in toenemende mate 'n netto goudverkoper. Vanaf die sterlingdevaluasie op 18 November 1967 tot en met 16 Maart 1968 het die goudpoel goud ter waarde van meer as \$3 miljard op die Londense goudmark van die hand gesit ten einde die goudprys te stabiliseer.⁶⁾

-
- 1) Alhoewel die goudpoel geen offisiële statistiek met betrekking tot sy goudaktiwiteite gepubliseer het nie, kan dié afleiding gemaak word uit: I.M.F. Annual Report 1962, p.160-1; Id. Annual Report 1963, p.177; Id. Annual Report 1964, p.107; Id. Annual Report 1965, p.101; en Id. Annual Report 1966, p.117.
 - 2) Loc. cit.
 - 3) Id. Annual Report 1967, p.121-2.
 - 4) Die afname moet hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n afname in Suid-Afrikaanse gouduitvoere en aan goudverkope deur die kommunistiese blok gedurende 1966. Ibid., p.122; en tabel 2.5.
 - 5) Van der Valk, op. cit., p.127. Frankryk was slegs tot in Junie 1967 lid van die goudpoel.
 - 6) I.M.F. Annual Report 1968, p.89.

Dié totstandkoming van die goudpoel het 'n hoogtepunt in internasionale monetêre samewerking verteenwoordig, in die sin dat lidmaatskap die bereidwilligheid om monetêre goud= reserwes ter ondersteuning van die goudwisselstandaard aan te wend, ingehou het; lidlande het geen verhaalreg op Amerikaanse goudterugbetalings verkry nie. Dié poging om die goudprys op 'n kunsmatige wyse konstant te hou met behulp van monetêre goud= reserwes, was egter op die lange duur 'n mislukking; daarbene= wens het die verliese aan monetêre goud die wankelende goud= wisselstandaard 'n verdere gevoelige knou toegedien.

Die Kanadese dollar is vanaf Oktober 1950 tot Junie 1961 toegelaat om vrylik te fluktueer. Die maksimum fluktuasie in Kanadese monetêre reserwes gedurende enige kalenderjaar gedurende bogenoemde periode het nie \$125 miljoen oorskry nie.¹⁾ In die begrotingsrede van die Kanadese Minister van Finansies in Junie 1961 is aangekondig dat die Wisselkoersfonds voortaan "would 'be prepared, as and when necessary, to add substantial amounts to its holdings of United States dollars through purchases in the exchange market'".²⁾ Wat die gewenste wisselkoers van die Kanadese dollar moes wees, sou deur die ekonomiese omstandighede bepaal word, "but the rate will certainly be lower than it has been of late, and it may well be appropriate for it to move to a significant discount".³⁾ Vanweë betalingsbalansprobleme moes die wisselkoers van die Kanadese dollar deur die Kanadese Wisselkoersfonds ondersteun word met behulp van die verkoop van buitelandse valuta ter waarde van ongeveer \$465 miljoen.⁴⁾ Op 2 Mei 1962 is die

1) Id. Annual Report 1962, p.56.

2) Loc. cit.

3) Loc. cit.

4) Loc. cit.

wisselkoers van die Kanadese dollar op die ekwivalent van 92,5 V.S.A.-sent vasgestel. Dit het 'n devaluasie van sowat 9 persent teenoor die wisselkoers aan die begin van Junie 1961 verteenwoordig.¹⁾ Nā 'n redelik suksesvolle eksperiment van 'n vry-fluktuierende wisselkoers het die voordele van vaste wisselkoerse, in terme van goud, egter die deurslag gegee tot 'n beleidsaanpassing in Kanada.

Die implementering van algemene inwisselbaarheid van die belangrikste geldeenhede het internasionale handel en kapitaalvloeï gestimuleer, wat terselfdertyd aansienlike vlugkapitaalvloeï moontlik gemaak het. Ten einde enige ongewenste distorsies van die internasionale monetêre stelsel te voorkom, het dit teen Januarie 1962 duidelik geword dat die finansiële bronne van die I.M.F. uitgebrei moes word. Op 5 Januarie 1962 is die Besluit ten opsigte van Algemene Leningsooreenkomste ("Decision on General Arrangements to Borrow")²⁾ deur die Uitvoerende Raad van die I.M.F. geneem waarin die terme en voorwaardes uiteengesit is: "... under which the Fund would be able to borrow supplementary resources in order to fulfill more effectively its role in the international monetary system under conditions of convertibility, including greater freedom for short-term capital movements".³⁾

Tien industriële lande - België, Kanada, Frankryk, Duitsland, Italië, Japan, Nederland, Swede, die Verenigde Koninkryk en die V.S.A.⁴⁾ - wat voortaan as die "Groep van Tien" bekend sou

1) Ibid., p.146.

2) Ibid., p.34.

3) Loc. cit.

4) Root, op. cit., p.460. Switserland het in 1964 as 'n geassosieerde lid deel van die Groep van Tien geword.

staan, het ingevolge die Algemene Leningsooreenkoms onderneem om die I.M.F. van \$6,0 miljard¹⁾ te voorsien in gevalle waar distorsies van die internasionale monetêre stelsel dit sou vereis. Die Algemene Leningsooreenkoms, wat eers op 24 Oktober 1962 in werking getree het, het die behoefte aan internasionale likiditeit onderstreep, en daardeur die inherentente swakhede van die goudwisselstandaard herbeklemtoon.

Ten einde die toenemende verlies aan monetêre goud²⁾ teen te werk het die V.S.A. op 24 Oktober 1962³⁾ die eerste van 'n reeks "Roosaobligasies" uitgereik. Die doel van Roosaobligasies is om korttermyn likiede buitelandse dollareise van buitelandse regerings in langtermyndollareise om te skep.⁴⁾ Kindleberger⁵⁾ omskryf die wese van dié obligasies soos volg: "In effect, they (Roosa-bonds) substituted future liabilities against current ones, much like the swaps or forward contracts". Die Roosaobligasies, wat veral aan die regerings⁶⁾ van Oostenryk, België, Duitsland, Italië en Switserland uitgereik is, het looptye wat van een tot twee jaar wissel.⁷⁾ Dié obligasies is daarbenewens gewoonlik in nie-dollargeldeenhede gedenomineer, sodat die risiko van dollardevaluasies uitgesluit kan word. Dié ontwikkeling was weer eens die vrug van die inherente swakhede van die Bretton Woods-stelsel waarop die internasionale betalingsmeganisme gebaseer is. Dit is nogtans ironies

1) I.M.F., op. cit., p.35.

2) Korteweg en Keesing, op. cit., p.366.

3) Van der Valk, loc. cit.

4) Korteweg en Keesing, loc. cit.

5) Kindleberger. International economics, p.452.

6) Loc. cit.

7) Korteweg en Keesing, loc. cit.

dat die V.S.A., met sy selfversekerde gouddemonetisasie=standpunt reeds in 1962 maatreëls moes tref om sy monetêre goudvoorraad mee te beskerm.

Die jaar wat op 30 April 1964 geëindig het, is deur 'n gelykmatige proses van ekonomiese vooruitgang wat vir baie jare ongekend in die internasionale betalingsmeganisme was, gekenmerk.¹⁾ Benewens die toenemende groei in die industriële produksie van industriële lande het ook grondstoflande in die ekonomiese vooruitgang gedeel, en wel vanweë 'n buitengewone toename in uitvoerverdiensies. In kontras met voorafgaande jare het industriële produksie gedurende 1963 in alle industriële lande teen 'n bevredigende koers uitgebrei. Alhoewel die betalingsbalanstekorte van die V.S.A. gedurende die eerste helfte van 1963 steeds hoog was, het dit gedurende die tweede helfte van 1963 aanmerklik afgeneem. Gedurende die eerste kwartaal van 1964 was die internasionale transaksies van die V.S.A. ongeveer in ewewig gewees.

Die patroon wat gedurende 1963 in internasionale transaksies ontplooi het, het 'n aansienlike toename in internasionale likiditeit tot gevolg gehad.²⁾ Die toename van ongeveer \$3,4 miljard³⁾ in die offisiële reserwes van alle lande, oortref die toename in enige naoorlogse jaar. 'n Belangrike faktor wat daartoe meegehelp het, was "the sharp improvement in the balance of payments position of the primary producing countries as a whole".⁴⁾ Aangesien laasgenoemde lande normaalweg 'n hoë persentasie van hul internasionale reserwes in

1) I.M.F. Annual Report 1964, p.3-7.

2) Vergelyk tabel 4.3.

3) I.M.F., op. cit., p.6.

4) Ibid., p.6-7.

buitelandse valuta hou, het hul \$1,6 miljard betalingsbalans= surplusse gedurende 1963, 'n bykans ekwivalente toename in hul sterling- en dollarbalanse tot gevolg gehad. 'n Ander faktor { wat tot die toename in internasionale likiditeit bygedra het, was 'n groter toename in die totale monetêre goudbesit as in enige voorafgaande naoorlogse jaar.¹⁾ Dié relatiewe kalmte wat in internasionale valutamarkte gedurende 1963 ondervind is, asook die aansienlike toename in internasionale monetêre reserwes, het 'n gunstige agtergrond geskep vir internasionale likiditeitsnavorsing en monetêre hervorming. Die onderwerp van internasionale likiditeit het sedert September 1963²⁾ 'n prominente plek in die take en navorsing van die I.M.F. ingeneem. Op 2 Oktober 1963 het die ministers en goewerneurs van die Groep van Tien 'n studiegroep tot stand gebring "... to make 'a thorough examination of the outlook for the functioning of the international monetary system and of its probable future needs for liquidity'".³⁾ Hierdie studie is deur 'n groep van Adjunkte van die Tien ("Deputies of the Ten") wat sy bevindings aan bogenoemde ministers en goewerneurs moes bekend maak, onderneem.

Die devaluasie van die Britse pond in November 1967 (dit word breedvoerig in paragraaf 4.3.3 bespreek) het sy oorsprong in die betalingsbalansprobleme van die Verenigde Koninkryk gedurende 1964 en veral gedurende die eerste kwartaal van 1965 gehad.⁴⁾ Gedurende die grootste gedeelte van 1964 was die tekort op die lopende en langtermynkapitaalrekenings sowat

1) Vergelyk tabel 2.9.

2) I.M.F., op. cit., p.25.

3) Loc. cit.

4) I.M.F. Annual Report 1965, p.4-5.

\$2 miljard per jaar, wat die ekwivalent van twee derdes van die monetêre reserwes van die Verenigde Koninkryk aan die begin van 1964 verteenwoordig het. Die ewewig in die betalingsbalans van die Verenigde Koninkryk is egter tot en met September 1964 met behulp van 'n invloed van buitelandse korttermynkapitaal en bystand van sekere sentrale banke gehandhaaf. Gedurende Oktober 1964 het die nuwe Britse regering onder andere die volgende maatreëls getref in 'n poging om die betalingsbalanstekorte uit te wis:

- (a) 'n tydelike heffing van 15 persent is op invoere van toepassing gemaak;
- (b) 'n stelsel van belastingrabatte is op uitvoere ingestel; en
- (c) die Bank van Engeland het die diskontokoers in November 1964 na 7 persent verhoog.

Ten spyte van genoemde maatreëls is 'n kentering in die korttermynkapitaalsvloei, gebaseer op die basiese tekort in die Britse betalingsbalans, gedurende die vierde kwartaal van 1964 ondervind, wat die totale tekort tot 'n rekordpeil verhoog het. Die gevolglike sterlingkrisis kon slegs voorkom word nadat verdere internasionale finansiële ondersteuning ter waarde van \$3 miljard georganiseer is, en nadat die Verenigde Koninkryk in Desember \$1 miljard van die I.M.F. getrek het.¹⁾

Alhoewel die handelsbalans van die Verenigde Koninkryk aansienlik verbeter het, was die Britse betalingsbalans gedurende

1) Van die \$1 miljard is \$250 miljoen verkry op grond van goudverkope aan die I.M.F.: Ibid., p.5.

die eerste maande van 1965 steeds aan druk onderworpe en wel as gevolg van voortgesette kapitaaluitvloei. Die Britse begroting van April 1965 het egter meegehelp om die vertroue in Sterling te herstel. Gedurende Mei 1965 het die Verenigde Koninkryk 'n verdere \$1 400 miljoen¹⁾ van die I.M.F. getrek ten einde die posisie van sterling verder te versterk. Ge-noemde maatreëls was egter net voldoende om die sterlingde=valuasie tydelik uit te stel.

Frankryk, wat gedurende die moderne geskiedenis as die belang=rikste pro-goudkomponent na vore getree het, het, vanweë be=talingsbalanssurplusse,²⁾ sedert 1960 'n aansienlike akkumu=lasie van dollars in sy internasionale monetêre reserwes ondervind. In Januarie 1965 het "De Banque de France" ampte=lik die inwisseling van dollars in goud aangekondig.³⁾ Die Franse het bekend gemaak dat dit hul voorneme was "... to reduce their holdings of foreign exchange, which totaled some \$1.4 billion at the end of 1964, and to convert current accruals of foreign exchange into gold".⁴⁾ Die Franse goud=aankope vanaf die V.S.A. het gedurende die 1963-1966-tydvak die volgende beloop:⁵⁾

<u>Jaartal</u>	<u>Bedrag (in miljoene dollars)</u>
1963	517,7
1964	405,1
1965	884,2
1966	600,9

-
- 1) Van die \$1,4 miljard is \$400 miljoen verkry op grond van goudverkope aan die I.M.F.: loc. cit.
- 2) I.M.F. International Financial Statistics: Supplement to 1965/66 issues, p.89.
- 3) Van der Valk, loc. cit.
- 4) I.M.F. Annual Report 1965, p.88.
- 5) Ibid., tabel 44, p.99; en Id. Annual Report 1967, tabel 57, p.121.

Soos reeds genoem, het die tanende goudwisselstandaard onder andere misluk as gevolg van die kwynende goudreserwes van die V.S.A. Genoemde Franse goudaankope was in genoemde jare telkens die belangrikste komponent in die monetêre goudverlies van die V.S.A.¹⁾

Hierdie optrede van Frankryk moet egter gesien word teen die agtergrond van President de Gaulle se pleidooi op 4 Februarie 1965 vir die herstel van die volle goudstandaard as die enigste basis van die internasionale monetêre stelsel: "... France recommends that the system be changed; ... We consider that international exchanges must be established, as was the case before the great world-wide disasters, on an unquestionable monetary basis which does not bear the mark of any individual country. What basis? Actually it is difficult to envision in this regard any other criterion, any other standard than gold".²⁾ Benewens die goudstormloop wat deur dié verklaring ontketen is, het die volgehoue Franse goudakkumulasie - om sodoende die erns van hul pleidooi te beklemtoon - 'n definitiewe verswakking in die goudwisselstandaard tot gevolg gehad.

Intussen is die offisiële samewerking met die oog op die hervorming van die internasionale monetêre stelsel voortgesit. In die somer van 1964 het die adjunkte van die ministers en goewerneurs van die Groep van Tien 'n komitee, onder voorsitterskap van R. Ossola (van Italië), saamgestel met die doel, "... to examine the various alternative proposals for the

1) Loc. cit.

2) Rueff en Hirsch. The role and the rule of gold: An argument, Voorwoord.

creation of additional liquidity which had been put forward".¹⁾
 Dié komitee het die Ossolaverslag waarin 'n insiggewende sintese tussen die belangrikste denkrigtings gemaak is, op 31 Mei 1965²⁾ bekend gemaak.³⁾

Tydens die I.M.F.-jaarvergadering van 1966 is goedkeuring aan 'n prosedure verleen waarvolgens 'n direkte standpuntwisseling in verband met die internasionale likiditeitsvraagstuk tydens 'n reeks gesamentlike, informele byeenkomste tussen die Uitvoerende Direkteure en die adjunkte van die Groep van Tien, sou plaasvind.⁴⁾ Dié samesprekings sou sin maak omdat in dié tyd parallelle studies ten opsigte van die vraagstuk deur beide partye onderneem is. Vier sodanige samesprekings het in Washington (November 1966 en April 1967), Londen (Januarie 1967) en Parys (Junie 1967) plaasgevind.⁵⁾ Op 26 Augustus 1967 is eenstemmigheid deur die ministers van die Groep van Tien insake: "Outline of a facility based on Special Drawing Rights in the I.M.F.", bereik.⁶⁾ Tydens die I.M.F.-jaarvergadering in September 1967 te Rio de Janeiro is 'n resoluëie insake die skepping van Spesiale Trekkingsregte aanvaar.

4.3.3 Die tydperk, 1967-1971

Die toenemende internasionale monetêre probleme loop in die periode, wat in 1971 geëindig het, uit op die finale ineenstorting van die goudwisselstandaard. Die rede vir die

1) I.M.F. The International Fund (Volume I: Chronicle), p.587.

2) Loc. cit.

3) Van der Valk, op. cit., p.93.

4) I.M.F. Annual Report 1967, p.9-10.

5) Ibid., p.10.

6) Van der Valk, op. cit., p.127.

opskorting van die goudwisselstandaard na meer as 25 jaar moet veral in die kwynende rol van goud in internasionale likiditeit gedurende bogenoemde periode gesoek word. Goud se relatiewe rol in internasionale likiditeit het van 53 persent in 1967 tot 30 persent in 1971 afgeneem.¹⁾ Dié afname, wat aan die dalende reële monetêre goudprys toegeskryf kan word, het daartoe gelei dat die relatiewe rol van buitelandse valuta in internasionale likiditeit van 39 persent in 1967 tot 60 persent in 1971 gestyg het.²⁾ Die verandering in die samestelling van internasionale likiditeit het daartoe gelei dat die suksesvolle funksionering, al dan nie, van die internasionale monetêre stelsel saamgeval het met die konjunktorele prestasies van die sleutelvalutalande (die V.S.A. en Brittanje).

Die inflasionêre druk en handelstekorte wat die Verenigde Koninkryk gedurende die eerste helfte van 1966 ondervind het, het die Britse owerheid daartoe gedwing om van korttermyn= buitelandse hulp gebruik te maak om die resulterende spekulasie teen sterling gedurende Junie en Julie 1966 teen te werk.³⁾ Op 20 Julie 1966 is maatreëls (prys- en inkombeleid) wat die oorskotvraag, asook stygende pryse en koste in Brittanje moes neutraliseer ten einde eksterne monetêre ewewig te bespoedig en vertroue in sterling te herstel, getref. Die Bank van Engeland was gedurende Augustus 1966 egter verplig om sterling op groot skaal op die internasionale valutamarkte te ondersteun. Vanaf September 1966 het die aansien van die pond egter gaan= deweg verbeter sodat die betalingsbalansmaatreëls van Oktober 1964⁴⁾ teen die einde van November 1966 opgehef kon word.

1) Vergelyk tabel 4.3.

2) Loc. cit.

3) I.M.F. Annual Report 1968, p.50-1.

4) Paragraaf 4.3.2.

Die eksterne monetêre posisie van die Verenigde Koninkryk het gedurende die vierde kwartaal van 1966 aansienlik verbeter. 'n Matige toename in produksie, asook 'n bevredigende uitvoer=vertoning, het daartoe meegehelp dat genoemde verbetering in die Britse betalingsbalansposisie ook gedurende die eerste kwartaal van 1967 voortgesit is.

Die optimisme wat in die Britse begroting van 1967 in die vooruitsig gestel is, het egter op ydele hoop berus. Teen die einde van die tweede kwartaal van 1967 was dit duidelik "that the expected acceleration in the pace of economic activity was not taking place".¹⁾ Ten spyte van volgehoue maatreëls het Britse invoere steeds toegeneem terwyl uitvoere star ver=toon het. Benewens die teleurstellende handelsyfers van April 1967 het verskeie ander faktore meegehelp dat sterling gedurende 1967 onder kwaai druk op internasionale valutamarkte gekom het, t.w.

- (a) Stygende rentekoerse in ander finansiële sentra het daartoe gelei dat die rentekoersdifferensiaal tussen Eurodollars en Britse owerheidsdeposito's (met 'n loop=tyd van drie maande) ten gunste van eersgenoemde beweeg het en 'n kapitaaluitvloei vanuit Londen tot gevolg gehad het.
- (b) Die omstandighede waaronder die Britse aansoek tot lidmaatskap van die Europese Ekonomiese Gemeenskaps=mark plaasgevind het, het die druk op sterling verhoog.
- (c) Spekulasie met betrekking tot sterling se toekomstige rol het eweneens tot 'n verswakking van die aansien

1) I.M.F., op. cit., p.51.

van die pond op die internasionale valutamarkte gelei.

- (d) Die uitbreek van die Midde-Oosterse konflik gedurende Julie 1967, en die daarmee gepaardgaande sluiting van die Suezkanaal, het die druk op sterling verder verhoog.
- (e) Dokstakings in Londen en Liverpool, asook traë Europese vraagtoestande, het meegehelp dat Britse uitvoere gedurende die derde kwartaal van 1967 afgeneem het.

Nieteenstaande die volgehoue maatreëls wat getref is, kon 'n uitputting van die Britse monetêre reserwes en bystandsfinansiering (van ander sentrale banke en monetêre owerhede) nie afgewend word nie. Die matige reflasionêre maatreëls wat gedurende die derde kwartaal van 1967 getref is, die toenemende loondispute, die swak handelsresultate van September 1967 en die stygende rentekoerspatroon in die Amerikaanse en Eurodollarmarkte, het in November 1967 aanleiding gegee tot 'n hoogtepunt in spekulاسie teen sterling. Die resultaat was die onafwendbare sterlingdevaluasie op 18 November 1967.¹⁾

Die genoemde sterlingdevaluasie van 14,3 persent²⁾ is binne 10 dae gevolg deur mededingende devaluasies deur 14 ander I.M.F.-lidlande, van wie die meerderheid noue ekonomiese en finansiële bande met die Verenigde Koninkryk gehad het. Gelukkig is die sterlingdevaluasie van 1967 nie in dieselfde mate as die sterlingdevaluasie van 1949 gevolg nie.

1) Loc. cit.

2) Loc. cit.

Die ponddevaluasie van 1967, wat reeds sedert 1964 met die regeringswisseling verwag is, was volgens Van der Valk¹⁾ om vier redes van besondere belang.

- (a) Ten einde die juiste omvang van die sterlingdevaluasie te bepaal - 'n te groot devaluasie sou 'n kettingreaksie van devaluasies tot gevolg gehad het - is intensiewe samesprekings tussen die lede van die Groep van Tien gevoer. Die groot aantal instansies wat by die genoemde onderhandelings betrokke was, het geheimhouding onmoontlik gemaak. Van der Valk beweer in hierdie verband: "Men heeft haar wel eens de best geadverteerde devaluatie uit de monetaire geschiedenis genoemd".²⁾ Dit het tot gevolg gehad dat Brittanje opnuut 'n groot bedrag aan monetêre reserwes verloor het vanweë hernieuwde druk op die Britse pond.
- (b) Vir die eerste maal in die geskiedenis het sekere sterlinglande nie die voorbeeld van Brittanje gevolg nie. Die pariteite van die Australiese dollar en die Suid-Afrikaanse rand is na die sterlingdevaluasie van 1967 onveranderd gelaat.
- (c) Die resultaat van (b) was dat die aantal devaluasies beperk gebly het. Die lande wat die sterlingdevaluasie van 1967 gevolg het, was vir minder as 4 persent van wêrelduitvoere verantwoordelik - teenoor die 40 persent van die devaluerende lande in 1949.

1) Van der Valk, op. cit., p.63.

2) Loc. cit.

- (d) Van groter belang is egter die verskynsel dat die devaluasie van die pond 'n sneeubal-effek van aanvalle op die Amerikaanse en Kanadese dollars tot gevolg gehad het.

Alhoewel die sterlingkrisis en -devaluasie gedurende 1967 die belangrikste steuring in die internasionale monetêre stelsel veroorsaak het, was die probleme van die pond "but one aspect of an international payments disequilibrium prevailing over a number of years".¹⁾ 'n Nweaspek van die internasionale onewewigtighede is in die voortdurende betalingsbalanstekorte van die V.S.A. en die aanmerklike betalingsbalanssurplusse van die industriële lande van Europa weerspieël. Die toenemende tekorte op die Amerikaanse betalingsbalans gedurende 1967 het daartoe gelei dat spekulasie die V.S.A.-dollar aan groot druk onderwerp het.

Ten spyte van die betalingsbalansprogram wat op 1 Januarie 1968 in die V.S.A. aangekondig is, het die private vraag na goud aan die begin van 1968 die hoogte ingeskiet. Die kwynde rol van goud as internasionale betaalmiddel kan, benewens die daling in die reële goudprys, ook aan buitengewone toenames in private goudoppotting op grond van wisselkoersonsekerhede, toegeskryf word.

Die toenemende internasionale druk waaraan die V.S.A.-dollar aan die einde van 1967 en die begin van 1968 onderwerp is, het die rol van die Londense goudpoel²⁾ in die internasionale monetêre orde weer onder die soeklig geplaas. Die Londense goudpoel,

1) I.M.F., op. cit., p.3.

2) Paragraaf 4.3.3.

wat die diepte en omvang van internasionale monetêre same-
werking weerspieël het, is daargestel om die V.S.A. van
finansiële hulp te voorsien ten einde die dollar te ondersteun
in gevalle waar Amerikaanse bronne te kort geskiet het om die
dollarpariteit (soos in die goudprys gereflekteer) te handhaaf.

Die toenemende goudstormloop aan die begin van 1968 het 'n
verdere stimulus gekry nadat gerugte die ronde gedoen het dat
die V.S.A. hom tot 'n trekking by die I.M.F. moes wend in 'n
poging om die dollar te ondersteun.¹⁾ Die vlug na goud (wat
deels op reële en deels op sielkundige faktore berus het) het
sodanige afmetings aangeneem, "dat na een tiendaagse golf van
meest speculatiewe goudaankopen de kantore van de grootste
drie Zwitserse banken te Zürich om technische redenen voor de
goudhandel moesten worden gesloten; zij konden de enorme
stroom van orders niet verwerken".²⁾ Ten spyte daarvan dat
die goewerneys van die sentrale banke van die goudpoel op
10 Maart 1968 herbevestig het dat die goudprys op \$35 per
fynons gehandhaaf sou word, het die buitengewone hoë nie-
monetêre goudvraag voortgeduur. Die gevolglike gouddreine-
ring³⁾ uit die monetêre reserwes van die goudpoellande het tot
die sluiting van die Londense goudmark op 15 Maart 1968⁴⁾ gelei.
Die goudprys op die Paryse goudmark, wat nie die sluiting van
die Londense en Zürichse goudmarkte gevolg het nie, het op
15 Maart tot \$44,41 per fynons⁵⁾ gestyg.⁶⁾

1) Van der Valk, op. cit., p.65.

2) Loc. cit.

3) Vanaf November 1967 tot op 15 Maart 1968 is goud ter waarde
van meer as \$3 miljard deur die goudpoel van die hand gesit:
I.M.F., op. cit., p.89.

4) Ibid., p. 83.

5) Ibid., p.91.

6) Dié prys is teen 'n omset van 45 ton goud behaal - 64 keer
meer as die normale loc. cit.

Die verteenwoordigers van die sentrale banke van België, Duitsland, Italië, Nederland, Switserland, die Verenigde Koninkryk en die V.S.A. het tydens 'n vergadering te Washington op 16 en 17 Maart 1968 die doelstellings en aktiwiteite van die goudpoel ondersoek.¹⁾ As resultaat van dié vergadering is die goudpoelooreenkoms van 1961 opgeskort. Na afloop van die vergadering is die volgende besluite²⁾ by wyse van 'n communiqué aangekondig:

- (a) dat die V.S.A. in transaksies met monetêre owerhede sou voortgaan om goud teen \$35 per fynons te koop en te verkoop;
- (b) dat geen monetêre goud voortaan op die Londense of enige ander goudmark verkoop sou word nie;
- (c) dat die noodsaaklikheid om goud op die goudmarkte vir monetêre doeleindes aan te koop, verval het, "as the existing stock of monetary gold is sufficient in view of the prospective establishment of the facility for Special Drawing Rights ...";³⁾ en
- (d) dat geen monetêre goud voortaan aan monetêre owerhede verkoop sou word om goud wat op die private goudmarkte verkoop is, aan te vul nie.

Intussen het 'n aantal ander sentrale banke ook aangekondig dat hulle voortaan geen amptelike goud op die vrye markte sou

1) Ibid., p.83.

2) Loc. cit.; en Simha. Gold and the international monetary system, p.41-2.

3) I.M.F., loc. cit.

koop of verkoop nie; as gevolg daarvan is sekere wysigings in goudregulasies en bemarkingsprosedures aangebring.¹⁾ Die belangrikste resultaat van bogenoemde communique was dat twee goudpryse vanaf 1 April 1968²⁾ bestaan het, nl.:

- (a) die offisiële goudprys van \$35³⁾ per fynons, plus of min die voorgeskrewe (deur die I.M.F.) marge van 1 persent;⁴⁾ en
- (b) 'n vrye markprys vir goud wat fluktrueer in ooreenstemming met vraag en aanbod.

Een van die belangrikste doelwitte van die tweeledige goud=prysstelsel wat op 17 en 18 Maart 1968 tot stand gekom het, was om die monetêre goudvoorraad van die private vraag te isoleer. Van der Valk beweer: "Goud voor industrie en andere doeleinden kon niet langer van de centrale banken worden verkregen; de vraag naar goud voor deze doeleinden moest buiten het gebied van de centrale banken worden bevredigd".⁵⁾ Ten einde die voortgesette suksesvolle funksionering van die Bretton Woods-stelsel te verseker, was lande steeds verplig om die pariwaardes van hul geldeenhede, wat met die I.M.F. ooreengekom is, te handhaaf.

1) Loc. cit.

2) Die heropening van die Londense goudmark: Ibid., p.84.

3) Die offisiële goudprys is gedurende Desember 1971 tot \$38 per fynons, en gedurende Februarie 1973 tot \$42,22 per fynons verhoog.

4) Dié marge is sedert Desember 1971 tot 2,25 persent verhoog.

5) Van der Valk, op. cit., p.66.

Soos reeds hierbo gestel, kan die mislukking van die goud= wisselstandaard veral aan die relatiewe daling in die rol van goud in internasionale likiditeit toegeskryf word. Die meeste kenners was dit egter eens dat die instelling van die tweeledige goudprysstelsel in elk geval nie die absolute mone= têre goudvoorraad sou verminder nie. Sô beweer Henry Fowler¹⁾ van die V.S.A. dat die tweeledige goudprysstelsel daartoe sou meehelp, "... to arrest the decline of monetary gold reserves and to insulate the international monetary system from the destabilizing influences of the private gold market and speculation in gold". In dieselfde verband beweer Emilo Colombo²⁾ van Italië: "Thus we succeed in avoiding a situation in which conversion of national currencies into gold by private operators reduces existing official gold holdings". N. Diederichs³⁾ van Suid-Afrika stel dit meer eksplisiet: "The two-tier system has, ..., at least the virtue that it checks the drain on monetary gold".

Alhoewel die tweeledige goudprysstelsel sou voorkom dat die monetêre goudvoorraad daal, kon dit op sterkte van die Ooreenkoms van 30 Desember 1969⁴⁾ met Suid-Afrika wel onder sekere omstandighede toeneem, byvoorbeeld in gevalle waar die goudprys op die vrye goudmarkte benede \$35 per fynons sou daal. Behoudens

1) Fowler. Statement by the governor of the Fund and Bank for the United States. (In I.M.F. Summary Proceedings: Annual Meeting 1968, p.53).

2) Colombo. Statement by the governor of the Fund for Italy. (In I.M.F., op. cit., p.85).

3) Diederichs. Statement by the governor of the Fund and Bank for South Africa. (In I.M.F., op. cit., p.197).

4) Vergelyk paragraaf 4.2.4.3.

enkele uitsonderings¹⁾ was die goudprysdifferensiaal (tussen die amptelike en nie-amptelike goudpryse) voortdurend in die guns van die goudprys op die vrye goudmarkte. Die resultaat hiervan was dat die Suid-Afrikaanse goudproduksie nie hul weg na offisiële monetêre goudreserwes gevind het nie. Die totale offisiële goudbesit van I.M.F.-lidlande, die I.M.F., die Europese Betalingsunie, die Europese Fonds en die Bank vir Internasionale Verrekening het van \$40 905 miljoen aan die einde van 1968 tot \$49 900 miljoen aan die einde van November 1973 toegeneem.²⁾ Van dié toename, ter waarde van \$8 995 miljoen, kan sowat \$8 400 aan die revaluasie van die amptelike goudprys gedurende Desember 1971 en Februarie 1973 toegeskryf word. Oor 'n tydperk van bykans 5 jaar het die monetêre goudreserwes van die wêreld dus met minder as \$600 miljoen gestyg.

Gedurende dieselfde tydperk het die internasionale monetêre arena die een monetêre krisis na die ander ondervind wat tot die uiteindelijke opskorting van die goudwisselstandaard op 15 Augustus 1971 as basis van die internasionale betalingsmeganisme gelei het. Dit blyk dus weer eens duidelik dat die internasionale betalingsmeganisme onbevredigend funksioneer vanweë die relatiewe afname in die rol van goud as internasionale reserwebate.

Op 17 April 1968³⁾ is gedetailleerde voorstelle in verband met die gewysigde Artikels van Ooreenkoms van die I.M.F., wat sowel

- 1) Op 16 en 19 Januarie 1970 het die Londense goudprys tot \$34,75 per fynons gedaal: I.M.F. Annual Report 1971, p.149.
- 2) I.M.F. International Financial Statistics, 27:17, Februarie 1974.
- 3) Id. The International Monetary Fund: 1945-1965 (Volume I: Chronicle), p.605.

die spesiale trekkingsfasiliteit as die modifikasies van die I.M.F.-praktyke ingesluit het, aan die goewerneurs van die onderskeie sentrale banke gestuur.¹⁾ Dié voorstelle is op 31 Mei 1968 by wyse van stemming (sonder 'n vergadering) goedgekeur en die gewysigde Artikels van Ooreenkoms het op 28 Julie 1969 in werking getree. Dié poging om internasionale likiditeit uit te brei ten einde die kwynende relatiewe monetêre rol van goud te vervang, was ook nie voldoende om die opskorting van die goudwisselstandaard op 15 Augustus 1971 te voorkom nie.

Die internasionale monetêre probleme het, as gevolg van twee gebeurtenisse, gedurende 1968 van Noord-Amerika na kontinentale Wes-Europa verskuif.²⁾ Die eerste was 'n kapitaaluitvloei vanaf Wes-Europa na Noord-Amerika op grond van rentekoersverskille wat ontwikkel het. Die tweede gebeurtenis was studenteonluste wat gedurende Mei 1968 in Parys uitgebreek het en in die vorm van stakings na die bedryfslewe uitgekring het. Laasgenoemde het tot produksieverliese en loonsverhogings wat die Franse frank aan groot druk onderwerp het, gelei. 'n Verklaring deur President De Gaulle dat "... een eventuele devaluatie de grootste denkbare absurditeit was ...",³⁾ kon die valutaonrus wat die Franse frank omring het, nie verdryf nie.

Groot kapitaalverskuiwings vanaf Frankryk na die V.S.A., Duitsland en Switserland het op 'n konferensie tussen die ministers van finansies en presidente van sentrale banke van die Groep van Tien, vanaf 22 tot 24 November 1968 te Bonn, uitgeloop.

1) Vergelyk paragraaf 4.2.6.

2) Van der Valk, op. cit., p.66-7.

3) Ibid., p.66.

Diē byeenkoms het 'n dramatiese verloop gehad, "met een komische maar monetair gezien teleurstellende slotacte".¹⁾ Nā vele besprekings is op 'n devaluasie van die Franse frank besluit nadat Duitsland nie wou toestem om die Duitse mark te revalueer nie, maar wel bereid was om bepaalde invoerbeperkings op te hef. Enkele ure nā afloop van die konferensie het President De Gaulle by monde van 'n radiorede aangekondig dat die Franse frank nie gedevalueer sou word nie - 10 jaar tevore het De Gaulle onderneem om die pariteit van die frank tydens sy bewind onveranderd te laat.²⁾ Politieke oogmerke het dus die noodsaaklike wisselkoersaanpassings van die mark en die frank in die wiele gery. Verriijn Stuart³⁾ beskryf die spanning wat vanaf 14 tot 24 November 1968 op die internasionale monetêre gebied ondervind is, soos volg: "Het waren dagen van intense spanning, boordevol met contradictoire berichten, keihard touwtrekken ten aanzien van de regeling van de wisselkoersen, zulks op eensdeels economische overwegingen, maar toch ook wel, al is dit niet sterk op de voorgrond gesteld, tegen een achtergrond van bepaalde algemene politieke divergenties; een en ander rijklijk doorspekt met overal en altijd kwalijke internationale prestige-gevoelens".

'n Groot internasionale hulpprogram, asook interne maatreëls, het dit egter vir Frankryk moontlik gemaak om gedurende bogenoemde krisisperiode die pariteit van die Franse frank te kon handhaaf.

1) Loc. cit.

2) Loc. cit.

3) Ibid., p.67.

Na 'n betreklik rustige eerste helfte van 1969¹⁾ het hernieuide internasionale monetêre krisis aanleiding gegee tot die wisselkoersaanpassings van die Franse frank en Duitse mark gedurende die tweede helfte van 1969. Die oorwaarding van die Franse frank is op 10 Augustus 1969²⁾ beëindig met die devaluasie van die frank met 11,11 persent.³⁾

Die moontlikhede van 'n revaluasie van die Duitse mark het daartoe gelei dat groot bedrae korttermynkapitaal Duitsland gedurende September 1969 binnegestroom het⁴⁾ - met 'n destabilerende uitwerking op die internasionale valutamarkte, asook op die Eurovalutamarkte. Volgehoue spekulatiewe mark=aankope het die Duitse Bundesbank verplig om die Duitse valutamarkte op 25,26 en vir 'n gedeelte van 29 September 1969 te sluit. Ingevolge 'n besluit wat op 29 September 1969 geneem is, is die Duitse mark vanaf 30 September 1969 tot 26 Oktober 1969 toegelaat om vrylik te fluktueer "... as a means of avoiding possible pressures on the international monetary system, ..." ⁵⁾ Op 26 Oktober 1969 is die pariteit van die Duitse mark op DM 3,66 = V.S.A. \$1 vasgepen, wat 'n revaluasie van 9,29 persent bō die vorige vasgestelde pariteit verteenwoordig het.⁶⁾

Gedurende die 2-jaarperiode vanaf November 1967 tot Oktober 1969 is die pariteite van die Britse pond, Franse frank en

1) Loc. cit.

2) President De Gaulle het gedurende Junie 1969 die amp van president van Frankryk neergelê: Loc. cit.

3) I.M.F. Annual Report 1970, p.112.

4) Ibid., p.115.

5) Ibid., p.116.

6) Loc. cit.

Duitse mark dus aangepas tot realistiese wisselkoerspeile. Ten opsigte van die periode onmiddellik ná 26 Oktober 1969 verklaar die I.M.F.:¹⁾ "The subsequent period of general stability in the foreign exchange markets was the first since well before the devaluation of sterling in November 1967". Dié kalmte sou egter van korte duur wees - goud se relatiewe rol in internasionale likiditeit het steeds afgeneem en enige oplossing was derhalwe tot mislukking gedoem - want gedurende 1971 het die internasionale monetêre stelsel van die een krisis na die ander beweeg.

Die wisselkoers tussen die Kanadese dollar en ander geldeen=hede het gedurende 1969 en die eerste helfte van 1970 voort=durend ten gunste van eersgenoemde geldeenheid beweeg.²⁾ Dit was hoofsaaklik die resultaat van aansienlike betalingsbalans=surplusse en van toenemende korttermynkapitaalvloei wat na Kanada ondervind is. Op 31 Mei 1970 het die Kanadese monetêre owerhede besluit om die Kanadese dollar toe te laat om vrylik te fluktueer. Ten einde buitensporige appresiasie in die wisselkoers van die Kanadese dollar te voorkom en om onstabili=teit in die Kanadese valutamarkte te vermy, het die Kanadese monetêre owerhede onderneem om die wisselkoers met behulp van die Kanadese Wisselkoersfonds te stabiliseer.

Die gebeure gedurende 1971 wat die opskorting van die Bretton Woods-Ooreenkoms van 1945 onmiddellik voorafgegaan en direk aanleiding tot die totstandkoming van die Smithsoniaanse

1) Ibid., p.112.

2) Ibid., p.117.

Ooreenkoms van 18 Desember 1971 gegee het, is van soveel belang dat 'n chronologiese bespreking daarvan geregverdig is.¹⁾

(a) Januarie-Februarie:

Groot bedrae rentekoerssensitiewe kapitaal vloei Europa vanuit die V.S.A. binne, wat daartoe lei dat Europese geldeenhede tot hul maksimum toelaatbare appresiasiegrense ten opsigte van die dollar aanpas.

(b) Maart-April:

Duidelik waarneembare spekulاسie word op internasionale valutamarkte ondervind. Die Duitse mark word aan sterk koopdruk onderwerp vanweë 'n aansienlike handelsurplus en beperkende kredietbeheermaatreëls. Die offisiële reserwetekort van die V.S.A. vir die eerste kwartaal van 1971 beloop sowat \$5,5 miljard.

(c) 3-4 Mei:

Die Duitse Bundesbank word verplig om 'n kapitaalinvloei van \$1 miljard te absorbeer ten einde die dollar te ondersteun.

(d) 5 Mei:

Die sentrale banke van Wes-Duitsland, Nederland, Switserland, België en Oostenryk beëindig hul ondersteuning van die verswakte V.S.A.-dollar op die onderskeie valutamarkte.

1) Root, op. cit., p.481-2; I.M.F. Annual Report 1971, p.3, 9-13, 155-6; en Id. Annual Report 1972, p.1-3, 37-40.

(e) 10 Mei:

Met die heropening van die internasionale valutamarkte word die Switserse frank en Oostenrykse schilling met 7,07 persent¹⁾ en 5,05 persent²⁾ respektiewelik gerevalueer,³⁾ terwyl die Duitse mark en Nederlandse gulden toegelaat word om vrylik te fluktueer. Op die Belgiese valutamark word voortaan tussen offisiële en finansiële transaksies onderskei.

(f) Junie-Julie:

Die offisiële reserwetekort van die V.S.A. vir die eerste helfte van 1971 styg tot \$11,3 miljard onderwyl die Amerikaanse handelstekort gedurende die tweede kwartaal van 1971 sowat \$1 miljard beloop. Die vloei van vlugkapitaal uit die V.S.A. duur voort en die Amerikaanse offisiële goudvoorrade daal tot ongeveer \$10 miljard.

(g) 1-14 Augustus:

'n Subkomitee van die Amerikaanse Kongres beweer dat die Amerikaanse dollar oorwaardeer is, en stel 'n algemene heraanpassing van wisselkoerse voor. 'n Snelle toename in die vlug van kapitaal vanuit die V.S.A.-dollar word ondervind, onderwyl die dollarwisselkoers ten opsigte van die Duitse mark sy laagtepunt in 22 jaar bereik.

(h) 15 Augustus:

President Nixon kondig die volgende belangrike ekonomiese

1) Id. Annual Report 1971, p.3.

2) Loc. cit.

3) Volgens Van der Valk, op. cit., p.128, het die Switserse Frank met 7 persent en die Oostenrykse schilling met 10 persent gerevalueer.

program aan,¹⁾ met die doel om die volgehoue druk op die dollar te verlig: die bevriesing van alle pryse, huur, lone en salarisse in die V.S.A. vir 'n periode van 90 dae; nuwe belastingmaatreëls; vanaf 16 Augustus word alle belasbare invoere wat aan kwotas onderhewig was, aan 'n tydelike invoerheffing van 10 persent onderwerp.²⁾ Daarbenewens word die volgende ingrypende internasionale monetêre maatreëls getref:

- (i) dat die V.S.A. tydelik nie voortgaan om goud vrylik aan te koop en te verkoop vir die vereffening van internasionale transaksies nie - dië maatreël het die opskorting van die goudwisselstandaard as basis van die internasionale betalingsmeganisme ingehou;
 - (ii) dat die V.S.A. voortaan die gebruik van Amerikaanse reserwebates in die vereffening van uitstaande obligasies en in die bereiking van groter internasionale monetêre stabiliteit sal beperk; en
 - (iii) dat die Federale Reserwebank versoek word om die bykans outomatiese gebruik van sy ruilnetwerk met die doel om inwisseling van dollars en ander geldeenhede te vergemaklik, op te skort.
- (i) 16-20 Augustus:
Die valutamarkte van Wes-Europa bly gesluit terwyl Wes-Europese owerhede in gebreke bly om gekoördineerde optrede
-
- 1) Anon. Dollar crisis. The Banker, 121:986, September 1971.
2) Die invoere wat aan die 10 persent-invoerheffing onderwerp is, het sowat 50 persent van die waarde van die totale Amerikaanse invoere verteenwoordig.

in reaksie op die Amerikaanse maatreëls van stapel te stuur.

(j) 23 Augustus:

Die internasionale valutamarkte open op 'n ongekoördineerde wyse. Alle pariteite van die onderskeie geldeenhede word op dié van 14 Augustus 1971 gehandhaaf en die ondersteuning van die dollar word, met die uitsondering van Frankryk,¹⁾ deur alle sentrale banke gestaak.

(k) 28 Augustus:

Die Japanse owerheid skort die offisiële tussenkoms van die Japanse sentrale bank op die valutamark op. As resultaat appresieer die jen onmiddellik met 4,7 persent.

(l) September:

Met die uitsondering van die handelswisselkoers van die Franse frank appresieer die wisselkoerse van die belangrikste geldeenhede in terme van die dollar. Van ware vry-fluktuierende wisselkoerse is egter nie sprake nie: baie sentrale banke is steeds op 'n ad hoc-basis op die valutamarkte aktief, terwyl valutabeheer deur ander toegepas word.

(m) 15 September:

'n Vergadering deur die ministers van finansies van die Groep van Tien eindig sonder dat hulle tot enige ooreenkoms kon raak. Die eise van die V.S.A. - revaluasie van ander geldeenhede, vermindering van handelsbeperkings en groter deelname deur die res van die Groep van Tien aan

1) Die Franse het die dollar in die mark vir handelstransaksies ondersteun, maar nie dié in die mark vir finansiële transaksies nie.

internasionale verdedigingsverpligtinge - skok die buitelandse afgevaardigdes.

(n) 16 September:

Die A.O.T.H. versoek die V.S.A. om invoerheffing op te hef.

(o) Oktober-November:

Die druk op die V.S.A. om die monetêre krisis te beëindig, is aan die toeneem; daar is selfs sprake van finansiële wraakneming in sekere lande buite die V.S.A. Die offisiële reserwetekort van die V.S.A. beloop sowat \$12,1 miljard vir die eerste 3 kwartale van die jaar. Spekulasie word intensiewer.

(p) 1 Desember:

Tydens 'n konferensie deur die Groep van Tien te Rome toon die Sekretaris van die Amerikaanse Tesourie bereidwilligheid om die dollar as basis tot onderhandeling te devalueer - 'n syfer van 10 persent word genoem. (Dit was die eerste offisiële bereidwilligheid van Amerikaanse kant sedert 1945 om die amptelike goudprys te verhoog ten einde internasionale monetêre hervorming te bewerkstellig).

14 Desember:

Tydens 'n vergadering in Azores kom President Nixon en President Pompidou van Frankryk ooreen "to work toward '... prompt realignment of currencies through devaluation of the dollar and revaluation of some other currencies'".¹⁾

17-18 Desember:

Tydens 'n vergadering van die ministers van finansies van

1) Root, op. cit., p.482.

die Groep van Tien by die Smithsoniaanse Instituut te Washington stem die V.S.A. in om die dollar met 8,57 persent te devalueer (die amptelike goudprys word van \$35 tot \$38 per fynons verhoog) en die invoerheffing van 10 persent op te hef in ruil vir die revaluasie van ander geldeenhede. Dié Ooreenkoms wat voortaan as die "Smithsoniaanse Ooreenkoms" bekend sal staan, word deur President Nixon beskryf as "the most significant monetary agreement in the history of the world".¹⁾

Soos duidelik uit bogenoemde chronologiese bespreking van internasionale monetêre gebeure blyk, was die uiteindelijke sluiting van die Smithsoniaanse Ooreenkoms onafwendbaar. Ten einde die rol van goud in die "nuwe" basis van die internasionale betalingsmeganisme te ontleed, is 'n bespreking van die belangrikste aspekte van die Smithsoniaanse Ooreenkoms noodsaaklik.

Die algemene heraanpassing van die wisselkoerse van die belangrikste geldeenhede wat in die Smithsoniaanse Ooreenkoms vervat is, was 'n belangrike poging "to eliminate the disequilibria in international payments".²⁾ Die algemene heraanpassing van wisselkoerse word in tabel 4.2 weergegee. Die belangrikste aspekte van dié heraanpassing was die depresiasie van die V.S.A.-dollar in terme van goud en S.T.R.'e, en die appresiasie (in dieselfde terme) van die Japanse jen en Duitse mark, sowel as dié van die Nederlandse gulden en Belgiese frank. Soos duidelik uit tabel 4.2 blyk, was die netto effek van genoemde wisselkoersaanpassings dat die jen en die mark onderskeidelik met 16,88 en 13,58 persent in waarde teenoor die

1) Loc. cit.

2) I.M.F. Annual Report 1972, p.2.

TABEL 4.2

WISSELKOERSAANPASSINGS¹⁾ AS GEVOLG VAN DIE SMITHSONIAANSE OOREENKOMS
VAN 18 DESEMBER 1971²⁾

(uitgedruk as persentuele verandering in pariwaardes)

LIDLAND	PERSENTUELE VERANDERING	PERSENTUELE APPRESIASIE TEN OPSIGTE VAN DIE V.S.A.-DOLLAR
België	+2,76	+11,57
Kanada	swewend	-
Frankryk	0,00	+8,57
Duitsland	+4,61	+13,58
Italië	-1,00	+7,48
Japan	+7,66	+16,88
Nederland	+2,76	+11,57
Swede	-1,00	+7,49
Verenigde Koninkryk	-	+8,57
Verenigde State	-7,89	-

1) Ibid., p.38.

2) Die wisselkoersaanpassings sou mettertyd na heelwat meer lande uitkring.

dollar toegeneem het. Die V.S.A. kon dus na 37 jaar van volharding nie voorkom dat die amptelike goudprys verhoog word nie. Volgens die I.M.F.¹⁾ het bogenoemde patroon van algemene wisselkoersaanpassings die totale effek gehad "... of leaving the value of the SDR (and of reserve positions in the Fund) approximately unchanged in relation to major currencies in general". Dieselfde beginsel sou op die rol van goud toegepas kon word.

7) 'n Tweede belangrike kenmerk van die Smithsoniaanse Ooreenkoms was die verstandhouding wat tussen die deelnemers geheers het met betrekking tot die oorwegings van langtermynhervorming of verbetering van die internasionale monetêre stelsel. Dié verstandhouding het onder andere die volgende ingehou: "It was agreed that attention should be directed to the appropriate monetary means and division of responsibilities for defending stable exchange rates and for insuring a proper degree of convertibility of the system; to the proper role of gold, of reserve currencies, and of special drawing rights in the operation of the system; to the appropriate volume of liquidity; to re-examination of the permissible margins of fluctuation around established exchange rates and other means of establishing a suitable degree of flexibility; and to other measures dealing with movements of liquid capital".²⁾

Op 18 Desember 1971 het die I.M.F. (as deel van die Smithsoniaanse Ooreenkoms) besluit om die maksimumgrense waarbinne wisselkoerse om die vasgestelde pariteite kon fluktueer, tydelik na 2,25 persent te verhoog.³⁾ Die resultaat was dat in die

1) Ibid., p.2.

2) Root, op. cit., p.485.

3) I.M.F., op. cit., p.3; en paragraaf 4.2.3.3.

uiterste gevalle wisselkoersfluktuasies van tot 9 persent tussen twee geldeenhede kon plaasvind. Die starheid van wisselkoersaanpassings is deur dié maatreël enigsins verlig.

Daarbenewens het die V.S.A. ingestem om die invoerheffing van 10 persent (wat veral teen Japan en Wes-Duitsland gemik was) as deel van die Smithsoniaanse Ooreenkoms op te hef.

Die finale kenmerk van die Smithsoniaanse Ooreenkoms, wat veral vir die doel van dié studie van primêre belang is, is die rol wat goud ingevolge dié Ooreenkoms sou speel. Benewens die re=valuasie-effek wat die dollardevaluasie op die absolute waarde van die monetêre goudvoorraad gehad het, het die verhoging in die amptelike goudprys weinig ekonomiese betekenis vir solank die opskorting van die goudinwisselbaarheid van die dollar van krag bly. Dit kan egter as 'n oorwinning vir die pro-goudskool beskou word dat die V.S.A. die amptelike goudprys verhoog en terselfdertyd die inwisselbaarheid van die dollar in goud opgeskort het. Die langtermyndemonetisasieplan van die V.S.A. het met dié 2 stappe 'n belangrike knou gekry.

Ten spyte daarvan dat die Smithsoniaanse Ooreenkoms slegs as 'n interimreëling van stapel gestuur is, het dit om die volgende redes wel bygedra tot vooruitgang op internasionale monetêre gebied:¹⁾

- (a) die gevaar van 'n wêreldwye handelspolitieke oorlog is afgewend;
- (b) dié algemene wisselkoersaanpassing ten opsigte van die aantal en belangrikheid van die deelnemende lande is die

1) Van der Valk, op. cit., p.71.

grootste in die geskiedenis;

- (c) in teenstelling met die algemene devaluasies van 1949 en 1967 het die wisselkoersaanpassings van Desember 1971 ook revaluasies as deel van die gekoördineerde optrede ingesluit;
- (d) multilaterale ooreenstemming ten opsigte van wisselkoersaanpassings is bereik;
- (e) die peil van die belangrikste wisselkoerse is op 'n meer realistiese peil vasgestel; en
- (f) dié algemene wisselkoersersiening het gepaard gegaan met 'n vergroting van die fluktuasiemarges.

Soos duidelik uit bostaande blyk, is die Smithsoniaanse Ooreenkoms uit die gebreke van die Bretton-Woods-stelsel gebore, en was die doel van dié Ooreenkoms uitsluitlik voorlopig van aard.

4.3.4 Die tydperk ná 1971

Die internasionale valutamarkte het vir etlike maande ná 18 Desember 1971 steeds kwesbaar vir ekonomiese en politieke gebeurtenisse gebly. Daarbenewens het die verwagte spekulatiewe kapitaalrugaflowei na die V.S.A., in reaksie op die algemene wisselkoersaanpassings, nie plaasgevind nie, vanweë internasionale rentekoersverskille en verskeie ander faktore, waaronder "... the initial pattern of market exchange rates within the newly widened margins and lack of public appreciation of the lags with which the intended effects of exchange rates are felt".¹⁾ Die afwesigheid van sodanige kapitaalrugaflowei

1) I.M.F., loc. cit.

en die voortgesette Amerikaanse betalingsbalanstekorte het daartoe gelei dat die akkumulasie van die buitelandse offisiële dollarbesit gedurende die eerste kwartaal van 1972 steeds toegeneem het. Die "gouddekking" van die buitelandse dollarbesit het sodoende afgeneem.

Gedurende die tweede kwartaal van 1972 tot en met die middel van Junie toe die Britse pond onder groot afwaartse druk geplaas is, is meer stabiele toestande op die internasionale valutamarkte ondervind. Groot korttermynkapitaaluitvloei en die gevolglike monetêre reserweverlies het die regering van die Verenigde Koninkryk genoop om die pond sterling vanaf 23 Junie 1971¹⁾ tydelik toe te laat om vrylik te sweef. Benewens die 15 lande wat noue finansiële en handelsbande met die Verenigde Koninkryk gehad en hul geldeenhede toegelaat het om in ooreenstemming met die Britse pond te sweef, het verskeie ander lande van wie die geldeenhede voorheen aan die Britse pond gekoppel was, dié koppeling opgeskort. In dié gevalle is geldeenhede aan die dollar of direk aan goud gekoppel. Die algemene heraanpassing van wisselkoerse ingevolge die Smithsoniaanse Ooreenkoms was dus nie realisties genoeg nie, sodat die eerste heraanpassing reeds na 6 maande onafwendbaar was.

Gedurende die tweede helfte van 1972 is progressiewe stabiliteit op die internasionale valutamarkte ondervind en is ook in die goudmarkte gereflekteer.²⁾ Die faktore wat tot dié kalmte in die internasionale monetêre arena bygedra het, het onder andere die besluite van sommige lidlande om maatreëls te tref

1) Loc. cit.

2) Id. Annual Report 1973, p.3.

om die Smithsoniaanse wisselkoersaanpassings te ondersteun, ingesluit. Die kapitaaltoevloei wat die V.S.A. gedurende die tweede helfte van 1972 ondervind het, het daartoe gelei dat die dollar in terme van ander belangrike geldeenhede geappresieer het, veral ten opsigte van die Duitse mark en die Nederlandse gulden.

Laasgenoemde neiging is egter nie toegelaat om onbepaald voort te duur nie: "... most of the major European currencies continued to be quoted at premiums against the dollar as central banks reduced their foreign exchange holdings rather than permitting the value of their currencies to fall".¹⁾ Die vertonings van sowel sterling as die Italiaanse lire het swak gebly, terwyl korttermynkapitaalvloei na Japan daartoe gelei het dat die jen baie sterk gestaan het.

Die meer stabiele internasionale valutamarkte aan die einde van 1972, kon ongelukkig nie aan die begin van 1973 gekonsolideer word nie. In teenstelling met die voorafgaande stabiele monetêre toestande is die internasionale betalingsmeganisme in 'n ernstige krisis gedompel vanweë 'n opeenvolging van ekonomiese gebeure. Dié faktore²⁾ het onder andere die volgende ingesluit:

- (a) die moontlikhede van inflasionêre druk in die V.S.A. het, ná beëindiging van Fase II van die Amerikaanse loon- en prysbeheerprogram gedurende Januarie van 1973, toegeneem;

1) Loc. cit.

2) Ibid., p.4.

- (b) die negatiewe reaksie op die internasionale valuta=markte op grond van die toenemende verswakking in die Amerikaanse handelsrekening, asook die voortgesette betalingsbalanssurplusse in Japan en elders;
- (c) korttermynrentekoerse het in Europa aan die einde van 1972 en die begin van 1973 sterk gestyg; en
- (d) 'n addisionele faktor wat die druk op die dollar ver=groot het, was geleë in die Italiaanse gebruik van die dollar as brugvaluta ("vehicle currency") vir die ka=pitaalvloeï vanuit Italië.¹⁾

Gedurende Januarie 1973²⁾ is 'n tweeledige valutamark in Italië ingestel - een vir kapitaal- en een vir handelstransak=sies. Nieteenstaande die depresiasie van die lire (vir kapi=taaltransaksies bestem) het die kapitaalvlug uit Italië (veral na Switserland) steeds voortgeduur. Vanweë die onttrekking van die "Swiss National Bank" aan die Switserse valutamark het die wisselkoers van die frank met 6 persent bô die koers van 18 Desember 1971 geappresieer.

In navolging van bogenoemde gebeure het oormatige spekulatiewe dollarverkope tot 'n depresiasie van die V.S.A.-dollar op die belangrikste internasionale valutamarkte gelei. ~~Gedurende~~ die eerste 10 dae van Februarie 1973 is sowat 10 miljard³⁾ dollars in die offisiële reserwes van Europese lande en Japan geabsorbeer. Op 12 Februarie 1973 is 'n devaluasie van 10 persent⁴⁾ (in terme van goud of S.T.R.'e) in die waarde van

1) Loc. cit.

2) Ibid., p.5.

3) Loc. cit.

4) Ibid., p.47.

die V.S.A.-dollar deur die Amerikaanse monetêre owerhede voorgestel.

Na 34 jaar van hardnekkige volharding is die V.S.A.-dollar binne 14 maande vir 'n tweede keer gedevalueer. Die demonetisasie van goud is weer eens 'n gevoelige knou toegedien. Alhoewel die relatiewe rol van goud deur beide devaluasies feitlik onveranderd gelaat is, was die sielkundige oorwinning van die pro-goudskool van groter belang.

In reaksie op die Amerikaanse devaluasiebesluit het monetêre outoriteite van die belangrikste industriële lande besluit: "... to keep the par values or central rates for their respective currencies unchanged in terms of SDR's or gold, thus allowing the proposed devaluation of the U.S. dollar to be fully reflected in their exchange rates".¹⁾ Die swewing in die wisselkoerse van die Britse pond, Kanadese dollar en die Switserse frank is gehandhaaf, en deur die vry-fluktuierende wisselkoerse van die Japanse jen en Italiaanse lire aangevul.

Die broosheid van die wisselkoerspatroon en hernieuwe spekulاسie het daartoe gelei dat die V.S.A.-dollar aan die einde van Februarie 1973 weer eens onder groot druk geplaas is.²⁾ Gekonfronteer met "... unprecedented offerings of dollars, especially against the deutsche mark, and by a growing belief among market participants that the system of fixed exchanges rates was not viable under prevailing circumstances and that the crisis was unlikely to be short-lived ...",³⁾ het die Japanse

1) Ibid., p.6.

2) Loc. cit.

3) Loc. cit.

en belangrikste Europese sentrale banke die onderskeie valutamarkte vanaf 2 Maart tot 19 Maart 1973 gesluit.

Met die heropening van die valutamarkte op 19 Maart het belangrike monetêre maatreëls van krag geword. Die Duitse monetêre owerheid het die I.M.F. in kennis gestel van 'n 3-persent-revaluasie van die Duitse mark in terme van S.T.R.'e (of goud). Daarbenewens het 6 E.E.G.-lidlande¹⁾ besluit dat die fluktuasiegrens in wisselkoerse van 2,25 persent op hul onderlinge valutatransaksies van toepassing sou bly, maar dat die geldeenhede van genoemde 6 lande voortaan gesamentlik teenoor die V.S.A.-dollar sou sweef. Die 2,25 persent wisselkoersmarge sou dus nie ten opsigte van die V.S.A.-dollar gehandhaaf word nie. Noorweë en Swede het later ook aan dié ooreenkoms deelgeneem. Verder is die wisselkoerse van die geldeenhede van Ierland, Italië, die Verenigde Koninkryk, Kanada, Japan, Oostenryk en Portugal toegelaat om vrylik buite die marge van 2,25 persent te fluktrueer.²⁾ Bogenoemde tendens na vry-fluktrueende wisselkoerse was die resultaat van die basiese swakhede wat in die goudwisselstandaard opgesluit is, en nie sonder meer die uiting van 'n behoefte aan swewende wisselkoerse nie.³⁾ Die toenemende behoefte aan internasionale likiditeit, wat vanweë die relatiewe daling in die monetêre rol van goud ontstaan het, moes uit die betalingsbalanstekorte van die V.S.A. gefinansier word - die internasionale monetêre krisis aan die begin van 1973 was dus eweneens die resultaat van die relatiewe daling in die monetêre rol van goud.

- 1) België, Denemarke, Frankryk, Duitsland, Luxemburg en Nederland: Ibid., p.48.
- 2) Loc. cit. Die wisselkoersmaatreëls van kleiner lande kan by dié beskouing buite rekening gelaat word.
- 3) Vergelyk paragraaf 4.2.7.

Gedurende Maart tot en met die middel van Mei 1973 is relatief stabiele toestande op die internasionale valuta- en goudmarkte ondervind.¹⁾ Die ewewigstoestande kan toegeskryf word aan die afwesigheid van spekulatiewe kapitaalvloeï gedurende die periode.

Vanaf die tweede helfte van Mei tot aan die einde van Junie 1973 is 'n hernieuë depresiasie van die V.S.A.-dollar teenoor die meerderheid Europese geldeenheide op die internasionale valutamarkte waargeneem.

Gedurende dié periode het die geldeenheide van die E.E.G.-lande wat aan die fluktuasiemarge-ooreenkoms deelgeneem het, skerp in waarde teenoor die V.S.A.-dollar gestyg, maar onderlinge divergerende wisselkoerse het dié ooreenkoms onder groot druk geplaas. Ten einde die voortbestaan van die E.E.G.-Ooreenkoms te verseker, en met inagneming van Duitsland se betalingsbalansneigings, is die Duitse mark op 29 Junie 1973 met 'n verdere 5,5 persent in terme van S.T.R.'e (of goud) gerevalueer.²⁾ In navolging van Duitsland het Oostenryk die waarde van sy geldeenheid teenoor die wisselkoers wat op 29 Maart 1973 vasgestel is met sowat 4,8 persent in terme van S.T.R.'e (of goud) gerevalueer.³⁾

Teen die middel van Julie 1973 het die geldeenheide van die E.E.G.-lande wat aan die fluktuasiemarge-ooreenkoms deelgeneem het die Switserse frank en die Oostenrykse schilling met tussen 9 en 18 persent in waarde teenoor die V.S.A.-dollar geappreësieer (in vergelyking met die wisselkoerse wat aan die begin

1) I.M.F., op. cit., p.6.

2) Ibid., p.7.

3) Ibid., p.48.

van Mei 1973 gegeld het).¹⁾ Daarenteen het die Britse pond en Italiaanse lire slegs marginaal geapprešieer, terwyl die Japanse jen en Kanadese dollar weinig verandering teenoor die V.S.A.-dollar getoon het.

Benewens die revaluasie van 5 persent in die waarde van die Nederlandse gulden binne die Europese gemeenskaplike swewende wisselkoerse, het die wisselkoerse van die belangrikste geldeenhede in terme van die V.S.A.-dollar gedurende Oktober 1973 weinig afgewyk van dié gedurende Julie 1973.²⁾

Op 13 November 1973³⁾ het die V.S.A., België, Duitsland, Italië, Nederland, Switserland en die Verenigde Koninkryk besluit om die ooreenkoms van Maart 1968,⁴⁾ ingevolge waarvan "... the countries concerned abstained from selling or buying gold at other than official prices",⁵⁾ op te skort. Die ooreenkoms is aangegaan op 'n stadium toe die V.S.A.-dollar nog in goud inwisselbaar was, en toe die belangrikste lande nog die beheerde wisselkoersstelsel van die I.M.F. ondersteun het. Die gebeure van 1971 en die drastiese ingrypende veranderinge wat daarop gevolg het, het die Ooreenkoms van Maart 1968 alle praktiese nut ontnem. Die opskorting van die Ooreenkoms }
het sentrale banke voortaan die reg verleen om goud vrylik op
die internasionale goudmarkte te verkoop. Ingevolge Artikel
IV, seksie 2 van die I.M.F.-statute word sentrale banke egter

1) Ibid., p.8.

2) Anon. Currency realignments. International Currency Review, 5:42, September/Oktober 1973.

3) Anon. Currency Reviews: Gold. International Currency Review, 5:38, November-Desember 1973.

4) Vergelyk paragraaf 4.3.3.

5) Anon. Currency Reviews: Gold. International Currency Review, 5:38, November-Desember 1973.

steeds verbied om goud aan te koop teen pryse wat die offisiële monetêre goudprys oortref.¹⁾ Die implikasies van die opskorting van die ooreenkoms van Maart 1968 was so verwarrend dat die reaksie op die internasionale goudmarkte gevarieer het van aanvanklike skerp prysdalings tot uiteindelijke skerp prysstygings.

In die Amerikaanse geleedere is gevoel dat die opskorting van laasgenoemde ooreenkoms tot monetêre goudverkope op die internasionale goudmarkte sou lei, en die demonetisasie van goud sou stimuleer.²⁾ Hierdie standpunt kan soos volg saamgevat word: "Many commentators have characterised the cancellation of the 1968 understanding as presaging the depression of the gold price; an opportunity for the United States Government to reap a handsome profit by selling gold from its reserves; a change to punish the speculators and to reward those who did not trust gold as a store of value; and an opportunity to dethrone gold once and for all".³⁾ Indien goud die "swak" skakel in die internasionale betalingsmeganisme was, sou offisiële goudvoorrade sekerlik die internasionale goudmarkte oorstroom het. Dit het egter onmiddellik duidelik geword dat "... no central bank of any consequence will sell gold in the market ..."⁴⁾ Ten tye van valutablokke en swewende wisselkoerse het sentrale banke dus die besit van goudreserwes teen \$42,22 verkies bō die aanloklike goudpremiepryse wat op die internasionale goudmarkte gerealiseer kon word. Daarbenewens kon die V.S.A. nie monetêre goud op die internasionale goud=

1) Loc. cit.

2) Ibid., p.39.

3) Loc. cit.

4) Loc. cit.

markte verkoop terwyl goudaankope deur Amerikaanse inwoners verbied is nie. Die opskorting van die Ooreenkoms van Maart 1968 het dus die monetêre rol van goud aansienlik verstewig.

Die internasionale oliekrisis¹⁾ - die Arabiese olieproduserende lande het, benewens die beperking van olieproduksie, ook die prys van ru-olie met tussen 70 persent en 240 persent verhoog - wat gedurende Oktober 1973 en daarna ontplooi het, het verreikende gevolge vir die internasionale monetêre orde tot gevolg gehad. Benewens die resulterende verswakking in dié betalingsposisies van die V.S.A., Japan en Wes-Europese lande het die monetêre rol van goud ook 'n nuwe dimensie gekry.

Na raming behoort die olieproduserende lande gedurende 1974 'n surplus-inkomste van sowat \$52 miljard uit hul olieproduksie te verdien.²⁾ Dit is te bevraagteken of die Arabiese olieproduserende lande bereid sal wees om vir 'n onbepaalde termyn betaling vir hul olie in onsekere Westerse geldeenhede te aanvaar. Wat, behalwe moontlike bilaterale handelsooreenkomste, bied 'n beter belegging vir hul olie-opbrengste as juis goud? Indien die hoë goudpryse op die internasionale goudmarkte vanaf Januarie 1974 in aanmerking geneem word, is dit duidelik dat die Arabiere sekere voorkeure aan goud moes verleen het - of by wyse van vereffening of by wyse van goudbelegging. 'n De-monetisasie van goud kan Westerse lande dus ten opsigte van hul olie- en energiebehoefte in 'n groot verleentheid plaas.

'n Nuwe-effek van die bogenoemde internasionale oliekrisis

-
- 1) Anon. The whirlwind confronts the skeptics. Time, 21 Januarie 1974, p.26-31.
 - 2) Anon. Currency Reviews: U.S. Dollar. International Currency Review, 6:47, Januarie-Februarie 1974.

is opgesluit in die Franse besluit van 19 Januarie 1974 om die frank toe te laat om onafhanklik op die internasionale valutamarkte te sweef.¹⁾ Hierdie onverwagse stap het nie alleen 'n bres in die eenheid van die E.E.G. geslaan nie, maar ook internasionale valutamarkte aan onnodige skommeling onderwerp. Daarbenewens het die Britse pond, as gevolg van die verlamende ekonomiese invloed van die algemene staking van Britse steenkoolwerkers, verdere laagtepunte bereik.²⁾ Hierdie internasionale monetêre probleme het tot ongekende goudprysstygings op die internasionale goudmarkte gelei.³⁾

'n Interessante en belangrike ontwikkeling op die internasionale valuta- en goudmarkte gedurende Februarie 1974 verdien aandag.⁴⁾ Die goudprys in Londen het gedurende Februarie 1974 met sowat \$23,50 per fynons tot die destydse rekordpeil van \$163 per fynons gestyg. Dié goudprysstygings was egter om twee redes paradoksaal, nl.

- (a) Goudprysstygings reflekteer gewoonlik internasionale bedenkinge ten opsigte van die dollarsterkte - maar die dollarwisselkoers, in terme van buitelandse geldeenhede, het gedurende die maande wat Februarie 1974 voorafgegaan het, 'n stygende tendens vertoon; en
- (b) daarbenewens was (is) die meerderheid van die belangrikste geldeenhede nie meer formeel aan goud gekoppel nie.

-
- 1) Anon. Currency Reviews: French franc. International Currency Review, 6:59, Januarie-Februarie 1974.
 - 2) Anon. Currency Reviews: Pound sterling. International Currency Review, 6(1):53, Januarie-Februarie 1974.
 - 3) Vergelyk paragraaf 5.3.2.
 - 4) Anon. Money: A mystical boom. Time, 4 Maart 1974, p.22.

Die verklaring vir dié skynbaar paradoksale goudprysstygings kan hoofsaaklik aan die wêreldwye inflasieverskynsel toegeskryf word. Goud word dus deur 'n wye spektrum van kopers aangekoop as verskansing teen inflasie en dit, op sigself, verhoog die goudprys aansienlik.

'n Belangrike gebrek van die tweeledige goudprysstelsel het gedurende die tweede gedeelte van 1973 en die begin van 1974 weer eens sterk op die voorgrond getree. Dié gebrek is in die de facto-bevriesing van die monetêre goudreserwes geleë. Geen sentrale bank was (en is) bereid om internasionale skulde met behulp van goud te vereffen solank die nie-amptelike goudpryse hoër as die amptelike goudprys van \$42,22 per fynons was (en is) nie. Benewens die relatiewe daling in die monetêre rol van goud (op grond van die dalende reële amptelike goudprys) dra bogenoemde isolasie¹⁾ van die offisiële goudreserwes ook daartoe by om die monetêre rol van goud in internasionale verrekening tot 'n minimum te beperk.

Die internasionale oliekrisis het die de facto-bevriesing van die internasionale monetêre goudreserwes weer eens onder die soeklig geplaas. Oorweging is geskenk aan die moontlikheid om die monetêre goudreserwes te mobiliseer deur die waardasie daarvan (in verrekening) op een of ander wyse aan die nie-amptelike goudpryse te koppel. Die eerste sodanige poging het op 12 Junie 1974 van die Groep van Tien gekom.²⁾ Dié Goud=kollaterale-Ooreenkoms van die Groep van Tien het ingehou dat

- 1) Onderskeid moet tussen die isolasie van goud vir private en monetêre doeleindes getref word - dit is laasgenoemde isolasie wat hier ter sprake is.
- 2) Anon. Currency Reviews: Gold. International Currency Review, 6(3): 76, Mei-Junie 1974.

"... governments of severely deficit-ridden countries may pledge their monetary gold as collateral for foreign loans ..." ¹⁾ Alhoewel die waarde van sodanige goud by wyse van onderhandeling bepaal word, behoort dit in elk geval nie veel van die heersende internasionale goudprys af te wyk nie. Die V.S.A. het, by monde van die Amerikaanse Tesourie, die volgende standpunt met betrekking tot die voorgestelde kollaterale praktyk ingeneem: "... the collateral plan was consistent with the American objective of securing the termination of gold's monetary function while permitting countries to mobilise their gold reserves in an emergency". ²⁾ Hiermee het selfs die V.S.A. (as tradisionele voorstaander van die demonetisasie van goud) erken dat die kunsmatige bevriessing van die monetêre goudreserwes wel bydra tot die internasionale likiditeitsvraagstuk.

Italië was die eerste land wat goud as kollateraal vir 'n internasionale lening aangebied het. ³⁾ Ingevolge 'n bilaterale ooreenkoms met Wes-Duitsland gedurende die derde kwartaal van 1974, het laasgenoemde onderneem om \$2 000 miljoen aan die Bank van Italië beskikbaar te stel. Die Italiaanse sentrale bank moes sowat 20 persent van sy monetêre goudreserwes, teen 'n prys van bykans \$120 per ons, ⁴⁾ as kollateraal aan die Duitse Bundesbank beskikbaar stel. Die hardnekkige weiering van lande om hul goudreserwes op die nie-amptelike goudmarkte van die hand te sit, is weer eens in bogenoemde transaksie geïmpliseer.

1) Loc. cit.

2) Loc. cit.

3) Hill Samuel. The dollar climbs. Euromoney, Oktober 1974, p.121-3.

4) Gedurende die agt weke wat die ooreenkoms voorafgegaan het, was die gemiddelde goudprys op die internasionale goudmarkte sowat \$150 per ons.

Op 15 Augustus 1974¹⁾ het President Ford 'n wetsontwerp onder=teken ingevolge waarvan Amerikaners toegelaat word om goud aan te koop en op te berg. Dié wetsontwerp, wat op 1 Januarie 1975 van krag sal word, beëindig 'n periode van 40 jaar waartydens 'n verbod op goudaankope en -besit van toepassing was.

Teen die einde van September 1974 het die internasionale monetêre stelsel dus uit 'n konglomeraat van swewende (onafhanklik en gesamentlik), beheerde en semi-beheerde wisselkoerse bestaan. Een van die teleurstellendste aspekte van die I.M.F.-jaarvergadering van 1974 (September/Okttober) was die onvermoë van die I.M.F.-lidlande om die huidige monetêre rol van goud eksplisiet te definieer. Hierdie onvermoë was die resultaat van die onversoembare denkrigtings wat ten opsigte van die aangewese internasionale monetêre rol van goud gehuldig word. Alhoewel die internasionale monetêre rol van goud sedert 1946 relatief afgeneem het, bestaan daar op die oomblik 'n behoefte aan die mobilisasie van die bestaande internasionale monetêre goudreserwes - laasgenoemde word duidelik in die Goudkollaterale-Ooreenkoms van die Groep van Tien weerspieël.

4.4 GOUD EN INTERNASIONALE LIKIDITEIT

Ten einde die internasionale monetêre rol van goud verder toe te lig, is dit noodsaaklik om die rol van goud in internasionale likiditeit te ontleed. In tabel 4.3 word die samestelling van internasionale monetêre reserwes gedurende die 1948-1973-tydvak ontleed. Die belangrikste kenmerk van tabel 4.3 is die daling in die bydrae van goud tot totale internasionale monetêre reserwes. Dié bydrae het van 74 persent in 1949 tot 23 persent

1) Anon. Currency Reviews: Gold. International Currency Review, 6(4):40, Julie-Augustus 1974.

TABEL 4.3

GOUD EN INTERNASIONALE LIKIDITEIT, 1948-1973¹⁾

(uitgedruk in miljoene dollars)

JAAR	GOUD ²⁾	BUITELANDSE VALUTA	S.T.R.'e	RESERWES BY DIE I.M.F.	TOTALE RESERWES
1948	33 065 (69%)	13 365 (28%)	-	1 560 (3%)	47 990 (100%)
1949	33 470 (74%)	10 390 (23%)	-	1 658 (3%)	45 515 (100%)
1951	33 925 (69%)	13 720 (28%)	-	1 713 (3%)	49 360 (100%)
1953	34 320 (66%)	15 565 (30%)	-	1 891 (4%)	51 780 (100%)
1955	35 410 (65%)	17 015 (31%)	-	1 880 (4%)	54 305 (100%)
1957	37 305 (66%)	17 025 (30%)	-	2 313 (4%)	56 645 (100%)
1959	37 880 (66%)	16 470 (29%)	-	3 250 (5%)	57 600 (100%)
1961	38 890 (62%)	19 645 (31%)	-	4 158 (7%)	62 695 (100%)
1963	40 230 (60%)	22 350 (34%)	-	3 940 (6%)	66 520 (100%)
1965	41 855 (59%)	23 805 (34%)	-	5 376 (7%)	71 030 (100%)
1967	39 500 (53%)	29 040 (39%)	-	5 748 (8%)	74 290 (100%)
1969	39 120 (50%)	32 415 (41%)	-	6 726 (9%)	78 265 (100%)
1971	39 150 (30%)	78 165 (60%)	6 378 (5%)	6 896 (5%)	130 590 (100%)
1974 ³⁾	43 090 (23%)	128 905 (68%)	10 635 (5%)	7 494 (4%)	190 125 (100%)

1) Gegewens en bewerkings uit: I.M.F. International Financial Statistics, 27(7):19, Julie 1974; en I.M.F. International Financial Statistics, Supplement to 1965/66 issues, p.(v)-(viii).

2) Die gegewens berus op 'n goudprys van \$35 per fynons tot aan die einde van 1971, \$38 per fynons vanaf Januarie 1972 en \$42,22 per fynons vanaf Maart 1973.

3) April 1974.

in 1974 afgeneem, terwyl die rol van buitelandse valuta gedurende die ooreenstemmende tydperk van 23 persent tot 68 persent gestyg het. Alhoewel goud aan die einde van April 1974 steeds sowat 23 persent van internasionale monetêre reserwes uitgemaak het, behoort die de facto-bevriësing van die monetêre goudreserwes ook hierby in ag geneem te word. Die ooreenstemmende rol van goud in internasionale verrekening is dus nog heelwat laer.

Indien die monetêre goudreserwes teen 'n prys van \$150 per fynons¹⁾ waardeur sou word, beloop die bydrae van goud tot internasionale monetêre reserwes ongeveer 51%.²⁾ 'n Verhoging in die amptelike goudprys tot 'n peil van \$150 per fynons behoort 'n ooreenkomstige toename in die internasionale verrekeningsfunksie van goud tot gevolg te hê.

In tabel 4.4 word die geografiese verdeling van die offisiële goudbesit sedert 1948 ontleed. Soos duidelik uit hierdie tabel blyk, het die offisiële goudbesit van die V.S.A. van \$24 399 miljoen in 1948 tot \$11 652 miljoen in 1973 afgeneem. In 1948 was sowat 74 persent van die totale offisiële goudbesit in die hande van die V.S.A., teenoor die 27 persent in 1973. Hierdie afname kan hoofsaaklik aan die "bankiersfunksie" wat die V.S.A. in die internasionale betalingsmeganisme sedert 1945 moes vervul, toegeskryf word. Die V.S.A. het as "bankier" van die Weste opgetree omdat die dollarobligasies van dié land tot die belangrikste sleutelvaluta van die wêreld ontwikkel het. Die inwisselbaarheid van die dollar in goud het daartoe

1) \$150 per fynons word slegs ter illustrasie gebruik.

2) Verwerk uit tabel 4.3.

TABEL 4.4

GEOGRAFIESE VERDELING VAN OFFISIËLE¹⁾ GOUDBESIT, 1948-1973²⁾
 (uitgedruk in miljoene dollars)³⁾

LANDE	1948	1954	1960	1966	1973 ⁴⁾
België	624 (1,9%)	778 (2,2%)	1 170 (3,1%)	1 525 (3,7%)	1 781 (4,1%)
Duitsland	-	626 (1,8%)	2 971 (7,8%)	4 292 (10,5%)	4 966 (11,5%)
Frankryk	548 (1,7%)	708 (2,0%)	1 641 (4,3%)	5 238 (12,8%)	4 261 (9,9%)
Italië	96 (0,3%)	346 (1,0%)	2 203 (5,8%)	2 414 (5,9%)	3 483 (8,1%)
Japan	3 (-)	21 (0,1%)	247 (0,6%)	329 (0,8%)	891 (2,1%)
Kanada	401 (1,2%)	1 073 (3,1%)	885 (2,3%)	1 046 (2,6%)	927 (2,1%)
Nederland	167 (0,5%)	796 (2,3%)	1 451 (3,8%)	1 730 (4,2%)	2 294 (5,3%)
Portugal	236 (0,7%)	429 (1,2%)	552 (1,5%)	643 (1,6%)	1 163 (2,7%)
Spanje	111 (0,3%)	132 (0,4%)	178 (0,5%)	785 (1,9%)	602 (1,4%)
Suid-Afrika	183 (0,6%)	199 (0,6%)	178 (0,5%)	637 (1,6%)	802 (1,9%)
Switserland	1 387 (4,2%)	1 513 (4,3%)	2 185 (5,7%)	2 841 (6,9%)	3 513 (8,1%)
Verenigde Koninkryk	1 611 (4,9%)	2 530 (7,2%)	2 801 (7,4%)	1 940 (4,7%)	886 (2,1%)
V.S.A.	24 399 (73,8%)	21 793 (62,3%)	17 804 (46,8%)	13 235 (32,4%)	11 652 (27,0%)
Res van die wêreld	3 299 (10,0%)	4 006 (11,5%)	3 799 (10,0%)	4 245 (10,4%)	5 909 (13,7%)
Totaal van lande	33 065 (100%)	34 950 (100%)	38 065 (100%)	40 900 (100%)	43 130 (100%)

- 1) Die offisiële goudbesit van internasionale instansies is hiervan uitgesluit.
- 2) Gewens en bewerkings uit: I.M.F. International Financial Statistics, 27(7): 20, Julie 1974; I.M.F. International Financial Statistics, Supplement 1965/66, p. vi.
- 3) Die gegewens berus op 'n goudprys van \$35 per fynons tot aan die einde van 1971, \$38 per fynons vanaf Januarie 1972 en \$42,22 per fynons vanaf Maart 1973.
- 4) Die vierde kwartaal van 1973.

gelei dat ander lande se geldeenhede in terme van die dollar gedefinieer is (dus ook indirek in terme van goud). Namate lande ekonomies ontwikkel het, het die duidelik waarneembare tendens bestaan om

- (a) 'n toenemende gedeelte van hul internasionale monetêre reserwes self in goud te hou; en
- (b) van tyd tot tyd die "bankier" se obligasies (dollars) vir goud in te wissel.

Die dalende tendens in die goudbesit van die V.S.A. kan hoofsaaklik aan bogenoemde twee faktore toegeskryf word. Die offisiële goudverlies van die V.S.A. sedert 1948 word duidelik in die toenames van die monetêre goudreserwes van veral Duitsland, Frankryk, Italië, Nederland en Switserland gereflekteer.

Die Goudkollaterale-Ooreenkoms van die Groep van Tien het 'n aansienlike toename in die monetêre reserwes van lande met groot monetêre reserwes tot gevolg. Indien die monetêre goudvoorrade van die belangrikste lande aan die einde van 1973 teen markgeoriënteerde goudpryse, gestel \$150 per fyn=ons, waardeur sou word, lewer dit die volgende resultate:

V.S.A.	\$41 397 miljoen
Italië	\$12 374 miljoen
Duitsland	\$17 643 miljoen
Frankryk	\$15 138 miljoen
Switserland	\$12 481 miljoen
Verenigde Koninkryk	\$ 3 148 miljoen
Nederland	\$ 8 150 miljoen

Teen \$150 per fynons sal die totale monetêre goudvoorraad van die wêreld sowat \$153 miljard werd wees, wat ongeveer 255 persent meer sal wees as die bestaande (einde 1973) monetêre goudvoorraad.

4.5 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

Die statute van die I.M.F. het die basis gevorm waarop die internasionale monetêre stelsel ná 1945 gefundeer is, en goud het geen geringe rol binne dié raamwerk vervul nie. Die I.M.F.-statute bepaal dat aan elke I.M.F.-lidland 'n kwota toegewys word en dat of 25 persent van die kwota, of 10 persent van die lidland se offisiële besit aan goud en V.S.A.-dollars (watter een ook al die kleinste mag wees) in goud aan die I.M.F. betaalbaar is. Die rol van goud as internasionale rekeneenheid is duidelik in die pariwaardestelsel van die I.M.F. vervat. Die pariwaarde van die geldeenheid van elke lidland word in terme van goud as gemeenskaplike denominator, of in terme van die V.S.A.-dollar se gewig en grein soos op 1 Julie 1944, gedefinieer. Alle berekenings met betrekking tot lidlande se geldeenhede vir die toepassing van die statute van die I.M.F. word op grond van dié pariwaarde (en dus goud) gedoen. Daarbenewens bevat seksie 8 van Artikel IV van die I.M.F.-statute 'n goudwaardewaarborgklousule ingevolge waarvan die goudwaarde van lidlande se geldeenhede in besit van die I.M.F. gehandhaaf word. Op 28 Julie 1969 is, by wyse van 'n amendement tot die Artikels van Ooreenkoms van die I.M.F., voorsiening gemaak vir die aanvulling van internasionale monetêre reserwes by wyse van die skepping van Spesiale Trekkingsregte. S.T.R.'e, wat inderwaarheid slegs boekhouinskrywings verteenwoordig, se eenheidswaarde is die ekwivalent van 0,888 671

gram fyngoud. Ingevolge die statute van die I.M.F. het goud dus die funksies van internasionale betaalmiddel, rekeneenheid en waardedraer in die internasionale betalingsmeganisme vervul.

Die opvallendste kenmerk van die internasionale monetêre rol van goud sedert 1945 is geleë in die relatiewe afname in die rol van goud as internasionale reserwebate. ~~Die bydrae van goud tot internasionale monetêre reserwes het van 60 persent gedurende 1948 tot 23 persent gedurende April 1974 afgeneem.~~ Alhoewel dié afname hoofsaaklik die gevolg van die dalende reële monetêre goudprys was, het verskeie goudpraktyke gedurende genoemde tydperk ook daartoe bygedra dat die relatiewe rol van goud in internasionale likiditeit skerp afgeneem het.

Die Londense goudpoel, wat vanaf Oktober 1961 tot Maart 1968 gefunksioneer het, het tot gevolg gehad dat die absolute monetêre goudvoorraad ~~gedurende genoemde tydperk feitlik konstant gebly het.~~ Die tweeledige goudprysstelsel, wat vanaf Maart 1968 tot November 1973 van krag was, het op sy beurt die effek gehad dat die bestaande monetêre goudvoorrade van internasionale verrekening geïsoleer is, vanweë die gaping tussen die amptelike en vrye-markgoudpryse.

'n Daadwerklike poging om die bogenoemde de facto-bevriesing van die monetêre goudvoorrade uit die weg te ruim, is gedurende 1974 deur die Groep van Tien aangewend. Die Goudkollaterale-Ooreenkoms wat op 12 Junie 1974 bereik is, hou 'n de facto-revaluasie van die monetêre goudvoorrade in. Alhoewel hierdie reëling slegs as interim-oplossing geïmplementeer is, word die rol van goud as internasionale betaalmiddel voorlopig aansienlik verhoog.

Goud het dus vanaf 1945 tot op die huidige moment voortdurend die funksie van internasionale rekeneenheid vervul. Omdat goud steeds as reserwebate gebruik word (asook as private oppottingsmiddel), voldoen dit daarbenewens ook aan die rol van internasionale waardedraer. Vanweë die onderwaardering en tekort aan monetêre goud word die funksie van internasionale betaalmiddel slegs in 'n geringe mate deur goud vervul. Die gedwonge substituering van goud as die belangrikste internasionale betaalmiddel deur die V.S.A.-dollar, het tot die opskorting van die goudwisselstandaard op 15 Augustus 1971 gelei. Die ongewenste era van swewende wisselkoerse wat vanaf 1972 aan die orde van die dag is, kan slegs op bevredigende wyse opgelos word indien die rol van goud as internasionale betaalmiddel aansienlik verhoog word.

Die goudpryse op die internasionale goudmarkte word in 'n groot mate deur internasionale monetêre verwickelinge beïnvloed. By laasgenoemde verwickelinge is die internasionale monetêre rol van goud nou betrokke. In die volgende hoofstuk word die relatiewe invloed van die onderliggende vraag- en aanbodtoestande op internasionale goudpryse en internasionale goudmarkte onder oë geneem.

HOOFSTUK 5

INTERNASIONALE GOUDPRYSBEWEGINGS EN GOUDMARKTE

5.1 INLEIDING

Fluktuasies in internasionale goudpryse is die resultaat van variasies in die onderliggende vraag- en aanbodtoestande. Dié onderliggende faktore is reeds breedvoerig ontleed. In hoofstuk 2 is die vraag na en aanbod van goud geanaliseer en in hoofstukke 3 en 4 is op 'n ontleding van die internasionale monetêre rol van goud gekonsentreer.

Die doel met hierdie hoofstuk is om die verband tussen fluktuasies in internasionale goudpryse en goudtransaksieomsette, en die rol van goud in die internasionale betalingsverkeer te bepaal. Ten einde perspektief in die verband tussen die monetêre rol van goud en internasionale goudprysbewegings te versker, is vooraf 'n ontleding van die aard en wese van die belangrikste internasionale goudmarkte noodsaaklik.

5.2 INTERNASIONALE GOUDMARKTE

5.2.1 Agtergrond

Alhoewel die goudmarkte van Londen en Zurich die wêreld se belangrikste internasionale goudmarkte verteenwoordig, bestaan daar ook verskeie ander goudmarkte.¹⁾ Sover dit Europa betref, bestaan daar aktiewe interne goudmarkte in Parys en Frankfurt.²⁾ Die groot binnelandse goudomset in Parys is die resultaat van die Franse se tradisionele goudvoorkeur. Die goudtransaksie-

1) Clarke en Pulay. The world's money: How it works, p.90.

2) Loc. cit.

aktiwiteite van Frankfurt is in ooreenstemming met die snelle vooruitgang in Wes-Duitsland ontwikkel en was ook die resultaat van "... the German citizen's almost pathological fear of inflation".¹⁾ Die internasionale sfeer van offisiële en onoffisiële goudtransaksies word ook in Beiroet, Hong Kong en Macao aangetref.²⁾

Benewens bogenoemde, publiseer Pick's Currency Report ook goudpryse vir die volgende "vrye" goudmarkte:³⁾ New York, Buenos Aires, Caracas, Toronto, Amsterdam, Bangkok, Brussels, Montevideo, Mexiko-Stad, Dubai, Singapoer, Kuweit, Shanghai, Stockholm, Boekarest, Athene, Djakarta, Manila, Rio de Janeiro, Kairo, La Paz, Saigon, Belgrado, Istanbul, Kabul, Lissabon, Santiago, Teheran, Budapest, Taipei, Bombaai, Tel Aviv, Warsaw, Madrid, Karachi, Tokio, Moskou, Casablanca en Milaan.

Soos duidelik uit voorgaande blyk, bestaan daar goudmarkte in verskeie wêreldgedeeltes. Sover dit die Westerse wêreld betref, is Londen en Zurich sonder enige twyfel die belangrikste goudmarkte, en regverdig hulle sodoende verdere ontleding.

5.2.2 Die Londense goudmark⁴⁾

Alhoewel die Londense goudmark reeds gedurende die negentiende

1) Ibid., p.91.

2) Loc. cit.

3) Pick's World Currency Report, 29(5):14, Mei 1974.

4) Hierdie gedeelte is gebaseer op Clarke en Pulay, op. cit., p.81-9; Green. The world of gold, p.95-112; Jeffery. The London Gold Market. Euromoney (Gold and Silver survey), 3(3):(ii)-(vi), Augustus 1971; en Anon. Survey of gold markets: Part 1. International Currency Review, 6(2):14-7, Maart-April 1974.

eeu 'n belangrike rol in die suiwering en bemaking van internasionale goud gespeel het, het die Londense goudmark (in sy huidige vorm) eers in 1919 ontstaan. Vanweë die Eerste Wêreldoorlog is die belangrikste goudproduserende lande deur inflasie en stygende koste benadeel, en het die Suid-Afrikaanse goudmyne beter bemakingsmedia vir hul goudproduksie gesoek. Ten einde dié lande te help is die Londense Goudvasstelling ("London Gold Fixing") opgerig. Die eerste vergadering daarvan het op 12 September 1919 in die kantore van "N.M. Rothschild and Sons" plaasgevind, waar alle goudprysvasstellings sedertdien plaasvind en van wie die verteenwoordiger sedertdien as voorsitter optree.¹⁾ Tussen 1919 en 1939 het die onderskeie markpartye daagliks om 10h30 vergader ten einde die goudprys vas te stel, maar met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog is die Londense goudmark gesluit en daaglikse goudprysvasstellings is eers op 22 Maart 1954²⁾ heringestel.

Die peil van goudomset het gedurende die 1919-1939-tydvak heelwat skommeling vertoon. Vanaf April 1925, toe die goudstaafstandaard in die Verenigde Koninkryk geïmplementeer is, tot September 1931, toe die goudstandaard finaal deur die Verenigde Koninkryk opgeskort is, was die goudtransaksies relatief gering in omvang.³⁾ Die ekonomiese en politieke krisis van die vroeë dertigerjare in Europa het daartoe gelei dat "speculation and hedging operations increased rapidly as the situation deteriorated".⁴⁾ Die devaluasie van die V.S.A.-dollar gedurende 1934 het daartoe gelei dat "... vast amounts of gold moved through London to the United States".⁵⁾

1) Jeffery, op. cit., p.(ii).

2) Loc. cit.

3) Loc. cit.

4) Loc. cit.

5) Loc. cit.

Nā die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog in 1945 en die heropening van die Londense goudmark in 1954 het die aanvraag nā en die aktiwiteit in goud toegeneem; as gevolg daarvan het sommige lede van die Londense goudmark oorsese kantore geopen waarvandaan hul goudaktiwiteite uitgevoer is. Terselfdertyd het sommige ander lede fasiliteite voorsien vir die massasuiwering van goud en die produksie van goudstawe, wat kleiner is as dié wat normaalweg in prysvasstelling gebruik word. Gedurende dié periode het goudpryse tot sowat \$70 per ons in die Verre Ooste gestyg.

Die heropening van die Londense goudmark in 1954 het 'n nuwe fase in die bemaking van goud via Londen ingelui, wat eers in 1968 beëindig is. Dié fase kan in twee spesifieke periodes verdeel word, nl.:

- (a) 1954-1960; en
- (b) 1960-1968.

Met die heropening van die Londense goudmark gedurende 1954 moes dié sentrum die verlore goudvolume wat dit gedurende die voorafgaande periode aan Zurich moes afstaan, terugwin. Die Londense goudmark was om die volgende redes wel daartoe in staat:¹⁾

- (a) Londen was in staat om die bemaking van Suid-Afrikaanse goud (wat dit tradisioneel behartig het) weer eens te herwin;
- (b) Londense banke het die internasionale goudmark met behulp van direkte mededinging herower deur hul handels=

1) Clarke en Pulay, op. cit., p.86-7.

marges doelbewus laer as dié van hul Switserse mededingers vas te stel; en

- (c) die nuwe geleenthede om die Londense goudmark uit te brei, wat vanweë die vrye inwisselbaarheid van die pond gedurende 1958 ontstaan het, is op opportunistiese wyse benut.

Gedurende die 1954-1960-tydperk is sentrale banke, produsente, verbruikers en beleggers tot die Londense goudmark getrek deur die gemak waarmee goudtransaksies gesluit kon word, deur die mededingende goudpryse wat genoteer is, en deur die opbergings-, versekerings- en verskepingsfasiliteite wat beskikbaar was. Gedurende dié tyd het die goudtransaksies in volume toegeneem, veral gedurende die laaste gedeelte daarvan, "when ... vast amounts of gold which the Russians were selling was marketed through London".¹⁾

As gevolg van die dollarkrisis van Oktober 1960 (wat die eerste van die 1960-1970-dekade was) het die volume goudtransaksies wat via Londen gesluit is, aansienlik toegeneem. Die resultaat was dat die maksimum goudprys van \$35,20 per ons vir die eerste keer sedert 1954 oortref is - aan die einde van Oktober 1960 is pryse van \$40 per fynons en hoër behaal.²⁾ Op daardie stadium het die V.S.A. goud aan die Bank van Engeland beskikbaar gestel waarmee die goudprys op die Londense goudmark tot \$35,10-\$35,20 per fynons afgedwing is. As gevolg van genoemde goudprysfluktuasies het die sogenaamde Londense goudpoel gedurende 1961 tot stand gekom.

1) Jeffery, loc. cit.

2) Ibid., p.(iii).

Die oprigting van die Londense goudpoel het die tweede periode van die fase voor 1968, nl. 1960-1968, ingelui. Ten opsigte van die doelstellings van die Londense goudpoel beweer Jeffery¹⁾ die volgende: "The operations of the Pool were designed to stabilise the price around the monetary level of \$35". Die resultaat hiervan was dat "... those central banks who have been operating in their own name in the London market between 1954 and 1960 were no longer able to do so".²⁾ Vanweë die optrede van die Londense goudpoel is die goudprys suksesvol gestabiliseer tussen die peile van \$35,10 en \$35,20 per fynons.

Die internasionale spekulasie wat ná die sterlingdevaluasie van November 1967 vanweë die internasionale wisselkoersonekerhede³⁾ aan die orde van die dag was, het tot die onttrekking van die Londense goudpoel uit die Londense goudmark op 14 Maart 1968 aanleiding gegee. Ten opsigte van die goudomset op die Londense goudmark gedurende dié tydperk van internasionale monetêre chaos beweer Jeffery⁴⁾ die volgende: "... it is estimated that the Central Banks had to sell about \$2,000 million of their gold stock, roughly the equivalent of 18 month's free world production, to meet this sudden excess demand over output".

Nā 'n kortstondige opskorting van goudprysvasstellings op die Londense goudmark is dié mark toegelaat om, onder regime van die sogenaamde tweeledige goudprysstelsel, op 1 April 1968 te heropen.⁵⁾ Tydens 'n vergadering te Washington is die twee=

1) Loc. cit.

2) Loc. cit.

3) Vergelyk paragraaf 4.3.3.

4) Jeffery, op. cit., p.(iii)-(iv).

5) Paragraaf 4.3.4.

ledige goudprysstelsel goedgekeur ingevolge waarvan "... the major Western central banks agreed that monetary gold would be segregated from all other gold ..." ¹⁾ Die implementering van dié ooreenkoms het dus ingehou dat die monetêre goud=voorrade van die Westerse sentrale banke teen enige fluktuasies bevries is, en dat alle nuutgeproduseerde goud op die "vrye" goudmarkte van die hand gesit moes word.

Tydens die heropening van die Londense goudmark is sekere wysigings geïmplementeer om binne die raamwerk van die tweeledige goudprysstelsel in te pas, naamlik:

- (a) Die goudprysvasstelling van 10h30 is aangevul met 'n tweede goudprysvasstelling om 15h00 - dit sou ander goudmarkte (met 'n tyddifferensiaal) van 'n basis voorsien waarop hul goudpryse vasgestel kon word en "... it would give them a more informed trend of the way in which the international market was moving in London"; ²⁾
- (b) voortaan sou goudpryse in dollars genoteer word, met 'n sterlingekwivalent wat op die heersende wisselkoers gebaseer sou word; en
- (c) daarbenewens is die Londense goudmakelaars in die gunstige posisie om goudpryse in enige verhandelbare valuta te noteer, aangesien Londen die sentrum van die internasionale valutaverkeer vorm.

Die daaglikse goudprysvasstelling is 'n relatief eenvoudige

1) Jeffery, op. cit., p.(iv).

2) Loc. cit.

prosedure.¹⁾ Vyf verskillende spesiehandelaars ("bullion houses") word by die vasstelling verteenwoordig, t.w.: Rothschilds, wat as gasheer optree aangesien hulle die agente van die Bank van Engeland is (wat tradisioneel as agent van die Suid-Afrikaanse Reserwebank opgetree het), Mocatta en Goldsmid, wat die mees senior lid van die spesiehandelaars is, Johnson Matthey, Samuel Montagu, en Sharps Pixley. Die goudprysvasstelling word gedoen op grond van die koop- en verkoopbestellings van die deelnemende spesiehandelaars.²⁾

Nadat die goudprys vasgestel is, keer die markdeelnemers na hul onderskeie kantore terug en gaan voort met die sluit van goudtransaksies. Clarke en Pulay som die aard van hierdie goudtransaksies soos volg op: "They will deal between themselves, with clients the world over or with other banks authorized to trade in gold but who are not members of the gold market".³⁾ Die goudprysvasstelling word slegs as riglyn vir dié transaksies gebruik, aangesien die goudprys daarna in ooreenstemming met die vraag- en aanbodkragte fluktureer.

Die twee goudprysvasstellings wat daaglik op die Londense goudmark gedoen word, word dwarsoor die wêreld baie noukeurig dopgehou en ontleed "... for it is at that moment that the true international price of gold, the true international feeling about the world's political, economic and monetary situations can be assessed, for here is a meeting where buyers and sellers of gold from any part of the world can meet at one and the same price".⁴⁾

1) Clarke en Pulay, op. cit., p.81.

2) Ibid., p.82.

3) Loc. cit.

4) Jeffery, loc. cit.

Die Londense goudmark verskaf goud om in die gediversifiseerde behoeftes van oorsese klante te voorsien.¹⁾ Die standaard ruileenhed is 'n goudstaaf wat aan die spesifikasies van die "London Gold Market Good Delivery Bar List"²⁾ moet voldoen. Die lys word in praktyk deur bykans alle goudmarkte aanvaar as "... an international list of those melters and assayers of gold whose workmanship can be relied upon".³⁾ Dié lys spesifiseer die gewigte en suiwerheid van die goudstawe wat die Londense goudmark sonder enige verdere verifikasie sal aanvaar, mits die handelsmerke van 'n smelter en ykmeester, wie se name in bogenoemde lys ingesluit is, daarop voorkom. Die goudstawe moet tussen 350 en 430 fynonse goud bevat en minstens 99,5 persent suiwer goud insluit.⁴⁾

Benewens goudstawe word ook "10 tola"-goudstafies (wat hoofsaaklik in die goudsmokkelhandel gebruik word), 10-ons-goudstawe (bestem vir Maleisië), en kilostawe wat vir Switserland of Frankryk bestem is, deur die Londense goudmark bemark.⁵⁾

5.2.3 Die goudmark van Zurich⁶⁾

5.2.3.1 Die tydvak vóór Maart 1968

Van die belangrikste Switserse banke was reeds so vroeg as 1947 in staat om 'n florerende goudmark te ontwikkel; sodoende het

1) Green, op. cit., p.96.

2) Jeffery, op. cit., p.(v).

3) Loc. cit.

4) Loc. cit.

5) Green, loc. cit.

6) Dié gedeelte is gebaseer op: Clarke en Pulay, op. cit., p.89-90; Green, op. cit., p.113-9; en Frey. The Zurich Gold Market. Euromoney (Gold and Silver survey), 3(3): (vi)-(ix), Augustus 1971.

Zurich 'n belangrike kanaal geword waardeur finale verbruikers goud kon bekom - lank reeds voordat die Londense goudmark in 1954 heropen is.¹⁾ Die belangrikste probleem waarvoor Zurich in die tydperk vóór 1954 te staan gekom het, was "... how to get enough supplies, since South Africa, with its normal outlet for gold via London being closed, was then not officially in the market".²⁾ Die Switserse banke was egter altyd in staat om die nodige goudvoorrade van sekere sentrale banke te bekom, asook, by wyse van direkte aankope, dit vanaf Suid-Afrika aan te vul.³⁾

Met die heropening van die Londense goudmark gedurende 1954 het die Switserse banke reeds afsetgebiede vir hul goud in die belangrikste internasionale verbruikersmarkte gevestig. Die Switserse banke was daartoe in staat vanweë Switserland se tradisionele finansiële stabiliteit en die afwesigheid van Switserse valutabeheer.

Die groeiende verbruiksvraag na goud, wat hoofsaaklik vanuit Zurich bevredig is, het daartoe gelei dat Switserse banke as die grootste enkele kopers op die Londense goudmark verrys het. Aan die einde van die sestigerjare het Switserse banke gereeld tussen twee derdes en 'n driekwart van die goudaanbod tydens die Londense goudprysvasstelling aangekoop.⁴⁾ Frey⁵⁾ kom tot die volgende slotsom: "It is therefore not exaggerated to say that the combined buying power of the Swiss Banks was

1) Frey, op. cit., p.(viii).

2) Loc. cit.

3) Gedurende die tydperk wat die heropening van die Londense goudmark gedurende 1954 voorafgegaan het, is Suid-Afrikaanse goudprodusente toegelaat om 'n gedeelte van hul goudproduksie op die vrye goudmarkte van die hand te sit. Vergelyk paragraaf 4.3.1.

4) Frey, loc. cit.

5) Loc. cit.

exerting a decisive influence on the course of the London market". Die verwantskap tussen die goudmarkte van Londen en Zurich was dus sterk interafhanklik gefundeer, met Londen in beheer van die groothandelsmark terwyl Zurich in die kleinhandelsmark gespesialiseer het.

5.2.3.2 Die tydvak sedert Maart 1968

Die sluiting van die Londense goudmark gedurende Maart 1968 en die instelling van die tweeledige goudprysstelsel op 18 Maart 1968¹⁾ het bogenoemde situasie egter fundamenteel verander. Die goudmark van Zurich het op 14 Maart 1968²⁾ (met die sluiting van die Londense goudmark) sy huidige vorm aan geneem. Op dié datum het die drie belangrikste Switserse banke (Die "Swiss Bank Corporation", die "Union Bank of Switzerland" en die "Swiss Credit Bank") eenparig besluit "... that the Zurich market should resume its dealings the next morning and that to this effect they would combine their strength by organizing a common market".³⁾ Op dié wyse het die sogenaamde "Zurichse goudpoel" tot stand gekom.

Die sluiting van die Londense goudmark het ook ingehou dat die tradisionele goudbron van die goudmark van Zurich nie langer bestaan het nie, sodat die Zurichse goudpoel hul aanvanklik volkome op die ontpotting van die voorafgaande groot spekulatiewe goudaankope⁴⁾ moes verlaat. Terselfdertyd het professionele handelaars sowel as private goudverkopers nie 'n ander

1) Ibid., p.(ix).

2) Ibid., p.(vi).

3) Loc. cit.

4) Tussen November 1967 en Maart 1968 het die akkumulاسie van goud in private hande sowat 3 000 ton beloop: Ibid., p.(ix).

keuse gehad as om hul tot die goudmark van Zurich te wend nie. Ten spyte daarvan dat die Londense goudmark heelwat van sy verlore markaandeel teruggewen het, beweer Frey¹⁾ dat "... Zurich continued to handle the bulk of the market ever since". Die praktyk wat deur Switserse banke gevolg word om groot goudvoorrade te dra ten einde fluktuasies in goudvraag te bevredig, het aan die goudmark van Zurich 'n verdere voordeel bo die Londense goudmark verleen.²⁾

Die afwesigheid van 'n versekerde konstante goudaanbod wat 'n voortdurende skadu oor die aktiwiteite van die goudmark van Zurich gewerp het, is gedurende die vroeë maande van 1969 opgelos toe die Suid-Afrikaanse regering besluit het om nuutontginde goud op 'n redelik gereelde basis via die Zurichse goudpoel van die hand te sit. 'n Ooreenkoms³⁾ wat gedurende Desember 1969 tussen Suid-Afrika en die I.M.F. gesluit is, het daarvoor voorsiening gemaak dat Suid-Afrika voortaan goud, onder sekere voorwaardes, aan die I.M.F. sou kon verkoop. Aangesien dié voorwaardes gedurende die eerste maande van 1970 van toepassing was, is Suid-Afrikaanse goudverkope op die vrye goudmarkte gedurende dié tydperk tydelik opgeskort. Nadat die nie-amptelike goudpryse egter weer die amptelike goudprys oortref het, is die Suid-Afrikaanse goudverkope op die vrye goudmarkte hervat, "... with Zurich still being the sole beneficiary".⁴⁾

Dit is belangrik om daarop te let dat die genoemde drie Switserse banke volledig onafhanklik optree en dat die Zurichse

1) Loc. cit.

2) Clarke en Pulay, op. cit., p.90.

3) Vergelyk paragraaf 4.2.4.3.

4) Frey, loc. cit.

goudpoel nie 'n fisiese goudvoorraad besit nie, maar slegs 'n verrekeningstelsel verteenwoordig "... in which each of the member-banks has an account reflecting its position in the pool, whereby the combined balance of these accounts show whether the pool as a whole is short or long".¹⁾ Laasgenoemde vorm die maatstaf op grond waarvan die lede van die Zurichse goudpoel die goudprys vasstel. Die poelprys is van toepassing op alle individuele goudtransaksies van die goudpoellede. Dié goudprysstelsel is baie soepel en reageer op enige variasie in die vraag- of aanbodsituasies van die goudpoel as geheel.

Goudpryse in Zurich word in terme van dollars per ons en Switserse frank per kilogram genoteer. Die standaard rekeningseenheid is - soos in Londen - die 400-ons goudstaaf met 'n 99,5 persent graad van suiwerheid. Daarbenewens spesialiseer Zurich onder andere in die voorsiening van goudmunte aan die kleinhandel.²⁾ Die toenemende belangstelling van die klein belegger in goud het daartoe gelei dat miniatuurgoudstafies (met 'n goudinhoud van 5 gram) nou in Zurich te koop aangebied word.³⁾

Aangesien geen amptelike goudomsetsyfers ten opsigte van die goudmarkte van Londen en Zurich beskikbaar gestel word nie, is 'n omsetvergelyking van dié 2 goudmarkte nie moontlik nie. Na raming word sowat 80 persent van alle goudstaaftransaksies via Zurich, en die oorblywende 20 persent via Londen bemark.⁴⁾

1) Ibid., p.(viii).

2) Green, op. cit., p.118.

3) Mendelsohn. Gold - enter the small investor. Euromoney, Mei 1974, p.81.

4) Anon. Survey of gold markets: Part 1. International Currency Review, 6(2):15, Maart-April 1974.

In 'n poging om die totale goudomsette van bogenoemde goudmarkte met mekaar te vergelyk, kom Clarke en Pulay¹⁾ tot die volgende gevolgtrekking: "For the time being it is thought that the London bullion dealers' widespread network of agents throughout the world keeps them ahead in the international marketing of gold. But it would be rash to suggest that London has held its absolute dominance of the pre-1968 years".

5.2.4 Goudsmokkelary²⁾

Gedurende 1970 het sowat 500 ton goud (wat ongeveer 50 persent van die Suid-Afrikaanse goudproduksie verteenwoordig) hul weg na internasionale goudsmokkelary gevind.³⁾ Die motiewe vir goudsmokkelary is uiteenlopend van aard. In Indië en Pakistan word die jarelange verbod op goudinvoere omseil; in Italië word goudsmokkelary in die vermyding van belasting aangewend; en in Japan is goudsmokkelary deur buitengewoon hoë goudpryse gestimuleer.

Die omvang van goudsmokkelary is sodanig dat 'n hoogs effektiewe organisatoriese struktuur ontwikkel het. Dit is uiters noodsaaklik omdat, benewens die geheime goudvloei, betaling ook glad moet verloop, dikwels met behulp van komplekse valutamanipulasies. Die belangrikste komponent van dié goudhandel word deur gevestigde organisasies wat daaglik in telefoniese en/of teleksverbinding met die belangrikste spesiehandelaars van Londen en Zurich is, gehanteer. Die organisasies wat die

1) Clarke en Pulay, loc. cit.

2) Hierdie gedeelte word gebaseer op Green, op. cit., p.119-33; Clarke en Pulay, op. cit., p.91-2; Green. Gold Smuggling in the Seventies. Euromoney (Gold and Silver survey), 3(3): (xv), Augustus 1971; en Anon. Survey of gold markets: Part 1 International Currency Review, 6(2):16-7, Maart-April 1974.

3) Green, loc. cit.

goudsmokkelary hanteer, tree altyd vanaf een of ander handelsentrum waar goudinvoere wettig is, op. Green beweer in hierdie verband: "All the official records there will show a great deal of gold coming in - and none going out".¹⁾

Die belangrikste gouddistribusiesentrums is Dubai, Beiroet, Vientiane, Macao, Singapoer en Hong Kong. Vanaf dié sentrums word goud na Turkye, Egipte, Jordanië, Saudi Arabië, Sirië, Israel, Indië, Pakistan, Ceylon, Japan, Taiwan, Indonesië, China, Italië, Spanje en sommige Suid-Amerikaanse state gesmokkel.²⁾

Die onbelemmerde in- en uitvoer van goud na Libanon, asook die vrye inwisselbaarheid van valuta aldaar, het meegehelp om Beiroet sedert 1946 as die gouddistribusiesentrum van die Nabye Ooste te vestig.³⁾ Dié rol van Beiroet is verder versterk deur goudinvoerverbiedings en valutabeheermaatreëls wat in Turkye, Sirië, Irak en Egipte van toepassing is. Die goudmark van Beiroet plaas ook addisionele goudbestellings in Londen, maar vir direkte lewering in België, Nederland en ander Europese stede.

Die handelsentrum vanwaar gesmokkelde goud na Indië, Pakistan en Ceylon uitgevoer word, is Dubai, "... the small sheikdom in the Trucial states at the Southern end of the Arabian Gulf".⁴⁾ Gedurende 1970 is sowat 259 ton goud na Dubai ingevoer, vanwaar

1) Loc. cit.

2) Loc. cit.

3) Id. The world of gold, p.120.

4) Id. Gold Smuggling in the Seventies. Euromoney (Gold and Silver Survey), 3(3):xv, Augustus 1971.

dit in die vorm van "10 tola"-goudstawe na die Indiese subkontinent gesmokkel is.¹⁾

Baie van die goud wat vroeër via Beiroet na die Midde-Ooste gevloei het, word teenswoordig direk na Bangkok, Laos en Hong Kong verskeep.

Hong Kong en Macao, 'n Portugese kolonie op die grens van China was tot 1 Januarie 1974 by 'n interessante goudverspreidingskanaal betrokke. Alhoewel die in- en uitvoer van goud in Hong Kong verbode was, is die privaatbesit en binne-landse goudhandel in Hong Kong wel wettiglik toegelaat. Die goudinvoere na Macao "... arrives officially enough at Hong Kong, usually by air freight from London".²⁾ Dié deurvloei van goud is wel in Hong Kong toegelaat. Vanaf Hong Kong is die goud offisieel na Macao (40 myl verder) vervoer waar dit gesmelt en in kleiner en meer gerieflike eenhede vir smokkelhandel verwerk is. Vanweë Macao se gebrekkige kommunikasie met die buitewêreld is 90 persent van dié goud egter binne 3 dae na Hong Kong teruggesmokkel. Sodra die goud weer in Hong Kong beland het, was dit nie meer onwettig nie en is geen navrae oor die oorsprong van die goud gedoen nie.

Hong Kong is reeds vir baie jare die handelsentrum waarvandaan goud na Japan, Taiwan en Indonesië gesmokkel word. Ingevolge 'n aankondiging deur die owerheid van Hong Kong op 18 Desember 1973 is die vereiste dat goudhandelaars 'n lisensie moes bekom ten einde goud te besit, in te voer of uit te voer, vanaf 1 Januarie 1974 opgehef.³⁾ Die gevolg van hierdie aankondiging is dat goudsmokkelaars "... can now bring stocks to Hong Kong

1) Loc. cit.

2) Clarke en Pulay, op. cit., p.91.

3) Anon. Survey of gold markets: Part 1. International Currency Review. 6(2):16. Maart-April 1974.

without fear of punishment, and it has become considerably easier to take gold from or through Hong Kong to the surrounding countries in the area, where anti-gold smuggling arrangements remain in force".¹⁾ Hong Kong, wat die meeste van die Chinese goudverkope hanteer, kan binnekort as die belangrikste goudstaaf- en goudmuntmark in die Verre Ooste ontwikkel.

'n Gedeelte van die goud wat Hong Kong bereik, word deur die ses belangrikste goudhandelaars van Hong Kong op die Chinese Goud- en Silwermark ("Chinese Gold and Silver Exchange") verhandel. Die kopers van dié goud is die sowat 200 Chinese banke en geldwisselkantore wat Hong Kong oorvloeï. Die "internasionale" aard van die Chinese Goud- en Silwermark in Hong Kong lei daartoe dat dié goudprys in Hong Kong-dollars, V.S.A.-dollars, Fillipynse pesos en Japanse jen genoteer word.

Die goudmark wat te Vientiane in Laos ontwikkel het, was die resultaat van 'n toename in die goudvraag wat deur die onsekerhede van die Viëtnamese Oorlog geïnspireer is. Die sowat 40 ton goud wat teen die einde van die sestigerjare jaarliks na Vientiane ingevoer is - sowat 75 persent daarvan het hul weg na Saigon gevind - is met V.S.A.-dollars vereffen.²⁾ Die belangrikheid van Vientiane as gouddistribusiesentrum het sedert die begin van 1973 egter afgeneem vanweë 'n afname in die goudvraag, strenger sekuriteitsmaatreëls in Suid-Viëtnam en mededinging van die goudmark van Singapoer.³⁾

1) Loc. cit.

2) Green, loc. cit.

3) Anon. Survey of gold markets: Part 1. International Currency Review, 6(2):16, Maart-April 1974.

Die gouddistribusiesentrum van Singapoer het gedurende April 1969 ontstaan.¹⁾ Die goudmark van Singapoer, waarop gedurende 1970 sowat 150 ton goud verhandel is, het as die ideale sentrum ontwikkel waarvandaan goud na Indonesië - wat gedurende 1970 sowat 70 ton goud geabsorbeer het - en ander lande in Suidoos-Asië uitgesmokkel kan word.²⁾ Die toekoms van Singapoer as gouddistribusiesentrum word egter sedert 1 Januarie 1974 deur die opbloeiende goudmark van Hong Kong bedreig.

Binne Europa vind goudsmokkelary op heelwat kleiner skaal plaas. Die belangrikste smokkelary op dié kontinent is tussen Switserland en Italië, asook vanaf Frankryk na Spanje.

Die goudsmokkelaar voorsien klante van goud in 'n wye reeks gediversifiseerde staafvariasies. Die "10 tola"-staaf, met 'n massa van 3,75 onse, word aan die Indiese subkontinent gelewer. In die Midde- en Verre Ooste vind goudsmokkelary normaalweg in kilostawe plaas. Daarbenewens word veral van die "tael"-staaf (met 'n massa van 1,33 onse) op die goudmark van Hong Kong gebruik gemaak.³⁾

5.2.5 Russiese goudverkope⁴⁾

Die eerste goudverkope deur die Sowjet-Unie aan die Weste gedurende 1946 het die verkryging van noodsaaklike internasionale valuta ten doel gehad.⁵⁾ 'n Gedeelte van dié verkope is deur die Russiesbeheerde "Banque Commerciale pour l'Europe

1) Green, loc. cit.

2) Loc. cit.

3) Id. The world of gold, p.130-1.

4) Die omvang van Russiese goudverkope is reeds in paragraaf 2.2.4 bespreek. In hierdie paragraaf (5.2.5) is slegs die bemakingskanale waardeur Russiese goud aan die Weste verkoop word, van belang.

du Nord" van Parys hanteer, terwyl die restant van die goud=verkope via Switserse banke en internasionale goudhandelaars gekanaliseer is.¹⁾

Die heropening van die Londense goudmark in 1954 het daartoe aanleiding gegee dat 'n gedeelte van die Russiese goudverkope sedertdien deur dié mark hanteer is. Alhoewel die Londense goudhandelaars aanvanklik direk met Moskou onderhandel het, is Russiese goudverkope later deur die Bank vir Internasionale Verrekening of deur Russiese buitelandse banke (soos byvoorbeeld die Moskou Narodny in Londen en die "Banque Commerciale l'Europe du Nord" in Parys) hanteer.²⁾

Die 1966-1970-tydvak is deur 'n algehele afwesigheid van Russiese goudverkope op die internasionale goudmarkte van die Weste gekenmerk. Ten opsigte van die verkoopskanale waarvan die Russe ná 1971 gebruik gemaak het, beweer Mendelsohn³⁾ die volgende: "This time sales seem to have been channelled directly from Moscow to dealers in London and banks in Zurich, although some sales have apparently been made also through the Soviet Wozchod Handelsbank in Zurich". Dié wydverspreide verkoopskanale bemoeilik skattings van die Russiese goudverkope sedert 1971 enigsins.⁴⁾

1) Loc. cit.

2) Mendelsohn. Russia tests the market. Euromoney. (Gold and Silver survey), 3(3):xiv, Augustus 1971.

3) Loc. cit.

4) Loc. cit.

5.3 INTERNASIONALE GOUDPRYSBEWEGINGS

5.3.1 Goudprysbewegings vanaf 1949 tot Maart 1968

5.3.1.1 Die tydperk, 1949-1954

Sedert die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog tot en met die heropening van die Londense goudmark op 22 Maart 1954, is 'n aansienlike vraag ná en aktiwiteit in goud ondervind. Die gevolg hiervan was dat "... some members of the market opened offices overseas for their trading operations whilst other members provided facilities for the bulk refining of gold and manufacture of bars smaller than those which are normally dealt in at the fixing prices".¹⁾ Gedurende dié tydperk is pryse van tot \$70 per ons in die Verre Ooste behaal.

Vanaf 1949 tot Junie 1950 was die algemene goudprystendens dalend gewees.²⁾ Nadat goud op 25 Mei 1949 die prys van ongeveer \$69 per fynons in Hong Kong behaal het, het die prys daarna skerp gedaal tot ongeveer \$37,50 op 31 Mei 1950.³⁾ Gedurende die ooreenstemmende periode het die ongereelde goudprysnote= rings in verskeie ander handelsentrums vanaf \$55 tot \$36,25 per fynons gedaal.⁴⁾ Die uitsondering op dié dalende goud= prysneiging was Bombaai, waar die goudprys stabiel vertoon het. Die goudprysbewegings van die Paryse goudmark het die algemene goudprystendens eers sedert die devaluasies van 1949 nagevolg, en teen die einde van Mei 1950 was die Paryse staaf= goudprys gelyk aan die ekwivalent van ongeveer \$38,50 per fynons.⁵⁾

1) Jeffery, op. cit., p.(ii).

2) I.M.F. Annual Report 1950, p.72.

3) Loc. cit.

4) Loc. cit.

5) Loc. cit.

Bogenoemde goudprysdalings was hoofsaaklik die gevolg van "... several factors affecting the current demand and supply of gold".¹⁾ Die goudoppotting van China, wat vanaf 1946 tot 1948 jaarliks sowat 3 miljoen onse beloop het, het verdwyn en China het gedurende 1949, in plaas van 'n belangrike goud= invoerland as gouduitvoerland op die goudmark na vore getree. Daarbenewens het die devaluasies van 1949 daartoe gelei dat die nasionale inkome (in terme van dollars) van heelwat lande in die Midde- en Verre-Ooste gedaal het, wat die tradisionele goudoppotting van die lande verlaag het. Daarteenoor het die lopende goudaanbod toegeneem "... as a result of serious leakages into the hoarding market of gold originally destined for industrial and artistic purposes".²⁾

Die effek van bogenoemde vraag- en aanbodveranderings op die internasionale goudpryse is deur internasionale kapitaal= transaksies geaksentueer. Toenemende vertroue in die stabiliteit van verskeie geldeenhede, wat die gevolg van gunstige ekonomiese toestande in sommige lande en die devaluasies van September 1949 was, het tot 'n afname in goudoppotting of selfs tot goudontpotting gelei.

Nadat goudpryse gedurende Mei en die begin van Junie 1950 nuwe laagtepunte bereik het, het die uitbreek van die Koreaanse Oorlog (gedurende Junie 1950) daartoe gelei dat die goudpryse op die "vrye" markte die hoogte ingeskiet het.³⁾ Gedurende die periode ná Junie 1950, tot en met die beëindiging van genoemde Oorlog, het internasionale goudpryse gefluktueer, in ooreenstemming met internasionale politieke onsekerhede.

1) Ibid., p.73.

2) Loc. cit.

3) Id. Annual Report 1951, p.75.

In Parys het die goudprys vanaf ongeveer \$38 per fynons op 26 Mei 1950 tot ongeveer \$46 per fynons op 26 Julie 1950 gestyg.¹⁾ Nadat dié goudprys op 31 Oktober 1950 tot ongeveer \$40 per fynons gedaal het, het dit opnuut gestyg, en is op 8 Januarie 1951 teen sowat \$47 per fynons genoteer. Alhoewel die goudpryse op ander goudmarkte dieselfde neiging as dié op Hong Kong en Parys geopenbaar het, was die goudprysfluktuasies van eersgenoemde minder geaksentueer.

TABEL 5.1

STAATGOUDPRYSE OP INTERNASIONALE GOUDMARKTE, 1951-1954²⁾

(Uitgedruk in dollars per fynons)

MARK	EINDE VAN APRIL 1951	EINDE VAN APRIL 1952	EINDE VAN APRIL 1953	EINDE VAN APRIL 1954
Bombaaï	65,20	53,06	48,54	52,54
Hong Kong	45,65	40,08	39,94	37,67
Parys	43,50	39,24	38,26	35,87
Zurich	41,50	37,00	36,81	35,13

Die goudprysbewegings op die goudmarkte van Bombaaï, Hong Kong, Parys en Zurich gedurende die tydperk vanaf 1951 tot 1954 word in tabel 5.1 weergegee. Toenemende politieke stabiliteit was hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik dat die goudpryse vanaf April 1951 tot die einde van April 1954 in Hong Kong, Parys en Zurich 'n volgehoue dalende tendens vertoon het.

Soos duidelik uit tabel 5.1 blyk, was die goudprys op die goudmark van Bombaaï voortdurend aansienlik hoër as dié op

1) Loc. cit.

2) Id. Annual Report 1954, tabel XV, p.120.

ander soortgelyke markte; daarbenewens stem die goudprys=fluktuasies van dié mark nie ooreen met die algemene goud=prysneiging nie. Sô byvoorbeeld het die goudprys in Bombaai vanaf \$48,54 per fynons aan die einde van April 1953 tot \$52,54 per fynons aan die einde van April 1954 gestyg, terwyl ander goudpryse gedurende die ooreenstemmende tydperk gedaal het. Die internasionale isolasie van die goudmark in Bombaai, asook die streng beperkings op Indiese goudinvoere en -uitvoere is hoofsaaklik vir laasgenoemde verskynsels verantwoordelik - "Such a market is particularly subject to speculative influences".¹⁾

5.3.1.2 Die tydperk, 1954-1960

Nadat die Londense goudmark vir bykans 15 jaar gesluit was, is dit op 22 Maart 1954 op 'n beperkte basis heropen.²⁾ Die Britse Regering het steeds die standpunt gehandhaaf dat goud, sover as moontlik, na monetêre reserwes gekanaliseer moes word, maar het nogtans gevoel dat "... the continued closure of the London market would serve no useful purpose internationally and would be damaging to the interests of the United Kingdom and the sterling area".³⁾

Alhoewel die Londense goudmark heropen is, was die Britse Regering egter van plan om hul obligasies in terme van seksie 2 van Artikel IV van die Artikels van Ooreenkoms van die I.M.F. na te kom. Dié klousule het aan die I.M.F. die reg verleen om die marges om die pariwaardes van geldeenhede, waarbinne lidlande goudtransaksies kon aangaan, te bepaal.⁴⁾

1) Ibid., p.119.

2) Ibid., p.116.

3) Loc. cit.

4) Vergelyk paragraaf 4.2.4.1.

Ingevolge 'n I.M.F.-besluit van 15 Oktober 1954 (soos herbevestig op 15 November 1954) het lidlande 'n keuse gehad ten opsigte van die marges waarbinne goudtransaksies aangegaan kon word, naamlik:¹⁾

- (a) $\frac{1}{2}$ persent plus sekere toelaatbare voorgeskrewe koste; of
- (b) 1 persent - in dié geval is koste reeds hierby inbegrepe.

Soos duidelik uit tabel 5.2 blyk, het die Londense goudprys vanaf 1954 tot Oktober 1960 binne relatief nou grense om \$35 per fynons gefluktueer. 'n Maksimum goudprys van \$35,20 per fynons en 'n minimum van \$34,85 per fynons is gedurende hierdie tydperk aangeteken. Dié stabiele goudprys in Londen is deur die goudaktiwiteite van die Federale Reserwebank in New York bewerkstellig, "... which bought all gold offered to it at \$35 per ounce less a commission of $\frac{1}{2}$ per cent, that is the equivalent of \$34,91 $\frac{1}{4}$ and sold gold to approved monetary authorities at \$35 plus $\frac{1}{2}$ per cent, namely \$35,08 $\frac{3}{4}$ ".²⁾ Die Londense goudprys het sodoende binne die grense van die Federale Reserwebank se goudaktiwiteite beweeg, plus of min verskepings- en versekeringskoste wat tussen 6 en 8 sent per fynons beloop het.³⁾

Die goudprys van markte waar die notering direk in V.S.A.-dollars plaasgevind het, het gedurende die 1954-1960-periode nie veel van die Londense goudprys afgewyk nie. Die eie aard

1) I.M.F. Annual Report 1955, p.98.

2) Jeffery, op. cit., p.(iii).

3) Loc. cit.

TABEL 5.2

GOUDPRYS IN LONDEN, 1954-1968¹⁾

(Pryse uitgedruk in terme van V.S.A.-dollars per fynons - daaglikse prysnoterings)

JAARTAL	MAKSIMUM PRYS	MINIMUM PRYS
1954	35,11	34,98
1955	35,06	34,96
1956	35,09	34,90
1957	35,00	34,85
1958	35,13 - 35,15	34,98 - 35,00
1959	35,135 - 35,155	35,04 - 35,06
1960	36,00 - 40,50	35,055 - 35,075
1961	35,75 - 35,90	35,04 - 35,08
1962	35,19 - 35,21	35,06 - 35,08
1963	35,11 - 35,13	35,045 - 35,065
1964	35,12 - 35,14	35,05 - 35,07
1965	35,185 - 35,205	35,08 - 35,10
1966	35,19 - 35,21	35,105 - 35,125
1967	35,195 - 35,225	35,135 - 35,155
1968	42,60	35,1375

1) Die goudpryse vir die tydperk 1954-1957 is ontleen aan I.M.F. Annual Report 1954, p.118; Id. Annual Report 1955, p.97; Id. Annual Report 1956, p.116; Id. Annual Report 1957, p.110; en Id. Annual Report 1958, p.149-50. Die goudpryse vir die tydperk 1957-1968 is ontleen aan Simha. Gold and the international monetary system, tabel 3, p.100.

en wese van elke afsonderlike goudmark het daartoe gelei dat die Londense goudprysnoterings nie daaglik streng nagevolg is nie, maar die afwykings was in elk geval nie noemenswaardig nie. Die verbod op Indiese goudinvoere en -uitvoere het daartoe gelei dat die goudprys in Bombaaï slegs deur plaaslike vraag- en aanbod omstandighede bepaal is, en word daarom buite rekening gelaat. 'n Ontleding van die goudprysfluktuasies in Londen word vir doeleindes van dié studie as verteenwoordigend van internasionale goudprysbewegings beskou en as sodanig ontleed.

5.3.1.3 Die tydperk, 1960-1968

Soos duidelik in tabel 5.2 weerspieël word, het die Londense goudprys aan die einde van die vyftigerjare 'n geleidelike stygende tendens openbaar en is \$40 per fynons op 20 Oktober 1960 oortref.¹⁾ Die voortdurende Amerikaanse betalingsbalans-tekorte het die vrees laat ontstaan dat die dollar (en ander geldeenhede) dalk sou moes devalueer, wat op 'n de facto-verhoging van die amptelike goudprys sou neerkom. Op 'n voorstel van die New Yorkse Federale Reserwebank is die Londense goudpoel²⁾ gedurende 1961 deur die sentrale banke van 8 lande³⁾ opgerig.

Soos duidelik uit tabel 5.2 blyk, het die Londense goudpoel tot ongeveer 1967 baie suksesvol gefunksioneer. Die Londense goudprys is gedurende dié tydperk tussen \$35,04 en \$35,225 gestabiliseer. Die aanvanklike sukses van die Londense goudpoel is duidelik in die stabiliteit van die goudprys ten tye van die Kubaanse Oorlog (1962) en ander soortgelyke aanvalle op die V.S.A.-dollar weerspieël.

1) Vergelyk paragraaf 4.3.2.

2) Loc. cit.

3) België, Frankryk, Italië, Nederland, die Verenigde Koninkryk, die V.S.A., Wes-Duitsland en Switzerland.

Die sterlingdevaluasie van November 1967 en die resulterende internasionale wisselkoersekerhede het aan die einde van 1967 'n groot toename in die vraag na goud tot gevolg gehad.

Die Londense goudpoel was wel in staat om dié goudvraag tydelik te bevredig, "... but speculative activity once again took hold and during the first two weeks of March 1968 demand for the metal reached extremely high proportions in London".¹⁾ Ten einde die Londense goudprys benede \$35,20 per fynons te hou, moes die Londense goudpoel binne 4 maande sowat 3 000 ton goud op die Londense goudmark aflaa.²⁾

Die gevolg daarvan was dat die Londense goudpoel op 15 Maart 1968 ontbind is (die goudmark van Londen is terselfdertyd gesluit); daarbenewens het die betrokke sentrale banke ooreengekom om hul geheel en al aan die "vrye" goudmarkte te onttrek.

Gedurende die periode vanaf 1954 tot Maart 1968 is die Londense goudprys dus met behulp van goudstabilisasiemaatreëls binne die grense van \$34,85-\$35,20 gestabiliseer.

5.3.2 Goudprysbewegings nā Maart 1968³⁾

Die heropening van die Londense goudmark⁴⁾ op 1 April 1968 het

- 1) Jeffery, loc. cit.
- 2) Korteweg en Keesing. Het moderne geldwezen. Deel II: De techniek van het betalingsverkeer, p.368.
- 3) Die goudpryse op die goudmarkte van Londen, Parys en Zurich word in tabel 5.3 weergegee.
- 3) Slegs die goudprysfluktuasies op die Londense goudmark word bespreek. Benewens geringe prysverskille stem die goudprysbewegings op die meeste goudmarkte ooreen met dié van Londen en is die onderliggende vraag- en aanbodskedules analoog met dié van die Londense goudmark: Vergelyk tabel 5.3.

TABEL 5.3

GOUDPRYSE OP GESELEKTEERDE INTERNASIONALE GOUDMARKTE¹⁾
 (Goudstaafpryse in dollars per fynons uitgedruk)

PRYSE AAN DIE EINDE VAN:		LONDEN (NIE-INWONERS)	PARYS	ZURICH
April	1968	39,10	39,00	39,15
Julie	1968	38,85	40,00	39,10
Oktober	1968	39,30	39,25	39,35
Januarie	1969	42,65	44,25	42,70
April	1969	43,70	44,50	43,70
Julie	1969	41,75	42,35	41,75
Oktober	1969	39,75	41,15	40,00
Januarie	1970	35,10	36,50	35,15
April	1970	36,05	36,60	36,00
Julie	1970	35,35	36,60	35,35
Oktober	1970	37,50	38,60	37,60
Januarie	1971	38,25	38,40	38,30
April	1971	40,00	40,20	40,00
Julie	1971	42,25	42,50	42,30
Oktober	1971	42,60	42,75	42,60
Januarie	1972	47,35	47,35	47,40
April	1972	49,85	50,60	49,75
Julie	1972	68,55	70,25	68,70
Oktober	1972	64,75	65,60	64,85
Januarie	1973	66,25	67,10	66,35
April	1973	91,05	93,00	91,00
Julie	1973	116,00	119,50	116,00
Oktober	1973	99,00	103,00	99,25
Januarie	1974	133,50	138,00	134,00
April	1974	169,75	182,00	170,25
Julie	1974	157,00	157,75	158,00
September ²⁾	1974	157,00	160,89	157,00
November ³⁾	1974	177,00	180,70	177,00

1) Pick's World Currency Report, alle uitgawes sedert Maart 1968; Euromoney, Oktober 1974, p.123; en Die Transvaler, 7 November 1974, p.15.

2) 6 September 1974.

3) 6 November 1974.

'n nuwe bedeling ingelui. Voortaan sou aparte goudmarkte vir monetêre outoriteite en alle ander kopers en verkopers bestaan. Laasgenoemde sou 'n vrye goudmark waarop die goudprys deur die onderliggende vraag- en aanbodskedules bepaal sou word, wees. Die invloed wat die tweeledige goudprysstelsel op die vraag na goud en goudpryse gehad het, sal in die hieropvolgende bespreking duidelik na vore kom.

Die eerste goudprys nā die heropening van die Londense goudmark is op \$38 per fynons vasgestel.¹⁾ Toenemende goudvraag het die goudprys egter tot \$39,10 per fynons (einde April 1968) en later tot \$42,60 per fynons (21 Mei 1968) opgedruk. Daarna het die goudvraag enigszins afgeneem en die goudprys het aan die einde van Julie 1968 dienoooreenkomstig tot \$38,85 per fynons gedaal. Vanaf Julie tot September 1968 het goudpryse 'n stygende tendens getoon.

Die oorsake wat onderliggend was aan bogenoemde skerp fluktuasies in die Londense goudprys gedurende die periode April-September 1968 het onder andere die volgende ingesluit:²⁾

- (a) uiteenlopende waarderings met betrekking tot die toekomstige goudaanbod (veral ten opsigte van verklaringe in verband met Suid-Afrikaanse goudverkope) het goudpryswaardasies bemoeilik;
- (b) die effek van internasionale valutakrisisse;
- (c) veranderinge in internasionale rentekoerse;
- (d) die beskikbaarheid van fondse waarmee spekulatiewe

1) I.M.F. Annual Report 1968, p.90.

2) Id. Annual Report 1969, p.134.

goudposisies gehandhaaf moes word; en

- (e) korttermyn spekulatiewe goudaankope wat aanleiding gegee het tot hewige goudprysfluktuasies.

In teenstelling met die voorafgaande periode is die tydperk vanaf Oktober 1968 tot April 1969 gekenmerk deur geleidelik stygende goudpryse "... with remarkably little fluctuation".¹⁾ Gedurende laasgenoemde tydperk het die Londense goudprys vanaf \$39,30 (einde Oktober 1968) tot \$43,70 (einde April 1969) per fynons gestyg. Die belangrikste rede vir dié stygende tendens "... would seem to have been a substantial reduction of gold stocks in the hands of those who had acquired them late in 1967 and early in 1968".²⁾ Die onmiddellike reaksie op die instelling van die tweeledige goudprysstelsel dui daarop dat daar geen twyfel oor die voortgesette internasionale monetêre rol van goud onder spekulante bestaan het nie.

Vanaf Mei 1969 tot aan die einde van Junie 1970 is 'n skerp dalende neiging by goudpryse op die "vrye" goudmarkte ondervind. Terselfdertyd het die goudomset aansienlik afgeneem en het toestand aanmerklik gestabiliseer.³⁾ Die Londense goudprys het van \$43,225 per fynons aan die einde van Mei 1969 tot \$35 per fynons aan die einde van 1969 gedaal. Nadat 'n laagtepunt van \$34,75 per fynons gedurende Januarie 1970 behaal is, het goudpryse tot ongeveer \$36 per fynons gedurende Mei 1970 herstel, waarna dit (tydens Junie 1970) opnuut effens gedaal het.

1) Loc. cit.

2) Loc. cit.

3) Id. Annual Report 1970, p.127.

Die algemene dalende goudprysneiging gedurende laasgenoemde periode kan aan verskeie faktore¹⁾ toegeskryf word, naamlik:

- (a) Suid-Afrika is deur toenemende betalingsbalanstekorte tot stygende goudverkope op die internasionale goud=markte gedwing. Sowat 39 miljoen onse is gedurende die 12 maande wat 30 April 1970 vooraf gegaan het, van die hand gesit, wat meer as dubbel die ooreenstemmende syfer van die vorige 12 maande was.
- (b) Die groot spekulatiewe goudaankope van 1967/68 is gedurende 1969 en aan die begin van 1970 gelikwideer.
- (c) Aan die goudvraagkant was die groeikoers in die vraag na goud vir industriële en ander gebruike besig om af te neem; verder was die spekulatiewe goudvraag besig om te daal.
- (d) Hernieuwe aktiewe belangstelling in valutaspekulasie het tot stygende korttermynrentekoerse wat die geleentheidskoste van goudbesit aansienlik verhoog het, gelei.

Gedurende die eerste 8 maande van 1970 was goudpryse betreklik stabiel, waarna dit 'n geleidelik stygende tendens tot aan die einde van April 1971 vertoon het. Soos duidelik uit tabel 5.3 blyk, het die Londense goudprys vanaf \$35,10 per fynons aan die einde van Januarie 1970 slegs 'n marginale toename van 25 sent per fynons tot aan die einde van Julie 1970 ondergaan, waarna dit 'n geleidelik stygende tendens vertoon het om op \$40,00 per fynons aan die einde van April 1971 te staan te kom.

1) Ibid., p.128.

Die stygende goudprysneiging wat aan die einde van 1970 en die eerste kwartaal van 1971 ondervind is, was die resultaat van "... the revival in the demand from the market, following the substantial rundown in stocks that was characteristic of the first eight months of 1970".¹⁾ Dié toename in die goudvraag was die resultaat van 'n herlewing in die vraag na goud vir industriële en artistieke gebruike, veral vanuit Noord-Amerika, en vanweë 'n toenemende aanvraag na goud vanuit die Midde- en Verre Ooste.

Die monetêre onsekerhede wat die internasionale valutamarkte aan die einde van April 1971 en begin van Mei 1971 gekenmerk het, was hoofsaaklik vir die onstabiliteit op die internasionale goudmarkte in dieselfde tydvak verantwoordelik. Die resulterende goudstormloop het daartoe gelei dat die Londense goudprys op 14 Mei 1971 op \$41,20 per fynons²⁾ vasgestel is - die hoogste goudprys sedert Augustus 1969.

Hierna het die Londense goudprys effens gedaal en is op 13 Julie 1971 'n prys van \$40,31 per fynons op die Londense goudmark genoteer.³⁾ Gedurende die maand wat 13 Julie 1971 voorafgegaan het, is 'n netto koopposisie deur private goudoppotters en professionele goudhandelaars ingeneem. Gedurende dié maand het die tradisionele goudoppotting en industriële verbruiksvraag egter 'n seisoenale afplatting ondervind onderwyl die verkope deur goudprodusente gehandhaaf is.

1) Id. Annual Report 1971, p.149.

2) Loc. cit.

3) Samuel Montagu. Bullion. Euromoney (Market Commentary), 3(3):28, Augustus 1971.

Die Londense goudprys het van \$40,41 per fynons op 13 Julie 1971 tot \$42,25 per fynons op 31 Julie 1971 gestyg. Volgens die I.M.F.¹⁾ was "continued uncertainty on the international monetary system, and in particular on the value of the dollar ..." vir bogenoemde styging in die Londense goudprys verantwoordelik.

Die Amerikaanse opskorting op 15 Augustus 1971 van die goud=inwisselbaarheid van die dollar teen \$35 per fynons het nie die verwagte effek op die goudprys gehad nie. Nadat die Londense goudmark op 17 Augustus 1971 heropen is - dié goud=mark was op 16 Augustus 1971 gesluit - is die goudprys op \$43,05²⁾ per fynons vasgestel, wat 'n premie van slegs 5c per fynons op die vorige goudprysnotering verteenwoordig het. Om=vangryke dollarverkope gedurende die dae wat die aankondiging van 15 Augustus 1971 voorafgegaan het, het aanleiding gegee tot spekulatiewe goudaankope "... on the expectation that the inconvertibility of the dollar would cause the price of gold to rise substantially".³⁾

Die Londense goudprys het aan die einde van 1971 en begin van 1972 'n stygende tendens getoon. Dié goudprys het van ongeveer \$42 per fynons, wat dit gedurende Desember 1971 tydens die Smithsoniaanse Ooreenkoms behaal het, tot \$49,85 per fynons aan die einde van April 1972 toegeneem. Vanaf die begin van Mei 1972 tot die begin van Junie 1972 het die Londense goudprys snel toegeneem en is \$65 per fynons sporadies oortref. Dié goudpryspeil is by benadering tot aan die einde van 1972 gehandhaaf.

1) Ibid., p.29.

2) Samuel Montagu. Bullion. Euromoney (Market Commentary), 3(5):58, Oktober 1971.

3) Loc. cit.

Die goudprysfluktuasies wat tydens die voorjaar van 1972 ondervind is, was die refleksie van 'n wye reeks onderliggende faktore,¹⁾ naamlik:

(a) Goudaanbod

Benewens 'n geringe afname in goudproduksie het die Suid-Afrikaanse betalingsbalans ná 1971 noemenswaardig verbeter; gepaard daarmee het ander goudprodusente hul goudverkopebeleid aangepas, sodat aansienlik laer goud=verkope op die "vrye" goudmarkte ondervind is.

(b) Vraag

Onsekerhede met betrekking tot die toekomstige monetêre rol van goud en die stabiliteit van wisselkoerspatrone het die spekulatiewe goudvraag gestimuleer. Daarbenewens het die stygende industriële, artistieke en tradisionele oppottingsvraag na goud meegehelp om internasionale goud=pryse te verhoog.

Soos duidelik uit tabel 5.3 blyk, het die Londense goudprys gedurende die eerste ses maande van 1973 bykans verdubbel. Dié goudprys het van \$66,25 per fynons aan die einde van Januarie 1973 tot \$123,50 per fynons aan die einde van Junie 1973 toege=neem. Die belangrikste aanleidende oorsaak van dié buitenge=wone belangstelling in goud was die dollardevaluasie van Februarie 1973 en die daaropvolgende internasionale wissel=koerskrisis van Maart 1973.²⁾ Benewens dié belangrike faktor, kan die goudprysstygings gedurende die voorjaar van 1973 ook aan die volgende onderliggende omstandighede toegeskryf word:³⁾

1) I.M.F. Annual Report 1972, p.3-4.

2) Vergelyk in dié verband paragraaf 4.3.4.

3) Anon. Currency Reviews: Gold. International Currency Review 5(3):40-41, Mei-Junie 1973.

- (a) Benewens die volgehoue fundamentele verswakking van die V.S.A.-dollar het die Watergateskandaal die aansien van die dollar beslis 'n verdere knou toegedien;
- (b) die stygende goudprys het beleggings in goud, as verskansing teen die wêreldwye inflasieverskynsel, toene-
mend op die voorgrond laat tree;
- (c) valutabeheermaatreëls, om die vloei van internasionale kapitaal te beperk, asook die moderne praktyk om rente te eis van die eienaars van 'n verskeidenheid valuta= deposito's in plaas van rente te betaal, het belegging in goud aangemoedig;
- (d) die goudvraag is op 1 April 1973 verder gestimuleer deur die Japanse wetgewing ingevolge waarvan Japanners voor-
taan een kilo goud kon invoer en besit;
- (e) die goudvraag vir juwelierswaredoeleindes in Europa, Japan, die V.S.A. en Kanada het steeds toegeneem, ten spyte van die hoë nie-amptelike goudpryse; en
- (f) die spekulatiewe goudaankope deur die Midde-Oosterse eienaars van V.S.A.-dollars het toegeneem. "Undoubtedly, sales from black gold into yellow gold were made, but such transactions are unlikely to have been extensive".¹⁾

Vanaf Julie 1973 tot en met Oktober 1973 het goudbeleggers skynbaar hul goudsentimente gewysig. Gedurende dié tydperk het die Londense goudprys vanaf \$116 per fynons tot \$99 per fynons gedaal. Dié dalende goudprystendens was die resultaat van²⁾

1) Ibid., p.41.

2) Samuel Montagu. Bullion: Steady fall in gold prices. Euromoney, Oktober 1973, p.147.

- (a) die relatiewe stabiliteit van die V.S.A.-dollar in die internasionale valutamarkte;
- (b) stygende internasionale rentekoerse; en
- (c) die toenemende steun vir die denkrigting dat sentrale banke mettertyd vrylik as verkopers tot die "vrye" goudmarkte sou kon toetree.

Laasgenoemde denkrigting (add (c)) het op 13 November 1973 'n werklikheid geword, nadat 'n besluit deur die V.S.A., België, Duitsland, Italië, Nederland, Switserland en die Verenigde Koninkryk geneem is ingevolge waarvan sentrale banke voortaan goud vrylik op die internasionale goudmarkte van die hand kon sit.¹⁾ Internasionale onsekerheid met betrekking tot goudaankope deur sentrale banke op internasionale goudmarkte het daartoe aanleiding gegee dat "... the initial reaction on the world gold market was one of considerable nervousness concerning the future value of gold".²⁾ Onmiddellik ná die aankondiging van 13 November 1973 het die Londense goudprys met sowat \$7 per fynons tot \$90 per fynons gedaal, maar teen die einde van November 1973 het die Londense goudprys reeds weer tot \$102 per fynons herstel. Sentrale banke was dus nie bereid om goud teen die heersende hoë goudpryse van die hand te sit nie, tot die ontnugtering van die anti-goudskool.

Die stygende internasionale goudprystendens wat tussen November 1973 en April 1974 ondervind is, blyk duidelik uit tabel 5.3.

1) Anon. Currency Reviews: Gold. International Currency Review, 5(6):38, November/Desember 1973.

2) Ibid., p.39.

Die Londense goudprys het gedurende dié tydperk van \$102 per fynons (einde November 1973) tot \$169,75 per fynons (einde April 1974) toegeneem - 'n toename van meer as 66 persent binne 5 maande. Die stygende goudprystendens wat gedurende die voorjaar van 1974 ondervind is, was die resultaat van 'n wye reeks onderliggende faktore. Die belangrikste oorsake van laasgenoemde goudprysstygings sluit onder andere die volgende in:

- (a) Die internasionale oliekrisis, met as newe-effek die internasionale energiekrisis, wat aan die einde van 1973 ontketen is, het aanleiding gegee tot 'n verswakking in die Europese en Japanse geldeenhede. Die hoër internasionale oliepryse het aansienlike betalingsbalanstekorte vir die belangrikste goudinvoerlande ingehou, en "concern is being expressed as to how these deficits will be financed and this new uncertainty has led to new purchases of gold in Europe".¹⁾
- (b) Gedurende Januarie 1974 het volgehoue gerugte die ronde gedoen dat die Arabiese olieproduserende lande gedeelteslike vereffening van hul olie-uitvoere in terme van goud sou vereis, of 'n gedeelte van hul buitelandse valuta=deposito's in goud sou belê. Alhoewel sodanige optrede skynbaar nie gedoen is nie, "the fear that it may happen has been sufficient to keep a firm undertone in the market".²⁾
- (c) Hernieude pogings in die V.S.A. sedert die einde van 1973 om Amerikaanse private aankoop en besit van goud=

1) Anon. Market Commentary: Bullion. Euromoney, Februarie 1974, p.77.

2) Loc. cit.

munte te wettig het 'n sterk vraag na goudmunte tot gevolg gehad. Die Amerikaanse Tesourie het op 10 Januarie 1974 aangekondig dat die nodige wysigings in regulasies aangebring sou word om Amerikaners in staat te stel om goudmunte (wat gedurende 1959 of vroeër gemunt is) te besit en aan te koop.¹⁾

- (d) Die internasionale wisselkoersonstabiliteit is deur die Franse besluit van 19 Januarie 1974 om die Franse frank toe te laat om onafhanklik te sweef, vererger. Daarbenewens het die Britse pond verdere laagtepunte op die internasionale valutamarkte bereik vanweë die verlamende steenkoolwerkerstaking aan die begin van 1974.²⁾ Soos in die verlede is goud as verskansing teen dié monetêre onsekerhede gebruik.
- (e) 'n Belangrike onderliggende faktor tot die goudprysstygings op die Londense goudmark was in 'n afname in die goudaanbod van tussen 115 en 140 metrieke ton goud gedurende 1973 geleë.³⁾ Dié laer goudaanbod was die resultaat van 'n 6 persentafname in goudproduksie buite Rusland gedurende 1973, asook van 'n merkbare afname in Russiese goudverkope aan die V.S.A. en Wes-Europa.
- (f) Die private goudvraag vir industriële, artistieke, beleggings- en spekulatiewe doeleindes het gedurende 1973 steeds toegeneem.⁴⁾

1) Ibid., p.79.

2) Paragraaf 4.3.4.

3) Anon. Currency Reviews: Gold. International Currency Review, 6(1):39, Januarie/Februarie 1974.

4) Ibid., p.40.

- (g) Die hoër internasionale goudpryse gedurende die voorjaar van 1974 was ook die resultaat van die toenemende druk deur sommige sentrale banke "... that gold will once again be employed at a realistic price, in settlement of debts among governments and central banks".¹⁾

Nadat die Londense goudprys vroeër gedurende 1974 'n hoogtepunt van \$184 per fynons behaal het, het dit gedurende die week wat op 12 Julie 1974 geëindig het tot 'n laagtepunt van \$129 per fynons gedaal²⁾ - 'n daling van bykans 30 persent. Hierdie dalende goudprystendens kan aan 'n wye reeks onderliggende faktore toegeskryf word, waaronder die volgende:

- (a) Die voorafgaande styging in die goudprys het aanleiding gegee tot winsneming deur spekulante en korttermynbelegers.
- (b) Hoë internasionale rentekoerse het daartoe aanleiding gegee dat "the cost of carrying recently-acquired gold positions became too onerous".³⁾
- (c) Volgens die International Currency Review⁴⁾ kan heelwat van bogenoemde goudprysdalings aan goudverkope deur nie-likiede kleiner banke toegeskryf word.
- (d) Die insolvensie van die Wes-Duitse Herstatt Bank⁵⁾ op 26 Junie 1974 het aanleiding gegee tot verpligte goudverkope.

1) Ibid., p.41.

2) Anon. Currency Reviews: Gold. International Currency Review, 6(4):37, Julie-Augustus 1974.

3) Samuel Montagu. The end of the gold boom? Euromoney, Augustus 1974, p.89.

4) Anon. Currency Reviews: Gold. International Currency Review, 6(4):37, Julie-Augustus 1974.

5) Samuel Montagu, loc. cit.

- (e) Ten spyte van die dalende goudpryse is die vraag na goud (vir oppottingsdoeleindes) uit die Midde- en Verre-Ooste op 'n relatief lae peil gehandhaaf.
- (f) Daarbenewens is 'n afname in die industriële vraag na goud ondervind.¹⁾ Hierdie afname was hoofsaaklik die resultaat van 'n afname in die vervaardiging van juweliersware en "this decline is probably due to high bullion prices and to a reduction in disposable incomes".²⁾

Soos duidelik uit tabel 5.3 blyk, het die Londense goudprys teen die einde van Julie 1974 egter tot \$157 per fynons herstel. Gedurende Augustus en September 1974 is meer stabiele marktoestande op die Londense goudmark ondervind en het die Londense goudprys dienoreenkomstig tussen \$150 en \$160 per fynons gefluktueer. Die herstel in die Londense goudprys sedert Julie 1974 was die resultaat van die Amerikaanse besluit om vanaf 1 Januarie 1975 die verbod op die private besit van goud in die V.S.A. op te hef, asook die lening ter waarde van \$2 000 miljoen wat deur die Duitse Bundesbank aan die Bank van Italië beskikbaar gestel is en waarvoor monetêre goud (teen \$120 per fynons) as kollateraal aangebied is.³⁾

Gedurende die tweede helfte van Oktober en die begin van November 1974 is 'n hernieude goudstormloop op internasionale goudmarkte ondervind. Die resultaat hiervan was dat die Londense goudprys op 6 November 1974 tot \$177 per fynons gestyg het.⁴⁾ Die belangrikste oorsake van laasgenoemde stygende goud=

1) Ibid., p.89-91.

2) Ibid., p.91.

3) Vergelyk paragraaf 4.3.4.

4) Vergelyk tabel 5.3.

prystendens sluit onder andere die volgende in:

- (a) Die ongunstige ekonomiese toestande wat vir die V.S.A. vir 1975 in die vooruitsig gestel word, het tot 'n verswakking in die waarde van die dollar op internasionale valutamarkte gelei.
- (b) 'n Wêreldwye afplatting in rentekoerspatrone het weer eens die aantreklikheid van goud as belegging bevestig. Terselfdertyd dien goud steeds as verskansing teen die internasionale inflasievraagstuk.
- (c) In afwagting op die private goudaankope deur Amerikaners vanaf 1 Januarie 1975 is goudhandelaars besig om hul goudposisies te konsolideer.

5.3.3 Die omvang van goudtransaksies op die internasionale goudmarkte sedert Maart 1968

Soos uit tabel 5.4 blyk, kan 'n ontleding van die omvang van internasionale goudtransaksies slegs by benadering gedoen word. Internasionale goudmarkte publiseer geen amptelike omsetsyfers nie, en dié ontleding word gebaseer op die benaderde ramings wat deur Pick's World Currency Report gepubliseer word. Die doel is om in dié afdeling slegs die goudomsetneiging te ontleed.

Die mees uitstaande kenmerk van die goudomsetneiging, wat in tabel 5.4 weerspieël word, is die korrelasie wat tussen goudomset en internasionale monetêre krisis bestaan. Die totale omvang van goudtransaksies gedurende die laaste 10 maande van 1968 het sowat 250 miljoen onse fyngoud beloop, wat die goudomsette van enige volle jaar sedertdien oortref. Die periodes

TABEL 5.4

BENADERDE INTERNASIONALE GOUDVERKOPE¹⁾
 (uitgedruk in miljoene fynonse)²⁾

MAAND	OMSET	MAAND	OMSET	MAAND	OMSET
3/68	51,974	5/70	8,823	7/72	7,877
4/68	34,526	6/70	7,563	8/72	7,835
5/68	36,823	7/70	6,506	9/72	13,178
6/68	16,463	8/70	8,888	10/72	10,579
7/68	17,760	9/70	9,931	11/72	11,354
8/68	15,375	10/70	12,666	12/72	12,443
9/68	15,679	11/70	12,201		
10/68	17,175	12/70	11,318	1/73	13,962
11/68	20,650			2/73	14,956
12/68	20,996	1/71	10,850	3/73	12,188
		2/71	11,282	4/73	9,060
1/69	12,192	3/71	10,870	5/73	8,441
2/69	7,226	4/71	11,250	6/73	8,704
3/69	6,713	5/71	15,244	7/73	9,051
4/69	5,263	6/71	10,656	8/73	9,330
5/69	6,358	7/71	13,018	9/73	10,891
6/69	7,421	8/71	17,381	10/73	9,343
7/69	8,143	9/71	23,122	11/73	10,294
8/69	7,926	10/71	11,267	12/73	11,037
9/69	7,617	11/71	11,670		
10/69	8,302	12/71	13,023	1/74	10,674
11/69	7,854			2/74	12,844
12/69	6,108	1/72	11,087	3/74	13,832
		2/72	8,574	4/74	13,991
1/70	4,843	3/72	8,161	5/74	15,605
2/70	6,263	4/72	8,225	6/74	18,653
3/70	6,778	5/72	7,795	7/74	19,745
4/70	7,351	6/72	7,923	8/74	18,790

1) Bewerkings is gebaseer op: Pick's World Currency Report: alle uitgawes sedert April 1968.

2) Omset (in terme van fynonse) = Benaderde maandelikse goudomset teen markpryse
Londense goudprys aan einde van dienooreenkomstige maande.

wat die Amerikaanse opskorting van die goudinwisselbaarheid van die dollar op 15 Augustus 1971 en die Smithsoniaanse Ooreenkoms van Desember 1971 voorafgegaan het, is deur hoë goudtransaksieomsette gekenmerk.

Die tweede belangrike afleiding wat uit tabel 5.4 gemaak kan word, is dat, behoudens tye van internasionale monetêre onsekerhede, die stygende goudprystendens gepaardgegaan het met geleidelik toenemende goudtransaksievolumes. Dit dui op die toenemende industriële en artistieke goudvraag wat 'n stabiliserende en positiewe effek op internasionale goudpryse tot gevolg het. Dit wil dus voorkom asof onstabiliteit op internasionale goudmarkte hoofsaaklik die gevolg van internasionale monetêre onsekerhede is. Soos reeds hierbo aangedui, het internasionale monetêre krisisse 'n noue verband met die internasionale monetêre rol van goud geopenbaar.

5.3.4 Samevatting en gevolgtrekkings

Alhoewel 'n indrukwekkende aantal goudmarkte bestaan - Pick's World Currency Report onderskei 46 sodanige markte - word die goudmarkte van Zurich en Londen as die wêreld se belangrikste internasionale goudmarkte beskou. Alhoewel die Londense goudmark sedert 1968 heelwat van sy markaandeel aan die goudmark van Zurich moes afstaan, ding die 2 sentra nie in die ware sin van die woord mee nie. Londen is in beheer van die groothandelsnetwerk, terwyl Zurich hoofsaaklik die kleinhandelsmark bedien.

Die verbod wat in sommige lande (soos Indië en Pakistan) op die in- en uitvoer van goud bestaan, het die weg tot grootskaalse

internasionale goudsmokkelary gebaan. Die belangrikste distri= busiesentra vanwaar dië smokkelary van stapel gestuur word, sluit onder andere Dubai, Beiroet, Vientiane, Macao, Singapoer en Hong Kong in.

Die Londense goudprys is vanaf 1954 (met die heropening van die Londense goudmark) tot en met Maart 1968 nie toegelaat om buite die \$35,35-\$34,65 prysmarge te fluktueer nie. Vanaf 1954 tot aan die einde van 1960 is sodanige prysstabiliteit verseker vanweë die Federale Reserwebank van New York se onderneming om goud vanaf \$35,0875 per fynons te koop aan te bied en vanaf \$34,9125 per fynons aan te koop. 'n Dollarver= trouenskrisis gedurende 1960 het aanleiding gegee tot die stigting van die Londense goudpoel. Die doel van dië goudpoel was om die Londense goudprys binne bogenoemde grense te stabi= liseer.

Verdere internasionale monetêre onsekerhede - wat die monetêre rol van goud en die vertrouensposisie van die V.S.A.-dollar as middelpunt gehad het - het daartoe gelei dat die goudpoel ge= durende Maart 1968 ontbind is en dat die tweeledige goudprys= stelsel op 1 April 1968 ingestel is.

'n Ontleding van die goudprysbewegings op die Londense goudmark en die internasionale goudtransaksievolumes bring aan die lig dat onstabiliteit op internasionale goudmarkte gewoonlik die gevolg van internasionale monetêre krisisse was - met die mis= kenning van die internasionale reserwebate-funksie van goud as die fundamentele oorsaak.

In die volgende hoofstuk word die rol van goud in internasionale monetêre hervorming ontleed en die alternatiewe benaderings ten opsigte van die aangewese internasionale monetêre rol van goud krities beskou.

HOOFSTUK 6

GOUD EN INTERNASIONALE MONETÊRE HERVORMING

6.1 INLEIDING

Die merk wat die dalende reële monetêre goudprys op die internasionale monetêre stelsel gelaat het, het reeds op ondubbelsinnige wyse in die vorige hoofstukke na vore gekom. Die toenemende internasionale monetêre krisis, soos in die hoë nie-amptelike goudpryse weerspieël, kan deels aan die relatiewe afname in die rol van goud as internasionale betaalmiddel toegeskryf word.

Geen internasionale monetêre hervormingspoging kan dus suksesvol deurgevoer word nie, tensy 'n ooreenkoms ten opsigte van die toekomstige monetêre rol van goud bereik kan word. Dit is dan die doel met hierdie hoofstuk om die rol van goud in die internasionale monetêre hervormingspoging te ontleed.

Eerstens word die huidige internasionale monetêre hervormingsstrategie ontleed. Benewens 'n analise van die behoefte aan internasionale monetêre hervorming word die struikelblokke in die weg van hervorming ook beskryf. Verder word die rol van goud in alternatiewe hervormingsriglyne uitgestippel, waarna die aktiwiteite van die Komitee van 20 ontleed word.

Daarná word die rol van goud in die belangrikste internasionale monetêre hervormingsvoorstelle uitgestippel. Op grond van die terrein van hierdie studie word op die rol van goud in alternatiewe hervormingsplanne gekonsentreer. Dit is dus moontlik dat sekere hervormingsvoorstelle - dié wat die internasionale

goudprobleem buite beskouing laat - glad nie ter sprake sal kom nie. Ná 'n kritiese analise van die belangrikste hervormingsplanne word 'n eie interimoplossing aan die hand gedoen.

6.2 DIE HUIDIGE INTERNASIONALE MONETÊRE HERVORMINGSTRATEGIE

6.2.1 Die behoefte aan internasionale monetêre hervorming

Die swakhede van die Bretton Woods-stelsel¹⁾ is deur bekende ekonome soos Fritz Machlup, Robert Triffin en Per Jacobsson in drie verskillende kategorieë geklassifiseer:²⁾

- A. Betalingsbalansprobleme van individuele lande, as gevolg van
 - (a) oormatige tekorte of onvoldoende surplusse op lopende rekening; en
 - (b) omvangryke internasionale spekulatiewe kapitaalsvloei.
- B. Onvoldoende groei in internasionale monetêre reserwes, relatief tot
 - (a) die vraag na binnelandse likiditeit of die "wenslike" aanbod van binnelandse geld; en
 - (b) die groei in internasionale handel.
- C. Die gevare wat die broosheid van die goudwisselstandaard inhou, ten opsigte van
 - (a) sleutelvalutalande; en
 - (b) lande wat groot valuta-reserwes akkumuleer.

-
- 1) Dié swakhede is in paragraaf 4.2.7 breedvoerig bespreek en word hier slegs kortliks herhaal.
 - 2) Machlup. Plans for reform of the international monetary system, p.5.

Gerhard de Kock¹⁾ waarsku dat die behoefte aan [internasionale monetêre hervorming in die regte perspektief gesien moet word. Sy benadering tot internasionale monetêre hervorming kom duidelik in die volgende vraag na vore: "What exactly is it that must be reformed? The Bretton Woods system as such, or the way in which it came to be operated?"²⁾ Ten einde die behoefte aan monetêre hervorming korrek te kan ontleed, onderskei De Kock tussen 3 nouverwante aangeleenthede, nl.

- (a) die Bretton Woods-stelsel soos dit veronderstel was om te funksioneer - en trouens vir 'n bepaalde periode gefunksioneer het;
- (b) die de facto-dollarstandaard wat uit die Bretton Woods-stelsel ontwikkel en gedurende resente tye gefunksioneer het; en
- (c) die voorgestelde monetêre stelsel wat die Komitee van 20 poog om te ontwerp.

Bogenoemde onderskeid is veral ten opsigte van analitiese doeleindes van belang en misverstande kan ook voorkom word. De Kock lig bogenoemde soos volg toe: "For example, somebody might say that there is a great need to reform the system, because the system is very inflationary - actually he is then probably thinking of the de facto dollar standard, rather than the Bretton Woods system as it was supposed to operate".³⁾

1) De Kock. The shape of international monetary reconstruction. (In Institute of Directors. International monetary reconstruction, p.29).

2) Loc. cit.

3) Loc. cit.

Ossola¹⁾ is van mening dat beide die Bretton Woods- en die dollarstelsel hervorm behoort te word. Gerhard de Kock ondersteun die standpunt dat internasionale monetêre hervorming noodsaaklik is - hervorming van die de facto-dollarstandaard.²⁾ Alhoewel enkelinge wel die behoefte aan internasionale monetêre hervorming bevraagteken (byvoorbeeld Sir Roy Harrod),³⁾ bestaan daar 'n wêreldwye besef dat monetêre hervorming, in die een of ander vorm, uiters noodsaaklik en dwingend is. Die dringende behoefte aan internasionale monetêre hervorming word in wêreldwye samesprekings, simposia, studiegroepe en die I.M.F. se Komitee van 20 (met monetêre hervorming as opdrag) weerspieël.

6.2.2 Die Komitee van 20⁴⁾

Die Komitee van 20⁵⁾ is binne die raamwerk van die I.M.F. saamgestel, ingevolge 'n resoluëie wat gedurende Julie 1972 per posstemming deur die Raad van Goewerneurs aangeneem is. Die Komitee van 20, wat uit Ministers van Finansies en Goewerneurs van Sentrale banke bestaan, het ten doel gehad⁶⁾

-
- 1) Ossola. The shape of international monetary reconstruction (In Institute of Directors, op. cit., p.6-7).
 - 2) De Kock, loc. cit.
 - 3) Loc. cit.
 - 4) Anon. Sixth Meeting to end Committee of 20's phase of reform. I.M.F. Survey, 3 Junie 1974, p.161, 170-1.
 - 5) Die Komitee van 20 se amptelike benaming is "Die Komitee met betrekking tot die hervorming van die internasionale monetêre stelsel en aanverwante sake".
 - 6) I.M.F. Summary Proceedings Annual Meeting 1972, Resolutions, p.355.

- (a) om die Raad van Goewerneurs (van die I.M.F.) te adviseer en in te lig oor alle aspekte van die hervorming van die internasionale monetêre stelsel, met insluiting van amendement-voorstelle rakende die I.M.F.-statute; en
- (b) om, ten einde (a) uit te voer, kennis te neem van "... the interrelation between these matters and existing or prospective arrangements among countries, including those that involve international trade, the flow of capital, investment, or development assistance, that could affect attainment of the purposes of the Fund under the present or amended Articles".¹⁾

Ten einde die Komitee van 20 in hul moeilike taak by te staan, is ook 'n Komitee van Adjunte aangestel om die opdragte van die Komitee van 20 voor te berei. Met genoemde twee komitees is beoog om kleiner en ontwikkelende lande ook die geleentheid te bied om saam te werk aan 'n oplossing vir die internasionale monetêre probleme.

Die Komitee van 20 het onder voorsitterskap van Ali Wardhana (die Minister van Finansies van Indonesië) by ses²⁾ verskillende geleenthede vergader, te wete: 28 September 1972 (te Washington); 26-27 Maart 1973 (te Washington); 30-31 Julie 1973 (te Washington); 23 September 1973 (te Nairobi); 17-18 Januarie 1974 (te Rome); en 12-13 Junie 1974 (te Washington). Bogenoemde vergaderings van die Komitee van 20 is telkens

1) Loc. cit.

2) Anon. Sixth Meeting to end Committee of 20's phase of reform. I.M.F. Survey, 3 Junie 1974, p.170-1.

voorafgegaan deur voorbereidingsvergaderings van die Komitee van Adjunkte.¹⁾

Die goeie vordering wat gedurende 1972 en 1973 met die monetêre hervormingspoging gemaak is, het aanleiding gegee tot die voorbereiding van die "Eerste Riglyne vir Hervorming" deur die Komitee van Adjunkte, tydens 'n vergadering vanaf 5 tot 7 September 1973 te Parys. Verder is besluit dat alle geskilderte punte ten opsigte van hervorming teen 31 Julie 1974 opgelos moes wees.

Die stygende internasionale oliepryse en besnoeiing van olieproduksie deur die Arabiese olieproduserende lande aan die einde van 1973 en begin van 1974, asook die hoë koers van inflasie in die meeste lande, het daartoe gelei dat die Komitee van 20 tydens hul vergadering van 17-18 Januarie 1974 (te Rome) besluit het dat internasionale monetêre hervorming 'n "nuwe" rigting moes inslaan. Die "nuwe" rigting "... would imply a more evolutionary process of reform over a number of years, rather than a total agreement during the two-year period envisioned when the Committee of 20 began its work in September 1972".²⁾

In 'n kommunike wat na afloop van die vergadering gedurende Januarie 1974 deur die Komitee van 20 uitgereik is, is beklemtoon dat prioriteit by internasionale monetêre hervorming

1) Benewens die beplanningsvergadering van 29 September 1972 het die Komitee van Adjunkte, onder voorsitterskap van C.J. Morse van die Verenigde Koninkryk, by 11 verdere geleenthede vergader om die werksopdragte van die Komitee van 20 voor te berei.

2) Ibid., p.171.

verleen behoort te word aan sekere aangeleenthede wat die belange van beide die ontwikkelde en die ontwikkelende lande¹⁾ raak. Ander aspekte van hervorming sal dan met verloop van tyd geïmplementeer word.

Na afloop van die sesde en finale vergadering van die Komitee van 20, gedurende Junie 1974 te Washington, is 'n plan van onmiddellike aksie uitgereik²⁾ en 'n finale verslag met betrekking tot "Riglyne vir Hervorming"³⁾ aan die Goewerneurs van die I.M.F. voorgelê.

6.2.3 Struikelblokke in die weg van internasionale monetêre hervorming

Monetêre hervorming is nie 'n doelwit op sigself nie. Die finale doeleindes bly steeds: die uitbreiding van internasionale handel, die bereiking van hoë peile van indiensname, reële inkome en ekonomiese ontwikkeling. Walter E. Hoadley⁴⁾ beweer dat dit belangrik is vir die bereiking van genoemde doeleindes dat

- (a) daaglik daadwerklik op internasionale vlak saamgewerk moet word om sodoende wêreldhandel kragtig te hou ten einde enige wêreldwye resessies, handelsoorloë of konfrontasies tussen die belangrikste ekonomiese lande of blokke te voorkom; en

-
- 1) Die belange van die ontwikkelende lande by die internasionale monetêre hervormingspoging deur die Komitee van 20 word deur die Groep van 24 behartig.
 - 2) Die plan van onmiddellike aksie word in paragraaf 6.2.5 bespreek.
 - 3) Die "Riglyne vir Hervorming" word in paragraaf 6.2.4 bespreek.
 - 4) Hoadley. What expectations of monetary reform? Euromoney, Oktober 1973, p.33.

- (b) "to work relentlessly step by step toward a reformed international monetary system which will not only provide an enduring basis for strong world-wide economic growth and social progress, but be flexible enough to accommodate the inevitable future changes in the world's financial and political environment which we all know must occur".

Die weg na 'n hervormde internasionale monetêre stelsel word dus versper deur die komplekse en uitdagende struikelblokke van internasionale finansiële, handels-, krediet- en aanverwante probleme. Alhoewel 'n groot mate van vasberadenheid en samewerking onder die verantwoordelike leiers van sommige lande daartoe bydra dat bemoedigende vordering gemaak word, bestaan daar nogtans heelwat meningsverskille en struikelblokke wat die weg na die verlangde internasionale monetêre hervorming versper. Die ses huidige belangrikste aangeleenthede waarvoor internasionale meningsverskil bestaan, sluit in: die aanwyser wat die behoefte aan wisselkoersaanpassings moet aandui; die strafmaatreëls wat op lande met groot en volgehoue betalingsbalansonewewigtighede van toepassing behoort te wees; inwisselbaarheid; die waardasie van S.T.R.'e; die monetêre rol van goud; en die verband tussen die skepping van monetêre reserwes en buitelandse hulp.¹⁾

(a) Reserweaanwyser

Die meningsverskil aangaande die indikator wat die behoefte aan wisselkoersaanpassings moet aandui, het in

1) Mendelsohn. The sticking points of reform. Euromoney, Oktober 1973, p.44.

die sogenaamde "outomatiese reserweaanwyser"- versus "waardebepaling"-kontroverse uitgekristalliseer.¹⁾

Die V.S.A. is die belangrikste voorstaander van die outomatiese reserweaanwyerskool en gaan uit van die standpunt dat "... this system would provide greater certainty of corrective action and that there would be a consistency between the adjustment behaviour of individual countries and the internationally agreed rate of change in global reserves".²⁾

Die meeste lande is egter voorstaanders van die waardebepalingskool. Die voorstaanders van dié metode beweer dat wisselkoersaanpassings beslis rekening behoort te hou met die betalingsbalanssituasies van die betrokke lande. Die vorm wat die "waardebepaling" behoort aan te neem, word deur R. Ossola³⁾ soos volg beskryf: "Such assessments would reply on disproportionate reserve movements from a predetermined reserve base, on movements of the basic balance, and on forecasts of developments in the balance of payments". Slegs sodanige waardebepalings kan daartoe aanleiding gee dat lande deur die I.M.F. versoek word om korrektiewe maatreëls te tref. In gevalle waar lande onwillig voorkom, kan die nodige finansiële druk uitgeoefen word.

1) "Outomatiese reserweaanwyers" hou in dat wisselkoersaanpassings outomaties plaasvind indien 'n land se monetêre reserwes 'n sekere peil bereik. "Waardebepaling" daarenteen, is minder outomaties van aard en in dié geval word, benewens die peil van nasionale monetêre reserwes, ook die betrokke land se betalingsbalansposisie in aanmerking geneem.

2) Loc. cit.

3) Ossola, op. cit., p.6.

Die ware geskil sentreer derhalwe om die "outomatiese" aard, al dan nie, van wisselkoersaanpassings. Die Amerikaanse siening hou bykans outomatiese wisselkoersaanpassings (sodra die reserweaanwyser die teken gee) in; die meeste ander lande, daarenteen, verkies dat reserweaanwysers deur waardebepalings aangevul behoort te word.

(b) Strafmaatreëls

Die wenslikheid al dan nie van sanksies teen lande wat in gebreke bly om die nodige wisselkoersaanpassing te maak en die indikators wat tot die toepassing van sodanige sanksies aanleiding behoort te gee, is 'n verdere bron van meningsverskil.

Na analogie van bogenoemde kontroverse ((a) hierbo) bestaan daar meningsverskil of strafmaatreëls outomaties (outomatiese reserweaanwysers), of semi-outomaties (waardebepalend) toegepas behoort te word.

Voorstelle van sanksies om die natuurlike "strafmaatreëls"¹⁾ aan te vul sluit die volgende in:²⁾

- (i) die toepassing van negatiewe rentekoerse op monetêre reserwes;
- (ii) die bekendmaking van lande wat "oortree"; en
- (iii) beperkings op internasionale handels- en ander lopende transaksies.

1) Natuurlike "strafmaatreëls" hou in dat surpluslande deur buitelandse kapitaal oorstroom word, terwyl tekortlande 'n toevloei van invoere ondervind.

2) Mendelsohn, op. cit., p.47.

(c) Inwisselbaarheid

Die Amerikaanse opskorting op 15 Augustus 1971 van die inwisselbaarheid van die dollar in goud en ander reserwebates het verreikende gevolge gehad. Trouens, dié stap het die Bretton Woods-stelsel een van sy belangrikste hoekstene ontnem.

Voortvloeiend uit die opskorting van die inwisselbaarheid van die V.S.A.-dollar het twee bykans onversoenbare denkrigtings ontwikkel, wat die waarskynlikheid van internasionale monetêre hervorming enigsins benadeel, nl.

(i) Pro-batevereffening:

'n Groep lande is voorstanders van die beginsel dat sleutelvalutalande hul betalingsbalanstekorte voortaan ten volle met reserwebates behoort te ver-effen. Dié skool voer verder aan dat een of ander beperking op die onbeperkte akkumulasie van sleutelvalutas deur 'n spesifieke land, geplaas behoort te word. Die Komitee van Adjunkte¹⁾ het tot die slotsom geraak dat sleutelvalutalande se reserwebates teen die ooraanbod van sleutelvalutabalanse beskerm behoort te word deur òf 'n substansiële konsolidasie van so-danige sleutelvalutabalanse, òf 'n kontinue substitusiefasiliteit wat deur die I.M.F. verskaf word.

Die dissipline wat batevereffening op sleutelvalutalande sal afdwing, kan voorkom dat die gebeure van 15 Augustus 1971 herhaal word.

(ii) Semi-batevereffening:

Die V.S.A. (met die ondersteuning van 'n paar on-

1) Ibid., p.44-7.

geïdentifiseerde lande) is voorstaanders van die beginsel dat slegs reserwebatevereffening van sleutelvalutalande vereis kan word in soverre ander lande dit verkies. In teenstelling met die beginsel van multilaterale inwisselbaarheid wat deur die probatevereffeningskool voorgestaan word, is hier slegs van bilaterale vereffening (op aanvraag) sprake.¹⁾

Om te voorkom dat 'n disproporsionele gedeelte van primêre reserwebates na lande met volgehoue betalingsbalanssurplusse geïkanaliseer word, het die V.S.A. voorgestel dat "... the right to request conversion should be automatically suspended for any country whose primary reserves rise above a predetermined 'convertibility point'".²⁾

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die ondersteuners van die onderskeie standpunte hul motivering op historiese grondslag fundeer. Terwyl die V.S.A. beoog om die toekomstige posisie van die dollar te versterk, is die meeste ander lande voorstaanders van voorstelle wat beoog om die risiko's verbonde aan die besit van groot sleutelvalutareserwes te verlaag.

(d) Die waardasie van Spesiale Trekkingsregte (S.T.R.'e)

Tydens die vergaderings van die Komitee van 20 en Komitee van Adjunkte het bykans alle deelnemers saamgestem dat "the SDR will become the principle reserve asset and the role of gold and reserve currencies will be reduced. The SDR will also be the numeraire in terms of which par values will be

1) De Kock, op. cit., p.31.

2) Mendelsohn, op. cit., p.47.

expressed".¹⁾ Daarbenewens is redelik algemeen saamgestem dat die opbrengs op S.T.R.'e aantreklik genoeg behoort te wees om die vrywillige besit van S.T.R.'e te verseker, maar nie só aantreklik dat tekortlande onwillig sou wees om betalingsbalanstekorte met behulp van S.T.R.'e te vereffen nie.

Ten opsigte van die waardasie van S.T.R.'e bestaan daar egter heelwat meningsverskil. Drie verwante denkrigtings²⁾ het in dié verband uitgekristalliseer, te wete:

- (i) 'n Meerderheid van lande stel voor dat die waarde van die S.T.R. aan die gemiddeld van 'n groep valutas gekoppel behoort te word en dat 'n markgebonde rentekoers op S.T.R.-houdings betaalbaar moet wees. Dié groep beweer dat só 'n waardasie 'n voorspelbare waarde aan die S.T.R. behoort te verleen en dat dit die billikste behandeling van S.T.R.-eienaars en -verbruikers sal verteenwoordig.
- (ii) 'n Ander groep lande ('n kleiner aantal as dié onder (i) hierbo) is ten gunste daarvan dat die S.T.R. aan 'n groep "sterk" geldeenhede gekoppel word en "... partly offsetting this by giving the SDR a lower than average return".³⁾ Die doel van dié standpunt is volgens Mendelsohn⁴⁾ "... to give SDR a rising effective yield over time to help enthrone it as the centre of the system and to prevent destabilizing periodic switches out of SDR into currencies expected to appreciate".

1) I.M.F. A draft outline of monetary reform. Euromoney, Oktober 1973, p.53.

2) Mendelsohn, loc. cit.

3) Loc. cit.

4) Loc. cit.

- (iii) 'n Minderheidsgroep huldig die standpunt dat die waardasie van die S.T.R. deur die balans van valuta=depresiasies en -appresiasies bepaal word sonder dat dit aan enige groep geldeenhede gekoppel is; en dat 'n lae rentekoers aan die S.T.R. verbonde behoort te wees.

Die program van onmiddellike aksie¹⁾ wat deur die Komitee van 20 gedurende Junie 1974 opgestel is, verleen beslis voorkeur aan voorstel (ii) hierbo. Die Uitvoerende Direkteure van die I.M.F. het 'n besluit²⁾ geneem in gevolge waarvan die waarde van die S.T.R. vanaf 1 Julie 1974 voorlopig³⁾ op grond van 'n standaardmandjiestelsel bepaal word. Daarbenewens is besluit dat 'n rentekoers van 5 persent per jaar op S.T.R.'e van toepassing gemaak word.

(e) Die monetêre rol van goud

Ten einde die divergerende sienswyses ten opsigte van die toekomstige monetêre rol van goud beter te begryp, is dit eers nodig om die twee belangrikste funksies van goud duidelik te onderskei, naamlik:

- (i) goud as rekeneenheid, in terme waarvan die parivaardes van geldeenhede uitgedruk, S.T.R.'e gedefinieer⁴⁾ en die waarde van die I.M.F. se bates gehandhaaf word; en

- (ii) goud as reserwebate.

1) Vergelyk paragraaf 6.2.5.

2) Vergelyk paragraaf 4.2.6.

3) Tot tyd en wyl die statute van die I.M.F. gewysig word.

4) Tot en met 30 Junie 1974.

Die poging om goud as internasionale rekeneenheid met die S.T.R. te vervang, het geen praktiese betekenis gehad nie "... as long as there still remained a fixed link between gold and SDR's".¹⁾ Die huidige praktyk om die S.T.R. in terme van 'n standaardmandjiestelsel te waardeer, is juis 'n poging om die S.T.R. as die internasionale rekeneenheid te vestig. Dié poging sal egter vrugteloos wees indien die praktyk om die pariwaardes van geldeenhede in terme van goud vas te stel, gehandhaaf word, aangesien 'n indirekte skakel tussen goud en S.T.R.'e steeds van toepassing sou wees.

Die wyd uiteenlopende sienswyses wat ten opsigte van die toekomstige reserwebatefunksie wat goud behoort te vervul, gehuldig word, vorm 'n ernstige struikelblok in die weg van internasionale monetêre hervorming. Alhoewel min mense met Gerhard de Kock²⁾ sal verskil dat "... any successful reform of the monetary system will have to take into account the position of gold ...", bestaan daar wel divergerende standpunte ten opsigte van die spesifieke rol wat goud in sodanige hervormde internasionale monetêre stelsel behoort te vervul. Twee standpunte word met betrekking tot laasgenoemde gehuldig:

- (i) Sommige lande huldig die standpunt dat die monetêre rol van goud geleidelik verminder behoort te word en dat die offisiële goudreserwes deur verkope op die private goudmarkte gedemonetiseer behoort te word. Dié lande is gekant teen enige verhoging in die amptelike goudprys.

1) De Jongh. International monetary developments - with special reference to the role of gold, p.5.

2) De Kock, op. cit., p.32.

- (ii) Ander lande, daarenteen, verkies dat die sentrale rol van goud in die internasionale monetêre stelsel gehandhaaf word. Dié groep¹⁾ baseer hul oortuigings op die tradisie, universele gebruik, beperkte produksie en fisiese eienskappe van goud. Verder voer dié skool aan dat goud die enigste internasionale bate is wat in die besit van monetêre owerhede nie eise op ander monetêre owerhede verteenwoordig nie; daarbenewens is goud die enigste instrument van monetêre reserwes wat aan volledige nasionale beheer onderwerp kan word. Dié lande is wel ten gunste van 'n verhoging in die amptelike goudprys.

Vyf alternatiewe benaderings oor die toekomstige rol van goud in die hervormde monetêre stelsel het in resente tye na vore getree,²⁾ te wete:

- (i) Die voorstel dat dit monetêre owerhede (met insluiting van die I.M.F.) vry behoort te staan om goud op die internasionale goudmarkte te verkoop (en nie koop nie). Monetêre owerhede se onderlinge transaksies sal teen die offisiële goudprys plaasvind en geen verhoging in dié prys word voorgestaan nie.
- (ii) Die amptelike goudprys word opgeskort en dit staan monetêre outoriteite (wat die I.M.F. insluit) vry om onderlinge goudtransaksies op vrywillige basis en teen wedersyds aanvaarbare pryse te sluit; daarbenewens word voorgestaan dat amptelike goud op die internasionale goudmarkte verkoop kan word.

1) De Jongh, loc. cit.

2) Anon. Outline of Reform. I.M.F. Survey, 17 Junie 1974, p.196; en De Kock, loc. cit.

- (iii) 'n Derde benadering stem in alle opsigte met voorstel (ii) hierbo ooreen behalwe dat voorgestel word dat monetêre outoriteite gemagtig word om goud ook op die internasionale goudmarkte aan te koop.
- (iv) Die jongste benadering hou in dat ooreenkomste gesluit word in gevolge waarvan die I.M.F. gemagtig word om goud van monetêre owerhede met S.T.R.'e aan te koop "... at a price between the market and the official price ..." ¹⁾ Verder word voorgestel dat die I.M.F. gemagtig word om dié goud geleidelik op die internasionale goudmarkte van die hand te sit.
- (v) Die voorstel deur lande soos Suid-Afrika en Frankryk dat die amptelike goudprys eenmalig substansieel verhoog word.

Die voorstaanders van die demonetisasie van goud, soos veral die V.S.A., kan benaderings (i), (ii) en (iv) in hul monetêre strategie inpas, terwyl benaderings (iii) en (v) beslis binne die kader van die pro-goudskool behoort te val.

(f) Die skepping van monetêre reserwes en buitelandse hulp ²⁾

Twee kontrasterende standpunte met betrekking tot die skakel tussen die skepping van monetêre reserwes en buitelandse hulp, word gehuldig, nl.:

- (i) Sommige lande voer aan dat die skepping van monetêre reserwes en finansiële hulp aan ontwikkelende

1) Anon. Outline of Reform. I.M.F. Survey, 17 Junie 1974, p.196.

2) Mendelsohn, loc. cit.

lande as twee aparte aangeleenthede beskou behoort te word; en

- (11) 'n groot aantal lande is ten gunste van 'n definitiewe skakel tussen die skepping van monetêre reserwes en finansiële hulp.

Benewens die meningsverskille wat ten opsigte van die bogenoemde ses aangeleenthede geld, word die weg na internasionale monetêre hervorming verder deur drie belangrike kontemporêre internasionale struikelblokke versper, te wete: die wêreldwye hoë inflasiekoers, die Amerikaanse hervormingstrategie en die internasionale oliekrisis.

(g) Inflasie

Sedert September 1973 is daar in 'n toenemende mate besef dat die hoë inflasiekoerse wat in die meeste lande ondervind word enige vroeë algemene herinstelling van die pariwaardestelsel baie onwaarskynlik maak, sodat internasionale monetêre hervorming eerder langs die weg van evolusie gevind behoort te word.¹⁾

Voortvloeiend uit die wêreldwye inflasieprobleem het die Amerikaanse sienswyse ontwikkel wat inhou dat "... monetary reform can now wait until the United States is in a position of equilibrium or surplus ..."²⁾

Die wêreldwye oplewing in kommoditeitspryse het³⁾

-
- 1) Anon. Sixth Meeting to end Committee of 20's Phase of Reform. I.M.F. Survey, 3 Junie 1974, p.171.
 - 2) Anon. Monetary reform I : US postpones reform pending surplus. International Currency Review, 5(5):34, September/Okttober 1973.
 - 3) Ibid., p.35.

- (i) tot gevolg dat alle primêre produserende lande (met die insluiting van Amerika, die Arabiese State, Australië en sekere Arabiese, Asiatiese en Latyns-Amerikaanse lande wat voorheen dalende inkomes ondervind het) verryk is; en
- (ii) met 'n ongekende opswaai in die industriële produksie van die wêreld saameval.

Dié kommoditeitsoplewing word aangevuur deur 'n stygende vraag in industriële lande, deur 'n ommekeer in voorraadposisies en deur 'n omskakeling van monetêre bates in "hardeware". Solank as wat die inflasiesituasie (wat inflasionêre verwagtings as grondoorsaak het) voortduur, is dit duidelik dat "... all countries stand a chance of ending up in surplus at some time (though not all at once, of course)".¹⁾ Derhalwe is alle lande bereid om internasionale hervormingsonderhandelings aan te gaan, alhoewel die behoefte aan monetêre hervorming meer dwingend is ten tye van groot betalingsbalanstekorte.

Aangesien die posisie van die dollar in die brandpunt van die internasionale monetêre hervormingsvraagstuk staan, is dit uit 'n strategiese oogpunt (veral met die oog op 'n meer positiewe bedingingsposisie) vir die V.S.A. belangrik om monetêre hervorming te vertraag tot tyd en wyl die Amerikaanse betalingsbalansposisie noemenswaardig verbeter het.

(h) Die internasionale oliekrisis

Na afloop van die vierde vergadering van die Komitee van 20 gedurende September 1973 te Nairobi, is aangekondig dat alle

1) Loc. cit.

uitstaande hervormingsgeskilpunte teen die einde van Julie 1974 opgelos sou wees en dat internasionale monetêre hervorming binne die raamwerk van die "Eerste Riglyne vir Hervorming"¹⁾ sou ontplooi. Die monetêre resultate van die internasionale olie= krisis wat aan die einde van 1973 ontwikkel het, het laasge= noemde hervormingsplanne egter in die war gestuur. Aschinger,²⁾ 'n Switserse ekonoom, het gedurende Junie 1974 die effek van die olie krisis op internasionale monetêre hervorming soos volg saamgevat: "Many basic factors therefore changed and this is why it is no longer possible at present to think of a reform which was planned as recently as six months ago". Dit kan dus aangevoer word dat die internasionale olie krisis heelwat met die gewysigde hervormingstrategie te make het.

Die belangrikste monetêre konsekwensies van die olie krisis kan soos volg saamgevat word:³⁾

- (i) Die verviervoudiging in die prys van minerale olie gedurende die laaste drie maande van 1973 het 'n fundamentele verandering in die internasionale betalingsbalanssituasie tot gevolg gehad. Volgens offisiële ramings behoort die resulterende toename in die valutaverdienste van die olieproduserende lande sowat \$50 miljard per jaar te beloop. Aangesien die invoere van olieproduserende lande slegs fraksioneel in verhouding met hul uitvoere behoort toe te neem, sal dié lande vanaf 1974 groot surplusse

-
- 1) Die "Eerste Riglyne vir Hervorming" is deur die Komitee van Adjunkte vir die vergadering van die Komitee van 20 gedurende September 1973, voorberei.
 - 2) Aschinger. Monetary reform after the oil crisis. Euromoney, Junie 1974, p.4.
 - 3) Ibid., p.4-5.

op hul lopende rekenings akkumuleer.¹⁾

Dié verskuiwing in die internasionale betalingsbalanssituasie het die voorwaardes vir internasionale monetêre hervorming wat gedurende 1972 en 1973 beplan is, gewysig. Aschinger lig hierdie aangeleentheid soos volg toe: "While the traditional monetary system was founded on the basic rule that a disturbed balance of payments must be rectified by correcting the current account, such a rule had to be abandoned, at least in its application to the oil countries, on account of the oil crisis".²⁾ Die geïndustrialiseerde olie-invoerlande van die Weste moet dus die onafwendbare tekorte in hul lopende rekenings, vis-à-vis die olieproduserende lande, vir nog heelwat jare aanvaar.

Aanpassingsmaatreëls wat in die verlede as onvolgende en riskant beskou is, sal noodgedwonge toegepas moet word indien aanpassings ten opsigte van die olieproduserende lande dit sou vereis. Dit is daarom nie vreemd nie dat Aschinger³⁾ tot die gevolgtrekking kom dat "the attempt, as contained in the reform plans, at creating an improved symmetrical system of adjustment with objective indicators and a more influential International Monetary Fund is to be considered as having been merely postponed".

1) Dié surplusse kan \$50 miljard gedurende 1974 oortref. Daar teenoor het die betalingsbalanstekorte (basiese balans) van die V.S.A. in die verlede sowat \$10 miljard per jaar (in die swakste omstandighede) beloop en is die totale valutareserwes van die olie-invoerlande slegs sowat \$150 miljard groot.

2) Ibid., p.4.

3) Ibid., p.5.

- (ii) Beide die vorige wisselkoersstelsel en die voorgestelde hervormde stelsel is op die beginsel van vaste pariteite (wat aanpasbaar is indien nodig) gebaseer. Aschinger¹⁾ beweer dat daar nie van 'n herinstelling van 'n stelsel van vaste wisselkoerse sprake kan wees solank as wat die huidige staat van betalingsbalansonewewigtigheid met die olieproduserende lande voortduur nie. Indien vaste wisselkoerse aan die einde van 1973 aan die orde van die dag was, sou die oliekrisis massiewe internasionale kapitaalbewegings tot gevolg gehad het wat baie geldeenhede aan groot druk sou onderwerp het.

Aschinger kom tot die gevolgtrekking dat die huidige praktyk van vry-fluktuierende wisselkoerse nog vir 'n geruime tydperk as noodmaatreël nog gehandhaaf behoort te word. Hy motiveer sy standpunt soos volg: "... For the next few, critical years, ..., when many countries must face huge deficits in their current account with the oil countries and when considerable uncertainty has to be expected on the extent to which 'recycling' of the oil billions will take place in the different oil-importing countries, a return to a system of fixed rates of exchange, ..., is hardly conceivable".²⁾ Dit is derhalwe duidelik dat alle hervormingsvoorstelle wat met die stelsel van vaste (maar aanpasbare) wisselkoerse verband hou, noodgedwonge op die langebaan geskuif moet word.

1) Loc. cit.

2) Loc. cit.

- (iii) Die aanvanklike kritieke hervormingsprobleem van groot Amerikaanse betalingsbalanstekorte is deur die internasionale oliekrisis van voorkoms verander - die V.S.A. is relatief minder kwesbaar onder die druk van die oliekrisis. Die aanvanklike, bykans eenparige, afkeer aan die reserwevalutastelsel is onder druk van die oliekrisis effens gewysig. Aschinger voer aan dat "the strengthening of the dollar which has taken place in the meantime and the high dollar requirements caused by the oil crisis seem to have almost relegated the reserve currency system to oblivion".¹⁾

Die sogenaamde "dollar overhang", wat aanvanklik as een van die belangrikste aangeleenthede op die hervormingsagenda verskyn het, het dus, as gevolg van die oliekrisis, van die toneel verdwyn.

Dit is teen bogenoemde agtergrond dat die vraagstuk van die aktivering van die offisiële goudreserwes deur middel van 'n verhoging in die amptelike goudprys, 'n uiters belangrike stadium betree het. Die moontlikheid om die "bevriesde" offisiële goudreserwes op dié wyse te mobiliseer, is deur die ministers van finansies van die E.E.G. bespreek, maar die realisering van sodanige voorstel sal steeds van die goedkeuring van die V.S.A. afhanklik wees. Die Amerikaanse teenkanting teen só 'n stap was in die verlede sterk dogmaties gefundeer.

Die besluit deur die finansministers van die Groep van 10 gedurende Junie 1974, om monetêre goudreserwes voortaan teen markgeoriënteerde pryse as kollateraal vir buitelandse lenings

1) Loc. cit.

aan te bied, is die eerste positiewe stap om die offisiële goudreserwes vir gebruik in internasionale vereffening te mobiliseer.¹⁾

Samevattend kan dit dus gestel word dat die internasionale oliekrisis tot gevolg gehad het dat sekere van die hervormings= voorstelle wat in die "Eerste Riglyne vir Hervorming" vervat is, noodgedwonge op die langebaan geskuif moes word. Die bedreiging wat inflasie vir die internasionale monetêre hervormingspoging inhou, is nogtans heelwat ernstiger as die problematiek wat uit die oliekrisis voortgespruit het.²⁾ Aschinger³⁾ raak tot die volgende logiese slotsom: "The path leading to a sound monetary system is long and, on account of the oil crisis, has become even stonier and more arduous".

6.2.4 Alternatiewe voorgestelde hervormingsriglyne en goud

6.2.4.1 Die Sienaformule⁴⁾

Na afloop van 'n vergadering van die Sienagroep⁵⁾ gedurende die najaar van 1973 is 'n verklaring uitgereik wat onder andere

1) Vergelyk paragraaf 4.3.4.

2) Aschinger, op. cit., p.6.

3) Loc. cit.

4) Sienagroep. Monetary reform 2: The Siena formula. International Currency Review, 5(5):36-7, September/Oktober 1973.

5) Die Sienagroep word gesamentlik deur die "International Centre for Monetary and Banking Studies" van Geneva en die "Monte dei Paschi di Siena" geborg.

aangeleenthede waaroor deelnemers¹⁾ ooreenstemming bereik het, ingesluit het. Die verklaring van die Sienagroep het onder andere die volgende ingesluit:

- (a) Die probleemareas van internasionale monetêre hervorming sentreer om vier aangeleenthede, nl.
 - (i) wat die media vir die vereffening van internasionale wanbalanse behoort te wees;
 - (ii) wat die aanpassingsmeganisme in die geval van volgehoue onewewigtigheid behoort te wees;
 - (iii) watter internasionale stelsel tot die laagste inflasiekoers sal lei en die laagste graad van onsekerheid sal inhou; en
 - (iv) watter maatreëls getref behoort te word om die interimperiode te oorbrug.
- (b) Die daarstelling van 'n permanente en ordelike monetêre stelsel sal afhang van die mate van aanvaarding van dieselfde basiese beginsels deur die onderskeie lande, vanselfsprekend met verskil in standpunte.²⁾
- (c) Omdat die vaste pariteitstelsel nie as doelwit op die kort termyn bereikbaar is nie, behoort daar in die oorgangstydperk van koöperatiewe wisselkoersverwantskappe

1) Die deelnemers aan die byeenkoms te Siena was die volgende: E.A. Birnbaum, Louis Camu, Giorgio Cigliana, R. Cooper, Marcello de Cecco, J. Denizet, A. Ferrari, Gottfried Haberler, Sir Roy Harrod, M.W. Holtrop, P. Keller, Peter Kenen, N. Krul, Robert A. Mundell, P. Pagliazzi, R. Raw, T.M. Rybczynsk, Alexander Swoboda, Robert Triffin en Xenophon Zolotas.

2) Ibid., p.36.

gebruik gemaak te word, indien die vaste pariteitstelsel as finale doelwit beskou kan word.

- (d) Groot klem word gelê op "... the need for close co-operation between governments during the interim period between the present situation and any ultimate blueprint".¹⁾
- (e) Die moontlikheid om 'n blywende hervormde monetêre stelsel daar te stel, sal afhang van die sukses waarmee die voorste nywerheidslande daarin slaag om die wêreldwye inflasieprobleem onder die knie te kry.
- (f) Die wenslikheid van verbeterde institusionele ooreenkomste gedurende die oorgangstydperk word beklemtoon "... to ensure the international compatibility of exchange rate relationships, and the need for guidance concerning currency intervention and accumulation".²⁾
- (g) Indien betalingsbalansewewigtigheid nie deur interne beleidmaatreëls verwesenlik kan word nie, is slegs twee alternatiewe (benewens tydelike handels- en valutabeperkings) beskikbaar om sodanige belangrike eksterne onewewigtighede op te los, te wete:
 - (i) wisselkoersaanpassings; en/of
 - (ii) finansiële bystand deur surpluslande aan tekortlande, of die skepping van addisionele reserwes.
- (h) Die Sienagroep het hom sterk ten gunste van 'n kragtige

1) Loc. cit.

2) Loc. cit.

aanwysende reël van batevereffening, soos dit in die sogenaamde substitusiefasiliteitvoorstel¹⁾ opgesluit is, uitgespreek.

- (i) Die sukses van die nuwe stelsel, wat op S.T.R.'e²⁾ gebaseer behoort te word, sal van die kwaliteite en aantreklikhede (vir voornemende offisiële eienaars) van die S.T.R. afhang. Om die funksie van beide internasionale rekeneenheid en primêre reserwebate suksesvol te kan vervul, is dit volgens die Siengroep noodsaaklik dat "... the supply of new SDR's should be consistent with the requirements of non-inflationary growth".³⁾

Uit bostaande is dit duidelik dat dié uitgelese groep geen verklaring oor die toekomstige monetêre rol van goud wou uitreik nie. Dit kan met sekerheid aanvaar word dat deelnemers baie verdeeld oor dié aangeleentheid moes gewees het. Die duidelike omylning van die S.T.R.-fasiliteit dui daarop dat die Siengroep ten gunste is daarvan dat die funksie as internasionale rekeneenheid in die toekoms deur die S.T.R., in plaas van goud, vervul behoort te word. Ten opsigte van dié groep se aanbevelings aangaande die toekomstige relatiewe rol van goud as primêre reserwebate kan geen korrekte afleiding gemaak word nie.

-
- 1) Die substitusiefasiliteit maak voorsiening vir beide die multilaterale en simmetriese batevereffening van toekomstige tekorte en surplusse, asook vir 'n aanvaarbare stelsel van konsolidasie van oormatige reserwevalutabalanse.
 - 2) Die naam van S.T.R.'e behoort, volgens die Siengroep, verander te word.
 - 3) Ibid., p.37.

6.2.4.2 Riglyne deur die Komitee van 20 voorgestel

Die "Eerste Riglyne vir Hervorming" wat deur die Komitee van 20 vóór die oliekrisis van 1973 opgestel is, is deur "The Economist"¹⁾ in drie alternatiewe monetêre stelsels verdeel, maar dié blad het ook nog hul eie monetêre stelsel voorgestel, en dié 4 alternatiewe word in tabel 6.1 weergegee.

Vir ontledingsdoeleindes is elke monetêre plan in vier afsonderlike fasette verdeel, te wete

- (a) die wisselkoersmeganisme;
- (b) betalingsbalansaanpassings en sanksies (of dwangmaatreëls);
- (c) inwisselbaarheid en batevereffening; en
- (d) S.T.R.'e en goud.

In genoemde vier hervormingsriglyne is twee aangeleenthede buite beskouing gelaat, nl.

- (a) die sogenaamde "overhang" van dollars in lande se reserwes; en
- (b) die skakel tussen buitelandse hulp en die skepping van nuwe monetêre reserwes.

Die benadering wat deur "The Economist" in die opstel van genoemde vier monetêre planne gevolg is, verskil wesenlik van dié van die Komitee van 20. "The Economist" lig dié verskil soos volg toe: "They tried to put together a new world money system by taking one issue at a time, and attempting agreement on that issue before passing on to the next. ... We have constructed four possible complete packages (or plans) of

1) Anon. What's your choice? The Economist (a World money survey), 250(6813):11, Maart 1974.

TABEL 6.1

ALTERNATIEWE HERVORMINGSPLANNE¹⁾

	PLAN A	PLAN B	PLAN C	PLAN D
(a)	"Stabiele maar aanpasbare" wisselkoerse. Die huidige swewende wisselkoerse word as tydelik beskou.	"Stabiele maar aanpasbare" wisselkoerse. Die huidige swewende wisselkoerse word as tydelik beskou.	"Stabiele maar aanpasbare" wisselkoerse. Die huidige swewende wisselkoerse word as tydelik beskou.	Voortgesette beheerde swewende wisselkoerse.
(b)	Presumptiewe gebruik van reserweaanwyser om aanpassings van stapel te stuur. Die toepassing van "sagte" sanksies.	Aanpassings geskied op grond van konsultasie. Die toepassing van "strawwe" sanksies.	Aanpassings geskied op grond van konsultasie. Die toepassing van "strawwe" sanksies.	Aanpassings geskied op 'n breë basis van internasionale konsultasie ten einde mededingende wisselkoers- en rentekoersbeleidsmaatreëls, of ongewenste binnelands betalingsbalansgeoriënteerde pogings om vraag te infleer of defleer, te voorkom. Die I.M.F. word gemagtig om addisionele S.T.R.'e te skep ten einde tekortlande in buitengewone omstandighede by te staan.
(c)	Pro-batevereffening (Europese standpunt).	Semi-batevereffening (Amerikaanse standpunt).	Semi-batevereffening (Amerikaanse standpunt).	Ontoepaslik - berus op vrye keuse.
(d)	S.T.R.'e word deur 'n "mandjie" van geldeenhede waardeer en 'n markrentekoers is daarop van toepassing. Goud word teen markgeoriënteerde pryse waardeer.	S.T.R.'e word deur 'n "mandjie" van sterk geldeenhede waardeer en 'n lae rentekoers is daarop van toepassing. Goud word teen offisiële pryse in die stelsel gebruik.	S.T.R.'e word deur 'n "mandjie" van geldeenhede waardeer en 'n markrentekoers is daarop van toepassing. Goud word teen markgeoriënteerde pryse waardeer.	'n S.T.R. word deur 'n "mandjie" van geldeenhede gedefinieer en 'n markrentekoers is daarop van toepassing. Alle goud word by die I.M.F. gehou. Die S.T.R. word as rekeneenheid in kommersiële transaksies gebruik.

1) Loc. cit. - Planne A, B en C is op die "Eerste Riglyne vir Hervorming" van die Komitee van 20 gebaseer, en plan D is die keuse van "The Economist".

long-term international monetary reforms ..."¹⁾ Die vier voorgestelde monetêre stelsels is daarna aan 'n aantal offisiële kenners voorgelê vir hul keuse en bespreking.

Ten opsigte van die rol wat aan goud in genoemde vier planne toegeken word, is dit duidelik dat die toekomstige rol van internasionale rekeneenheid, ingevolge dié planne, voortaan deur die S.T.R. vervul sal word. Daarbenewens word die relatiewe belangrikheid van goud as reserwebate nie deur al die voorgestelde stelsels eenders verdiskonteer nie. Onder planne A en C behoort goud 'n relatief belangriker rol as internasionale reserwebate te vervul, as onder plan B, solank as wat die markprys van goud hoër as die offisiële goudprys bly.²⁾ Alhoewel geen melding onder plan D van die waardasie van die offisiële goudvoorraad gemaak word nie, behoort dié monetêre plan aanleiding te gee tot 'n meer ekonomiese benutting van die bestaande offisiële goudvoorraad. Vanweë die belangriker rol wat goud onder planne A en C speel, behoort variasies van dié planne besliste voorkeur te geniet.³⁾

Die internasionale oliekrise wat aan die einde van 1973 ontwikkel het, het daartoe gelei dat die internasionale hervormingspoging van die Komitee van 20 in die wiele gery is, en dat hervorming voortaan langs die weg van evolusie gesoek sal word.⁴⁾ Na die afsluiting van hul werksaamhede gedurende Junie 1974 het die Komitee van 20 die "Riglyne vir Hervorming" uit=

1) Loc. cit.

2) Geen melding word onder planne A en C van die moontlikhede van offisiële goudaankope, op die vrye goudmarkte gemaak nie.

3) Vergelyk paragraaf 6.3.4.

4) Vergelyk paragraaf 6.2.3.

gereik, wat die raamwerk vir toekomstige monetêre hervorming uitstippel. Die belangrikste aspekte van dié hervormings= raamwerk sluit onder andere die volgende in:¹⁾

- (a) 'n effektiewe en simmetriese aanpassingsproses (wat 'n meer effektiewe funksionering van die wisselkoersmekanisme insluit), met stabiele maar aanpasbare pariwaardes as wisselkoersbasis en met swewende wisselkoerse as tegniek, wat onder sekere omstandighede toegepas kan word;
- (b) samewerking met betrekking tot onewewigtige internasionale kapitaalbewegings;
- (c) die daarstelling van 'n toepaslike basis van inwisselbaarheid vir die vereffening van wanbalanse, met simmetriese verpligtings op alle lande;
- (d) 'n meer effektiewe beheer van die totale internasionale likiditeit, wat onder andere insluit dat die S.T.R. as die belangrikste reserwebate ontwikkel en dat die rol van goud en reserwevalutas dienooreenkomstig sal afneem;
- (e) ooreenstemming tussen die reëlins vir aanpassing, inwisselbaarheid en totale internasionale likiditeit; en
- (f) die bevordering van die vloei van reële bronne na die ontwikkelende lande.

Die "Riglyne vir Hervorming" hou in dat "appropriate arrangements will be made for gold in the reformed system, in the light of the agreed objectives that the SDR should become the

1) Anon. Outline of Reform. I.M.F. Survey, 17 Junie 1974, p.193-198.

principal reserve asset and that the role of gold should be reduced".¹⁾ Terselfdertyd erken die Komitee van 20 dat goud= reserwes 'n belangrike komponent van totale internasionale likiditeit verteenwoordig, en dat goud voortaan steeds in die finansiering van betalingsbalanstekorte gebruik behoort te word.

Ten opsigte van die internasionale verdeeldheid met betrekking tot die toekomstige monetêre rol van goud erken die Komitee van 20 die volgende: "It is not yet settled what arrangements for gold would be best in the reformed system, having due regard to the interests of all member countries".²⁾ Vier moontlike benaderings word in die "Riglyne vir Hervorming" ingesluit ingevolge waarvan goud op die lang termyn gedemonetiseer behoort te word. Ten einde 'n gedwonge (en dus kunsmatige) demonetisasie van goud te voorkom, word die benadering wat die waardasie van die amptelike goudvoorraad teen markgeoriënteerde pryse en die vrylike aan- en verkoop van goud deur sentrale banke op die internasionale goudmarkte insluit, aanbeveel.

Die internasionale onsekerheid oor die toekomstige monetêre rol van goud word baie duidelik weerspieël in die minimale bespreking wat aan goud in die "Riglyne vir Hervorming" bestee is.

6.2.4.3 Die Amerikaanse goudriglyne

Vanweë die strategiese rol van die V.S.A. in die internasionale monetêre hervormingspoging, en die Amerikaanse tradisionele

1) Ibid., p.196.

2) Loc. cit.

goudantipatie, is 'n ontleding van die rol van goud in die Amerikaanse hervormingsriglyne noodsaaklik.

'n Subkomitee van die Gesamentlike Ekonomiese Komitee van die Amerikaanse Kongres insake internasionale ruil en betalings het gedurende 1965 "Riglyne vir 'n verbetering van die internasionale monetêre stelsel" opgestel.¹⁾ In dié verslag is aanbeveel dat goud sy rol as universele betaalmiddel behoort te handhaaf: "The United States should not seek to undermine it".²⁾ Dié komitee het egter ook aanbeveel dat die waarde van goud onder geen omstandighede in verhouding tot die waarde van ander reserwebates behoort te appresieer nie, en dat geen ooreenkomst, wat die inwisselbaarheid van sleutelvalutas in goud sou aanspoor, goedgekeur behoort te word nie.

Dié Riglyne voorsien wel dat die beperkte goudaanbod (teen 'n kunsmatig lae offisiële goudprys) nie in die snelgroeiende behoefte aan internasionale likiditeit kan voorsien nie, maar die volgende aanbeveling ten opsigte van die toekomstige relatiewe rol van goud as internasionale betaalmiddel word daarin gemaak: "So long as a mechanism for assuring an adequate growth rate for total international reserves is developed, there need be no concern whether the relative role of gold is greater or smaller in the future than in the past".³⁾ Sō 'n aanbeveling kon wel bekostig word omdat dieselfde komitee ook enige verhoging in die amptelike goudprys ten sterkste afgekeur het.⁴⁾

-
- 1) U.S.A. Congress: Joint Economic Committee. Guideliness for improving the international monetary system.
 - 2) Ibid., p.8.
 - 3) Ibid., p.9.
 - 4) Loc. cit.

Die siening van die V.S.A. van die rol wat goud in 'n hervormde internasionale monetêre stelsel behoort te vervul, is egter sedert 1965 effens gewysig. Sedertdien het die V.S.A. dit eksplisiet uitgespel dat die "rol van goud" in die toekoms verminder behoort te word.¹⁾ In 'n verklaring deur die Amerikaanse Tesourie op 27 Augustus 1973, waarin die Amerikaanse offisiële hervormingstrategie uiteengesit is, word die Amerikaanse goud-antipatie duidelik soos volg weerspieël:²⁾ "From the outset of the reform negotiations, the US has maintained the view that the historic decline in gold's role should continue, although we recognise that it cannot be demonetised overnight". Dié Amerikaanse goudriglyne is op die volgende beginsels gebaseer:

- (a) Die beperkte goudaanbod en mededingende private goudvraag lei daartoe dat die beskikbaarheid van goud vir offisiële reserwes onvoldoende is om in die behoeftes van die internasionale monetêre stelsel te voldoen.
- (b) Pogings om in die behoefte aan internasionale likiditeit te voldoen deur wysigings in die offisiële goudprys aan te bring, sal aanleiding gee tot inherente onstabiliteit en "... would provide disproportionate benefits to a few without consideration of the overall needs of the system".³⁾
- (c) Die spekulatiewe druk en huidige goudprysfluktuasies ondersteun die standpunt dat goud (of enige ander kom=

1) Posner. The world monetary system: a minimal reform program, p.23.
 2) US Treasury. America's official holding position. International Currency Review, 5(5):7-10, September/Oktobre 1973.
 3) Ibid., p.9.

moditeit) geen bevredigende en stabiele basis vir 'n internasionale monetêre stelsel kan voorsien nie.

Die Amerikaanse Tesourie is van mening dat reëlins getref kan word ingevolge waarvan 'n voortgesette maar afnemende monetêre rol aan goud toegeken kan word, solank sodanige reëlins nie bots met die doel om die S.T.R. as die belangrikste reserwebate te vestig nie. Die Amerikaanse goudriglyne word duidelik in die volgende siening van Paul Volcker weerspieël:¹⁾ "In general we would support approaches that do not lead to a gold-based system".

Ten spyte van die Amerikaanse standpunt dat goud gedemonetiseer behoort te word, het die Tesourie van die V.S.A. nogtans sy formele goedkeuring aan die Goudkollaterale-Ooreenkoms van 12 Junie 1974 verleen.²⁾ Die V.S.A. beskou laasgenoemde ooreenkoms egter as tydelik van aard en verklaar dat "the collateral plan was consistent with the American objective of securing the termination of gold's monetary function while permitting countries to mobilise their gold reserves in an emergency".³⁾

6.2.4.4 Goud en die Manifes van die Switserse Nasionale Komitee⁴⁾

Die Switserse Nasionale Komitee van die Internasionale Kamer

-
- 1) Volcker. America holds its ground. The Economist (a World money survey), 250(6813):23, Maart 1974.
 - 2) Vergelyk paragraaf 4.3.4.
 - 3) Anon. Currency Reviews: Gold. International Currency Review, 6(3):76, Mei-Junie 1974.
 - 4) Aschinger. Another view on international monetary reconstruction. (In Institute of Directors, op. cit., p.19-22).

van Koophandel ("Chamber of Commerce") het gedurende 1973 'n manifest met betrekking tot die internasionale hervormingspoging gepubliseer. Die manifest wat uit tien artikels bestaan, bevat onder andere definitiewe aanbevelings met betrekking tot die toekomstige monetêre rol van goud:

- (a) 'n Stelsel van vaste pariteite kan slegs gehandhaaf word indien die inwisselbaarheid van die belangrikste geld= eenhede daarby inbegrepe is; betalingsbalanstekorte behoort deur middel van primêre reserwebates, soos goud en S.T.R.'e, vereffen te word.
- (b) Die immobiele offisiële goudvoorraad (wat vanweë die groot verskil tussen die amptelike en vrye-markgoud= pryse bestaan) kan gehermobiliseer word deur die monetêre goudprys by die markprys van goud aan te pas of deur dié twee pryse te amalgameer. Dié revaluasie van die amptelike goudvoorraad behoort op 'n nie-inflasionêre wyse te geskied.
- (c) 'n Gedwonge demonetisasie van goud behoort vermy te word, want "it would be illogical to jettison gold, still the reserve asset enjoying the most confidence, in favour of reserve media that have yet to gain this confidence".¹⁾
- (d) 'n Meervoudige reserwestelsel, wat goud insluit, het die inherente voordeel dat gesonde mededinging tussen die onderskeie reserwebates bevorder word.

Soos duidelik uit bogenoemde hervormingsriglyne blyk, is die Switserse Nasionale Komitee ten gunste daarvan dat die huidige

1) Ibid., p.20.

monetêre rol van goud aanvanklik gehandhaaf word en dat die skynbaar onafwendbare demonetisasie van goud oor die lang termyn behoort te geskied.

6.2.5 Die plan van onmiddellike aksie¹⁾

Nadat die Komitee van 20 gedurende Junie 1974 hul werksaamhede in verband met internasionale monetêre hervorming met die uitreiking van die "Riglyne vir Hervorming" afgesluit het, is 'n plan van onmiddellike aksie voorgestel. Dié plan van onmiddellike aksie is deur die Komitee van 20 opgestel met die doel om die oorgangsfase in die proses van monetêre hervorming te oorbrug en sluit die volgende aanbevelings in:

- (a) Die daarstelling van 'n interimkomitee (van die Raad van Goewerneurs van die I.M.F.) in 'n adviserende hoedanigheid, tot tyd en wyl 'n raad (met besluitnemende magte) ingevolge 'n amendement tot die I.M.F.-statute gemagtig word;
- (b) 'n verbetering van die I.M.F.-prosedures met betrekking tot noue internasionale konsultasie "... and surveillance of the adjustment process";²⁾
- (c) die daarstelling van riglyne vir die beheer van swewende wisselkoerse;
- (d) die vestiging van 'n fasiliteit in die I.M.F. om lidlande by te staan om die aanvanklike effek van die verhoogde olie-invoerpryse te absorbeer;

1) Anon. Final Communique of Committee of 20 Urges Stronger Action Against Inflation. I.M.F. Survey, 17 Junie 1974, p.178

2) Loc. cit.

- (e) die voorsiening dat lande op 'n vrywillige basis onderneem om geen handelsmaatreëls vir betalingsbalansdoeleindes in te stel of te intensiveer nie, tensy sodanige optrede deur die I.M.F. as geregverdig beskou word;
- (f) 'n verbetering van die I.M.F.-prosedures vir die beheer van die totale volume van internasionale likiditeit;
- (g) verdere internasionale navorsing deur die I.M.F. met betrekking tot reëlins aangaande goud teen die agtergrond van die aanvaarde hervormingsdoelwitte;
- (h) die tydelike toepassing van 'n "standaardmandjie" van geldeenhede in die waardasie van die S.T.R. en 'n aanvanklike rentekoers van 5 persent op S.T.R.-balanse;
- (i) 'n vroegtydige formulering en aanvaarding van 'n uitgebreide I.M.F.-fasiliteit ingevolge waarvan ontwikkelende lande langtermynbetalingsbalansfinansiering sal ontvang;
- (j) die oorweging van die moontlikhede en modaliteite van die daarstelling van 'n skakel tussen ontwikkelingshulp en S.T.R.-toekennings;
- (k) die vestiging van 'n gesamentlike ministeriële komitee, deur die I.M.F. en die Wêreldbank, om die navorsing insake die oordrag van reële bates deur ontwikkelende lande voort te sit, en om toepaslike maatreëls aan te beveel; en
- (l) die voorbereiding deur die Uitvoerende Raad van die I.M.F. van 'n ontwerpamendement tot die I.M.F.-statute, vir verdere oorweging deur die interimkomitee (vergelyk (a) hierbo), en vir moontlike aanbeveling by die Raad van Goewer-

neurs van die I.M.F. vir die nodige goedkeuring.

Alhoewel die plan van onmiddellike aksie, in ooreenstemming met die "Riglyne vir Hervorming", daarop ingestel is om die S.T.R. as die belangrikste internasionale reserwebate te vestig (ten koste van goud en sleutelvalutas), is geen positiwêre voorstelle ten opsigte van die spesifieke "goudreëlings" in die toekomstige hervormde stelsel gemaak nie. Soos reeds aangetoon,¹⁾ het die opskorting van die Bretton Woods-stelsel waaruit die huidige monetêre hervormingspoging gebore is, as grondoorsaak, onder andere, die relatiewe daling in die rol van goud as internasionale betaalmiddel gehad. Die "Riglyne vir Hervorming" en die plan van onmiddellike aksie van die Komitee van 20 gee verrassend min aandag aan die reëlings wat die toekomstige monetêre rol van goud behoort te reguleer.

Skrywer hiervan stel hom dit ten doel om in die res van dié hoofstuk die belangrikste internasionale monetêre hervormingsplanne, wat moontlike riglyne met betrekking tot die toekomstige monetêre rol van goud insluit, te ontleed en, voortvloeiend daaruit, 'n aanvaarbare internasionale monetêre goudbeleid (binne die kader van die huidige monetêre hervormingspoging) te ont-plooi.

6.3 GOUD EN INTERNASIONALE MONETÊRE HERVORMINGSPLANNE

6.3.1 Die begrippe "monetisasie" en "demonetisasie" van goud
Vir 'n wetenskaplike ontleding van die toekomstige monetêre rol van goud (waarna in die belangrikste monetêre hervormingsplanne

1) Vergelyk Hoofstuk 4.

verwys word) is 'n definisiële onderskeid tussen die terme "monetisasie" en "demonetisasie" van goud noodsaaklik. Dié ontleding word aan die hand van Robert Triffin¹⁾ se sienswyse gedoen.

Triffin ontleed die term "monetisasie" op grond van die aanname dat die gebruik van goud as reserwebate deur sentrale banke, dit wil sê die internasionale monetisasie van goud, as uitgangspunt gebruik word. Dié aanname sluit sekere fasette van die binnelandse monetisasie van goud in, en wel "... in the sense that central banks stand ready to increase their domestic money supply in exchange for the gold tendered to them by the market".²⁾

Volgens Triffin hou die internasionale monetisasie van goud in dat goud deur die monetêre outoriteite op die goudmarkte aangekoop word, om sodoende sowel die volume internasionale reserwes as die volume "high-powered"-geld³⁾ in 'n land te verhoog. Die internasionale demonetisasie van goud verwys derhalwe na goudverkope deur monetêre owerhede op die goudmarkte om sodoende beide die volume internasionale reserwes en die geldvoorraad van die betrokke land te verminder.

Triffin wys daarop dat onderlinge goudtransaksies tussen monetêre outoriteite geen veranderings in die globale volume monetêre reserwes en geldvoorraad tot gevolg het nie. Dit is sodoende slegs die algemene gebruik deur monetêre outoriteite om

1) Triffin. Should gold be demonetized? (In Institute of Directors, op. cit., p.35).

2) Loc. cit.

3) "High-powered"-geld bestaan uit bates wat geskik is om die reserwevereistes van banke te bevredig.

goud vir onderlinge vereffening aan te wend wat dié instansies se bereidwilligheid om goud van die goudmarkte aan te koop, regverdig en verklaar. By implikasie kan laasgenoemde optrede daartoe lei dat sentrale banke goud van die goudmarkte kan aankoop, "... to force, at a later stage, an increase in reserves and money supply for the other countries to which gold will be tendered by it - directly or indirectly - in settlement".¹⁾

Volgens Triffin het die goudmonetisasievraagstuk 'n verdere kritieke faset, nl. of die verwagte offisiële goudaankope en -verkope sal plaasvind

- (a) teen 'n vaste en onveranderlike prys; of
- (b) teen 'n veranderlike prys, met 'n daaglikse fluktuierende goudprys as uiterste moontlikheid.

'n Verwante vraagstuk, net so belangrik as die vorige, is of differensiasie met betrekking tot die goudprys wat op transaksies op die goudmark of tussen sentrale banke (onderling) van toepassing is, toegepas sal word, al dan nie.

6.3.2 Algemene klassifikasie van internasionale monetêre hervormingsplanne

Vanweë die komplekse aard van hervormingsplanne en die probleme van oorvleueling word 'n algemene klassifikasie van sodanige voorstelle bemoeilik.

Harry Johnson²⁾ klassifiseer die monetêre hervormingsplanne op grond van die internasionale monetêre stelsel wat uit sodanige

1) Loc. cit.

2) Johnson. International Liquidity - Problems and Plans. (In Grubel, red. World Monetary Reform, p.376).

voorstelle behoort te ontplooi. Hy onderskei tussen vier alternatiewe, te wete: 'n stelsel van vry-fluktuierende wisselkoerse; die herinstelling van die goudstandaard met behulp van 'n verhoging in die goudprys; 'n verbetering en uitbouing van die goudwisselstandaard deur die bestaande monetêre reserwes met een of ander vorm van kredietvoorsiening aan te vul; en die demonetisasie van goud en die substitusie daarvan met 'n internasionale kredietvaluta¹⁾ wat deur 'n internasionale sentrale bank voorsien word.

Sidney Rolfe²⁾ verdeel alle hervormingsplanne in twee breë kategorieë, naamlik:

(a) Planne wat daarop ingestel is om die gebrekkige aanpassingsmeganisme van die goudwisselstandaard te verbeter. Planne in dié kategorie kan in twee groepe verdeel word, naamlik:

(i) Teenoor 'n herinstelling van die goudstandaard (dit is veral die voorstel van Jacques Rueff) word 'n volledige demonetisasie van goud deur sommige hervormingsplanne voorgestel.

(ii) Sommige voorstelle is ten gunste daarvan dat 'n stelsel van vry-fluktuierende wisselkoerse ingestel behoort te word, terwyl ander planne voorstel dat wisselkoersaanpassings binne 'n raamwerk van vaste maar aanpasbare wisselkoerse (die gemagtigde fluktuasiemarge behoort wyer as die toelaatbare marge onder die Bretton Woods-stelsel te wees) behoort plaas te vind.

1) "Credit currency".

2) Rolfe. Gold and world power. p.198.

(b) Daarbenewens onderskei Rolfe 'n tweede groep hervormings= voorstelle wat daarop ingestel is om die totale interna= sionale monetêre reserwes en likiditeit te verhoog, om sodoende die basiese aanpassingsmeganisme onveranderd te laat. Dié voorstelle kan in twee subgroepe verdeel word, te wete

- (i) die totstandkoming van 'n uitgebreide I.M.F. om as internasionale agentskap met betrekking tot die beheer en skepping van internasionale reserwes op te tree, wat deur een groep, en
- (ii) die daarstelling van 'n saamgestelde of meervoudige reserwe-eenheidstelsel ten einde die skepping van monetêre reserwes te fasiliteer, wat deur 'n ander groep hervormingsplanne in die vooruitsig gestel word.

Fritz Machlup¹⁾ klassifiseer hervormingsvoorstelle in vyf breë kategorieë, naamlik: 'n uitbreiding van die goudwisselstandaard; onderlinge bystand tussen sentrale banke; die sentralisasie van monetêre reserwes en die skepping van reserwes; 'n verhoging in die amptelike goudprys; en vry-fluktuierende wisselkoerse. Alhoewel Machlup vyf verskillende kategorieë van oplossings onderskei, word 'n aansienlike aantal moontlike hervormingsplanne daardeur ontsluit omdat enige twee sodanige planne in een hervormingsvoorstel gekombineer kan word.

In sy boek, World Monetary Reform: Plans and Issues, verdeel

1) Machlup. Plans for Reform of the International Monetary System, p.12.

Herbert Grubel¹⁾ alle monetêre hervormingsvoorstelle in drie kategorieë, naamlik: die sentralisasie van internasionale reserwes; uitbouing van die goudwisselstandaard; en die herinstelling van die goudstandaard of vry-fluktuerende wisselkoerse.

Die indeling wat in die res van hierdie hoofstuk gebruik sal word, is hoofsaaklik op genoemde indeling van Grubel gebaseer. Hierdie indeling word gemaak omdat 'n ontleding van die monetêre rol van goud in moontlike hervormingsvoorstelle beoog word. Vir die doeleindes van dié studie word alle monetêre hervormingsvoorstelle dus in die volgende vyf kategorieë ingedeel:

- (a) die sentralisasie van monetêre reserwes;
- (b) die uitbouing van die goudwisselstandaard;
- (c) die goudprys en monetêre hervorming;
- (d) die herinstelling van die goudstandaard of die demonetisasie van goud; en
- (e) vry-fluktuerende wisselkoerse.

6.3.3 Die rol van goud in internasionale monetêre hervormingsplanne²⁾

6.3.3.1 Die sentralisasie van monetêre reserwes³⁾

1) Grubel, op. cit., p.6.

2) Slegs planne wat die monetêre rol van goud ontleed, word ingesluit. Daarbenewens word hoofsaaklik op die rol van goud in sodanige voorstelle gekonsentreer.

3) Die Keynesplan (Voorstelle vir 'n internasionale Verrekeningsunie), wat in die kategorie val, is reeds in paraagraaf 4.2.2.1 ontleed.

6.3.3.1.1 Die Triffinplan¹⁾

Volgens Triffin het die behoefte aan internasionale monetêre hervorming uit die gebrekkige aanbodmeganisme van internasionale likiditeit (onder die goudwisselstandaard) ontwikkel. Dié gebrekkige aanbodmeganisme word deur Triffin²⁾ soos volg ontleed: "The most fundamental deficiency of the present system and the main danger to its future stability, lies in the fact that it leaves the satisfactory development of world monetary liquidity primarily dependent upon an admittedly insufficient supply of new gold and an admittedly dangerous and haphazard expansion in the short-term indebtedness of the key currency countries". Hy beskou die proses waardeur die tekort aan internasionale likiditeit (vanweë 'n onvoldoende goudaanbod) met behulp van sleutelvalutas aangevul word as 'n basiese absurditeit, omdat die internasionale monetêre stelsel sodoende hoogs afhanklik gemaak word van individuele lande se besluite oor die voortgesette gebruik, al dan nie, van enkele nasionale geldeenhede as monetêre reserwes. Die goudwisselstandaard het sodoende die onderliggende probleem dat die aanbod van internasionale monetêre reserwes gedeeltelik op die bereidwilligheid van sleutelvalutalande om hul netto korttermyn monetêre verpligtings te verhoog, berus. Die onbepaalde voortsetting van sodanige optrede sal egter neig om tot die uiteindelijke opskorting van die goudwisselstandaard te lei vanweë die tanende vertroue van buitelanders in die sleutelvalutas.

-
- 1) Rolfe, op. cit., p.225-31; Machlup, op. cit., p.30-7; Triffin. Excerpts from 'Gold and the Dollar Crisis'. (In Grubel, red., op. cit., p.15-54); Van Wyk. Internasionale geldstelsels en die herstel van die monetêre orde, p.133-7; Triffin. The Triffin Approach. (In Hinshaw, red. Monetary Reform and the price of gold, p.47-52); en Id. Should gold be demonetized? (In Institute of Directors, op. cit., p.37-9)
 - 2) Triffin. Gold and the dollar crisis, p.100.

Triffin stel voor dat die oplossing binne die raamwerk van die X.I.M.F.¹⁾ gesoek behoort te word. Hy voer aan dat die X.I.M.F. gemagtig moet word om 'n nuwe internasionale geld= eenheid (gestel "bancor") waarmee die bestaande sleutelvalu= tas vervang word, te kan skep. Alhoewel Triffin aanvanklik voorgestel het dat die waarde van 'n bancor in terme van goud gedefinieer moes word, het hy dié voorstel later herroep deur die standpunt in te neem dat die funksie as internasio= nale rekeneenheid van goud ontkoppel behoort te word.²⁾

Die belangrikste funksie van die X.I.M.F. lê egter in die verskaffing van 'n geprogrammeerde toename in internasionale likiditeit om sô die gebrekkige aanbodmeganisme te ondervang. Om enige inflasionêre of deflasionêre internasionale tendense te voorkom, stel Triffin voor dat die skepping van internasio= nale reserwes teen 'n vasgestelde koers van 3-5 persent per jaar behoort te beloop.

Die Triffinplan het in sy oorspronklike vorm 'n sogenaamde goudwaarborgklousule ingesluit. Die goudwaarborgklousule sou ten tye van 'n vertrouenskrisis enige massa-inwisseling van bancor in goud voorkom. Daarbenewens sou die X.I.M.F. sorg= dra dat die omskakeling van bancors in goud vir oppottings= doeleindes tot 'n minimum beperk word. Die voorstel, inge= volge die Triffinplan, dat X.I.M.F.-deposito's in terme van goud gedefinieer behoort te word, sou die eienaars van sodanige deposito's van enige wisselkoersrisiko's vrywaar. Triffin het

-
- 1) Die X.I.M.F. sal die vorm van 'n uitgebreide I.M.F. aan= neem. Triffin stel voor dat die grondwet van die bestaande I.M.F. hersien en meer uitgebreide funksies daaraan toege= ken word.
 - 2) Id. Should gold be demonetized? (In Institute of Directors, op. cit., p.37).

egter self daarop gewys dat die goudwaarborgklousule nie noodwendig ingehou het dat X.I.M.F.-deposante daarop geregtig sou wees om hul deposito's na goud om te skakel nie. Om die waarheid te sê "members would be required to hold ever larger fractions of their total international reserves in bancor and would be permitted to hold ever smaller fractions in gold".¹⁾

Die vermoë van die X.I.M.F. om in alle wettige omskakelings van bancors na goud te voldoen, sou ingevolge die Triffinplan gerugsteun word deur

- (a) "wettige" bancorinwisseling relatief te beperk; en
- (b) die uiteindelijke oordrag van enige nuutverkreë goud deur monetêre outoriteite aan die X.I.M.F. te vereis.

Yeager²⁾ beweer dat die toenemende beperkings op goudbesit deur monetêre owerhede, wat ingevolge die Triffinplan sou realiseer, gepaard sou moes gaan met 'n verbod op goudbesit in alle lidlande. Indien sodanige verbod nie toegepas sou word nie "... governments might sometimes have an incentive to exercise whatever limited right they still retained to redeem bancor in gold in order to resell the gold to their own citizens".³⁾

Die vereistes vir die suksesvolle funksionering van die Triffinplan (die beperkte inwisselbaarheid van X.I.M.F.-deposito's in goud; die verbod op die private besit van goud;

1) Yeager. The Triffin Plan: Diagnosis, Remedy, and Alternatives (In Grubel, op. cit., p.165).

2) Loc. cit.

3) Loc. cit.

en die beperkte offisiële goudbesit) het die geringe operasionele betekenis van die vaste goudinhoud van geldeenhede duidelik na vore gebring. Yeager¹⁾ bevraagteken die operasionele rol van goud ingevolge die Triffinplan soos volg: "What is the difference, really, between saying that a dollar is worth $\frac{1}{35}$ of an ounce of gold but that no one can have the gold and saying that a dollar is worth $\frac{1}{50}$ of an ounce of gold but that no one can have the gold? The only real difference is in the degree of subsidy to gold mining". Die goudwaarborgklousule van bancors het dus weinig, indien enige, betekenis onder die Triffinplan.

Triffin voorsien dat bancor (wat as 'n variasie van die bestaande S.T.R. behoort te ontwikkel) as die fundamentele internasionale betaalmiddel, in die plek van goud sal ontwikkel. Die huidige internasionale konsensus van opinie met betrekking tot die toekomstige rol van S.T.R.'e in die internasionale monetêre stelsel ondersteun in 'n groot mate die gedagtes van Triffin.

Triffin²⁾ se latere gevolgtrekkings met betrekking tot die toekomstige monetêre rol van goud ondervang die meeste van bogenoemde besware teen die "onsekere" rol van goud onder die aanvanklike Triffinplan. Hy kom tot die gevolgtrekking dat goud op die lang termyn ten volle na die private goudmarkte oorgedra sal word, en dat die monetisasie of demonetisasie van goud, deur goudaankope en -verkope van sentrale banke, beëindig sal word. By implikasie sou sō 'n stap inhou dat

1) Loc. cit.

2) Triffin, op. cit., p.37-8.

die "nuwe" internasionale geldeenheid (bancors of S.T.R.'e) voortaan ook as internasionale rekeneenheid behoort te funksioneer, en dat sodanige geldeenheid van enige fluktuasies in die goudprys geïsoleer behoort te word.

Ten opsigte van die oorgangstydperk beweer Triffin dat tussen-tydse reëlins getref behoort te word wat voorsiening maak vir "the slow and gradual disposal by the monetary authorities of huge stocks that the contemplated system would make 'surplus stocks' when confidence in it has been sufficiently assured".¹⁾ Selfs Triffin, wat 'n uitgesproke voorstaander van gouddemonetisasie is, erken dus dat 'n eliminisie van goud uit die internasionale monetêre stelsel 'n langsame proses sal wees en dat vertroue in die voorgestelde geldeenheid eweneens slegs oor die lang termyn opgebou sal kan word.

Die mobilisering van die monetêre goudreserwes, wat deur die tweeledige goudprysstelsel van Maart 1968 bevestig is, behoort volgens Triffin hoë prioriteit gedurende die oorgangsfase te geniet. Hy stel die volgende vier aksies in dié verband voor:

- (a) Die Ooreenkoms van Maart 1968 behoort opgeskort te word ten gunste van 'n herstel van Artikel IV, seksie 2 (van die I.M.F.-statute), sodat I.M.F.-lidlande weer gemagtig word om goud op die internasionale goudmarkte teen pryse wat hoër as die offisiële goudpryse is, te verkoop.²⁾

1) Ibid., p.37.

2) Ingevolge 'n besluit van 13 November 1973 het 'n aantal sentrale banke besluit om voortaan goud op die vrye goudmarkte te verkoop. Vergelyk paragraaf 4.3.4.

- (b) Monetêre outoriteite behoort gemagtig te word om onderlinge goudtransaksies teen markgeoriënteerde goudpryse aan te gaan.
- (c) Sentrale banke behoort gemagtig te word om enige benodigde geldeenheid of die "nuwe" geldeenheid van die I.M.F. met goud aan te koop, "... either at a price to be set daily by the Fund, or at a provisional price to be revised and finalized later, depending on the price obtained by the Fund itself when the gold so acquired is resold by it to central banks or to the market".¹⁾
- (d) Ten opsigte van die kontemporêre vraag of goudaankope deur die I.M.F. en monetêre outoriteite op die internasionale goudmarkte toegelaat behoort te word, beveel Triffin aan dat goud ten volle aan die private goudmarkte oorgedra behoort te word. Hy beweer dat alle argumente²⁾ ten gunste van sodanige aankope slegs op die kort termyn geldigheid besit.

Triffin stel derhalwe voor dat goud op die lang termyn gedomonetiseer en deur 'n "nuwe" internasionale geldeenheid (wat deur die sogenaamde X.I.M.F. uitgereik sal word) vervang behoort te word. Dit bly egter 'n ope vraag of die algemene aanvaarbaarheid van die "nuwe" geldeenheid (bancors of S.T.R.'e), die vertrouenskrisisse van die hedendaagse monetêre sfeer sonder enige direkte koppeling aan goud sal kan deurstaan.

1) Triffin, op. cit., p.38.

2) Vergelyk paragraaf 6.3.4.

6.3.3.1.2 Leland B. Yeager: Die Triffinplan en moontlike alternatiewe¹⁾

As positiewe bydrae het Yeager drie alternatiewe hervormingsplanne daargestel op grond waarvan die gebreke van die Triffinplan geëvalueer moes word. Vir die doeleindes van hierdie studie is 'n ontleding van die rol wat goud in sodanige voorstelle vervul, van besondere belang.

As eerste alternatief stel Yeager voor dat die leningsmagte en trekkingsregte van die I.M.F. (soos dié instelling gedurende die 1945-1971-tydperk gefunksioneer het) uitgebrei behoort te word. Sō 'n uitgebreide I.M.F. behoort, volgens hom, deur periodieke kwotatoenames gerugsteun te word. Ingevolge dié voorstel behoort die status quo van die monetêre rol van goud onder die Bretton Woods-stelsel gehandhaaf te word, wat 'n afname in die relatiewe belangrikheid van goud as internasionale betaalmiddel tot gevolg sal hê. Benewens ander besware word beweer dat die lenings wat 'n sentrale bank "... hopes to obtain in case of need are hardly the same as gold and foreign exchange that it actually owns".²⁾ Dié uitgebreide I.M.F.-voorstel sou by implementasie weinig daartoe meehelp om die gebrekkige aanbodmeganisme van internasionale likiditeit (wat onder andere deur die beperkte goudaanbod veroorsaak word) te verbeter. Yeager³⁾ som die rol van goud onder dié hervormingsplan soos volg op: "It does not demonetize gold or even palliate the problem by restricting official as well as private acquisition and holding of gold".

1) Yeager, op. cit., p.160-84; en Van Wyk, op. cit., p.140-1.

2) Yeager, op. cit., p.174.

3) Ibid., p.175.

As tweede alternatief stel Yeager voor dat die internasionale monetêre stelsel op 'n enkele sleutelvaluta (gestel die dollar) sonder enige goudskakel, gebaseer behoort te word. Ingevolge dié voorstel tree goedere en dienste van die sleutelvalutaland (waarskynlik die V.S.A.) as plaasvervangers op in die plek van goud, terwyl goud na die status van 'n gewone kommoditeit gereleë word. Die sleutelvalutaland sal geen verdere goud=aankope doen nie en geleidelik van sy bestaande goudvoorraad verkoop. Die suksesvolle funksionering van die nie-goud=sleutelvalutastelsel sal deur 'n wêreldwye demonetisasie van goud bevorder word, iets waarop nie sonder meer staatgemaak sal kan word nie. Dié voorstel kan nie internasionale betalingsbalansewigtigheid waarborg nie, en sodanige wanbalanse kan verreikende implikasies vir sowel die sleutelvalutaland as die buiteland tot gevolg hê.

As derde alternatief stel Yeager voor dat die besit van internasionale monetêre reserwes uitsluitlik tot individue, handelsbanke, besighede, ander privaatinstansies en owerheids=liggame (wat by normale internasionale transaksies betrokke is) beperk behoort te word. Sō 'n voorstel sal inhou dat die aktiwiteite van monetêre outoriteite slegs op binnelandse doeleindes afgestem word. Yeager beweer dat geen tekort aan internasionale likiditeit onder dié stelsel behoort te ontwikkel nie, "... apart from deflationary shortages of the domestic currencies of particular countries".¹⁾ Aangesien die finansiering van internasionale handel egter tot 'n paar sleutelvalutas beperk word, sal die ekonomiese probleme van dié sleutelvalutalande na die lande wat die meeste van dié valutas gebruik maak, oorgedra word. Daarbenewens het ondervinding geleer dat geen land in so 'n mate ekonomiese stabiliteit kan

1) Ibid., p.180.

bewerkstellig dat geen monetêre reserwes benodig word nie. Alhoewel dié hervormingsvoorstel nie die monetêre rol van goud eksplisiet uitspel nie, kan sekere belangrike afleidings in dié verband toq by implikasie gemaak word. Die private besit en beheer van internasionale monetêre reserwes behoort onbeperkte private goudbesit in te sluit; in die afwesigheid van monetêre outoriteite sal goud as die verskansing teen internasionale valutaonsekerhede moet dien. Die behoefte aan goud as internasionale betaalmiddel sal ingevolge dié voorstel in die internasionale goudpryse gereflekteer word. Die eliminasie van goud uit die internasionale monetêre bestel, al dan nie, sal in dié geval langs die weg van evolusie plaasvind en nie op grond van politieke vooroordele nie. Dié faset van die derde voorstel van Yeager - die amalgamasie van die offisiële en nie-offisiële goudpryse - is positief in die sin dat 'n gedwonge goudmonetisasie sodoende voorkom word.

6.3.3.1.3 Die Stampplan¹⁾

Nadat die oorspronklike Stampplan in 1958 gepubliseer is, het sekere besware daarteen aanleiding gegee tot 'n gewysigde Stampplan in 1962.

(a) Die oorspronklike Stampplan

Die sentrale tema van die aanvanklike Stampplan is in die daarstelling van 'n meganisme vir die skepping van monetêre reserwes geleë. Daarbenewens maak die Stampplan voorsiening vir 'n skakeling tussen dié skepping van monetêre reserwes en die voorsiening van ontwikkelingshulp.

1) Stamp. The Stamp Plan - 1962 Version. (In Grubel, op. cit., p.80-9); Van Wyk, op. cit., p.137-8; en Rolfe, op. cit., p.232-3.

Die voorsiening van monetêre reserwes sal die vorm aanneem van I.M.F.-depositosertifikate (uitgedruk in terme van goud) ten bedrae van \$3 000 miljoen, wat deur 'n koördinerende liggaam aan ontwikkelende lande uitgereik word. Die ontwikkelende lande kan die depositosertifikate dan vir die finansiering van invoere vanaf ontwikkelde lande aanwend, terwyl laasgenoemde dit as deel van hul monetêre reserwes akkumuleer, of in hul eie betalingsbalansbehoefte gebruik.

Alhoewel dié hervormingsvoorstel daarvoor voorsiening maak dat die waarde van die sertifikate in terme van goud gede=finieer word, "... they would not be automatically convertible into gold".¹⁾ Alle I.M.F.-lidlande sal ooreenkom om die sertifikate te aanvaar, in ruil vir hul eie valutas indien die I.M.F. of sentrale banke (van I.M.F.-lidlande) dit sou aanvra.

Die Stampplan stel voor dat korttermynseise teen sleutelvaluta=lande (onder die goudwisselstandaard) deur middel van goud of die depositosertifikate afgelos sal kan word. Die gevaar be=staan dat genoemde depositosertifikate dan in die hande van enkele surpluslande gekonsentreer word, sodat die gepaard=gaande risiko's (indien die aanvaarbaarheid van dié sertifi=kate onder verdenking sou kom) deur enkele lande gedra sal word.

Benewens die bevraagtekening van die omvang van die deposito=sertifikate-uitgifte, is en word heelwat kritiek teen die koppeling van buitelandse hulp aan die skepping van monetêre reserwes uitgespreek.

1) Stamp, op. cit., p.81.

Die internasionale aanvaarbaarheid van die voorgestelde depositosertifikate word deur Stamp self, op 'n indirekte wyse, bevraagteken: "... if Russia were to put a considerable quantity of gold on the world market there is no reason to believe that countries would not be glad to absorb it".¹⁾

(b) Die nuwe Stampplan

Alhoewel Stamp gedurende 1962 steeds van mening was dat sy oorspronklike hervormingsvoorstel "... remains, in theory, a good one",²⁾ het hy nogtans, vanweë sekere grondige besware, 'n hersiene Stampplan die lig laat sien.

Die nuwe Stampplan magtig steeds die I.M.F. om sertifikate (gedenomineer in V.S.A.-dollars) teen 'n pariwaarde van \$35 per fynons en teen die pariwaarde-ekwivalente in ander I.M.F.-geldeenhede inwisselbaar, uit te reik. In teenstelling met die oorspronklike Stampplan word dié sertifikate, ingevolge die hersiene voorstel, as 50-jaar lenings deur die I.M.F. aan die Internasionale Ontwikkelingsassosiasie ("International Development Association") beskou, wat deur laasgenoemde op sy beurt aan ontwikkelende lande beskikbaar gestel word.

Ten einde die belange van surpluslande te beskerm, maak die nuwe Stampplan daarvoor voorsiening dat I.M.F.-lidlande ooreenkom "... to receive these certificates from central banks or monetary authorities in settlement of international obligations, up to a total amount equal to their quotas".³⁾ Daarbenewens word van I.M.F.-lidlande vereis om geakkumuleerde

1) Ibid., p.83.

2) Ibid., p.86.

3) Ibid., p.87.

sertifikate as deel van hul monetêre reserwes te beskou en om sodanige sertifikate slegs in noodtoestande (en nie om hul goud- en dollarreserwes aan te vul nie) aan te wend.

Indien 'n betrokke land nie in staat of bereid is om 'n aanbod van sertifikate te aanvaar nie, onderneem die I.M.F. om sodanige sertifikate uit sy eie bronne af te los, met die insluiting, indien nodig, van sy goudreserwes. In laasgenoemde geval maak die nuwe Stamplan daarvoor voorsiening dat die goudontvangende land onderneem om die goudreserwes van die I.M.F. so gou as moontlik weer aan te vul. Onder die nuwe Stamplan word die waarde van die sertifikate deur die bates van die I.M.F. gewaarborg. Onder die oorspronklike Stamplan is dié funksie deur die bereidwilligheid van ander lande om dit te aanvaar, vervul.

Alhoewel die nuwe Stamplan onbetwisbare voordele bo die oorspronklike variasies inhou, kan sekere basiese besware egter steeds teen die nuwe voorstel ingebring word. Eerstens het dié stelsel 'n inflasionistiese raamwerk wat nie binne die kader van die huidige hervormingstrategie ingepas sal kan word nie. Daarbenewens word steeds heelwat kritiek teen die outomatiese skakeling tussen die skepping van monetêre reserwes en die beskikbaarstelling van buitelandse hulp uitgespreek. Rolfe voer ook aan dat "... the essential criticism is that the quality of IMF assets would be lower under this scheme than under the existing IMF or under Triffin's plan".¹⁾ Die internasionale aanvaarbaarheid van die depositosertifikate word derhalwe steeds bevraagteken.

1) Rolfe, op. cit., p.233.

Benewens bogenoemde kritiek teen die inflasionêre aard van die nuwe Stamplan voer Van Wyk¹⁾ ook die volgende beswaar aan: "Waar die sertifikate deur die IDA in ruil vir valuta uitgeleen word, bring dit eintlik nie veel voordeel aan die betrokke land nie - sy netto reserwes sal nog dieselfde bly". Dit is duidelik dat dié twee kritiekpunte moeilik versoenebaar is. Dié mistasting deur Van Wyk is gegrond op die bewering dat 'n land se netto reserwes onveranderd gelaat word indien sertifikate met behulp van valuta aangekoop word. Dié stelling sal slegs korrek wees indien die aankoop van die sertifikate met behulp van buitelandse valuta gefinansier word.

6.3.3.1.4 Die Angellvoorstel²⁾

Die Angellvoorstel spruit uit 'n kritiese analise van die Triffinplan deur James Angell gedurende 1961. Benewens sekere modifikasies aan die Triffinplan, bestaan die hervormingsplan van Angell ook uit ingrypende voorstelle met betrekking tot die monetêre rol van goud. Vir die doeleindes van hierdie studie, en vanweë die basiese ooreenstemming met die Triffinplan (wat reeds bespreek is), word slegs Angell se ingrypende voorstelle aangaande goud in hierdie paragraaf ontleed.

Angell stel voor dat die goudlekkasiemoontlikheid, wat onder die Triffinplan bestaan, deur 'n stelsel van eenrigtinginwisselbaarheid vir goud ondervang kan word. Om dié eenrigtinginwisselbaarheid van goud te bereik, stel Angell voor dat

1) Van Wyk, op. cit., p.138.

2) Angell. The Reorganization of the International Monetary System: An Alternative Proposal. (In Grubel, op. cit., p.90-110); Rolfe, op. cit., p.231-2; en Van Wyk, op. cit., p.139-40.

goud gebruik kan word om bancordeposito's aan te koop, maar nie omgekeerd nie. Daarbenewens hou die Angellvoorstel in dat die rol van goud as internasionale betaalmiddel geëlimineer behoort te word, "... except where mutually convenient".¹⁾

Binne die raamwerk van die X.I.M.F. (die reorganisasie van die I.M.F. behoort, volgens Angell, op dieselfde riglyne as dié van Triffin plaas te vind) is die volgende voorskrifte vir goudtransaksies deur die Angellplan voorgestel:²⁾

- (a) dit staan X.I.M.F.-lidlande en die X.I.M.F. vry om goud van enige gewillige goudverkoper aan te koop;
- (b) geen X.I.M.F.-lidland sal goud as betaling kan vereis nie;
- (c) die X.I.M.F. sal geen goud van lidlande vereis nie, behalwe in geval van sekere sanksiematreëls;
- (d) die X.I.M.F. of lidlande sal geen goud aan individue (behalwe vir beperkte industriële doeleindes) of nie-lidlande verkoop nie; en
- (e) die X.I.M.F. mag goud vrylik aan 'n lidland leen of verkoop, en lidlande mag goud vrylik aan mede-lidlande of die X.I.M.F. leen of verkoop.

Die X.I.M.F. sal 'n ware "internasionale" sentrale bank genoem kan word aangesien dit gemagtig word om goudgedenomineerde bancordeposito's te kan skep. In ooreenstemming met die

1) Rolfe, op. cit., p.231.

2) Angell, op. cit., p.100.

Triffinplan beoog die Angellvoorstel om goud as internasionale betaalmiddel met bancondepósito's te vervang.

Die bepaling van die Angellvoorstel dat geen lidland, of die X.I.M.F., goud as internasionale betaling mag vereis nie, ondersteun beslis die standpunt¹⁾ dat dié hervormingsvoorstel van Angell neig om die monetêre wêreld minder van goud afhanklik te maak. Angell se voorstelle dat monetêre outoriteite geen goud aan private individue vir oppottingsdoeleindes mag verkoop nie en dat die X.I.M.F., asook X.I.M.F.-lidlande, goud vrylik van enige bron mag aankoop, dui egter daarop dat die Angellvoorstel nie tot 'n volledige demonetisasie van goud sal lei nie. Die monetêre rol van goud sal dus tot die insluiting in monetêre reserwe en gedeeltelike eliminasië uit internasionale vereffening beperk wees. Laasgenoemde voorstel is slegs geregverdig indien 'n verhoging van die kwaliteit van die internasionale reserwestruktuur daardeur beoog word. Ten spyte van Angell se voorstel van eenrigtinginwisselbaarheid vir goud het ook hy die nodige voorsorg getref dat die onontbeerlike teenwoordigheid van goud in die monetêre stelsel verseker sal wees.

6.3.3.1.5 Davies se voorstel vir die skepping van 'n internasionale goudbeurs ("International Gold Exchange")²⁾

In sy poging om 'n monetêre hervormingsplan daar te stel, gaan Davies³⁾ van die standpunt uit dat "gold is no longer satisfactory as a monetary reserve". Davies stel as 'n vereiste vir hervorming voor dat 'n kompromie tussen die geleidelike demoneti-

1) Rolfe, op. cit., p.232.

2) Davies. Gold: A forward Strategy, p.20-7.

3) Ibid., p.20.

sasie van goud en die tempo van absorpsie van die surplus monetêre reserwes deur industriële verbruik, gevind moet word. Hy beweer dat die potensiële negatiewe effek van die demonetisasie van die internasionale goudreserwes geneutraliseer kan word deur

- (a) die regulering van monetêre reserwes met behulp van die doelbewuste skepping van ander reserwebates; en
- (b) die stabilisering van die goudprys op die private goudmarkte met behulp van 'n "nuwe" beleid van buigsame ondersteuning.

Volgens Davies kan die proses waartydens goud gedemonetiseer word, in twee verskillende fases verdeel word. Gedurende die eerste fase, wat tussen vier en agt jaar behoort te duur, word alle toekomsverwagtings met betrekking tot 'n hoër offisiële goudprys geëlimineer. Die resulterende aanbod van private goudvoorrade en surplus goudproduksie¹⁾ behoort, volgens Davies, tot 'n toename van tussen \$10 en \$20 miljard in monetêre goudreserwes te lei. Gedurende die tweede fase, wat tussen 40 en 100 jaar behoort te duur, sal die lae goudprys aanleiding gee tot 'n daling in goudproduksie en 'n styging in industriële goudverbruik. Die tekort aan goud wat uit laasgenoemde situasie ontstaan, sal uit die monetêre goudreserwes aangevul kan word. Davies²⁾ kom tot die gevolgtrekking dat "gold would for many years retain its traditional monetary role and this role would indeed be strengthened initially, before the 'phasing out' begins".

1) Vanaf die sewentigerjare word bykans alle goudproduksie ten volle deur die industriële en artistieke goudvraag geabsorbeer.

2) Ibid., p.22.

Ten einde bogenoemde hervormingstrategie te implementeer, stel Davies die daarstelling van 'n internasionale goudbeurs (IGB) voor. Alhoewel die IGB onder die beskerming van die I.M.F. behoort te funksioneer, kan dit ook as 'n onafhanklike instelling optree. Davies¹⁾ stel dit duidelik dat sy voor=stelle "... is not intended as a panacea for all problems in international monetary affairs", maar is wel daarop gemik om die probleme aangaande goud op te los.

Die doeleindes²⁾ van die te stigte IGB kan soos volg saamgevat word:

- (a) Die IGB sal die formele operasionele raamwerk verskaf waarbinne deelnemende sentrale banke kan saamwerk.
- (b) Die IGB sal as die uitsluitlike agent vir onderlinge goudtransaksies tussen die sentrale banke van lidlande optree.
- (c) Die IGB sal, in die hoedanigheid van uitsluitlike agent vir lidlande, goud op die private goudmarkte koop en verkoop onder omstandighede wat enige potensiële spekulasiewe tendense sal reduseer.
- (d) "Aanpasbaarheid" sal 'n funksie van die omvang van internasionale monetêre goudreserwes wees "... by allowing ordered transactions in the private market with gold producers, gold consumers, and private gold holders".³⁾

1) Ibid., p.23.

2) Loc. cit.

3) Loc. cit.

- (e) Die nie-amptelike goudprys sal binne redelike en aanpasbare marges om die offisiële goudprys gestabiliseer word.
- (f) Die geleidelike demonetisasie van goud sal oor 'n periode van enkele dekades plaasvind en met die minimum onstabiliteit gepaard gaan.

Ingevolge die voorstelle van Davies sal die IGB as verrekeningsagent ten opsigte van alle goudtransaksies tussen lidlande¹⁾ optree. Die verantwoordelikheid vir die borgskap van die offisiële goudprys sal deur die volle lidlande gedra word. Davies beweer in hierdie verband dat "their currencies become acceptable as reserve currencies for use by all monetary authorities".²⁾ Beperkte lede sal egter van dié verantwoordelikheid onthef word.

Davies stel voor dat alle goudtransaksies van lidlande òf op die private goudmarkte òf met nie-lede, deur bemiddeling van die IGB behoort te geskied. Die doel van laasgenoemde bepaling is "... to assure orderly transactions which are equitably apportioned among all members".³⁾

Die IGB onderneem verder om die goudprys op die private goudmarkte tussen \$30 en \$40 per fynons te stabiliseer. Die relatiewe wye marge tussen die vloer- en plafonpryse (naamlik \$10 per fynons) weerspieël die beginsel van aanpasbare ondersteuning wat beoog word.

1) Davies onderskei drie kategorieë van lidmaatskap, nl.: volle, beperkte en proeflede.

2) Ibid., p.24.

3) Ibid., p.25.

Davies¹⁾ wys daarop dat sy voorstel vir die skepping van 'n internasionale goudbeurs in breë trekke met soortgelyke voorstelle van Bernstein, Triffin en Machlup ooreenstem. Die basiese tegniese verskil tussen sy voorstel en laasgenoemde drie se voorstelle, word deur Davies²⁾ soos volg opgesom: "... outside transactions in gold of the Exchange are for the accounts of members, while the agency transactions in the other three plans are for the agency's own accounts, where the members have merely deposit balances with the agency".

Die hervormingsvoorstel van Davies hou besliste voordele vir die huidige hervormingsproblematiek in. Die uitgangspunt dat goud oor die lang termyn gedemonetiseer en geleidelik deur S.T.R.'e vervang behoort te word, is 'n positiewe benadering tot die huidige goudprobleem, veral komende van 'n Amerikaner. Daarbenewens spreek die gedetailleerde ontleding van sy hervormingsplan, van Davies se diepe insig in die rol van goud in die internasionale hervormingsproblematiek. Die natuurlike stabiliserende invloed wat deur die aktiwiteite van die IGB op die goudprys in die private goudmarkte uitgeoefen behoort te word, sal 'n positiewe verbetering op die tradisionele, onbuigsame stabilisasie-metodiek wees.

Benewens bogenoemde voordele kan ook ernstige bedenkinge met betrekking tot sekere fasette van die Daviesplan na vore gebring word. Eerstens is dit te betwyfel of dié hervormingsvoorstel teen die huidige agtergrond van hoë private goudpryse suksesvol geïmplementeer sal kan word. Tweedens dui die voorgestelde stabilisasie van die goudprys steeds op 'n "gedwonge"

1) Ibid., p.27.

2) Loc. cit.

demonetisasie van goud. Laastens berus die sukses van Davies se hervormingsvoorstel in 'n groot mate op die verwagte grootskaalse goudontpotting wat op die "... elimination of expectations for a higher official price for gold"¹⁾ behoort te volg. In die verlede kon soortgelyke pogings nie private goudoppotting voorkom nie.

6.3.3.1.6 Die Bostonplan²⁾

James Boston het gedurende 1961 'n skema voorgestel wat daarop gemik was "... of producing a copious supply of gold for international welfare aid without disrupting the parity of gold and the dollar".³⁾ Die skema hou in dat die belangrikste goudbesitters ooreenkom dat die sentrale banke van die betrokke lande as trustees van monetêre goud moet optree.

Ten einde die Bostonplan te implementeer, is die volgende stappe voorgestel:

- (a) Goud word na die betrokke sentrale banke oorgedra terwyl die oorspronklike eienaars van bank- en tjekboeke voorsien word, op grond waarvan ekwivalente krediete (in terme van die betrokke geldeenhede), ten volle deur goud teen die amptelike goudprys gedek, aan die eienaars toegeken word.
- (b) Met inagneming van (c) hieronder, stel Boston voor dat die offisiële goudprys van \$35 na \$70 per fynons verhoog word. Dié stap sal tot gevolg hê dat 'n hoeveelheid goud, gelyk aan die oorspronklike goudvoorraad, vir

1) Ibid., p.21.

2) Boston. Gold and the dollar, p.2-6.

3) Ibid., buiteblad.

internasionale gebruik vrygestel word, "without disturbing a single balance sheet".¹⁾

- (c) Alle verdere beskikbare goud sal deur die trustee=banke teen die oorspronklike goudprys aangekoop word.

Die stelsel wat op bogenoemde wyse ontplooi, sal inhou dat krediete vrylik oordraagbaar en op aanvraag onbeperk in bank=note (ten volle deur goud gedek) inwisselbaar sal wees. Lande wat nie in die skema deel nie "... could open accounts by selling gold at the old price or accepting a cheque from those within the scheme in payment of an amount due".²⁾

Boston beweer dat sy hervormingsvoorstel nie die goud-dollar-pariteit sal versteur nie, en dat alle moontlike negatiewe resultate van 'n verhoging in die offisiële goudprys eweneens vermy sal word.³⁾ Dit is egter duidelik dat die inflasionêre gevolge van 'n goudprysverhoging nie vermy kan word indien die "geskepte" goudvoorraad vir buitelandse hulpverlening aangewend word nie.

Benewens bedenkinge teen die praktiese uitvoerbaarheid van die Bostonplan, is dié voorstel onvolledig toegelig met betrekking tot aspekte soos die nie-amptelike goudprys, die industriële goudvraag, die komposisie van internasionale likiditeit en die verband tussen goud en ander reserwebates.

Boston⁴⁾ som die kern van sy voorstel soos volg op: "The

1) Ibid., p.2.

2) Loc. cit.

3) Die argumente ten gunste van en teen 'n verhoging in die amptelike goudprys word in paragraaf 6.3.3.3 bespreek.

4) Boston, op. cit., p.3.

parity of gold and the dollar is not broken. That simple fact is the whole point of the scheme". Dié bewering is egter ongegrond; 'n verhoging in die amptelike goudprys hou immers 'n de facto-dollardevaluasie in.

6.3.3.1.7 Resente voorstelle - die sentralisasie van goud= reserwes by die I.M.F.¹⁾

Tydens 'n vergadering²⁾ van verteenwoordigers van die V.S.A. en die Europese Raad van Ministers is gepoog om 'n kompromie te vind "... between the need for the Europeans to put their gold reserves to use, and the stubborn US insistence that gold remain demonetized".³⁾ Die Europese behoefte om hul goudreserwes te mobiliseer, spruit voort uit die internasionale oliekrisis; Europese sentrale banke ondervind 'n nypende tekort aan internasionale likiditeit vanweë die hoër internasionale oliepryse.

'n Ander voorstel wat gemaak is, hou in dat die I.M.F. goud teen markgebonde goudpryse van die Europese sentrale banke aankoop. Die betaling vir die goud sal in S.T.R.'e geskied. Die I.M.F. onderneem om die goud namens die Europese banke op die internasionale goudmarkte te verkoop, indien nodig. Laasgenoemde bepaling is egter verwarrend. Hoe kan daar sprake wees van "sell the gold on behalf of European banks",⁴⁾ indien die goudaankope deur die I.M.F. reeds met S.T.R.'e vereffen is? Die doel van die voorstel is dan juis om die monetêre goudreserwes te mobiliseer sonder om die internasionale goudpryse in duie te laat stort. Die bevrediging van die likiditeitsbehoefte

-
- 1) Anon. Gold reserves agreement coming. Tradeways, 3(11):1 en 4, Junie 1974.
 - 2) Gedurende Junie 1974.
 - 3) Ibid., p.1.
 - 4) Ibid., p.1, 4.

van die Europese sentrale banke behoort, aldus dié voorstel, juis van die private goudmarkte geïsoleer te word.

Dié voorstel hou geen voordele bō 'n regstreekse verhoging in die amptelike goudprys in niē. Trouens, 'n regstreekse goudprysverhoging sal die voordeel inhou dat die goudreserwes van die V.S.A. gerevalueer word - 'n stap wat die herinstelling van die goudinwisselbaarheid van die dollar moontlik sal maak. Die sentralisasie van goudreserwes by die I.M.F. kan daarbenevens ook aanleiding gee tot 'n manipulasie van die nie-amptelike goudpryse.

'n Voorstel wat met laasgenoemde verband hou, is dié van Witteveen.¹⁾ Hy stel voor dat die I.M.F. sy goudvoorraad op die vrye markte moet verkoop. Die geld wat so verkry word, kan aangewend word om die tekort te finansier wat die ontwikkelende lande op die oomblik in hulle betalingsbalans ondervind. Benewens die negatiewe effek wat sodanige optrede op die vrye goudmarkpryse sal hê, sal sō 'n voorstel ook moeilik aanvaar word. Lande met groot goudreserwes (soos Frankryk) sal 'n eliminasië van goud uit die monetêre stelsel sterk teenstaan. Sō 'n "gedwonge" demonetisasie van goud is nie geregverdig nie.

6.3.3.2 Die uitbouing van die goudwisselstandaard

6.3.3.2.1 Die Bernsteinplan (of SRE-Voorstel)²⁾

Die hervormingsvoorstel van Bernstein staan algemeen as die

-
- 1) Coetzee. Nuwe probleme met goud. Sake-Rapport, 4 Augustus 1974, p.1.
 - 2) Bernstein. Proposed Reforms in the International Monetary System (In Grubel, op. cit., p.187-202); Rolfe, op. cit., p.244-7; en Bernstein. The Bernstein Approach (In Hinshaw, red., op. cit., p.53-73).

Saamgestelde Reserwe-eenheid-Voorstel¹⁾ bekend. Die doelwit van die Bernsteinplan word deur Rolfe²⁾ soos volg saamgevat: "... the CRU is intended to be an addition to the existing system, rather than a replacement of it".

Bernstein beweer dat die monetêre hervormingsvraagstuk spruit uit die onvermoë van goud en buitelandse valuta om 'n vol=doende en stabiele groei in monetêre reserwes te verseker. Die SRE-Voorstel is daarop gemik om laasgenoemde behoefte aan monetêre reserwes te bevredig met behulp van die skepping van 'n nuwe reserwebate (nl. die sogenaamde SRE).³⁾

Die SRE sal noodwendig 'n noue ooreenkoms met buitelandse valutareserwes moet hê, maar die SRE sal terselfdertyd sommige van die reserwe-eienskappe van goud moet besit.⁴⁾ Bernstein som die aard van die SRE sô op: "That is to say, while the new reserve asset will inevitably be a credit instrument in the sense that it will be an obligation of the countries that create it, the new reserve asset should have a fixed and guaranteed gold value and it should be a final reserve asset".⁵⁾

Bernstein stel voor dat die skepping van SRE'e deur 'n filiaal van die I.M.F., gestel die Reserwe-Eenheid-Rekening, behartig behoort te word. Die Bernsteinplan vereis verder dat elke

- 1) Die term "SRE-Voorstel" sal deurgaans gebruik word.
- 2) Rolfe, op. cit., p.244.
- 3) 'n Soortgelyke hervormingsvoorstel is die "Fund Unit Account"-plan van Roosa (vergelyk: Roosa. Monetary reform for the World Economy, hoofstuk III). Vanweë die basiese ooreenstemming tussen die Roosaplan en SRE-Voorstel van Bernstein, ook ten opsigte van die monetêre rol van goud, word die voorstelle van Roosa nie ontleed nie.
- 4) Bernstein. The Bernstein Approach. (In Hinshaw, red., op. cit., p.65).
- 5) Loc. cit.

deelnemende land 'n spesifieke hoeveelheid van sy binnelandse geldeenheid by die I.M.F. moet stort, waarna 'n ekwivalente aantal SRE'e aan elke lidland toegeken sal word. Die deelnemers sal onderneem om SRE'e in betalingsbalansvereffening te aanvaar. Die omvang van die jaarlikse SRE-uitgifte sal in ooreenstemming met die behoefte aan internasionale monetêre reserwes plaasvind, en SRE-uitgifte sal vir termyne van vyf jaar beplan word.

Bernstein skenk heelwat aandag aan die toekomstige monetêre rol wat goud onder sy SRE-plan sal vervul.¹⁾ Selfs al word die SRE-Voorstel aanvaar, sal goud steeds 'n sentrale posisie in die internasionale monetêre stelsel inneem. Die rede hiervoor is tweërlei van aard. Eerstens is die historiese rol van goud as monetêre basis reeds so goed gevestig dat die vertroue in SRE'e vir 'n geruime tyd van die "assurance of its full equivalence to gold"²⁾ afhanklik sal wees. Tweedens maak goud so 'n belangrike komponent van totale monetêre reserwes uit, dat goud moeilik as internasionale reserwebate vervang sal kan word. Bernstein voer egter ook aan dat die ekwivalente aantreklikhede (as reserwes en internasionale betaalmiddels) van goud, buitelandse valuta en SRE'e gehandhaaf behoort te word.

Heelwat voorstelle word deur Bernstein gemaak om die SRE as algemeen aanvaarde reserwebate gevestig te kry. Ingevolge die Bernsteinplan sal die SRE nie in goud inwisselbaar gemaak kan word nie. Hy motiveer dit soos volg: "If Reserve Units were subject to this obligation they would lose the characteristic of being a final reserve asset".³⁾ Om indirekte omskakeling

1) Ibid., p.69-73.

2) Ibid., p.69.

3) Ibid., p.70.

van SRE'e na goud te voorkom, bepaal die Bernsteinplan dat lande nie SRE'e mag aanwend om die samestelling van hul reserwes te wysig nie. Daarbenewens word bepaal dat SRE'e onvoorwaardelik in die vereffening van betalingsbalanstekorte aangewend sal kan word, "... without relegating gold to a sacred but inactive role".¹⁾

Bernstein²⁾ stel twee alternatiewe metodes voor op grond waarvan die onbeperkte aanvaarbaarheid van SRE'e bewerkstellig sal kan word, nl. deur

- (a) die gebruik van SRE'e aan goud en buitelandse valuta te koppel; tekortlande sal dus verplig word om alle reserwekomponente in die finansiering van betalingsbalanstekorte te gebruik; en
- (b) die verpligting van lande om SRE'e in hul reserwes op te neem, te beperk, sonder om sodoende die aanvaarbaarheid van SRE'e in internasionale vereffening te skaad.

Bernstein³⁾ voer aan dat die SRE met verloop van tyd as 'n volwaardige reserwebate, ten volle ekwivalent aan goud en dollars, na vore sal tree. Hy is daarvan oortuig dat sy voorgestelde SRE-plan die effektiewe funksionering van die goudwisselstandaard sal bewerkstellig, "without the restrictive effects of an inadequate growth of reserves and without the disruptive effects of reducing the gold value of currencies".⁴⁾

1) Loc. cit.,

2) Ibid., p.70-1.

3) Ibid., p.72.

4) Ibid., p.73.

Die voorstel dat monetêre reserwes deur middel van 'n nuwe reserwe-eenheid, wat deur 'n aantal geldeenhede gerugsteun sal word, aangevul behoort te word, sal volgens Rolfe¹⁾ heelwat politieke steun geniet. Heelwat kritiek kan egter teen die SRE-Voorstel gelewer word,²⁾ nl.

- (a) Bernstein stel voor dat die skepping van SRE'e sowat \$1 miljard per jaar (gedurende die eerste vyf jaar) behoort te beloop. Sô 'n syfer is beslis baie arbitrêr en sal waarskynlik nie aan die behoeftes van internasionale likiditeit kan voldoen nie.
- (b) Ten spyte van die voorgestelde skepping van SRE'e sal die internasionale monetêre stelsel se afhanklikheid van sleutelvalutas (met die gepaardgaande probleme) voortduur. Indien die V.S.A., byvoorbeeld, 'n betalingsbalanssurplus sou ondervind, sal die totale reserweaanbod waarskynlik daal. Tekortlande sal hul tekorte met die V.S.A. waarskynlik in dollars (in plaas van goud en SRE'e) aflos, wat 'n afname in totale monetêre reserwes sal verteenwoordig.
- (c) Die voorstel dat deelname aan die SRE-plan tot die Groep van Tien en Switserland beperk word en sodoende die ontwikkelende lande uitsluit, laat baie ruimte vir kritiek. Dit is dan juis die ontwikkelende lande wat die grootste behoefte aan monetêre reserwes ondervind.
- (d) Die implementering van die SRE-Voorstel kan tot 'n

1) Rolfe, op. cit., p.246.

2) Ibid., p.246-7.

onbuigsaamheid in wisselkoerse lei. Rolfe¹⁾ lig dié moontlikheid soos volg toe: "Since the national currencies transferred to the I.M.F. for CRU's must carry a gold guarantee, the reluctance of any country to devalue, even with a fundamental disequilibrium in its balance of payments, may increase".

6.3.3.2.2 Harrod en internasionale likiditeit²⁾

Harrod het reeds gedurende 1961 op 'n toename in die verhouding tussen wêreldhandel en internasionale likiditeit gewys. Hy voer aan dat dié tendens voldoende regverdiging bied vir "a prima facie case for taking steps to increase world liquidity".³⁾

As eerste alternatief vir die oplossing van die internasionale likiditeitsvraagstuk staan Harrod 'n verhoging van die offisiële goudprys⁴⁾ en 'n geleidelike toename in die skepping (en toekenning) van S.T.R.'e voor. Gepaardgaande hiermee staan hy die beperking van goud tot die uitsluitlike gebruik deur sentrale banke voor. Met laasgenoemde voorstel word die besparende aanwending van monetêre goud in internasionale transaksies beoog. Alhoewel dié metode volgens Harrod die eenvoudigste is, besef hy dat die deurvoering daarvan deur die optredes van die V.S.A. en die I.M.F. bemoeilik sal word.

1) Ibid., p.249.

2) Harrod. Liquidity. (In Grubel, op. cit., p.203-26); Van Wyk, op. cit., p.146-7; en Harrod. The shape of International Monetary Reconstruction. (In Institute of Directors, op. cit., p.10-12).

3) Id. Liquidity. (In Grubel, op. cit., p.209).

4) Vir 'n volledige bespreking van 'n verhoging in die goudprys, vergelyk paragraaf 6.3.3.3.

As tweede alternatief stel Harrod voor dat die "hervormde" I.M.F. 'n wêreldbuffervoorraad, bestaande uit 'n verskeidenheid primêre produkte, behoort te finansier. Sô 'n voorraad sal egter net tydelik verligting bring. Die tegniese probleme met die deurvoering van sô 'n voorstel is daarbenewens ook legio.

Harrod¹⁾ beweer dat die fundamentele probleem daarin geleë is dat "... we haven't got enough weapons for our targets".²⁾ Hy beveel derhalwe aan dat 'n ekstra beleidsinstrument (in die vorm van byvoorbeeld invoerbeheer of tariewe) as algemeen aanvaarbare deel van die arsenaal (van beleidsinstrumente) van sentrale banke erken behoort te word.

6.3.3.2.3 Lutz se voorstel vir 'n meervoudige sleutelvalutastelsel³⁾

Lutz is dit met die meeste ekonome eens dat die internasionale monetêre hervormingspoging op die potensiele tekort aan internasionale likiditeit gekonsentreer behoort te word. Hy beweer dat 'n meervoudige sleutelvalutastelsel die vermeende internasionale likiditeitsprobleem behoort op te los.

'n Meervoudige sleutelvalutastelsel hou in dat Westerse lande "... now holding dollar balances should in the future keep their international reserves not exclusively in one country's currency but in many, and that the United States too should follow a policy of holding other countries' currencies in

1) Id. The shape of International Monetary Reconstruction (In Institute of Directors, op. cit., p.10-11).

2) Ibid., p.10.

3) Rolfe, op. cit., p.236-44; Van Wyk, op. cit., p.147-8; en Lutz. The Problem of International Liquidity and the Multiple-Currency Standard. (In Grubel, op. cit., p.238-52)

addition to gold".¹⁾ Volgens Lutz beteken sy voorstel nie dat alle geldeenhede as sleutelvalutas sal kwalifiseer nie; die "nuwe" sleutelvalutas sal hoofsaaklik uit Wes-Europa gekies moet word.

Die implementering van 'n stelsel van meervoudige sleutelvalutas behoort gepaard te gaan met 'n algemene onderneming deur die sentrale banke van sleutelvalutalande om hul goud teen 'n vasgestelde prys aan monetêre outoriteite te verkoop. Sleutelvalutalande onderneem dus om hul geldeenhede te waarborg. Daarbenewens behoort geen land verplig te word om valutas waarin hulle nie belangstel nie, in hul monetêre reserwes in te sluit.

Benewens ander voordele - monetêre dissipline sal verhoog en geen nuwe monetêre instellings word benodig nie - sal 'n stelsel van meervoudige sleutelvalutas lei tot "a continuous growth in international reserves until a time so far distant in the future that no reasonable man would think it necessary to make preparations for it now".²⁾ Laasgenoemde toename in internasionale likiditeit sal moontlik gemaak word deur die lae verhouding tussen die goudvoorraad en korttermynverpligtings teenoor buitelandse monetêre outoriteite wat binne die afsienbare toekoms deur die nuwe sleutelvalutalande ondervind sal word.

Ernstige bedenkinge is egter reeds teen die voorstel van Lutz geopper. Eerstens sal hierdie stelsel 'n groot monetêre goudvoorraad wat as waarborg vir die verskillende (en nuwe)

1) Ibid., p.245.

2) Ibid., p.252.

sleutelvalutas moet dien, vereis. Tweedens¹⁾ sal die probleme wat uit chroniese tekortlande voortspruit, nie ingevolge die Lutzplan opgelos kan word nie. Ten slotte sal die handhawing van 'n relatief konstante verhouding tussen sleutelvaluta en monetêre goudreserwes moeilik gehandhaaf kan word.²⁾

6.3.3.2.4 Machlup en die monetêre rol van goud³⁾

Op grond van 'n fundamentele ondersoek na die tekortkominge van die goudwisselstandaard en die gepaardgaande hervormings= voorstelle kom Machlup tot die gevolgtrekking dat "one cannot possibly expect that there will be one particular among all plans for the international monetary system that may be singled out and proclaimed as 'the best' under any set of conditions".⁴⁾ Nieteenstaande sy huiwering om voorkeur aan enige hervormings= voorstel te verleen, neem Machlup standpunt ten opsigte van die goudprobleem (binne die raamwerk van die goudwisselstandaard) in.

Machlup⁵⁾ ontleed die goudprobleem aan die hand van die toenemende private goudoppotting wat gedurende die sestigerjare ten koste van 'n toename in monetêre goudreserwes ontwikkel het. Hy beweer dat genoemde goudoppotting op die valse veronderstelling berus dat goud 'n intrinsieke waarde, onafhanklik van die besluit van die V.S.A.-Kongres, besit. Hierteenoor beweer Machlup⁶⁾ dat "... the value of gold rests on a myth

1) Rolfe, op. cit., p.242.

2) Ibid., p.243.

3) Machlup. Reform of the International Monetary System. (In Grubel, op. cit., p.253-60); en Id. Plans for Reform of the International Monetary System, p.66-7.

4) Loc. cit.

5) Id. Reform of the International Monetary System. (In Grubel, op. cit., p.260).

6) Loc. cit.

which this Congress can destroy whenever it so chooses ... I am not sure that we should not caution the people and make them realize that gold is worth just as much as the U.S. Congress determines it to be". Hy gaan selfs so ver om te beweer dat goud tydelik as 'n volkome non-valuer¹⁾ kan ontwikkel indien die V.S.A. sou besluit om sy totale monetêre goudvoorraad op die internasionale goudmarkte van die hand te sit. Alhoewel Machlup²⁾ nie laasgenoemde optrede voorstaan nie, kom hy tot die volgende gevolgtrekking in verband met toekomstige monetêre rol van goud: "The golden calf is now a full-grown sacred cow, and perhaps the time to slaughter it is not far off".

Die belangrikste beswaar teen bogenoemde sienswyse van Machlup is dat hy die belangrikheid van goud in die internasionale monetêre stelsel onderskat.³⁾ Die huidige goudpryse op die internasionale goudmarkte word in 'n groot mate deur die toenemende industriële en artistieke vraag na goud - wat slegs op die inherente eienskappe van goud berus - beïnvloed. Daarbenewens besit die V.S.A. nie voldoende goudreserwes om die internasionale goudpryse onbeperk en onbepaald te manipuleer nie.

6.3.3.2.5 Zolotas se hervormingsvoorstelle

Xenophon Zolotas se bydrae tot internasionale monetêre hervorming het die vorm van twee afsonderlike hervormingsplanne (gedurende 1961 en 1968) aangeneem. Alhoewel dié twee voorstelle weinig gemeen het, word beide, vir ontledingsdoeleindes, in hierdie paragraaf bespreek.

1) 'n Kommoditeit sonder enige markwaarde.

2) Loc. cit.

3) Van Wyk, op. cit., p.150.

(a) Die oorspronklike Zolotasplan¹⁾

Zolotas voer aan dat die beperkte goudproduksie nie in die finansieringsbehoefte van die uitbreidende wêreldhandel kan voldoen nie. Sy basiese uitgangspunt is dat "... the gold exchange standard does not and cannot provide for an increase in international liquidity on a global basis, beyond the margins set by the stock of monetary gold and its prospective increases".²⁾ Die peil van en toename in internasionale likiditeit is dus, aldus Zolotas, van die monetêre goudvoorraad en vloei van nuutgeproduseerde goud afhanklik.

Zolotas beskou dit egter as belangrik dat die internasionale hervormingspoging binne die raamwerk van die goudwisselstandaard behoort plaas te vind. Sy voorstel vir 'n ware multi-valuta-goudwisselstandaard sluit die volgende maatreëls³⁾ in:

- (a) die wedersydse akkumulasie deur die belangrikste handelslande van mekaar se valuta;
- (b) die verskaffing van 'n goudwaardewaarborg op alle offisiële buitelandse sleutelvalutadeposito's deur die sleutelvalutalande; en
- (c) voorkeurrentekoerse en gunstige belastingbehandeling op offisiële buitelandse sleutelvalutadeposito's.

Zolotas beskou bogenoemde maatreëls as komplementêr en voer aan dat hulle gesamentlik geïmplementeer behoort te word om effektiwiteit te verseker. Zolotas beweer voorts dat "the over-all

1) Zolotas. Toward a Reinforced Gold Exchange Standard. (In Grubel, op. cit., p.292-298); en Van Wyk, op. cit., p.154-5.

2) Zolotas, op. cit., p.293-4.

3) Ibid., p.295.

result of their application would be the establishment of a multicurrency standard, in which the responsibility of supplying international liquidity and defending the stability of the system would be shared among several leading countries".¹⁾

Die oorspronklike Zolotasplan behoort beslis aanleiding te gee tot 'n aanvanklike verruiming in die aanbod van internasionale likiditeit. Oor die lang termyn sal dié voorstel egter ook, vanweë die beperkte goudproduksie en monetêre goudvoorraad, tot mislukking gedoem wees. In die algemeen is die kritiek wat teen Lutz²⁾ se voorstel vir 'n meervoudige sleutelvaluta=stelsel geopper is, ook hier van toepassing.

(b) Die nuwe Zolotasplan³⁾

Die nuwe Zolotasplan (wat op 7 Maart 1968⁴⁾ die lig gesien het) is gebore uit Zolotas se besef dat die dringende internasionale goudkrisis, wat sedert 1966⁵⁾ ontwikkel het, nie deur die S.T.R.-plan en Betalingsbalans-Aksieprogram van die V.S.A. opgelos sal word nie. Die internasionale goudkrisis wat Zolotas die goudstrik ("gold trap") noem, was die gevolg van die aktiwiteite van die Londense goudpoel. Zolotas lig hierdie saak soos volg toe: "By linking the international monetary system, through the 'gold pool', to the whims of gold speculators and hoarders, we have entered into the trap of a vicious circle".⁶⁾ Hy beweer dus dat die internasionale monetêre stelsel tydens die goudpoelera deur goudspekulante gedomineer is.

1) Loc. cit.

2) Vergelyk paragraaf 6.3.3.2.3.

3) Zolotas. The Gold Trap and the Dollar, p.3-34.

4) Ibid., p.3n.

5) Ibid., p.17.

6) Ibid., p.20.

In 'n poging om die internasionale likiditeitsvraagstuk, wat uit bogenoemde goudstrik voortgespruit het, op te los, het Zolotas¹⁾ twee interafhanklike en komplementêre maat-reëls op die vooraand van die opskorting van die Londense goudpoel voorgestel, nl.:

- (a) Die goudpryse op die internasionale goudmarkte behoort deur die interaksie van die vraag na en aanbod van nie-monetêre goud vasgestel te word. Alhoewel Zolotas nie die opskorting van die Londense goudpoel voorstel nie, beveel hy aan dat die goudpoel sy aktiwiteite op 'n gewysigde basis voortsit. Die goudpoel en V.S.A. sal onder geen verpligting staan om die goudprys op die vrye goudmarkte op \$35 per fynons te handhaaf nie. Zolotas beveel egter aan dat die goudpoeloutoriteite gemagtig behoort te word om vrylik goud op die vrye goudmarkte te koop of te verkoop. Hy stel voor dat laasgenoemde inmenging op die internasionale goudmarkte nie aan enige voorafbepaalde reëls onderwerp moet word nie; "in order for gold speculators and hoarders to be faced for the first time with a substantial element of risk".²⁾
- (b) Die V.S.A. behoort die monetêre goudprys op \$35 per fynons te handhaaf, maar behoort die omskakeling van dollarbalanse (in besit van buitelandse monetêre outoriteite) na goud op te skort. Daarbenewens stel Zolotas voor dat die V.S.A. van sy a priori-verpligting, om goud teen \$35 per fynons aan te koop, afsien, behalwe teenoor

1) Ibid., p.21-23.

2) Ibid., p.22. .

die monetêre outoriteite van ander lande. Offisiële dollarbalanse sal voortaan in goudsertifikate inwisselbaar wees. Daarbenewens voer hy aan dat "gold certificates will be non-interest bearing promissory notes of the U.S. Government expressed in ounces of gold payable on demand in dollars, at whatever official gold-dollar parity would exist at the time when such certificates would be cashed in".¹⁾ Die V.S.A. sal dus die verantwoordelikheid aanvaar om die inwisselbaarheid van dollarbalanse (in besit van buitelandse monetêre outoriteite) in goudsertifikate en omgekeerd te verseker.

Zolotas se nuwe hervormingsvoorstel hou dus in dat internasionale monetêre orde, vryhandel en algehele ekonomiese groei deur 'n stelsel wat op goud, goudsertifikate, S.T.R.'e en dollars gebaseer sal word, verseker moet word. Heelwat fundamentele kritiek kan egter teen bogenoemde hervormingsplan ingebring word.

Eerstens wil dit voorkom of die skepping van goudsertifikate slegs 'n kunsgreep is om die Amerikaanse ontduiking van sy buitelandse likiede dollarverpligtinge mee te verbloem. Behalwe in naam, sal daar geen werklike verskil tussen die voorgestelde goudsertifikate en buitelandse dollarbalanse bestaan nie, want

- (a) die V.S.A. onderneem om die amptelike goudprys op \$35 per fynons te handhaaf;
- (b) buitelandse dollarbalanse sal nie deur die V.S.A. in goud ingewissel word nie; en

1) Loc. cit.

- (c) offisiële buitelandse dollarbalanse en goudsertifikate sal wedersyds inwisselbaar wees.

In die internasionale konteks kan dus slegs op grond van die moontlike renteverdienste op dollarbalanse tussen V.S.A.-dollars en goudsertifikate gedifferensieer word. Dit wil dus voorkom of die voorgestelde opskorting van die goudinwisselbaarheid van die dollar met behulp van die sogenaamde "goudsertifikate" gekamoufler word.

Daarbenewens beweer Zolotas:¹⁾ "As a matter of fact while the gold certificates would be near perfect substitutes for gold, they would be rather poor substitutes for dollars". Dié stelling berus op die onsekere aanname dat volmaakte substitusie al dan nie, slegs op 'n konstante goud-pari-waarde berus.

Derdens, alhoewel Zolotas se poging om die goudstrik uit te skakel, prysenswaardig is, kan die voorstel dat die monetêre goudvoorraad ingespan word om goudspekulante te ontsenu, nie onderskryf word nie. Zolotas het skynbaar die invloed van die industriële en artistieke vraag na goud op die goudprys effens onderskat.

6.3.3.3 Die goudprys en internasionale monetêre hervorming

6.3.3.3.1 'n Amptelike goudprysverhoging versus die demonetisasie van goud

Dit word tradisioneel aanvaar dat pleidooie vir 'n verhoging in die amptelike goudprys noodwendig 'n demonetisasie van goud uitsluit. Die pro-goudskool, wat die herinstelling van 'n

1) Ibid., p.28.

goudgebaseerde internasionale monetêre stelsel voorstel, bepleit 'n amptelike goudprysverhoging met die doel om die noodsaaklike rol van goud as primêre reserwebate en internasionale rekeneenheid te herstel. Dié skool baseer hul voorstelle op die veronderstelling¹⁾ dat verhogings in die amptelike goudprys sal inhou dat

- (a) bestaande monetêre goudvoorrade dien ooreenkomstig gerevalueer sal word; en
- (b) bestaande monetêre goudvoorrade jaarliks op grond van toenames in goudproduksie,²⁾ Russiese goudverkope en private goudontpotting aangevul sal word.

Pleidooie vir amptelike goudprysverhogings verteenwoordig egter nie noodwendig steun vir die pro-goudskool nie. Sommiges steun sodanige optrede bloot as tydelike maatreël om die volume internasionale likiditeit uit te brei, tot tyd en wyl 'n algemeen aanvaarde oplossing gevind word. Sommige voorstanders van 'n demonetisasie van goud (oor die lang termyn) is dit dus eens dat amptelike goudtransaksies voorlopig teen realistiese pryse gesluit behoort te word. Gerhard de Kock³⁾ kom gedurende 1974 tot die volgende realistiese gevolgtrekking: "In other words, support for an eventual phasing out of gold is now quite reconcilable with support for an increase in one way or another in its official price during the period immediately ahead ..."

-
- 1) Machlup. Plans for Reform of the International Monetary System, p.42-3.
 - 2) Indien die toename in goudproduksie nie in fisiese eenhede realiseer nie, dan wel in monetêre waarde.
 - 3) De Kock. Gold and the South African economy - some recent developments, p.7.

In die res van paragraaf 6.3.3.3 word alle aspekte van die voorgestelde amptelike goudprysverhogings ontleed, sonder inagneming van voorkeure al dan nie, vir 'n goudgebaseerde internasionale monetêre stelsel.¹⁾

6.3.3.3.2 Diverse voorstelle vir amptelike goudprysverhogings

6.3.3.3.2.1 Regstreekse amptelike goudprysverhogings

Verskeie ekonome,²⁾ onder wie Rueff, Harrod, Einzig, McLaughlin, Boston, Erasmus, Browne, Diederichs, De Kock en Simha, het hulle in die verlede reeds ten gunste van 'n regstreekse verhoging in die monetêre goudprys uitgespreek. Alhoewel die voorstaanders van bogenoemde hervormingsplan dit ten opsigte van die onderliggende beginsels van sodanige voorstel eens is, bestaan daar nogtans heelwat meningsverskille sover dit die omvang van die voorgestelde goudprysverhogings betref.

-
- 1) Vergelyk paragraaf 6.3.3.4 vir 'n bespreking van voorstelle vir die herinstelling van die goudstandaard en die demonetisasie van goud.
 - 2) Rueff. The Rueff Approach. (In Hinshaw, red., op. cit., p.41); Harrod. Liquidity. (In Grubel, op. cit., p.210); Einzig. Gold and the Monetary Power-Vacuum. Euromoney, 3(1):85, Junie 1971; Id. The Destiny of Gold, p.113; McLaughlin. Gold and inflation, Euromoney, Januarie 1973, p.57; Boston, op. cit., p.2-3; Erasmus. Die plek van goud in die huidige internasionale monetêre stelsel, p.28; Browne. Another view on international monetary reconstruction. (In Institute of Directors, op. cit., p.28); Diederichs. The views of South Africa on gold. International Currency Review, 5(4):9, Julie/Augustus 1973; Id. Gold in a reformed monetary system. Euromoney, Februarie 1974, p.9; De Kock, op. cit., p.3; en Simha. Gold and the international monetary system, p.31.

Harrod en Jacques Rueff het gedurende die sestigerjare voorgestel dat die amptelike goudprys na \$70 per fynons verhoog behoort te word. Hul voorstel word gebaseer op die verdubbeling wat sedert 1934 in die algemene pryspeil in die V.S.A. ondervind is. Harrod¹⁾ motiveer die voorstel van \$70 per fynons soos volg: "The simplest method for obtaining the desired result would be to realign the dollar price of gold in proportion to the loss in the goods value of the dollar, which, by any mode of reckoning, has fallen to less than half its prewar value". Rueff gee toe dat goudherwinningstegnieke sedert 1934 aansienlik verbeter het en voorsien dat 'n amptelike goudprys van laer as \$70 per fynons ook aanvaarbaar kan wees, mits dit verband hou met die produksiekoste van goud.

G.W.G. Browne voer aan dat daar 'n "fairly wide range"²⁾ bestaan waarbinne die voorgestelde offisiële goudprys sinvol vasgestel sal kan word. Alhoewel Simha³⁾ voorstel dat die monetêre goudprys tussen \$52,50 en \$70 per fynons vasgestel behoort te word, verkies hy nogtans \$70 per fynons, omdat dit die mees blywende oplossing sal bied.

Donald McLaughlin het gedurende Januarie 1973 egter voorgestel dat die goudprys na \$105 per fynons verhoog behoort te word. Hy voer aan dat "a revaluation of gold of this magnitude would be required to prevent a serious decline in the output in gold from the known mining regions of the world".⁴⁾ Paul Einzig (\$140 per fynons) en N. Diederichs (\$150 per fynons) is ten

1) Harrod, loc. cit.

2) Browne, loc. cit.

3) Simha, loc. cit.

4) McLaughlin, loc. cit.

gunste van selfs hoër amptelike goudpryse.

Ekonome soos Gerhard de Kock, D.P. Erasmus en Boston is ten gunste van 'n regstreekse verhoging in die amptelike goudprys, maar spesifiseer (wyslik) nie die omvang van sodanige verhoging nie.

Die belangrikste beswaar¹⁾ teen bogenoemde voorstelle is in die starheid van die voorgestelde goudprysaanpassings geleë; die regstreekse verhogings in die amptelike goudprys is eenmalig en dus tydelik.

6.3.3.3.2.2 Jaarlikse amptelike goudprysverhogings

Paul Wonnacott²⁾ verkies 'n geleidelike toename van 2 persent per jaar in die amptelike goudprys bō 'n eenmalige regstreekse goudprysverhoging. Ten einde goudspekulasie te ontmoedig stel Wonnacott voor dat die opbrengs op skatkiswissels (in die V.S.A. en elders) bōkant 2 persent per jaar gehandhaaf behoort te word. Op grond van 'n veronderstelde 5 persent³⁾ jaarlikse groei in wêreldhandel beraam hy dat sy voorgestelde amptelike goudprysverhoging van 2 persent per jaar daartoe sal lei dat die verhouding tussen monetêre goudreserwes en invoere gehandhaaf sal word.

Die nadele van starheid en onbuigsaamheid wat met die voorstelle vir 'n regstreekse goudprysverhoging ondervind word,

-
- 1) Die algemene kritiek teen enige vorm van amptelike goudprysverhogings word in paragraaf 6.3.3.3.4 breedvoerig ontleed.
 - 2) Wonnacott. A suggestion for the revaluation of gold. The Journal of Finance, 18:49-55, 1963.
 - 3) Ibid., p.51. Dit kan aanvaar word dat Wonnacott sy voorstel van 2 persent sou wysig (verhoog) indien hy die huidige hoë groeikoers in wêreldhandel as uitgangspunt sou gebruik het.

word deur die Wonnacottplan gedeeltelik ondervang. Wonnacott¹⁾ lig dié saak soos volg toe: "... but if the revaluations are sufficiently small and sufficiently frequent, it may be possible to avoid the disruptive effects of revaluation".

'n Kombinasië van laasgenoemde twee voorstelle behoort egter die beste resultaat te lewer, want dit kombineer 'n aanvanklike regstreekse verhoging in die amptelike goudprys met jaarlikse inkremente, waarop vooraf besluit is, daarna.

Die Wonnacottplan hou die voordeel in dat die toename in internasionale likiditeit gelykmatig en sonder noemenswaardige distorsies sal voorkom. Die jaarlikse bepaling van die internasionale likiditeitsbehoefte - op grond waarvan die jaarlikse goudprysverhogings ingevolge die Wonnacottplan sal berus, is egter 'n moeilike en komplekse aangeleentheid.

Daarbenewens is dit te betwyfel of die praktiese implementering van die Wonnacottplan voortdurend 'n toename in goudspekulasië en -oppotting sal kan vermy. Gestel die peil van wêreldhandel vereis dat die amptelike goudprys met 10 persent per jaar behoort te styg om die goudreserwes/invoere-verhouding te handhaaf, sal geen spekulant so 'n risikovrye geleentheid deur sy vingers laat glip nie.

6.3.3.3.2.3 Afskaffing van die amptelike goudprys²⁾

'n "Nuwe" benadering wat teenswoordig groot aanhang geniet, is die voorstel dat die vaste amptelike goudprys ten koste van 'n swewende amptelike goudprys afgeskaf behoort te word, dat die

1) Ibid., p.53.

2) De Kock, op. cit., p.8-10.

skakel tussen S.T.R.'e en goud gebreek moet word en dat die S.T.R. as basiese internasionale rekeneenheid ontwikkel behoort te word. Twee verskillende denkrigtings het in die voorstelle vir 'n afskaffing van die amptelike goudprys ontplooi,¹⁾ nl.:

- (a) Die benadering dat monetêre outoriteite onderlinge goudtransaksies op 'n vrywillige grondslag teen markgeoriënteerde pryse mag sluit en goud op die internasionale goudmarkte slegs mag verkoop; en
- (b) die benadering wat van die voorafgaande verskil slegs in soverre monetêre outoriteite ook goud van die internasionale goudmarkte mag aankoop.

Die voorstanders van benadering (a) staan amptelike goudaankope op die internasionale goudmarkte teen, "since this might put too much upward pressure on the market price and lead to an increase in the volume of official gold reserves, which, it is feared, would retard the development of the SDR".²⁾ Reuss³⁾ beweer dat die opskorting van die amptelike goudprys sekere voordele sal inhou, te wete: die rol van goud as reserwebate sal verder afneem; die rol van goud as reserwebate sal nie volkome geëlimineer word nie want sentrale banke sal steeds goud na goeddunke as reserwebate en betaalmiddel kan aanwend; en die probleem van periodieke goudprysverhogings, binne die I.M.F.-stelsel, sal outomaties opgelos word.

1) Ibid., p.8.

2) Loc. cit.

3) Reuss. Why the official gold price should be abolished, not raised. International Currency Review, 6(2):28, Maart/April 1974.

Die verbod op offisiële goudaankope, ingevolge dié voorstel, dui egter op 'n poging om die demonetisasie van goud af te dwing. Aschinger¹⁾ beweer in dié verband: "Such a policy would in my opinion not be in the interest of strengthening the monetary system, but would on the contrary deprive the system of an element which still entails confidence". Daarbenewens sal sō 'n poging om die demonetisasie van goud af te dwing nie die nodige ondersteuning van sentrale banke geniet nie.

Die voorstaanders²⁾ van benadering (b) voer aan dat die opskorting van die amptelike goudprys slegs sin sal hê indien alle beperkings op die goudtransaksies van monetêre outoriteit ook opgehef word. Aschinger³⁾ voer aan dat die voorgestelde amalgamasie van die monetêre en nie-offisiële goudpryse die voordeel sal hê dat individuele sentrale banke self sal kan besluit "whether it wants to stay on its gold stock or whether it wants to increase or reduce it by purchases or sales on the market". Die demonetisasie van goud al dan nie, sal dus ingevolge dié voorstel langs die weg van evolusie uitkristalliseer.

Die belangrikste beswaar teen benadering (b) is dat monetêre goudvoorrade aan voortdurende fluktuasies onderwerp sal word indien die monetêre goudprys aan die fluktuierende goudpryse op die internasionale goudmarkte gekoppel sou word. Aschinger⁴⁾ stel voor dat genoemde fluktuasies in monetêre goudvoorrade geneutraliseer kan word deur goudreserwes teen 'n goudprys wat

1) Aschinger, loc. cit.

2) Dié voorstel is veral in Europa gewild.

3) Loc. cit.

4) Loc. cit.

laer as die verwagte fluktuasiemarge is, te waardeer, "leaving the oscillatory difference to their hidden reserve".¹⁾ Aschinger²⁾ en Diederichs³⁾ is dit egter eens dat die voorgestelde amalgamasie van goudpryse waarskynlik tot meer stabiele internasionale goudpryse sal lei as wat onder die huidige bedeling die geval is.

Die fundamentele rede waarom 'n swewende amptelike goudprys deur die meeste lande bō 'n regstreekse amptelike goudprysverhoging verkies word, is geleë in die internasionale poging om S.T.R.'e as die internasionale rekeneenheid te vestig en terselfdertyd goud deur die S.T.R. as die belangrikste reserwebate te vervang. Suid-Afrika se voorkeur vir 'n regstreekse verhoging in die amptelike goudprys berus op die uitgangspunt dat "... gold can combine the essential international monetary functions of 'numeraire' or unit of account, generally acceptable means of payment and store of value better than any other available reserve asset".⁴⁾ 'n Regstreekse verhoging in die amptelike goudprys bly egter 'n eenmalige en tydelike oplossing. Daarbenewens is dit insiggewend dat die "Riglyne vir Hervorming"⁵⁾ van die Komitee van Twintig geen voorsiening vir 'n regstreekse amptelike goudprysverhoging maak nie.

Voorstelle dat die amptelike goudprys afgeskaf behoort te word, word onder andere deur die I.M.F. en E.E.G. oorweeg. Geen besluit is nog in dié verband geneem nie, hoofsaaklik vanweë die Amerikaanse teenkanting teen sommige van die

1) Loc. cit.

2) Ibid., p.21.

3) Diederichs, loc. cit.

4) De Kock, op. cit., p.3.

5) Vergelyk paragraaf 6.2.4.2.

voorstelle. 'n Mylpaal is egter bereik in die poging om die offisiële goudreserwes te mobiliseer deur die ooreenkoms wat tussen die Groep van Tien aangegaan is (gedurende Junie 1974), ingevolge waarvan lande toegelaat word om internasionale lenings teen sekuriteit van hul monetêre goudreserwes (gewaardeer teen markgeoriënteerde goudpryse) aan te gaan.¹⁾ De Kock²⁾ kom tot die slotsom dat "events now appear to have taken over, and we seem to be moving inexorably towards a situation in which monetary authorities will be free to deal in gold with one another at market-related prices, and probably also to sell and buy gold in the private market".

6.3.3.3 Die verdeling van revaluasiewinste in geval van 'n amptelike goudprysverhoging³⁾

'n Onmiddellike verdubbeling of verdrievoudiging in die amptelike goudprys sal 'n direkte toename van \$50 of \$100 miljard in internasionale likiditeit tot gevolg hê, wat hoogs inflasionêr kan wees indien dit nie korrek geredistribueer word nie. Verskeie voorstelle met betrekking tot die verdeling van die revaluasiewinste is deur voorstaanders van 'n verhoging in die amptelike goudprys aan die hand gedoen.

Jacques Rueff het gedurende Desember 1972 voorgestel dat die revaluasiewinste van monetêre outoriteite buite die V.S.A. deur middel van 'n "omgekeerde Marshallplan" aan die V.S.A. beskikbaar gestel behoort te word.⁴⁾ Dié voorstel hou in dat

1) Vergelyk paragraaf 4.3.4.

2) De Kock, op. cit., p.9-10.

3) In dié paragraaf word slegs op resente voorstelle gekonsentreer omdat die huidige hoë peil van buitelandse dollardeposits daartoe lei dat die "ouer" voorstelle (soos Rueff se oorspronklike voorstel van 1961) nie in die huidige tydsgewrig toepaslik is nie.

4) McLaughlin, op. cit., p.56; en Aschinger, op. cit., p.20.

genoemde revaluasiewinste in die vorm van 'n langtermynlening (20 of 25 jaar) teen 'n buitengewone lae rentekoers aan die V.S.A. beskikbaar gestel behoort te word. Die doel van die "omgekeerde Marshallplan" is "... to strengthen the net monetary position of the US and to repay parts of their short-term dollar commitments to official creditors abroad".¹⁾

Simha²⁾ stel voor dat die revaluasiewinste soos volg verdeel word: Een derde word via die Internasionale Ontwikkelingsassosiasie as ontwikkelingskapitaal aan ontwikkelende lande beskikbaar gestel; 'n verdere derde word aan die I.M.F. beskikbaar gestel ten einde die bestaande kwotas van lidlande dienooreenkomstig te verhoog; en een derde word aangewend om die eienaars van sleutelvalutas te kompenseer.

'n Verdere voorstel³⁾ hou in dat alle I.M.F.-lidlande verplig word om hulle revaluasiewinste na die I.M.F. oor te dra, "... who would in turn distribute these stocks to its members according to the economic needs of growth of the global monetary reserves ...". Só 'n stap kan daartoe lei dat S.T.R.-toekennings tydelik opgeskort of verminder word.

Besliste voorkeur behoort aan die voorstel van Rueff gegee te word. Die huidige internasionale likiditeitsproblematiek spruit dan juis voort uit die relatiewe afname in die rol van goud en die resulterende toename in die rol van die dollar as internasionale betaalmiddel en reserwebate. Die voorstel van Jacques Rueff behoort die relatiewe monetêre belangrikheid van goud voldoende in ere te herstel.

1) Loc. cit.

2) Simha, op. cit., p.32.

3) Aschinger, loc. cit.

6.3.3.3.4 Die argumente ten gunste van en besware teen 'n verhoging in die monetêre goudprys

'n Verhoging in die amptelike goudprys, hetsy as tydelike maatreef of met die oog op die herinstelling van die volle goudstandaard, kan sekere belangrike monetêre voordele¹⁾ inhou, te wete:

- (a) internasionale likiditeit sal onmiddellik uitgebrei word, op grond waarvan voldoende goudekking vir toekomstige kredietuitbreiding geskep sal kan word;
- (b) die stabiliteit van die internasionale monetêre stelsel sal in 'n mate herstel word;
- (c) die inwisselbaarheid van die dollar in goud kan herstel word, indien die amptelike goudprysverhoging groot genoeg is;
- (d) die vertroue in die dollar en pond sal verhoog word vanweë die revaluasie van die monetêre goudreserwes van die V.S.A. en die Verenigde Koninkryk;
- (e) 'n substansiële offisiële goudprysverhoging sal die nadele van minidevaluasies - die dollardevaluasies van Desember 1971 en Februarie 1973 is sprekende voorbeelde hiervan - uitskakel;
- (f) die onaktiewe internasionale monetêre goudreserwes sal sodoende gemobiliseer word; en
- (g) die relatiewe belangrikheid van goud as internasionale reserwebate en betaalmiddel sal aansienlik verhoog word.

1) Einzig, op. cit., p.113-6; Wijnholds. Gold price, gold value and gold function, p.30-2; en Diederichs, loc. cit.

Daarteenoor is en word ook heelwat besware teen enige vorm van 'n verhoging in die monetêre goudprys geopper. Soos duidelik uit die hieropvolgende bespreking sal blyk, kan weinig van dié kritiek¹⁾ egter as fundamenteel beskou word:

- (a) Dit word beweer dat 'n amptelike goudprysverhoging 'n belangrike element van onbillikheid bevat; "that it would 'punish' the countries that have held on to their dollars, whereas it would 'reward' speculators and those countries that have amassed gold at the expense of the United States".²⁾ Wijnholds³⁾ voer aan dat dié standpunt onaanvegbaar is omdat dit nie 'n ekonomiese nie maar wel 'n morele argument is. Morele oorwegings het nog selde in die verlede die oorheersende rol in, byvoorbeeld, devaluasiebesluite gespeel. Rueff⁴⁾ beweer dat dit ewe "onbillik" was om die amptelike goudprys vir 37 jaar op \$35 per fynons vas te geopen het. Heelwat voorstelle, wat 'n "billike" verdeling van revaluasiewinste beoog, is egter reeds aan die hand gedoen.⁵⁾
- (b) 'n Tradisionele beswaar teen 'n amptelike goudprysverhoging is dat dit tot wêreldwye inflasie aanleiding kan

-
- 1) Wijnholds, op. cit., p.32-4; Gleske. Gold and the International Monetary System. Euromoney (Gold and Silver Survey), 3(3):(xiii), Augustus 1971; Erasmus, op. cit., p.25-8; Rueff, op. cit., p.43-6; Emminger. The gold-exchange standard and the price of gold. (In Hinshaw, red., op. cit., p.102-7); Robbins. Concluding observations. (In Hinshaw, red., op. cit., p.148-50); Reuss, op. cit., p.12; Simha, op. cit., p.27-31; Einzig, op. cit., p.114-8; en Harrod, op. cit., p.211-8.
- 2) Wijnholds, op. cit., p.32-3.
- 3) Ibid., p.33.
- 4) Rueff, op. cit., p.45.
- 5) Vergelyk paragraaf 6.3.3.3.3.

gee; "... the order of magnitude of the proposed change in the price of gold does carry with it serious dangers of inflation".¹⁾ Hierteenoor kan gestel word dat, indien die revaluasiewinste op een of ander vorm van kapitaalreserwe geplaas sou word, dit geen inflasie teweeg kan bring nie. Inflasie sal slegs aangehelp word indien die revaluasiewinste deur die betrokke owerhede bestee sou word - wat onwaarskynlik is omdat die meeste owerhede groot begrotingstekorte ondervind.²⁾ Die belangrikste eksponente van die voorstel dat die amptelike goudprys verhoog behoort te word, is dit eens dat die revaluasiewinste op anti-inflasione wyses geredistribueer moet word. In dié verband word aanbeveel dat die distribusie van revaluasiewinste gesentraliseer behoort te word ten einde internasionale dissipline te verseker en sodoende inflasie doeltreffend te bekamp. Ten opsigte van die noodsaaklikheid van 'n amptelike goudprysverhoging vir die bereiking van monetêre stabiliteit voer Rueff³⁾ die volgende aan: "Contrary to the view that a change in the price of gold would be dangerous to monetary stability, the situation is just the reverse: a change in the price of gold is necessary for the achievement and maintenance of monetary stability".

- (c) Daarbenewens word beweer dat 'n amptelike goudprysverhoging nie noodwendig die wisselkoersonewewigtighede tussen die V.S.A.-dollar en ander geldeenhede sal elimineer nie. Die V.S.A. sal dus geen mededingende voordeel verkry ten einde sy betalingsbalansposisie te

1) Robbins, op. cit., p.149.

2) Wijnholds, loc. cit.

3) Rueff, op. cit., p.44.

verbeter nie, aangesien die meeste lande mededingende devaluasies van stapel sal stuur. Die uitvoere van die V.S.A. behoort egter op die kort termyn toe te neem; verder is dit geen uitgemaakte saak dat alle lande wel 'n dollardevaluasie sal volg nie. D.P. Erasmus¹⁾ klaar dié saak soos volg op: "... maar dit moet onthou word dat dit ook nie die doel van 'n verhoging in die prys van goud is nie. Die vernaamste oogmerk daarvan is om die waarde van die offisiële goudreserwes aansienlik te verhoog, om daarmee die internasionale likwiditeitsposisie te verbeter en die twyfel in verband met valutastabiliteit (veral dié van sleutelgeldeenhede) te verwyder".

- (d) 'n Beswaar wat halsstarrig deur die V.S.A. gehandhaaf word, is dat bogenoemde voorstel die prestige van die dollar as sleutelvaluta sal ondermyn. Die argument het reeds heelwat van sy "glans" verloor ná twee dollardevaluasies en die opskorting van die goudinwisselbaarheid van die dollar gedurende Augustus 1971. As teenargument kan aangevoer word dat 'n aansienlike goudprysverhoging tot 'n revaluasie van die Amerikaanse monetêre goudreserwes en 'n herinstelling van die goudinwisselbaarheid van die dollar aanleiding kan gee, wat eerder die prestige van die dollar as sleutelvaluta sal verhoog.
- (e) 'n Politieke argument wat weinig ekonomiese geldigheid besit, is die bewering dat dié meeste voordele van 'n amptelike goudprysverhoging Suid-Afrika en Rusland sal toeval. Die politieke inslag van dié argument is duidelik waarneembaar in die bewering van Simha²⁾ dat

1) Erasmus, op. cit., p.27-8.

2) Simha, op. cit., p.29.

"... it would benefit to a substantial extent South Africa, whose record of behaviour as a member of the international community has been most unsatisfactory". Bogenoemde argument is ewe sinloos met betrekking tot Rusland aangesien 'n hoër goudprys tot 'n gesonder vereffeningsverkeer tussen die Weste en Rusland aanleiding kan gee: in plaas daarvan dat Rusland sy invoere met behulp van Westerse krediet finansier, kan dit met Russiese goud vereffen word. Hierdie politieke argument verloor daarbenewens alle geldigheid onder die huidige bedeling van hoë nie-amptelike goudpryse. Suid-Afrika sit reeds die meeste van sy nuutgeproduseerde goud op die goudmarkte van Zurich en Londen van die hand.

- (f) Gleske¹⁾ voer aan dat die element van toevalligheid wat onder die sleutelvalutastelsel aanwesig is, in die geval van 'n amptelike goudprysverhoging slegs in 'n ander ge=daante aanwesig sal wees, "... which would be just as little in conformity with the growth of objective reserve requirements". Volgens hom sal dié element van toeval=ligheid veroorsaak word deur onsekerhede met betrekking tot goudproduksie, industriële en artistieke vraag, goud=oppotting en -ontpotting en Russiese goudverkope. Die kwaliteit van die "toevalligheid" in die aanbod van sleutelvalutas en goud verskil egter aansienlik. Sleutel=valutas verteenwoordig eise op die owerhede van sleutel=valutalande, terwyl goud geen eis op enige regering ver=teenwoordig nie. Die toevalligheidsfaktor kan in die geval van goud in 'n groot mate uitgeskakel word deur die amalgame van die amptelike en nie-amptelike goudpryse.

1) Gleske, loc. cit.

- (g) Die argument dat 'n regstreekse goudprysverhoging slegs 'n eenmalig en tydelike oplossing bied, besit heelwat geldigheid. Die amendementvoorstel dat die amptelike goudprys periodieke aanpassings, gegrond op die internasionale likiditeitsbehoefte, behoort te ondergaan, is prysenswaardig maar lewer heelwat praktiese probleme¹⁾ op. Bogenoemde probleme kan oorbrug word deur die amalgameer van die amptelike en nie-amptelike goudpryse, sodat die netto internasionale likiditeitsbehoefte in die internasionale goudpryse gereflekteer sal word.
- (h) Verder word aangevoer dat 'n amptelike goudprysverhoging daartoe sal lei dat goud weer eens as die belangrikste internasionale reserwebate na vore sal tree, "... and accordingly displace Special Drawing Rights - SDR's - from their growing and potentially primary reserve asset role in the future".²⁾ Die moontlikheid dat die S.T.R. as internasionale rekeneenheid kan ontwikkel, sal geensins deur 'n verhoging in die offisiële goudprys belemmer word nie, wat dié argument van heelwat van sy geldigheid ontnem. Die behoefte aan die S.T.R. as primêre reserwebate is gebore juis uit die daling in die reële amptelike goudprys, sodat 'n amptelike goudprysverhoging slegs aan goud sy regmatige rol as internasionale reserwebate sal terugbesorg. 'n Verhoging in die monetêre goudprys sluit nie die skepping van S.T.R.'e uit nie, maar die internasionale aanvaarbaarheid daarvan as reserwebate kan deeglik getoets word deur die amptelike en nie-amptelike goudpryse te amalgameer; sodat 'n tanende vertroue in die S.T.R. in hoër goudpryse gereflekteer sal word, en omgekeerd.

1) Vergelyk paragraaf 6.3.3.3.2.2.

2) Reuss, loc. cit.

- (i) Reuss voer aan dat 'n nuwe hoër amptelike goudprys effektief as vloerprys van die nie-amptelike goudmarkte sal funksioneer. Hy motiveer dié stelling soos volg:¹⁾ "... in the event that market forces begin to depress the price of gold (however improbable this may appear today), monetary authorities would again be obliged to take action preventing the free market price from slipping below the official level". Indien die amptelike goudprys verhoog sou word, sal geen sentrale bank seker ongeneë wees om sy monetêre goudvoorraad op só 'n goedkoop wyse aan te vul nie. Alhoewel só 'n situasie baie onwaarskynlik blyk, kan dit nogtans voorkom word deur die amptelike en nie-amptelike goudpryse te amalgameer.
- (j) Dit word beweer dat 'n amptelike goudprysverhoging reaksionêr sal wees en dat die monetêre stelsel daardeur sal agteruitgaan. Dié argument is uiteraard ongegrond en subjektief. In antwoord op dié emosionele beswaar voer Rueff²⁾ aan dat "... a change in the price of gold now would not be a return to the past, but a correction of a mistake which was sowing the seeds of a great world depression".
- (k) Heelwat bedenkinge word teen die praktiese implementering van 'n amptelike goudprysverhoging geopper. Die probleme verbonde aan die implementering van hierdie voorstel is egter nie van só 'n aard dat dit nie deur noukeurige beplanning uit die weg geruim sal kan word nie. Dié beswaar kan daarbenewens ook teen die meeste van die alternatiewe hervormingsvoorstelle geopper word.

1) Loc. cit.

2) Rueff, loc. cit.

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat weinig, indien enige, van die besware teen 'n amptelike goudprysverhoging as grondig beskou kan word. N. Diederichs¹⁾ som die kritiek teen 'n amptelike goudprysverhoging soos volg op: "... I am convinced that the disadvantages attaching to a higher official gold price, where they are not purely emotional or imaginary, are substantially smaller than those which would follow from other measures of reform which have been suggested".

6.3.3.4 'n Terugkeer na die volle goudstandaard en die demonetisasie van goud

6.3.3.4.1 'n Terugkeer na die volle goudstandaard²⁾

Jacques Rueff³⁾ en M.A. Heilperin⁴⁾ is die bekendste eksponente van die voorstel dat internasionale monetêre hervorming op grond van 'n terugkeer na die volle goudstandaard behoort plaas te vind. Die voorstaanders van dié voorstel is dit eens dat die problematiek van die huidige internasionale monetêre stelsel slegs deur 'n herinstelling van die volle goudstandaard, soos dit in die era voor 1914 gefunksioneer het, opgelos sal kan word.

1) Diederichs, loc. cit.

2) Vergelyk paragraaf 1.3 vir 'n definisiële ontleding van die volle goudstandaard.

3) Rueff en Hirsch. The role and the rule of gold: An argument, p.1-18; Rueff. The Rueff Approach (In Hinshaw, red., op. cit., p.37-41); en Id. Gold Exchange Standard a Danger to the West. (In Grubel, op. cit., p.320-8).

4) Heilperin. The Case for Going Back to Gold. (In Grubel, op. cit., p.329-342).

Heilperin¹⁾ gaan uit van die standpunt dat die essensiële vereistes vir internasionale monetêre orde die volgende moet insluit:

- (a) 'n waarborg van volkome vryheid in internasionale betalings;
- (b) 'n vaste wisselkoerspatroon, om internasionale valutarisiko's te elimineer; en
- (c) 'n aanpassingsmeganisme wat betalingsbalansonewewigtighede snel kan uitskakel.

Die voorstaanders van die volle goudstandaard²⁾ is dit eens dat bogenoemde vereistes vir monetêre orde nie met behulp van die goudwisselstandaard bereik kan word nie. Jacques Rueff³⁾ het die gevare van die goudwisselstandaard dan ook eksplisiet soos volg uitgespel:

- (a) Die volume van die interne koopkrag word hoegenaamd nie deur 'n betalingsbalanstekort beïnvloed nie - onder die volle goudstandaard word die interne koopkrag wel deur tekorte beïnvloed.
- (b) Die goudwisselstandaard skep 'n meervoudige en kumulatiewe kredietbasis - onder die enkelvoudige kredietbasis van die volle goudstandaard word die inflasionêre moontlikhede van die goudwisselstandaard uitgesluit.

1) Ibid., p.329-30.

2) Alhoewel die meeste voorstaanders van die volle goudstandaard, die goudmuntstandaard in gedagte het, sal die goudstaafstandaard dieselfde resultate as eersgenoemde lewer en daarbenewens die voordeel inhou dat die komplikasies van goudmuntuitgifte voorkom sal word.

3) Rueff, op. cit., p.322-5.

- (c) Die kredietstruktuur onder die goudwisselstandaard is bedrieglik van aard. 'n Internasionale vertrouenskrisis plaas telkens 'n groot druk op die goudreserwes van die sleutelvalutalande (vandaar die opskorting van die goudinwisselbaarheid van die dollar op 15 Augustus 1971) - onder die volle goudstandaard kan dié probleem nie voorkom nie omdat van die sentrale banke verwag word om geld slegs teen goud of nasionale krediete uit te reik.

Die eksponente van die volle goudstandaard voer aan dat die internasionale monetêre orde slegs bevredigend herstel sal kan word deur 'n terugkeer na die volle internasionale goudstandaard. D.P. Erasmus¹⁾ motiveer laasgenoemde standpunt soos volg: "(i) dit bied die geleentheid om praktiese gebruik te maak van die reeds lang aanvaarde funksie van goud as geldbasis; (ii) geld wat in terme van goud gedefinieer is en ook teen goud inwisselbaar is, dien nie alleen as 'n betroubare en aanvaarbare middel om internasionale betalings te maak nie, maar (iii) dit het ook 'n baie wenslike dissiplinêre invloed op die huishoudelike monetêre praktyke".

Erasmus²⁾ wys ook daarop dat die opponente van die volle goudstandaard sterk kritiek daarteen uitspreek op grond van die wanopvatting dat dié stelsel 'n "ten volle outomatiese goudstandaard" was (en is). Heelwat bykomende kritiek, sommige waarvan geldig, kan egter ook teen die volle goudstandaard geopper word, nl.:

1) Erasmus, op. cit., p.21-2.

2) Ibid., p.23.

- (a) Die herinstelling van die volle goudstandaard sal nasionale owerhede van hul vryheid om sikliese werk=loosheid en resessies te bestry, ontnem. Heilperin¹⁾ voer daarteenoor aan dat die volle goudstandaard heelwat meer ruimte vir die toepassing van fiskale beleid aan nasionale owerhede sal laat. Hy beweer dat "the gold-standard discipline would not prevent the U.S. from coping efficiently with domestic problems; it would merely narrow the choice of methods used".²⁾ 'n Beperking van die beskikbare instrumente sal die bereiking van dieselfde aantal komplekse doeleindes egter aansien=lik bemoeilik.
- (b) Die huidige internasionale toegeneentheid teenoor ge=reelde wisselkoersaanpassings kan die implementering van die volle goudstandaard onaanvaarbaar maak. Hierdie voorkeur kan egter in die toekoms aangepas word.
- (c) Triffin³⁾ beweer dat die argument dat die volle goud=standaard slegs voorsiening maak vir 'n enkelvoudige kredietbasis in die geldvoorraad van lande, nie in die moderne monetêre struktuur geldig sal wees nie. Wettige geldskeppende vermoëns - soos gouddekkingsvereistes - word na gelang van omstandighede gewysig indien dit 'n beperking op die "begeerde" monetêre uitbreiding en finansiering sou plaas. Triffin⁴⁾ voer aan: "They are paper barriers whose ineffectiveness has been amply

1) Heilperin, op. cit., p.341.

2) Ibid., p.342.

3) Triffin. Should gold be demonetized? (In Institute of Directors, op. cit., p.36).

4) Loc. cit.

demonstrated and which could no longer be made durably effective in today's environment".

- (d) Daarbenewens word beweer dat 'n herinstelling van die volle goudstandaard vanweë 'n tekort aan monetêre goud nie moontlik sal wees nie. Dië tradisionele argument is ongeldig omdat die tekort aan goud deur 'n amptelike goudprysverhoging uitgeskakel kan word.¹⁾
- (e) Heelwat bedenkinge word geopper teen die bereidwilligheid, al dan nie, van ontwikkelende lande om die reëls van die volle goudstandaardspel na te kom. D.P. Erasmus²⁾ voer aan dat laasgenoemde probleem opgelos kan word deur die herinstelling van die volle goudstandaard binne 'n kleiner raamwerk as die I.M.F. Sodoende kan slegs dië lande wat bereid is om die reëls van die spel na te kom, binne die "goudstandaardklub" opgeneem word.
- (f) Die mees fundamentele en geldige beswaar teen die herstel van die volle goudstandaard "is dat dit 'n stelsel is wat onversoenbaar is met 'n beleid van volle indiensname en dat dit nie in 'n wêreld waar die ekonomiese strukture baie meer onbuigsaam is as in die negentiende eeu, kan funksioneer nie".³⁾ Die starheid van die moderne ekonomiese strukture - in die dalende verband - kan tot groot werkloosheid aanleiding gee indien die volle goudstandaard tot sy volle konsekwensies op betalingsbalanstekorte toegepas sou word.

1) Vergelyk paragraaf 6.3.3.3.

2) Erasmus, op. cit., p.24.

3) Ibid., p.23.

Dit wil dus voorkom of die internasionale monetêre rol van goud nie in die moderne tydsgewrig suksesvol binne die raamwerk van die volle goudstandaard voortgesit sal kan word nie.

6.3.3.4.2 Die voorgestelde demonetisasie van goud

Sedert Keynes die voortgesette rol van goud as internasionale geld, as 'n "barbarous relic" bestempel het, is heelwat steun vir die demonetisasie van goud uitgespreek. Benewens die tradisionele Amerikaanse steun vir dié standpunt, het bekende ekonome soos Abba Lerner¹⁾ en Triffin²⁾ hul reeds by herhaling ten gunste van die opskorting van die internasionale monetêre rol van goud uitgespreek.

Alhoewel die voorstaanders van dié standpunt dit eens is dat die rol van goud as internasionale reserwebate geleidelik behoort af te neem, is hulle daarbenewens ten gunste van die aanwending van amptelike goud vir nie-monetêre gebruike. Verder word enige vorm van amptelike goudprysverhogings, in terme van geldeenheide in die algemeen, teengestaan - sodoende sal 'n afname in die relatiewe rol van goud in monetêre reserwes verseker word. Die eksponente van die anti-goudskool beweer ook dat "... a commodity for which private demand is relatively large and highly speculative has a disadvantage for use as a major reserve asset".³⁾

Abba Lerner⁴⁾ voer die saak nog verder deur aan te beveel dat die goudprys afgedwing behoort te word. Hy stel voor dat die V.S.A. nie net die aankoop van goud behoort te beëindig nie, maar ook sy bestaande goudvoorraad binne 'n sekere tydperk teen

1) Rolfe, op. cit., p.206-8.

2) Triffin, op. cit., p.37.

3) I.M.F. What the executive directors said on gold.
Euromoney, Oktober 1972, p.32.

opeenvolgende dalende pryse van die hand te sit. Fritz Machlup¹⁾ het sodanige optrede reeds in 1962 voorgestel. Rolfe²⁾ beweer egter dat die volle implikasie van 'n unilaterale opskorting van 'n vasgestelde aankoopprys vir goud onseker is, want "the status of gold thereafter depends on the reactions of other governments and the future balance-of-payments position of the United States".

'n Alternatiewe voorstel om goud te demonetiseer, deur die opskorting van die goudinwisselbaarheid van die V.S.A.-dollar, is gedurende Augustus 1971 geïmplementeer - sonder die verwagte resultate. Dit bly steeds 'n tergende vraagstuk of die V.S.A. met laasgenoemde optrede wel 'n gouddemonetisasie wou afdwing (soos algemeen aanvaar word), of dalk sy eie monetêre goudreserwes teen verdere uitputting wou beskerm.

Die besluit dat die sentrale banke sedert November 1973 toegelaat word om monetêre goudreserwes op die internasionale goudmarkte van die hand te sit, verteenwoordig 'n verdere poging om die demonetisasie van goud te bespoedig. Tot op datum is egter weinig, indien enige, amptelike goudverkope op die vrye goudmarkte aangeteken, wat die internasionale onsekerheid met betrekking tot die toekomstige monetêre rol van goud duidelik weerspieël.

P.J. Nieuwenhuizen³⁾ voer aan dat die grootste probleem met goud as internasionale betaalmiddel juis daarin geleë is dat dit, via die Wet van Gresham, voortdurend uit sirkulasie verdwyn.

1) Vergelyk paragraaf 6.3.3.2.4.

2) Rolfe, loc. cit.

3) Nieuwenhuizen. Should gold be demonetized? (In Institute of Directors, op. cit., p.47-49).

Hy beveel aan dat die "goeie geld" (nl. goud) ten koste van die "slegte geld" gedemonetiseer moet word. Die internasionale monetêre aanvaarbaarheid van goud berus egter op tradisie, die universele gebruik, beperkte produksie en fisiese eienskappe daarvan. Daarbenewens verteenwoordig goud geen verpligting van enige monetêre outoriteit nie, en is dit die enigste instrument van monetêre reserwes wat aan algehele nasionale beheer onderwerp kan word. Daarenteen gee Nieuwenhuizen¹⁾ self toe dat "solving the world's problems by creating an international monetary unit will, of course, not be an easy matter". Die pleidooie vir die internasionale demonetisasie van goud berus op die veronderstelling dat 'n wêreldooreenkoms bereik kan word, ingevolge waarvan die S.T.R. as wettige tender aanvaar en alle private goudbesit verbied sal word. In dié verband beweer W.J. Busschau²⁾ egter: "Today there is no world government to impose such legislation, and even in the I.M.F. part of the globe, agreement on such measures is not likely in the foreseeable future". Die voorstel vir 'n gouddemonetisasie kan volgens Busschau op dié stadium dus nie as 'n praktiese proposisie beskou word nie.

Verder is dit te betwyfel of die voorgestelde monetêre eenheid (gestel S.T.R.) in staat sal wees om 'n internasionale monetêre krisis onafhanklik van goud te kan deurstaan.

1) Ibid., p.48.

2) Busschau. Should gold be demonetized? (In Institute of Directors, op. cit., p.44).

6.3.3.5 Fluktuerende wisselkoerse

6.3.3.5.1 Vry-fluktuerende wisselkoerse

Die bekendste eksponent van die voorstel vir vry-fluktuerende wisselkoerse is Milton Friedman.¹⁾ Die voorstel van vry-fluktuerende wisselkoerse hou in dat internasionale betalings-aanpassings outomaties via voortdurende wisselkoersaanpassings plaasvind. Hierdie outomatiese aanpassingsproses sluit veranderingings in binnelandse pryse, inkome en handelsbeleid dus uit.

In die geval van vry-fluktuerende wisselkoerse word die wisselkoers toegelaat "to seek its own level without any intervention by governmental authority".²⁾ Onder sodanige stelsel is geen internasionale monetêre reserwes nodig nie, sodat goud sy internasionale monetêre rol ontnem word. Hierdie studie het egter met goud te make en die voorstel vir vry-fluktuerende wisselkoerse val dus buite die kader van dié studieterrein.

Ten spyte van die hedendaagse skynbare voorkeur vir swewende wisselkoerse, kan die volgende grondige kritiek teen 'n monetêre stelsel wat op vry-fluktuerende wisselkoerse gebaseer word, geopper word:

- (a) Vry-fluktuerende wisselkoerse word gewoonlik met onstabiliteit, spekulasie en "slegte" tye geassosieer;

1) Friedman. The Case for Flexible Exchange Rates. (In Caves en Johnson. Readings in International Economics, p.413-37).

2) Rolfe, op. cit., p.209.

- (b) dit word beweer dat fluktuierende wisselkoerse aanleiding gee tot valuta-risiko's wat internasionale handel en beleggings nadelig kan beïnvloed; en
- (c) dié voorstel sal aanleiding gee tot 'n oneffektiewe reallokasie van ekonomiese bronne.

6.3.3.5.2 Meade se voorstel vir fluktuierende wisselkoerse¹⁾

Benewens die voorstelle vir vry-fluktuierende wisselkoerse het 'n wye reeks voorstelle vir fluktuierende wisselkoerse, wat deur owerheidsoptredes gestabiliseer behoort te word, die lig gesien, nl.: Blokaanpasbaarheid (R.A. Mundell en R.I. McKinnon); die "band"-voorstel; en Meade se voorstel vir beheerde fluktuierende wisselkoerse.²⁾ Laasgenoemde hervormingsvoorstel regverdig 'n noukeurige ontleding op grond van die voorgestelde monetêre rol wat aan goud toegeken word.

Meade baseer sy hervormingsplan op die uitgangspunt dat internasionale monetêre hervorming slegs suksesvol deurgevoer sal kan word indien die gebreke van die aanpassingsmeganisme uitgeskakel kan word. Hy stel voor dat die sogenaamde "glyende pariteit" ("gliding parity") as basis van die wisselkoersmeganisme gebruik behoort te word. Meade se voorstel sal dus nie binne die raamwerk van die goudwisselstandaard ingepas kan word nie.

Die Meadeskema sluit die volgende voorstelle in:³⁾

-
- 1) Meade. The Future of International Payments. (In Grubel, op. cit., p.301-19); en Id. Gold and Reform: Other views. (In Hinshaw, red., op. cit., p.121-5)
 - 2) Rolfe, op. cit., p.208-23.
 - 3) Meade. The Future of International Payments. (In Grubel, op. cit., p.313-4).

- (a) Alle nasionale monetêre owerhede behoort hul monetêre reserwes (bv. goud, dollars en sterling) na 'n hervormde I.M.F. oor te dra. In ruil sal goudsertifikate, bereken teen die goudwaarde van hul monetêre reserwes, aan die deelnemende lande oorgedra word. Die monetêre reserwes van lande sal voortaan slegs uit bogenoemde goudsertifikate bestaan; en alle nuutontginde goud, wat nie deur die private goudmarkte geabsorbeer word nie, sal na die I.M.F. oorgedra moet word.
- (b) Die nasionale monetêre outoriteite behoort dan toe te laat dat die waarde van hul geldeenheide in terme van die goudsertifikate deur die vraag en aanbod daarvan in die internasionale valutamarkte bepaal word. Elke nasionale monetêre outoriteit sal, ingevolge die voorstel van Meade, dan in staat wees om die omvang van wisselkoersfluktuasies met behulp van 'n wisselkoersgelykstellingsreserwe (bestaande uit valuta en goudsertifikate) te wysig.
- (c) Daarbenewens sal die I.M.F. van 'n supranasionale wisselkoersgelykstellingsreserwe (bestaande hoofsaaklik uit goud, dollar en sterling) voorsien word, waarmee wisselkoersmanipulasies uitgevoer sal kan word.
- (d) Die regulering van die goudsertifikate-uitgifte sal die I.M.F. in staat stel om die totale internasionale monetêre reserwes met die internasionale likiditeitsbehoefte te korreleer.

Uit bostaande is dit duidelik dat die Meadevoorstel op 'n gedwonge de facto-gouddemonetisasie sal afstuur; alle goud sal

by die I.M.F. gekonsentreer wees en sal nie in die manipulasie van wisselkoerse aangewend kan word nie.

Benewens die tradisionele ekonomiese argumente¹⁾ wat teen fluktuierende wisselkoerse geopper word, voer Rolfe²⁾ ook aan dat: "there remain a number of operational complexities and practical problems attaching to a system of flexible rates among a number of countries".

6.3.4 'n Voorgestelde internasionale monetêre hervormingsplan

Hierdie paragraaf het ten doel om, met die voorafgaande uiteensetting as uitgangspunt, 'n prakties uitvoerbare hervormingsplan voor te stel, wat die huidige internasionale monetêre problematiek op 'n sinvolle wyse sal kan oplos. Hierdie is geen poging tot 'n rewolusionêre hervormingstrategie nie, maar slegs 'n voorstel waarmee gepoog word om 'n konsolidasie van die aanvullende voordele van die voorafgaande hervormingsplanne ten beste te bewerkstellig. Die voorgestelde plan word slegs as 'n interimoplossing beskou - tot tyd en wyl die internasionale versteurende gevolg van die wêreldwye inflasieprobleem en oliekrisis uitgewoed is.³⁾

Daar word aanbeveel dat die internasionale monetêre hervormingsbeplanners nie langtermynoplossings as uitgangspunt behoort te gebruik nie. Die internasionale monetêre milieu behoort eerder as maatstaf vir voortdurende aanpassings in die internasionale monetêre stelsel te dien. Die bereiking van voortdurende internasionale monetêre ewewigtigheid sal slegs met

1) Vergelyk paragraaf 6.3.3.5.1.

2) Rolfe, op. cit., p.216.

3) Op hierdie stadium wil dit voorkom asof dié interimfase vir 'n onbepaalde periode kan voortduur.

behulp van 'n reeks goedbeplande interimoplossings verwesenlik kan word. Dit sal dus raadsaam wees om 'n langtermynher= vormingstrategie te ontplooi wat voorsiening maak vir alter= natiewe, maar aanvullende, korttermynhervormingsplanne.

Vir die huidige word aangeneem dat pogings tot internasionale monetêre hervorming slegs suksesvol kan wees indien ooreen= stemming met betrekking tot die monetêre rol van goud bereik kan word. Soos deurgaans in hierdie studie aangetoon is, is heelwat van die huidige monetêre probleme die gevolg van die relatiewe afname in die rol van goud as internasionale betaal= middel. Enige hervormingsvoorstel behoort dus die oorsaak vir laasgenoemde tendens, nl. die gedwonge dalende reële goud= prys, te elimineer. Hierdie voorstel word dus gebaseer op die uitgangspunt dat geen poging tot 'n gedwonge gouddemone= tisasie die verlangde resultate sal lewer nie. Derhalwe word aanbeveel dat die amptelike en nie-amptelike goudpryse geamal= gameer behoort te word, sodat die demonetisasie van goud al dan nie, via die goudprys kan plaasvind. Hierdie benadering word nie op "selfbelang"¹⁾ gefundeer nie, maar spruit voort uit 'n prinsipiële ekonomiese analise.

Met die voorafgaande as uitgangspunt, word die volgende monetêre hervormingsvoorstelle dus aan die hand gedoen:

Daar word aanbeveel dat 'n stelsel van "stabiele maar aanpas= bare" wisselkoerse heringestel behoort te word. Die nadelige en beperkende effek wat fluktuierende wisselkoerse op inter= nasionale handel het, sal sodoende uitgeskakel kan word.

1) Vergelyk Nieuwenhuizen, op. cit., p.47.

Vanweë die sikliese effek wat die landbousiklus op sekere lande se betalingsbalansposisies het, sal dit wenslik wees om betalingsbalansaanpassings langs 'n weg van internasionale konsultasie te bewerkstellig. Lande wat die aanbevole aanpassings nie nakom nie, behoort aan "strawwe" sanksiematreëls onderwerp te word.

Die Amerikaanse standpunt van semi-batevereffening¹⁾ word ondersteun omdat dit beter binne die raamwerk van die voorgestelde hervormingsplan behoort in te pas - die vertroue al dan nie, in die V.S.A.-dollar sal in die goudprys gereflekteer word.

Die kern van hierdie hervormingsplan lê egter in die voorstel dat die amptelike goudprys opgeskort en met die nie-amptelike goudprys geamalgameer behoort te word. Daarbenewens behoort sentrale banke en internasionale organisasies toegelaat te word om vrylik as kopers en verkopers op die internasionale goudmarkte op te tree. Die praktiese voordeel van só 'n stap word soos volg deur Aschinger²⁾ verduidelik: "... this variant would circumvent the dogmatic issue of a demonetization of the gold price, as it could simultaneously be looked upon by the advocates of demonetization of gold as a step in this direction and by defendants of a strengthening of the gold element in the system as a step in their direction". Só 'n aksie sal dus daartoe lei dat die demonetisasie van goud al dan nie, langs die weg van evolusie plaasvind.

Die revaluasiewinste wat uit die herwaardering van die monetêre goudvoorraad sal voortspruit, behoort (ingevolge die voorstel

1) Vergelyk paragraaf 6.2.3.

2) Aschinger, loc. cit.

van Rueff) op grond van 'n "omgekeerde Marshall-hulpprogram" aan die V.S.A. beskikbaar gestel te word.¹⁾ Die V.S.A. moet sodanige hulp gebruik om die korttermyn dollareise teen die V.S.A. gedeeltelik af te los. Dit word ten sterkste aanbeveel dat die administrasie van die offisiële revaluasiewinste deur 'n internasionale organisasie soos die I.M.F. gehanteer word; dit behoort die nodige dissiplinêre agtergrond daar te stel.

Alhoewel die opskorting van 'n konstante monetêre goudprys sal inhou dat goud nie langer as internasionale rekeneenheid sal kan dien nie, behoort dié funksie suksesvol deur die S.T.R. oorgeneem te word. Wijnholds²⁾ voer aan dat die dalende reële goudprys in elk geval veroorsaak het dat "gold is not able to measure values; nor is it able to stabilize anything". Die herstel van goud as die relatief belangrikste internasionale betaalmiddel weeg in alle geval swaarder as die funksie van internasionale rekeneenheid.

Die belangrikste potensiële nadeel van hierdie voorstel is die element van onstabiliteit wat in lande se goudreserwes aanwesig kan wees. Heelwat aanvullende metodes kan egter aangewend word om groot goudprysfluktuasies teen te werk, nl.

- (a) internasionale goudmarkte behoort aan 'n minimum van beperkings onderhewig te wees, om sodoende te verseker dat die onderliggende vraag- en aanbodtoestande ten volle in internasionale goudpryse gereflekteer word;
- (b) die I.M.F. kan deur middel van goudaankope of -verkope meehelp om die goudprys te stabiliseer; en

1) Vergelyk paragraaf 6.3.3.3.3.

2) Wijnholds, op. cit., p.18.

- (c) goudprysstabiliteit kan deur ooreenkomste met goud=
produserende lande, ingevolge waarvan hulle tot
elastiese goudverkopebeleide verplig word, bewerk=
stellig word.¹⁾

Verder word aanbeveel dat met die skepping van S.T.R.'e voortgegaan moet word, maar dat 'n definitiewe skakel tussen die skepping van S.T.R.'e en buitelandse hulp gehandhaaf behoort te word. Sô 'n skakel behoort die noodsaaklike groei in internasionale handel verder te stimuleer. Dit word egter as essensieel beskou dat die I.M.F. aanvanklik tot 'n minimum statutêre gouddekking ten opsigte van S.T.R.-uitgifte verplig word. Sodanige gouddekking behoort die aanvanklike aanvaarbaarheid van die S.T.R. te verseker. Geen goudinwisselbaarheid vir die S.T.R. word egter voorgestel nie, aangesien enige vertrouenskrisis met betrekking tot S.T.R.'e via die goudprys herstel kan word. Die waardasie van die S.T.R. kan op grond van die huidige waardasiestelsel, wat deur die I.M.F. geïmplementeer is, voortgesit word.²⁾

Alhoewel die monetisasie van goud, op grond van bogenoemde voorstelle deur die skrywer hiervan in die vooruitsig gestel word, sal die amalgamasie van die amptelike en nie-amptelike goudpryse daartoe lei dat die totale internasionale monetêre publiek self op die demonetisasie van goud al dan nie, kan besluit. Daarbenewens sal die goudprys as barometer vir die waardes van die S.T.R. en die onderskeie reserwevalutas dien.

1) Aschinger, op. cit., p.21.

2) Vergelyk paragraaf 6.2.3.

6.4 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

Die behoefte aan internasionale monetêre hervorming word deur weinig kenners ontken. Ten einde uitvoering aan dié wêreldwye behoefte te gee, is die Komitee van 20 in die lewe geroep. Die Komitee van 20, bygestaan deur die Komitee van Adjunkte, se hervormingspoging vanaf September 1972 tot Junie 1974 is in die "Riglyne vir Hervorming" gekonsolideer.

Die Komitee van 20 het in genoemde "Riglyne" tot die slotsom geraak dat monetêre hervorming slegs langs 'n langsame weg van evolusie gevind sal kan word. Die struikelblokke in die weg van hervorming sluit onder andere die volgende in: die wêreldwye inflasievraagstuk; die internasionale olie= krisis; internasionale meningsverskille met betrekking tot die aanpassingsindikatoren, strafmaatreëls, inwisselbaarheid van sleutelvalutas, die waardasie van die S.T.R., die monetêre rol van goud en die toekenning van buitelandse hulp aan ontwikkelende lande.

Dit is insiggewend dat die hervormingsriglyne van die Siena= groep, asook dié van die Komitee van 20, bykans geen aanbevelings oor die toekomstige monetêre rol van goud insluit nie. Hierdie ontwyking van die internasionale goudvraagstuk dui op die wêreldwye meningsverskil wat daarvoor bestaan. Terwyl 'n verpligte goudmonetisasie deur die Switserse Nasionale Komitee afgekeur word, ondersteun die Amerikaners nie benaderings wat aanleiding sal gee tot 'n goudgefundeerde stelsel nie.

In 'n poging om 'n hervormingsoplossing waarin goud 'n reg=

matige rol vervul, te vind, is die belangrikste hervormings= planne krities ontleed. Die benaderings wat in dié planne gevolg is, verskil wesenlik, nl.: die sentralisasie van monetêre reserwes; die uitbouing van die goudwisselstandaard; 'n verhoging van die amptelike goudprys; herinstelling van die volle goudstandaard; die demonetisasie van goud; en fluk= tuerende wisselkoerse.

Omdat geeneen van bogenoemde voorstelle, gesien in die lig van die huidige internasionale monetêre agtergrond, reg aan die monetêre rol van goud sal laat geskied nie, is 'n eie her= vormingsvoorstel¹⁾ uitgestippel. Dit word aanbeveel dat die amptelike goudprys opgeskort en met die nie-amptelike goudprys geamalgameer word. Sô 'n reëling, indien korrek toegepas, sal daartoe lei dat die demonetisasie al dan nie van goud, langs 'n evolusieproses via die goudprys plaasvind. Op hierdie wyse kan die publiek van die goudprys gebruik maak om sleutelvalutas en S.T.R.'e te waardeer.

Omdat enige besluit met betrekking tot die toekomstige monetêre rol van goud 'n besliste invloed op Suid-Afrika as die belang= rikste goudproduserende land in die wêreld sal uitoefen, word die invloed van goud op die Suid-Afrikaanse ekonomie in die volgende hoofstuk ontleed.

1) Die kern van hierdie voorstel is aan die gedagtegang van Franz Aschinger ontleen.

HOOFSTUK 7

DIE INVLOED VAN GOUD OP DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE

7.1 INLEIDING

Die voorafgaande ontleding van die internasionale monetêre rol van goud kan nie sinvol afgesluit word sonder 'n analise van die invloed van goud op die Suid-Afrikaanse ekonomie nie. Benewens die feit dat Suid-Afrika tot op die hede vir sowat 'n derde van die totale goudproduksie van die wêreld verantwoordelik was, lewer dit tans ongeveer 78 persent van die jaarlikse Westerse goudproduksie. Dié hoofstuk het dus ten doel om die rol van goud in die Suid-Afrikaanse ekonomie te ontlee.

Ten einde onnodige oorvleueling te voorkom, word hierdie hoofstuk hoofsaaklik tot die tydperk ná 1960 beperk.¹⁾ Om sinvolle vergelykings moontlik te maak, sal enkele verwysings na die tydperk voor 1960 egter noodsaaklik en onvermydelik wees.

Die invloed van goud op die Suid-Afrikaanse ekonomie word ontlee aan die hand van die effek daarvan op: ekonomiese ontwikkeling en groei; indiensname; die betalingsbalans; binnelandse besteding; en staatsinkomste. Daarna word die rol van goud as stabiliserende faktor in die ekonomie van nader beskou. Die hoofstuk word voltooi met 'n ontleding

1) Diepgaande studies met betrekking tot die rol van goud in Suid-Afrika tot ongeveer 1964, is gedoen deur Katzen. *Gold and the South African Economy*; en Steenkamp. *Die Goudmynbou in die Suid-Afrikaanse Ekonomie*.

van die probleme wat uit die hoë internasionale goudprys voortspuit.

7.2 DIE ROL VAN DIE GOUDMYNBOU IN DIE EKONOMIESE ONTWIK- KELING VAN SUID-AFRIKA

Soos dit telkens in hierdie hoofstuk aan die lig sal kom, was die goudmynbedryf voortdurend een van die belangrikste komponente van die Suid-Afrikaanse ekonomiese groei en ontwikkeling. R.A. Plumbridge¹⁾ som hierdie faset van die Suid-Afrikaanse ekonomiese ontwikkeling soos volg op: "With the possible exception of the yet to be developed economies of the oil producing Arab territories, no other country had been in the position where both the spark for initial development and the means for the sustainment of growth have been so reliant on mining as the catalyst". Alhoewel die konstante monetêre goudprys daartoe aanleiding gegee het dat die Suid-Afrikaanse ekonomiese afhanklikheid van goud afgeneem het, het die stygende nie-amptelike goudprys van die sewentigerjare tot 'n ommekeer in dié neiging gelei.²⁾

Alhoewel die verbruikswaarebehoefte van die goudmyne en hul werknemers aanvanklik hoofsaaklik deur invoere bevredig is, het hierdie omvangryke en bestendige mark die grondslag vir die eerste en belangrike invoervervangingsnywerhede gelê.³⁾ Die voedsel-, eenvoudige vervaardigings- en herstelbedrywe

1) Plumbridge. Gold Mining's Major role in future of South Africa. Mining Survey, 74:4, April 1974.

2) Dié faset word in die hieropvolgende paragrafe ontleed.

3) Plumbridge, loc. cit. Die direkte invoere van die goudmynbedryf het gedurende 1966 sowat 4,7 persent van die totale aankope van dié bedryfstak verteenwoordig.

was eerste op dié gebied. Later het die meer ingewikkelde vervaardigingsnywerhede, waaruit die huidige ingenieurs-, chemiese en klerebedrywe van Suid-Afrika voorgespruit het, gevolg.

Die goudmynboubedryf is steeds die grootste enkele bedryfstak in die Suid-Afrikaanse ekonomie en is daarbenewens 'n belangrike verskaffer van buitelandse valuta.¹⁾ Volgens Plumbridge²⁾ is die goudmynboubedryf in Suid-Afrika in 'n unieke situasie. Benewens die feit dat dit op regstreekse of onregstreekse wyse die mark, of minstens deel van die grondslag vir die produksie van sekere bedryfstakke bied, verskaf dit ook die buitelandse valuta vir die invoere (van kapitaal- en verbruikersgoedere) van die genoemde bedryfstakke.

Kapitaal
Die goudmynbedryf het ook baie daartoe bygedra dat die Suid-Afrikaanse ekonomiese ontwikkeling sterk op die toevloei van buitelandse kapitaal kon steun. Heelwat van die groot kapitaalbeleggings wat vir die ontwikkeling van goudmyne benodig is, is vanuit die buiteland bekom. Die effek van laasgenoemde op die Suid-Afrikaanse ekonomie was die volgende:³⁾

- (a) Vanweë die bestendigheid en winsgewendheid van die goudmyne het Suid-Afrika naam gemaak as aantreklike beleggingsveld.
- (b) Die tempo van die ekonomiese ontwikkeling in die Republiek sou heelwat laer gewees het indien dit uitsluitlik op binnelandse fondse aangewese moes wees.

1) Vergelyk tabel 7.2.

2) Plumbridge, loc. cit.

3) Loc. cit.

- (c) Die invloed van buitelandse kapitaal het veroorsaak dat 'n groot gedeelte van die binnelandse spare na ander nywerhede gekanaliseer kon word.

Die goudmynboubedryf het ook 'n direkte finansieringsfunksie in die ontwikkeling van Suid-Afrika vervul. Plumbridge¹⁾ lig dié aangeleentheid soos volg toe: "The re-investment of profits from the gold mines in secondary industry and other fields of mining has played a valuable part in their development". Benewens diversifikasie in baie aspekte van vervaardiging, het mynfinansieringshuise ook 'n oorheersende rol in die ontwikkeling van Suid-Afrika se ander minerale bronne gespeel.

leidr
'n Ander waardevolle rol wat deur goudmyne tydens hul aanvanklike ontwikkelingsfase vervul is, was die aantrekking vanuit die buiteland van werklui met besondere bestuurs- en leiers-eienskappe. Die versindheid en moed van hierdie manne het grootliks tot die snelle groei van die goudmynbedryf bygedra, en hulle karaktereienskappe is in die moderne geslag nywerheidsleiers bestendig.

Die bydrae van goud tot die bruto binnelandse produk het van 18,7 persent in 1911 tot 16,3 persent in 1939 en 5,7 persent gedurende 1970 afgeneem.²⁾ Die stygende internasionale goudpryse het egter aanleiding gegee tot 'n omgeswaai in laasgenoemde tendens. Die vergelykbare syfers vir 1972 en 1973 was

1) Loc. cit.

2) Lombard, e.a. Goud. Fokus op Ekonomiese Kernvrae, 7: figuur 14, p.7, November 1973; en De Kock. Gold and the South African Economy - Some Recent Developments, p.10.

onderskeidelik 6,5 persent en 8,7 persent.¹⁾

Teen 'n gemiddelde goudprys van \$150 per fynons behoort die bydrae van goud tot die bruto binnelandse produk gedurende 1974 tot sowat 8,9 persent te verhoog.²⁾

Benewens ander neue-effekte hou die huidige stygende internasionale goudpryse sekere onbetwisbare potensiële implikasies vir Suid-Afrika se reële groeipotensiaal in. Volgens R.M. Gidlow³⁾ sluit genoemde implikasies die volgende in:

- (a) die uitbreiding van die goudmynbedryf sal, direk of indirek, aanverwante sekondêre bedryfstakke ook gunstig beïnvloed.
- (b) Aangesien die goudmynbedryf hoofsaaklik uitvoergeoriënteerd is, sal die eksterne beperking op sneller ekonomiese groei gedeeltelik deur die hoër internasionale goudpryse verlig word.
- (c) Die uitbreiding van die goudmynbedryf kan die wysigings in die benutting van nie-blanke arbeid op die goudmyne bespoedig, "... with further ramification elsewhere in the economy".⁴⁾
- (d) Die resulterende toename in belastinginkomste (vanweë die hoër goudmynwinste) voorsien aan die Suid-Afrikaanse regering die geleentheid om meer infrastrukturele projekte aan te pak en/of belastings te verlaag.

1) Lombard, e.a., loc. cit.; en De Kock, loc. cit.

2) Ibid., p.10-1.

3) Gidlow. Gold price bonanza brings problems too. Euromoney, Julie 1974, p.69.

4) Loc. cit.

Ten spyte van 'n dalende reële goudprys vanaf 1934 tot 1968, het goud dus voortdurend 'n belangrike rol in die ekonomiese groei en ontwikkeling van Suid-Afrika gespeel. Die stygende goudprys sedert 1970 het dié rol aansienlik verhoog.

7.3 DIE GOUDMYNBEDRYF EN INDIENSNAME

Soos duidelik uit tabel 7.1 blyk, het die gemiddelde getal persone in diens van die goudmynbedryf van 428 051 gedurende 1940 tot 430 673 gedurende 1973 toegeneem. Gedurende 1973 was sowat 37 571 (of 8,7 persent) van die totale getal werknemers in die goudmynbedryf blankes.¹⁾ Die verhouding tussen die indiensname van die goudmynbedryf en die totale ekonomiese bedrywige bevolking van Suid-Afrika het die volgende tendens geopenbaar: 6,9 persent in 1936, 9 persent in 1946, 8 persent in 1960 en 5,3 persent in 1970.²⁾

Volgens tabel 7.1 het die indiensname van die goudmynbedryf inderwaarheid sedert 1960 afgeneem. Gedurende die tydperk 1960/62 tot 1970/72 het die uitsette (erts gemaal) van goudmyne egter met sowat 12 persent toegeneem.³⁾ Gedurende laasgenoemde dekade het die totale faktorinsette (o.a. arbeid) van die goudmynbedryf afgeneem - die toename in uitsette was derhalwe die resultaat van 'n toename in produktiwiteit.

Die vergoeding van goudmynwerkers (in die vorm van salarisse, lone en toelaes) het vanaf R66 miljoen gedurende 1940 tot sowat R352 miljoen gedurende 1973 toegeneem. Gedurende "1970

1) Departement van Statistiek. Bulletin van Statistiek, 8(2): tabel 2.2.2., p.2.4, Junie 1974.

2) Verwerk uit tabel 7.1; Departement van Statistiek. Bulletin van Statistiek, 8(2): tabel 2.1.1., p.2.1, Junie 1974; en Katzen, op. cit., p.52.

3) Lombard, e.a., op. cit., figuur 12, p.6.

TABEL 7.1INDIENSNAME EN VERGOEDING IN DIE GOUDMYNBEDRYF¹⁾

JAAR	GEMIDDELTE GETAL PERSONE IN DIENS	SALARISSE, LONE EN TOELAES (R'MILJOENE)
1940	428 051	66
1950	373 888	102
1960	455 767	182
1962	457 884	187
1963	444 448	190
1964	441 178	210
1965	432 641	209
1966	425 539	212
1967	414 877	220
1968	418 867	227
1969	410 521	232
1970	425 871	247
1971	425 163	258
1972	412 494	274
1973	430 673 ²⁾	352 ³⁾

1) Departement van Mynwese. Mynboustatistieke 1972 (R.P. 37/1973), tabelle 1 en 3.

2) Departement van Statistiek. Bulletin van Statistiek, 8(2):tabel 2.2.2, p.2.4, Junie 1974.

3) Chamber of Mines of S.A. Eighty-fourth Annual Report (1973), p.71.

was die gemiddelde maandelikse verdienste per Bantoewerker R17 kontant en R18 in natura, terwyl die ooreenstemmende gemiddeldes in 1973 ongeveer R31 en R26 per maand was".¹⁾ Na raming is sowat 2 miljoen mense in Suid-Afrika en sekere omliggende buurstate tans van 'n inkomste uit die goudmyne afhanklik.²⁾ Die lone wat trekarbeiders in die goudmyne verdien, is ook 'n belangrike inkomeskepper in die Bantoe-tuislande, en het tot dusver 'n belangrike rol in die ekonomiese ontwikkeling van hierdie gebiede gespeel.

Tot betreklik onlangs het die vreemde Bantoewerkers in diens van die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf "... van feitlik alle gebiede in Suider-Afrika en selfs van verder Noord gekom".³⁾ Die onafhanklikheidswording van die betrokke gebiede het egter daartoe gelei dat die goudmynbedryf sedertdien sy Bantoewerkers slegs in 'n beperkte aantal lande kon werf. Op 31 Desember 1972 het die geografiese herkoms van die Bantoes wat in diens van die goudmynbedryf gestaan het, soos volg daaruit gesien:⁴⁾

Malawi	124 000	(33 persent)
Mosambiek	83 000	(22 persent)
R.S.A.-Bantoes	78 000	(21 persent)
Lesotho	70 000	(19 persent)
Botswana	17 000	(4 persent)
Swaziland	4 000	(1 persent)
	376 000	(100 persent)

Op grond van bogenoemde geografiese herkoms van die Bantoes wat op 31 Desember 1972 in diens van die goudmynbedryf gestaan het,

1) Lombard, e.a., op. cit., p.4.

2) Plumbridge, loc. cit.

3) Lombard, e.a., loc. cit.

4) Loc. cit.

het die verdienstes- (in die vorm van lone en toelaes) van dié arbeiders soos volg daaruit gesien:¹⁾

Malawi	R 31,3 miljoen
Mosambiek	20,9 miljoen
R.S.A.-Bantoes	20,0 miljoen
Lesotho	18,0 miljoen
Botswana	3,8 miljoen
Swaziland	1,0 miljoen
	R 95,0 miljoen

Die Financial Mail²⁾ van 27 September 1974 bereken dat sowat R32 miljoen van die R54 miljoen wat deur mynwerkers van Mosambiek in Suid-Afrika verdien word, in die vorm van uitgestelde betalings ("deferred pay") na Mosambiek terugvloei. Indien egter in gedagte gehou word dat die goudopsie op 'n gedeelte van die uitgestelde betalings van toepassing is, kan die Bantoemynwerkers (in die goudmynbedryf) heelwat hoër verdienstes realiseer deur die hoë internasionale goudpryse te benut.³⁾

'n Interessante tendens wat vermelding verdien, is die relatiewe toename in die verhouding aan vreemde Bantoes (in vergelyking met R.S.A.-Bantoes) wat tot die goudmynbedryf toetree. Die persentasie vreemde Bantoes het vanaf ongeveer 60 persent gedurende die vroeë sestigerjare, tot sowat 80 persent gedurende 1973 toegeneem. Laasgenoemde neiging word in Fokus⁴⁾ soos volg verklaar: "Dié tendens weerspieël die gunstige ekonomiese toe=

1) Verwerk uit Dept. van Mynwese. Mynboustatistieke 1972 (R.P. 37/1973), tabel 3.

2) Anon. The harsh realities. Financial Mail, LIII(13):1217, September 1974.

3) Die goudopsie verleen aan dié mynwerkers die reg om 'n gedeelte van hul uitgestelde betalings in goud te eis.

4) Lombard, e.a., loc. cit.

stande in Suid-Afrika wat die inheemse volksgroepe na ander hoër besoldigde werkkringe gelok het". Die huidige daad= werklike poging wat in die goudmynbedryf aangewend word om die loongaping te vernou, kan tot 'n toename in die indiens= name van R.S.A.-Bantoes in die Suid-Afrikaanse goudmyne aan= leiding gee.

Soos duidelik uit bogenoemde blyk, oefen die goudmynbedryf slegs 'n geringe direkte invloed op indiensname in Suid-Afrika uit. Die indirekte effek (via aanverwante bedryfstakke) belooft egter om van groter belang te wees.

7.4 GOUD EN DIE SUID-AFRIKAANSE BETALINGSBALANS

7.4.1 Die lopende rekening

C. Ball¹⁾ se verwysing na die rol van goud in die Suid-Afrikaanse ekonomie as "the yellow brick road", is veral baie toepaslik met betrekking tot die lopende rekening van die Suid-Afrikaanse betalingsbalans. Die belangrike rol van goud in die lopende rekening word aan die hand van tabelle 7.2, 7.3, en 7.4 toegelig.

In tabel 7.2 word die rol van goud in die lopende rekening van die betalingsbalans ontleed op grond van die persentuele bydrae wat netto goudproduksie tot goedere-uitvoere en ontvangste vir dienste sedert 1950 gelewer het. Soos duidelik uit dié tabel blyk, het die bydrae van goud tot uitvoere²⁾ sedert die middel van die vyftigerjare geleidelik toegeneem, om 'n maksimum van 35,9 persent gedurende 1965 te bereik. Daarna het die bydrae

1) Ball. The yellow brick road. Euromoney, Mei 1974, p.101.

2) Uitvoere = goedere-uitvoere plus ontvangste vir dienste plus netto goudproduksie.

TABEL 7.2

DIE ROL VAN GOUD IN DIE LOPENDE REKENING VAN DIE BETALINGSBALANS, 1950-1973¹⁾
 (Bedrae uitgedruk in R'miljoene)

JAARTAL	GOEDERE-UITVOERE EN ONTVANGSTE VIR DIENSTE (a)	NETTO GOUD= PRODUKSIE (b)	NETTO GOUDPRODUKSIE AS PERSENTASIE VAN UITVOERE (INSLUITEND GOUD) (c) ²⁾
1950	544	294	35,1
1955	915	366	28,6
1960	1 110	530	32,3
1961	1 159	576	33,2
1962	1 201	632	34,5
1963	1 286	688	34,9
1964	1 379	736	34,8
1965	1 386	775	35,9
1966	1 566	769	32,9
1967	1 756	775	30,6
1968	2 000	769	27,8
1969	1 998	847	29,8
1970	2 000	837	29,5
1971	2 196	922	29,6
1972	2 948	1 161	28,3
1973	3 444	1 769	33,9

1) S.A. Reserwebank. 'n Statistiese aanbieding van die betalingsbalans van Suid-Afrika vir die tydperk 1946 tot 1970, tabel 1; en Id. Kwartaalblad, Junie 1974 (112), p.555.

$$2) (c) = \frac{(b)}{(a) + (b)} \times \frac{100}{1}$$

van goudproduksie tot uitvoere geleidelik afgeneem om 'n laagtepunt van 28,3 persent gedurende 1972 te bereik. Die gemiddelde goudprys wat deur die goudmynbedryf gedurende 1973 behaal is, was ongeveer \$97 per fynons, in vergelyking met die sowat \$51 per fynons van 1972.¹⁾ Dié toename in die goudprys het veroorsaak dat die bydrae van netto goudproduksie tot totale uitvoere gedurende 1973 tot 33,9 persent gestyg het. Laasgenoemde toenemende belangrikheid van goud met betrekking tot uitvoere behoort gedurende 1974 voortgesit te word - 'n gemiddelde goudprys van \$150 per fynons word in die vooruitsig gestel, wat 'n netto goudproduksie van sowat R2 500 miljoen sal verteenwoordig.

In tabel 7.3 word die dekking van goedere-invoere deur goedere-uitvoere en goud ontleed. Sedert 1946 ondervind Suid-Afrika voortdurend 'n tekort op sy internasionale goedererekening.²⁾ Met die uitsondering van 1951, 1970 en 1971 is die nadelige saldo op die Suid-Afrikaanse internasionale goedererekening sedert 1950 ten volle deur goud gedek. Laasgenoemde word sedert 1972 in 'n groot mate moontlik gemaak deur die stygende internasionale goudpryse.

In tabel 7.4 word die rol van goud in die lopende rekening van die betalingsbalans verder toegelig. 'n Analise van die lopende rekening bring aan die lig dat Suid-Afrika sedert 1946 elke jaar 'n nadelige saldo op lopende rekening (goud uitge=sonderd) gerealiseer het.³⁾ Gedurende die 1946-1958-tydperk

1) Plumbridge, op. cit., p.6.

2) S.A. Reserwebank. 'n Statistiese aanbieding van die betalingsbalans van Suid-Afrika vir die tydperk 1946 tot 1970, tabel 1, p.9-10.

3) Loc. cit.; en Id. Kwartaalblad, Junie 1974 (112), p.555.

TABEL 7.3

PERSENTUELE DEKKING VAN GOEDERE-INVORE DEUR GOEDERE-UITVOERE EN GOUD¹⁾

JAARTAL	GOEDERE- UITVOERE	NETTO GOUD= PRODUKSIE	GOEDERE-UITVOERE PLUS GOUD
1950	69,9	47,9	117,8
1955	75,8	37,7	113,5
1960	78,4	47,2	125,6
1961	90,8	56,6	147,4
1962	91,1	60,7	151,8
1963	79,8	53,6	133,4
1964	68,1	46,6	114,7
1965	59,3	43,1	102,4
1966	73,9	46,7	120,6
1967	68,1	39,9	108,0
1968	80,3	40,8	121,1
1969	69,2	39,4	108,6
1970	55,8	32,4	88,2
1971	53,0	31,4	84,4
1972	77,8	40,7	118,5
1973	72,0	49,9	121,9

1) Bewerkings is gebaseer op Suid-Afrikaanse Reserwebank. 'n Statistiese aanbieding van die betalingsbalans van Suid-Afrika vir die tydperk 1946 tot 1970, tabel 1; en Id. Kwartaalblad, Junie 1974 (112), p.5-55.

TABEL 7.4

GOUD EN DIE SALDO OP DIE LOPENDE REKENING¹⁾

(Bedrae uitgedruk in R'miljoene)

JAARTAL	SALDO OP LOPENDE REKENING (GOUD UITGESLUIT)	NETTO GOUDPRODUKSIE
1960	-493	530
1961	-361	576
1962	-315	632
1963	-522	688
1964	-784	736
1965	-1 071	775
1966	-770	769
1967	-956	775
1968	-691	769
1969	-1 092	847
1970	-1 664	837
1971	-1 925	922
1972	-1 167	1 161
1973	-1 667	1 769

- 1) Gegewens en bewerkings uit: Suid-Afrikaanse Reserwebank. 'n Statistiese aanbieding van die betalingsbalans van Suid-Afrika vir die tydperk 1946 tot 1970, tabel 1, p.9-10; en Id. Kwartaalblad, Junie 1974, p.S-55.

was die waarde van die netto goudproduksie nie voldoende om die nadelige saldo op die lopende rekening (goud uitgesonderd) volledig te elimineer nie. Tydens die daaropvolgende 5 jaar (1959-1963) is daar egter jaarliks 'n surplus op die lopende rekening (goud ingesluit) ondervind. Vanaf 1964 tot en met 1972 (uitgesonder 1968) was die netto goudproduksie weer nie voldoende om die tekort op die lopende rekening (goud uitge-sluit) uit te wis nie. Die hoë internasionale goudpryse wat gedurende 1973 geheers het, het dit moontlik gemaak om die tekort van R1 667 miljoen¹⁾ op die lopende rekening ten volle te elimineer met behulp van die netto goudproduksie ter waarde van R1 769 miljoen.

Die hoë internasionale oliepryse en die sterk konjunkturale opswaai wat gedurende 1974 ondervind word, behoort aanleiding te gee tot 'n groot tekort op die lopende rekening. De Kock²⁾ verwag dat dié tekort tussen 6 en 8 persent van die bruto binnelandse produk kan beloop. Alhoewel dié tekort op die lopende rekening van baie faktore afhanklik is, sal 'n gemiddelde internasionale goudprys van \$150 per fynons waar-skyklik die verwagte tekort tot 'n peil van tussen R400 miljoen en R800 miljoen reduseer, "... which by all historical and other standards would be abnormally small for a year of cyclical upswing and high growth".³⁾ De Kock⁴⁾ lig die verwagte tekort op die lopende rekening vir 1974 verder soos volg toe: "Indeed, corrected for cyclical fluctuations (as opposed to seasonal fluctuations), such a current account position would in all probability be equivalent to a surplus".

1) Hierdie tekort is gedurende die naoorlogse jare slegs deur dié van 1971 oortref.

2) De Kock, op. cit., p.15.

3) Loc. cit.

4) Loc. cit.

Uit bostaande blyk dit dus duidelik dat Suid-Afrika redelik goed verskans is teen die internasionale bedreigings van inflasie en hoë oliepryse. In teenstelling met die meeste Europese lande het Suid-Afrika 'n uitstekende skokbreker, nl. goud, waarmee die "skokke" van die hoë internasionale oliepryse redelik suksesvol geabsorbeer kan word. Dit is egter verontrustend dat die proporsionele bydrae van goud tot Suid-Afrika se uitvoerverdienstes gedurende 1973 bykans dieselfde as die ooreenstemmende syfer vir 1950 was.¹⁾ Alhoewel die goudmeevaller sekerlik nie te versmaai is nie, behoort die daadwerklike uitbouing van die uitvoersektor besliste voorrang te geniet.

7.4.2 Internasionale reserwes

Die rol wat goud sedert 1950 in die buitelandse monetêre reserwes²⁾ van Suid-Afrika gespeel het, word in tabel 7.5 ontleed. Soos duidelik uit die tabel blyk, het die goudkomponent van Suid-Afrika se buitelandse reserwes van 36,5 persent gedurende 1950 tot 'n maksimum van 78,6 persent gedurende 1964 toegeneem. Ná 1964 het die goudkomponent 'n dalende tendens vertoon, om 'n laagtepunt van 48,7 persent gedurende 1972 te bereik.

Gedurende die 1960-1973-tydperk het die gemiddelde goudkomponent van Suid-Afrika se buitelandse reserwes 65,7 persent beloop.³⁾ Hierdie relatief hoë goudkomponent het beslis meegehelp om die internasionale status van die Suid-Afrikaanse geldeenheid te verhoog.

1) Vergelyk tabel 7.2.

2) Buitelandse monetêre reserwes = goudreserwes plus ander buitelandse reserwes.

3) Berekening word op tabel 7.5 gebaseer.

TABEL 7.5

GOUD- EN ANDER BUITELANDSE RESERWES, 1950-1973¹⁾

(Bedrae uitgedruk in R'miljoene)

JAARTAL	GOUDRESERWES (a)	TOTALE BUIE= LANDSE RESERWES (b)	(c) = (a) AS PER= SENTASIE VAN (b)
1950	140	384	36,5
1955	150	289	51,9
1960	126	206	61,2
1961	212	292	72,6
1962	353	521	67,8
1963	446	607	73,5
1964	407	518	78,6
1965	301	480	62,7
1966	451	620	72,7
1967	413	593	69,6
1968	881	1 127	78,2
1969	790	1 069	73,9
1970	472	807	58,5
1971	332	651	51,0
1972	530	1 088	48,7
1973	561	976	57,5

- 1) S.A. Reserwebank. 'n Statistiese aanbieding van die betalingsbalans van Suid-Afrika vir die tydperk 1946 tot 1970, tabel 9, p.33; en Id. Kwartaalblad, Junie 1974 (112), p.5-62.

Insiggewende resultate word egter verkry indien die goud=komponent (57,5 persent gedurende 1973) van die buitelandse reserwes teen realistiese goudpryse waardeer sou word.¹⁾

Die herwaardasie van die goudreserwes teen \$150 per fynons sal 'n toename van ongeveer 147 persent in die waarde van die Suid-Afrikaanse buitelandse reserwes tot gevolg hê. Daarbenewens sal sodanige revaluasie tot gevolg hê dat die goud=komponent van die buitelandse reserwes na 82,8 persent verhoog. Die huidige tendens om goudreserwes teen meer realistiese pryse te waardeer, hou dus 'n potensiele kompensasie vir lande (soos Suid-Afrika) wat bereid was (is) om voorkeur aan goudreserwes te verleen, in.²⁾

7.5 GOUD EN BINNELANDSE BESTEDING

In tabel 7.6 word die voorrade, in die vorm van intermediêre en kapitaalgoedere, wat deur die goudmynbedryf verbruik is, met die bruto binnelandse besteding vergelyk. Soos duidelik uit die tabel blyk, het die persentuele bydrae van die goud=mynbedryf tot bruto binnelandse besteding 'n dalende tendens geopenbaar. Dié bydrae het naamlik van 5,2 persent gedurende 1960 tot die onbeduidende syfer van 2,5 persent gedurende 1973 afgeneem.

Ten spyte van bogenoemde tendens kan die belangrikheid van die goudmynbedryf vir verskeie nywerhede nie onderskat word nie. Lombard, Stadler en Van der Merwe lig dié aangeleentheid soos volg toe:³⁾ "Die goudmynbedryfstak was aanvanklik ver=antwoordelik vir die ontstaan van 'n hele aantal hulpmynwerhede

1) Sedert September 1972 word die goudreserwes teen R29,55 per fynons waardeer.

2) Vergelyk paragraaf 4.3.4.

3) Lombard, e.a., op. cit., p.5.

TABEL 7.6

VOORRADE DEUR DIE GOUDMYNBEDRYF GEBRUIK EN BRUTO BINNELANDSE BESTEDING, 1950-1973¹⁾

(Bedrae uitgedruk in R'miljoene)

JAARTAL	BRUTO BINNELANDSE BESTEDING	VOORRADE DEUR DIE GOUDMYNBEDRYF GE- BRUIK	c = (b) AS PER- SENTASIE VAN (a)
	(a)	(b)	
1950	2 641	117,6	4,5
1955	4 062	205,1	5,0
1960	5 145	265,8	5,2
1961	5 134	268,2	5,2
1962	5 429	258,3	4,8
1963	6 152	269,6	4,4
1964	7 002	276,2	3,9
1965	7 895	280,0	3,5
1966	8 304	296,8	3,6
1967	9 394	320,5	3,4
1968	9 821	322,9	3,3
1969	11 347	332,1	2,9
1970	12 934	357,1	2,8
1971	14 484	372,1	2,6
1972	15 171	372,4	2,5
1973	17 993	442,2	2,5

1) Departement van Mynwese. Mynboustatistiek 1973 (R.P. 44/1974), tabel 5; S.A. Reserwebank. Kwartaalblad, Junie 1965 (76), Maart 1971 (99) en Junie 1974 (112); en Steenkamp, op. cit., p.37.

en dien tans nog as 'n belangrike afsetgebied vir die produkte van verskeie nywerheidsvertakkings".

'n Persentuele ontleding van die voorrade (ter waarde van R372,4 miljoen) wat gedurende 1972 deur die goudmynbedryf verbruik is, lewer onder andere die volgende resultate: masjinerie en toerusting, 18 persent; elektrisiteit, gas en water, 16 persent; plofstowwe en chemikalieë, 11 persent. Alhoewel die totale bydrae van die goudmynbedryf tot bruto binnelandse besteding slegs nominaal is, speel dit nogtans 'n belangrike rol in sekere bedryfstakke. Gedurende 1972 het die goudmynbedryf sowat 15 persent¹⁾ van alle elektrisiteit, gas en water verbruik.

7.6 STAATSINKOMSTE UIT DIE GOUDMYNBEDRYF

In tabel 7.7 word die bydrae van die goudmynbedryf tot die lopende inkomste van die Suid-Afrikaanse owerheid ontleed. Dié bydrae neem die vorm van inkomstebelasting (wat sowat 75 persent lewer) en winsaandeel (wat sowat 25 persent lewer) aan.

Soos duidelik uit tabel 7.7 blyk, het die bydrae wat die goudmynbedryf tot staatsinkomste lewer, van 8,9 persent gedurende 1962-1963 tot 4,5 persent gedurende 1970-1971 afgeneem. Aangesien die staatsinkomste wat uit die goudmynbedryf voortspruit, 'n funksie van (onder andere) die goudprys is, kan die effek van die dalende reële goudprys duidelik in die relatief dalende staatsinkomste uit hierdie bron gedurende laasgenoemde tydperk,

1) Berekening word gebaseer op S.A. Reserwebank. Kwartaalblad, Junie 1974 (112), p.S-71.

TABEL 7.7

STAATSINKOMSTE UIT DIE GOUDMYNBEDRYF¹⁾

(Bedrae uitgedruk in R'miljoene)

BOEKJAAR 1 APRIL TOT 31 MAART	INKOMSTEBE= LASTING (a)	WINSAAANDEEL (b)	(c) = (a)+(b)	(d) ²⁾ = (c) AS PERSENTASIE VAN LOPENDE INKOME VAN DIE ALGEME= NE OWERHEID ³⁾
1960-61	57,83	13,52	71,35	7,3
1961-62	67,84	16,93	84,77	8,6
1962-63	84,21	23,30	107,51	8,9
1963-64	87,10	30,22	117,32	8,9
1964-65	89,06	31,64	120,70	8,5
1965-66	92,67	35,82	128,49	8,5
1966-67	92,76	35,23	127,99	7,1
1967-68	89,59	32,65	122,24	6,3
1968-69	84,90	32,57	117,47	5,3
1969-70	93,90	33,31	127,21	5,2
1970-71	89,33	31,94	121,27	4,5
1971-72	102,73	32,87	135,60	4,6
1972-73 ⁴⁾	169,44	53,30	222,74	5,8

1) Departement van Mynwese. Mynboustatistieke 1972 (R.P. 37/1973), tabel 30; Id. Mynboustatistieke 1967 (R.P. 47/1968), tabel 30.

2) Hierdie berekenings word gebaseer op die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Kwartaalblad, September 1970 (97); Maart 1971 (99); en Junie 1974 (112).

3) Die lopende inkomste van die algemene owerheid word per kalenderjaar bereken.

4) Chamber of Mines of S.A., op. cit., p.66.

waargeneem word. Die hoër internasionale goudpryse wat sedert 1971 gerealiseer is, het genoemde bydrae tot staatsinkomste tot 4,6 persent gedurende 1971-1972 en tot 5,8 persent gedurende 1972-1973, verhoog. Die persentuele bydrae wat die goudmynbedryf tot staatsinkomste lewer, behoort gedurende die 1973-1974- en 1974-1975-boekjare verder toe te neem, vanweë die huidige hoë internasionale goudpryse.

Benewens laasgenoemde effek van die hoër internasionale goudpryse behoort die belastingstelsel waaronder goudmyne belasting betaal, ook 'n noemenswaardige uitwerking op die verwagte bydrae van die goudmynbedryf tot staatsinkomste uit te oefen. Goudmyne word op grond van 'n glyskaalbelastingformule belas, "... which assures that the more profitable the operation the greater the proportion of income that is paid in taxation".¹⁾

Dié belastingformule hou dus in dat "... any increases in profits due to productivity improvements or increase in the selling price of gold, tend to be very heavily taxed".²⁾

Daarbenewens dra goudmyne sekere winsdele tot die inkomste van die Suid-Afrikaanse regering by, ingevolge huurooreenkomste met die staat. Na raming word sowat 70 persent van die addisionele inkomste wat belastingpligtige goudmyne uit die hoër internasionale goudpryse toeval, aan die owerheid afgestaan in die vorm van belasting en winsaandeel.

Na raming sal die bydrae van die goudmynbedryf tot die lopende inkomste van die Suid-Afrikaanse regering sowat R500 miljoen gedurende die 1973/74 fiskale boekjaar beloop.³⁾ Laasgenoemde

1) Plumbridge, op. cit., p.5.

2) Loc. cit.

3) Loc. cit.

verteenwoordig 'n bydrae tot die staatsinkomste van meer as 10 persent gedurende die ooreenstemmende tydperk.

7.7 GOUD AS STABILISERENDE FAKTOR IN DIE EKONOMIE

Die konstante goudprys wat tot Maart 1968 in gebruik was, het daartoe gelei dat dit nog altyd algemeen aanvaar is dat die goudmynbedryf 'n stabiliserende invloed op die ekonomiese konjunktuurverloop van Suid-Afrika uitgeoefen het. Dié konstante goudprys het die oortuiging laat posvat dat die goudmynbedryf nie deur algemene resessies of ekonomiese afplattings beïnvloed sou word nie. Plumbridge lig hierdie aangeleentheid soos volg toe: "Consequently, it has played a valuable role in sustaining Government revenue when sums derived from other taxation have tended to decline and has maintained undiminished foreign exchange earnings and an uninterrupted source of demand for industrial and consumer goods".¹⁾

Die konjunkturale betekenis van die goudmynbedryf gedurende die 1886-1962-tydperk is volledig deur Leo Katzen²⁾ in sy werk, "Gold and the South African Economy", ontleed. Daarin kom hy tot die gevolgtrekking dat die goudmynbedryf wel 'n anti-sikliese uitwerking op die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad het, "although not nearly as much as theory leads us to expect".³⁾

Katzen⁴⁾ wys daarop dat 'n goudmynindustrie op twee wyses stabiliserend op die ekonomie van 'n goudproduserende land kan inwerk, nl.

1) Loc. cit.

2) Katzen, op. cit., Hoofstuk V.

3) Ibid., p.99.

4) Ibid., p.3.

- (a) via die effek op inkome en indiensname; en
- (b) via die effek op die monetêre stelsel.

Die anti-sikliese uitwerking van 'n goudmynindustrie, gegewe 'n konstante goudprys, berus egter op drie voorwaardes, nl. dat

- (a) alle ander pryse volkome soepel moet wees;
- (b) goudproduksie aanpasbaar moet wees met betrekking tot veranderings in produksiekoste; en
- (c) produksiefaktore mobiel moet wees.

Een of meer van bogenoemde voorwaardes het egter op een of ander tyd nie gegeld nie. Katzen¹⁾ kom dus tot die gevolgtrekking dat "cost rigidities, exogenous disturbances such as changes in the price of gold, new discoveries and strikes etc., have militated against gold output changing anti-cyclically".

Nieteenstaande laasgenoemde kom Katzen tot die gevolgtrekking dat die goudmynbedryf oorwegend 'n stabiliserende effek op die Suid-Afrikaanse besigheidsiklusse gehad het; met die uitsondering van die aanvanklike goudproduksie-era. Hy voeg daaraan toe: "This effect has often been limited and offset by other factors but there is a good deal of positive evidence for the industry having lived up to theoretical expectations, at least between the wars and in the last decade".²⁾

Die relatiewe afname in die rol van goud in die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende die einde van die sestigterjare het die anti-

1) Ibid., p.99.

2) Loc. cit. Die "last decade" waarvan hier ter sprake is, het in 1962 geëindig.

sikliese effek van die goudmynbedryf effens afgewater. Die stygende internasionale goudpryse, wat die sewentigerjare ingelui het, plaas die stabiliserende effek van die goudmynbedryf egter weer eens onder die soeklig. Die standpunt van Plumbridge¹⁾ dat die stabiliserende effek van die goudmynbedryf ten tye van die huidige hoë internasionale goudpryse 'n realiteit is, word hier ondersteun. Hy motiveer sy standpunt soos volg:²⁾ "In times of recession mining costs may still fall but at the same time because of the nature of the product and the inevitable currency uncertainties which will predominate, the sale of gold will continue at a high tempo while the sales of other products are falling".

Die belangrike rol wat die goudmynbedryf tot dusver in die Suid-Afrikaanse ekonomie vervul het, het die owerheid ook tot doelgerigte anti-inflasioneë optrede genoop.³⁾ Gedurende die 1935-1968-periode, tydens die konstante goudprys-regime, was die goudmynindustrie veral gevoelig vir inflasioneë druk op bedryfskoste. Enige buitensporige styging in bedryfskoste het aanleiding gegee tot 'n afname in die ertsreserwes namate laergraad-erts onekonomies vir ontginning geword het. Dit was derhalwe in nasionale belang dat inflasie sover as moontlik beperk is, om sodoende die belangrikste uitvoerbedryf van Suid-Afrika nie oormatig te benadeel nie.

Die huidige hoë internasionale goudpryse het ongetwyfeld daartoe gelei dat die regering "... feels that the gold mining industry no longer needs the same measure of protection against rising costs".⁴⁾ Plumbridge beveel egter aan dat die hoë in=

1) Plumbridge, loc. cit.

2) Loc. cit.

3) Loc. cit.

4) Loc. cit.

ternasionale goudpryse ten spyt, die owerheid 'n daadwerklike poging behoort aan te wend om die inflasieprobleem sover as moontlik te beperk ten einde Suid-Afrika se belangrikste uitvoerbedryf te beskerm.

7.8 DIE UITWERKING VAN DIE HUIDIGE HOË INTERNASIONALE GOUDPRYSE OP DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE

Die onmiddellike effek van die hoër internasionale goudpryse was 'n afname in goudproduksie vanweë die toenemende ontginning van laergraad-erts. Die hoë goudprys verleng egter die leeftye van goudmyne en ontsluit daarbenewens die moontlikheid van nuwe goudmyne; die opening van een sodanige nuwe goudmyn in die O.V.S. is juis onlangs aangekondig.

Die implikasie van die verhoogde goudprys is dus dat die goudmynbedryf vir 'n geruime tyd nog sal voortgaan om 'n uiters waardevolle en belangrike rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie te speel. Goud se rol as belangrikste verdieners van buitelandse valuta sal sodoende voortgesit word, "... thereby helping to finance expansion in the manufacturing and base mineral sectors, and delaying the day when these sectors will have to replace gold as the major export revenue earners".¹⁾ Die sukses waarmee bedryfskoste in toom gehou kan word, asook die handhawing van die goudprys op 'n relatief "hoë peil", sal bepaal of Suid-Afrika se toekomstige ekonomiese ontwikkeling weer so sterk op die goudmynbedryf sal kan steun as in die verlede.

1) Ibid., p.6.

Gidlow¹⁾ wys daarop dat die twee belangrikste potensiële nadele van 'n goudprysverhoging(s) vir die Suid-Afrikaanse ekonomie tot dusver nie gerealiseer het nie. Dié nadele is reeds herhaaldelik deur akademici aangetoon, nl.

- (a) versnelde inflasie; en
- (b) 'n afname in die aansporing om die nie-gouduitvoerbedrywe te ontwikkel.

Gidlow²⁾ wys daarop dat die goudprysverhoging tot dusver om verskeie redes wel desinflationêr was. Eerstens het die randrevaluasieproses (wat gedurende Oktober 1972 begin het) daartoe meegehelp om ingevoerde inflasie marginaal te stuit. Gidlow beweer dat "this ability to revalue the rand has been considerably facilitated by the progressive rises in the gold price".³⁾ Tweedens het die toenemende staatsinkomste wat uit die hoër goudprys voortgespruit het, dit vir die owerheid moontlik gemaak om verkoopbelasting periodiek te verlaag. Derdens, deur die ekonomie te aktiveer en sodoende die beter benutting van die produksiekapasiteit te verseker, "it can be argued that the gold boom has helped stem rising cost pressures".⁴⁾

Die onderliggende invloed wat die internasionale oliekrisis op die internasionale goudpryse gehad het, het vir die nie-gouduitvoerbedrywe twee belangrike voordele ingehou,⁵⁾ nl.

- (a) Die aansienlike toename in internasionale vervoer- en

1) Gidlow, loc. cit.

2) Loc. cit.

3) Loc. cit.

4) Loc. cit.

5) Loc. cit.

verskepingskoste wat uit die olieprysstygings voort= gevloei het, plaas 'n belangrike kostenadeel op die vervoer van ru-materiaal in 'n onverwerkte vorm - "a new boost to the local beneficiation of ores has therefore been given".¹⁾

- (b) Die effek van die styging in internasionale oliepryse op die Suid-Afrikaanse kostestruktuur is slegs margi= naal vanweë Suid-Afrika se relatiewe lae afhanklikheid van olie as energiebron, en dit behoort die uitvoer van vervaardigde produkte te bevoordeel.

Die toegif wat Suid-Afrika uit die hoër internasionale goud= pryse verkry, hou egter ook heelwat probleme in met betrekking tot die toepassing van ekonomiese beleid.²⁾ Hierdie probleme sluit onder andere die volgende in:

- (a) Die begrotingsurplus wat uit die hoër goudpryse voort= spruit, het daartoe gelei dat die aanvanklike begro= tingsprojeksies van die 1973-1974 fiskale boekjaar met sowat R640 miljoen oortref is. Laasgenoemde het nood= wendig verwagtings ten opsigte van verdere belasting= toegewings geskep wat in die huidige inflasionêre tyds= gewrig nie bekostig kan word nie.
- (b) Die owerheid se pogings om verdere uitgebreide indus= triële ontwikkeling in die Witwatersrand-Vereeniging= gebied te ontmoedig, "... will be hampered by the magnetic attractions of the area now strengthened by the gold mining expansion in prospect there".³⁾

1) Loc. cit.

2) Loc. cit.

3) Loc. cit.

Uit bestaande blyk dit dus dat die voordele van verhogings in die goudprys heelwat swaarder weeg as die nadele wat daaruit voortspruit.

7.9 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

Die konstante goudprysregime wat gedurende Maart 1968 beëindig is, het daartoe bygedra dat die rol wat goud in die Suid-Afrikaanse ekonomie in die naoorlogse jare gespeel het, geleidelik afgeneem het. Die tweeledige goudprysstelsel, wat gedurende 1968 geïmplementeer is, asook die daarmee gepaardgaande hoër internasionale goudpryse, het die rol van goud in Suid-Afrika egter weer eens bestendig.

Benewens die finansieringsfunksie het die rugwaartse bindinge van die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf met 'n verskeidenheid van ander bedryfstakke, daartoe meegehelp dat dié bedryf as die belangrikste katalisator in die ekonomiese groei en ontwikkeling van Suid-Afrika opgetree het. Na verwagting behoort die bydrae van goud tot die bruto binnelandse produk van Suid-Afrika gedurende 1974 sowat 8,9 persent te beloop.

Die belangrikste invloed van goud op die Suid-Afrikaanse ekonomie spruit sonder twyfel voort uit die internasionale monetêre eienskappe van dié metaal. Goud, as die belangrikste verdienster van buitelandse valuta in Suid-Afrika, was gedurende 1973 ekwivalent aan 33,9 persent van die totale Suid-Afrikaanse uitvoere (goud ingesluit). Daarbenewens het die hoë goudkomponent van die buitelandse reserwes daartoe meegehelp om die internasionale status van die Suid-Afrikaanse rand te verhoog.

Die anti-sikliese aard van die goudmynbedryf het, behoudens sekere uitsonderings, heelwat bygedra tot die stabiliteit van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Na alle waarskynlikheid sal dié funksie gedurende die huidige era van stygende internasionale goudpryse voortgesit kan word.

Gidlow wys daarop dat die potensiële gevare vir Suid-Afrika van versnelde inflasie en 'n afname in die aansporing om die nie-gouduitvoerbedrywe te ontwikkel, nie tydens die onlangse verhogings in die internasionale goudpryse gerealiseer het nie. Benewens sekere beleidsprobleme lyk dit dus of die hoë internasionale goudpryse vir Suid-Afrika voordelig behoort te wees.

In die volgende hoofstuk word 'n samevatting van die belangrikste resultate van die studie en die voortspruitende gevolgstrekkings ontleed.

HOOFSTUK 8

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

8.1 INLEIDING

Hierdie studie het ten doel gehad om die rol van goud in die internasionale betalingsverkeer te ontleed. Nou kan die hoofmomente van die studie in hierdie hoofstuk saamgevat en die belangrikste gevolgtrekkings geformuleer word.

8.2 DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN GOUD

Sedert die middel van die sestigerjare word die totale netto goudaanbod in die vrye wêreld bykans geheel en al deur die private goudvraag geabsorbeer. Hierdie toename in die private goudvraag is die resultaat van 'n geleidelik stygende vraag na goud vir industriële én artistieke doeleindes en van 'n fluktuerende vraag na goud vir oppottingsdoeleindes. Die wêreldwye tekort aan monetêre goud kan deur 'n aansienlike revaluasie van die amptelike goudprys uitgewis word. Benewens die herwaardasie van die bestaande monetêre goudreserwes behoort sō 'n revaluasie van die amptelike goudprys ook tot private goudontpottig aanleiding te gee. Eenstemmigheid oor die toekomstige monetêre rol van goud behoort eweneens tot 'n gedeeltelike ontpotting van die goud, ter waarde van sowat \$32 500 miljoen (1973), wat vir spekulatie- en oppottingsdoeleindes opgeberg word, aanleiding te gee.

8.3 GOUD EN DIE INTERNASIONALE MONETÊRE STELSEL

Die vervanging van die stelsels van bimetallisme en silwerstandaarde met die internasionale goudstandaard gedurende die vorige

eeu, is deur die proklamasie van die Muntwet (van 1816) in Brittanje ingeluf. Tussen 1903 en 1914 was die internasionale betalingsmeganisme op die internasionale goudstandaard gebaseer, nadat die meeste van die ontwikkelde lande tussen 1873 en 1903 formeel of de facto tot die goudstandaard toegetree het. Alhoewel die reëls van die goudstandaard voor 1914 nie streng deur sentrale banke nagekom is nie, het dit nogtans tydens dié tydvak redelik suksesvol gefunksioneer.

Die wyse waarop die internasionale goudstandaard van 1925 af in die Weste heringestel is, sou 'n belangrike aanleidende faktor tot die Groot Depressie van die dertigerjare wees. Die algehele mistasting deur lande soos Brittanje en Frankryk ten opsigte van die aangewese goudpariteite van hul onderskeie geldeenhede, het ernstige ekonomiese konsekwensies vir die res van die wêreld ingehou. Die goudstandaard het tussen 1931 en 1936 volledig van die toneel verdwyn.

Die rol wat goud sedert 1945 in die internasionale monetêre stelsel sou speel, is duidelik in die Bretton Woods-Ooreenkoms omskryf. Ingevolge die I.M.F.-statute sou goud die funksies van internasionale betaalmiddel, rekeneenheid en waardedraer in die internasionale betalingsmeganisme vervul. Die vaspenning van die amptelike goudprys vanaf 1934 tot 1971 het egter daartoe gelei dat die internasionale betaalmiddelfunksie van goud tot 'n minimum beperk is. Die huidige pogings om monetêre goud teen markgebonde goudpryse te waardeer, dui op die wêreldwye behoefte aan 'n internasionale betaalmiddel van goud se kaliber. Ten spyte van daadwerklike pogings om goud as internasionale rekeneenheid met S.T.R.'e te vervang, funksioneer goud nog steeds as internasionale rekeneenheid.

Die opvallendste kenmerk van die internasionale monetêre rol van goud sedert 1945 is geleë in die relatiewe afname in die rol daarvan in internasionale monetêre reserwes. Die bydrae van goud tot internasionale monetêre reserwes het van 74 persent gedurende 1949 tot 23 persent gedurende April 1974 afgeneem. Dié afname kan aan die dalende reële goudprys, die Londense goudpoel (vanaf Oktober 1961 tot Maart 1968) en die tweeledige goudprysstelsel (vanaf Maart 1968 tot November 1973) toegeskryf word.

Die tekort aan internasionale monetêre reserwes is in 'n toenemende mate met sleutelvalutas aangevul. Die "gedwonge" substituering van goud as die belangrikste internasionale betaalmiddel deur die V.S.A.-dollar, het tot die opskorting van die goudwisselstandaard op 15 Augustus 1971 gelei. Die huidige era van wisselkoersonsekerhede sal onbepaald voortduur en kan ernstige ekonomiese probleme tot gevolg hê tensy die rol van goud as internasionale betaalmiddel aansienlik verhoog word.

8.4 INTERNASIONALE GOUDPRYSBEWEGINGS

'n Analise van internasionale goudprysbewegings in die verlede bring aan die lig dat groot goudprysstygings gewoonlik die resultaat van internasionale monetêre krisis was. Dié monetêre krisis het gewoonlik uit onsekerhede aangaande die internasionale monetêre rol van goud en die vertrouenskrisis van die sleutelvalutas voortgespruit.

Die opvallendste kenmerk van die goudtransaksie-omsetneiging is die noue verwantskap wat tussen hoë goudomset en internasionale monetêre krisis bestaan. Daarbenewens reflekteer die stygende

goudtransaksie-omsette die toename wat in die vraag na goud vir industriële en artistieke doeleindes ondervind word.

Die huidige onsekere internasionale monetêre klimaat, die stygende industriële en artistieke goudvraag, en die hoë peil van private goudoppotting behoort binne die afsienbare toekoms tot nuwe hoogtepunte in internasionale goudpryse aanleiding te gee.

8.5 GOUD EN INTERNASIONALE MONETÊRE HERVORMING

Benewens ander struikelblokke word die internasionale hervormingspoging ook deur internasionale divergerende standpunte wat ten opsigte van die aangewese monetêre rol van goud gehuldig word, in die wiele gery. Daarbenewens het die internasionale inflasievraagstuk en oliekrisis veroorsaak dat die monetêre hervormingspoging voorlopig op die langebaan geskuif is.

Ten spyte van bogenoemde uiteenlopende standpunte ten opsigte van die monetêre rol van goud - dit wissel van voorstelle dat goud gedemonetiseer behoort te word, tot voorstelle dat die volle goudstandaard heringestel behoort te word - is dit duidelik dat monetêre hervorming "will be completely impossible without agreement on gold".¹⁾

Nā 'n kritiese ontleding van die belangrikste hervormingsvoorstelle kom die skrywer hiervan tot die gevolgtrekking dat die tergende internasionale goudvraagstuk slegs op een wyse bevredigend opgelos sal kan word, nl. deur 'n amalgamasie van die amptelike

1) Diederichs. The views of South Africa on gold. International Currency Review, 5(4):8, Julie-Augustus 1973.

en nie-amptelike goudpryse.¹⁾ Laasgenoemde optrede sal daartoe lei dat die demonetisasie van goud al dan nie, langs 'n weg van evolusie sal plaasvind. Die behoefte aan internasionale likiditeit en die internasionale aanvaarbaarheid van die sleutelvalutas en S.T.R.'e sal dan hoofsaaklik in fluktuasies in internasionale goudpryse gereflekteer word.

Die amalgamasie van die amptelike en nie-amptelike goudpryse behoort gedurende die interimperiode in elk geval nie met die standpunt van die anti-goudskool te bots nie. Die standpunt van Gerhard de Kock²⁾ dat "support for an eventual phasing out of gold is now quite reconcilable with support for an increase in one way or another in its official price during the period immediately ahead ...", word hier ondersteun.

Op die oomblik wil dit voorkom of die internasionale olie= krisis sy tol van die Westerse ekonomieë begin eis. 'n Amalgamasie van die amptelike en nie-amptelike goudpryse sal die Westerse lande van 'n effektiewe wapen in hul ekonomiese stryd teen die Arabiese olieproduserende lande voorsien.

8.6 DIE INVLOED VAN GOUD OP DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE

Suid-Afrika, wat tans sowat 78 persent tot die goudproduksie van die vrye wêreld bydra, is baie nou by die rol van goud in die internasionale betalingsverkeer betrokke. Die huidige hoë internasionale goudpryse hou 'n addisionele toegif vir die Suid-Afrikaanse ekonomie in.

1) Vergelyk paragraaf 6.3.4.

2) De Kock. Gold and the South African Economy - Some recent developments, p.7.

Die finansieringsfunksie en rugwaartse bindinge van die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf met ander bedryfstakke het daartoe gelei dat die goudmynbedryf as die belangrikste katalisator van ekonomiese groei en ontwikkeling in Suid-Afrika gedien het.

Die goudmynbedryf behoort gedurende 1974 ongeveer 9 persent tot die bruto binnelandse produk van Suid-Afrika by te dra. Die voorrade wat deur die goudmynbedryf gedurende 1973 gebruik is, het egter slegs sowat 2,5 persent van die bruto binnelandse besteding van Suid-Afrika verteenwoordig. Gedurende die 1972-1973-boekjaar het die Staat sowat 5,8 persent van sy lopende inkome van die goudmynbedryf ontvang.

Die rol wat goud in die Suid-Afrikaanse betalingsbalans speel, is van groot belang. Gedurende 1973 het die netto goudproduksie sowat 34 persent tot die totale Suid-Afrikaanse uitvoere (bestaande uit goedere- en diensteuitvoere, en netto goudproduksie) bygedra. Die netto goudproduksie was sedert 1950 telkens, met die uitsondering van 1970 en 1971, voldoende om die tekort op die Suid-Afrikaanse goedererekening te dek.

Die huidige hoë internasionale goudpryse behoort bogenoemde rol wat goud in die Suid-Afrikaanse ekonomie speel, aansienlik te verhoog.

Dit is belangrik om daarop te wys dat Suid-Afrika minder kwesbaar vir die konsekwensies van die huidige dreigende wêreld-resessie is as die meeste ander lande. Hierdie "ingeboude" verskansing is onder andere die resultaat van die stygende internasionale goudpryse wat gewoonlik gedurende periodes van ekonomiese en monetêre krisisse voorkom, en wat dui op die

anti-sikliese rol wat goud in die Suid-Afrikaanse ekonomie speel.

8.7 SLOT

Skrywer hiervan distanseer hom dus van die Amerikaanse standpunt dat "the relative decline of gold as a monetary asset has characterized the evolution of national monetary systems as well as the international system. So long as a mechanism for assuring an adequate growth rate for total international reserves is developed, there need be no concern whether the relative role of gold is greater or smaller in the future than in the past".¹⁾ Die ineenstorting van die Bretton Woods-Ooreenkoms was juis die resultaat van die relatiewe daling van goud as internasionale betaalmiddel.

Enige pogings tot internasionale monetêre hervorming behoort dus 'n toename in die relatiewe rol van goud as internasionale betaalmiddel (via revaluasies in die amptelike goudprys) in te sluit. Die evaluasie van die internasionale monetêre rol van goud sal dus te alle tye noodsaaklik wees vir die suksesvolle hervorming van die internasionale monetêre stelsel.

1) U.S.A. Congress, Joint Economic Committee. Guidelines for improving the international monetary system, p.9.

BIBLIOGRAFIE

ANGELL, J. The Reorganization of the International Monetary System: An Alternative Proposal. (In Grubel, H.G., red. World Monetary Reform : Plans and Issues. Stanford University Press, 1963. p.90-110).

Anon. Currency realignments : Main parity changes since November 1967. International Currency Review, 5(5):38-42, September/Oktobre 1973.

Anon. Currency Reviews. International Currency Review, 6(1): 39-97, Januarie/Februarie 1974.

Anon. Currency Reviews: Gold. International Currency Review, 5(3):40-2, Mei/Junie 1973.

Anon. Currency Reviews: Gold. International Currency Review, 5(4):41-5, Julie/Augustus 1973.

Anon. Currency Reviews: Gold. International Currency Review, 5(6):38-41, November/Desember 1973.

Anon. Currency Reviews: Gold. International Currency Review, 6(1):39-43, Januarie/Februarie 1974.

Anon. Currency Reviews: Gold. International Currency Review, 6(3):75-7, Mei/Junie 1974.

Anon. Currency Reviews: Gold. International Currency Review, 6(4):37-41 en 130, Julie/Augustus 1974.

Anon. Dollar Crisis. The Banker, 121(547):983-9, September 1971.

Anon. Final Communiqué of Committee of 20 Urges Stronger Action Against Inflation. I.M.F. Survey, Junie 1974, p.178-80.

Anon. Gold Markets. Survey of gold markets : Part I. International Currency Review, 6(2):13-8, Maart/April 1974.

Anon. Gold reserves agreement coming. South Africa's Tradeways, 3(11):1 en 4, Junie 1974.

Anon. The harsh realities. Financial Mail, L111(13):1216-7, September 1974.

Anon. Monetary reform I : US postpones reform pending surplus. International Currency Review, 5(5):33-5, September/Oktobre 1973.

Anon. Money : A mystical boom. Time, 4 Maart 1974, p.22.

Anon. Outline of Reform. I.M.F. Survey, Junie 1974, p.193-208.

Anon. The Reformed System. I.M.F. Survey, Junie 1974, p.193-7.

Anon. SDR Valued by 16 Currencies. I.M.F. Survey, Junie 1974, p.177 en 185.

Anon. Sixth Meeting to End Committee of 20's Phase of Reform. I.M.F. Survey, Junie 1974, p.161 en 170-1.

Anon. What's your choice? Economist (A World money survey), 250(6813):11-2, Maart 1974.

Anon. The Whirlwind Confronts the Skeptics. Time, 21 Januarie 1974, p.26-31.

Anon. Why the system broke down. Business Week, 2195:84-6, September 1971.

ANSIAUX, H. Statement by the Governor of the Fund for Belgium. (In I.M.F. Summary Proceedings : Annual Meeting 1965. Washington, 1965. p.129-33).

ASCHINGER, PROF. DR. F. Another view on International Monetary Reconstruction. (In Institute of Directors of S.A. Proceedings of the Symposium on International Monetary Reconstruction. Johannesburg, 1973, p.19-22).

ASCHINGER, PROF. DR. F. Monetary reform after the oil crisis. Euromoney, Junie 1974, p.4-6.

AUFRICHT, H. The International Monetary Fund : Legal Bases, Structure, Functions. London, Stevens & Sons, 1964. 126 p.

BALL, C. The yellow brick road. Euromoney, Mei 1974, p.101-2.

BERNSTEIN, E.M. The Bernstein Approach. (In Hinshaw, R., red. Monetary Reform and the Price of Gold : Alternative approaches. Baltimore, John Hopkins Press, 1967. p.53-73).

BERNSTEIN, E.M. Proposed Reforms in the International Monetary System. (In Grubel, H.G., red. World Monetary Reform : Plans and Issues. Stanford University Press, 1963. p.187-202).

BOSTON, J. Gold and the Dollar. Belfast, International Welfare Aid, 1961. 25 p.

BROWN, R.N. An Appraisal of the Agreement on South African Gold Sales to the International Monetary Fund. Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie, 39(2):123-9, Junie 1971.

BROWN, W.A. Jr. The International Gold Standard Reinterpreted 1914-1934, Vol. I. New York, Ams. Press, 1940. 730 p.

BROWN, W.A. Jr. The International Gold Standard Reinterpreted 1914-1934, Vol. II. New York, Ams. Press, 1940.

BROWNE, G.W.G. Another view on International Monetary Reconstruction. (In Institute of Directors of S.A. Proceedings of the Symposium on International Monetary Reconstruction. Johannesburg, 1973. p.26-8).

BUSSCHAU, DR. W.J. The Glamour of Gold. S.A.U.K., 1963. 48 p.

BUSSCHAU, DR. W.J. The Glamour of Gold : its attraction through the ages. The S.A. Mining and Engineering Journal, LX(1):515-9, Junie 1949.

BUSSCHAU, DR. W.J. The Glamour of Gold : its attraction through the ages. The S.A. Mining and Engineering Journal, LX(1):545-7, Junie 1949.

BUSSCHAU, DR. W.J. Gold and international liquidity. Johannesburg, The S.A. Institute of international affairs, 1961. 102 p.

BUSSCHAU, DR. W.J. Should gold be demonetized? (In Institute of Directors of S.A. Proceedings of the Symposium on International Monetary Reconstruction. Johannesburg, 1973. p.41-5).

Chamber of Mines of South Africa. Eighty-Fourth Annual Report: 1973. Johannesburg, 1974.

CLARKE, W.M. & PULAY, G. The world's money. How it works. London, Allen and Unwin, 1971. 216 p.

COETZEE, L. Nuwe probleme met goud. Sake-Rapport, 4 Augustus 1974, p.1.

COLOMBO, E. Statement by the Governor of the Fund for Italy. (In I.M.F. Summary Proceedings : Annual Meeting 1968. Washington, 1968. p.79-89).

CUTLER, D. The valuation of the SDR. Euromoney, Augustus 1974, p.27-31.

DAVIDSON, I. & WEIL, G.L. The Gold War. London, Secker & Warburg, 1970. 245 p.

DAVIES, J.L. Gold : a forward strategy. Princeton University, 1969. 35 p.

DE JONGH, DR. T.W. International monetary developments - with special reference to the role of gold. (Address delivered by Dr. T.W. de Jongh, Governor of the South African Reserve Bank at the 70th Annual Congress of the Association of Chambers of Commerce of South Africa on Thursday, 19th October 1972).

DE KOCK, DR. G. Gold and the South African Economy - Some recent developments. (Address delivered by Dr. Gerhard de Kock, Deputy Governor of the South African Reserve Bank, in Grahamstown on 16th July 1974 at the Inaugural Festival of the 1830 Settlers National Monument).

DE KOCK, DR. G. The Shape of international monetary reconstruction. (In Institute of Directors of S.A. Proceedings of the Symposium on International Monetary Reconstruction. Johannesburg, 1973. p.29-33).

DE VRIES, MARGARET G. Exchange Rate adjustment. (In I.M.F. The I.M.F. : 1945-1965. (Vol. II : Analysis). Washington, 1969. p.90-121).

DE VRIES, MARGARET G. The Par Value System : An Overview. (In I.M.F. The I.M.F. : 1945-1965. (Vol. II : Analysis). Washington, 1969. p.39-50).

DIEDERICH, DR. N. Gold in a reformed monetary system. Euromoney, Februarie 1974, p.8-9.

DIEDERICH, DR. N. Statement by the Governor of the Fund and Bank for South Africa. (In I.M.F. Summary Proceedings : Annual Meeting 1968. Washington, 1968. p. 195-200).

DIEDERICH, DR. N. Statement by the Governor of the Fund and Bank for South Africa. (In I.M.F. Summary Proceedings : Annual Meeting 1969. Washington, 1969. p.116-121).

DIEDERICH, DR. N. Statement by the Governor of the Fund and Bank for South Africa. (In I.M.F. Summary Proceedings : Annual Meeting 1970. Washington, 1970. p.190-5).

DIEDERICH, DR. N. Statement by the Governor of the Fund for South Africa. (In I.M.F. Summary Proceedings : Annual Meeting 1972. Washington, 1972. p.74-8).

DIEDERICH, DR. N. The views of South Africa on gold. International Currency Review, 5(4):7-12, Julie/Augustus 1973.

EINZIG, P. The Destiny of Gold. London, MacMillan, 1972. 128 p.

EINZIG, DR. P. Gold and the Monetary Power-Vacuum. Euromoney, 3(1):83-5, Junie 1971.

EMMINGER, O. The Gold-Exchange Standard and the Price of Gold. (In Hinshaw, R., red. Monetary Reform and the Price of Gold: Alternative approaches. Baltimore, John Hopkins Press, 1967. p.97-107).

ERASMUS, D.P. Die plek van goud in die huidige internasionale monetêre stelsel. (Rede gelewer by die aanvaarding van 'n professoraat in Handel, Geld- en Bankwese aan die P.U. vir C.H.O. op 21 Augustus 1964).

Euromoney, Oktober 1974, p.123.

FELLS, P.D. Gold 1972. Consolidated Gold Fields, 1972.

FERRARI-AGGRADI, M. Statement by the Governor of the Fund for Italy. (In I.M.F. Summary Proceedings : Annual Meeting 1970. Washington, 1970. p.119-127).

FOWLER, H.H. Statement by the Governor of the Fund and Bank for the United States. (In I.M.F. Summary Proceedings : Annual Meeting 1968. Washington, 1968. p.48-63).

FREY, W. The Zurich Gold Market. Euromoney (Gold and Silver Survey), 3(3):(vi)-(ix), Augustus 1971.

FRIEDMAN, M. The Case for Flexible Exchange Rates. (In American Economic Association. Readings in International Economics. London, Allen and Unwin, 1969. p.413-437).

FUKUDA, T. Statement by the Governor of the Fund and Bank for Japan. (In I.M.F. Summary Proceedings : Annual Meeting 1969. Washington, 1969. p.29-34).

GARDNER, R.N. The political setting. (In Acheson, A.L.K., e.a. Bretton Woods Revisited. MacMillan, 1972. p.20-33).

GIDLOW, R.M. Gold price bonanza brings problems too. Euro= money, Julie 1974, p.68-71.

GILBERT, M. The Gold-Dollar System : Conditions of equilibrium and the price of gold. Princeton University, 1968. 60 p.

GLESKE, DR. L. Gold and the International Monetary System. Euromoney (Gold and Silver Survey), 3(3):(xi-xiv), Augustus 1971.

GOLD, J. The Amendments. (In I.M.F. The I.M.F. : 1945-1965. (Vol. II : Analysis). Washington, 1969. p.595-605).

GOLD, J. Special Drawing Rights : Character and Use. Washington, I.M.F., 1970. 91 p.

GOLD, J. Special Drawing Rights : The Role of Language. Washington, I.M.F., 1971. 25 p.

GOLD, J. The Stand-By Arrangements of the International Monetary Fund. Washington, I.M.F., 1970. 295 p.

Gold, Money, Commodities, 106:913, 1974-6-2.

GOODE, R.C.J. Outlook for gold mining in South Africa. 
(In Chamber of Mines of South Africa. Gold Production - outlook for the future. 1972. p.1-13).

Graduate Institute of International Studies : On International monetary order. Geneva, 1968. 70 p.

GREEN, T. Gold Smuggling in the Seventies. Euromoney (Gold and Silver Survey), 3(3):(xv), Augustus 1971.

GREEN, T. The World of Gold. London, Michael Joseph, 1968. 242 p.

GRUBEL, H.G., red. World Monetary Reform : Plans and Issues. Stanford University Press, 1963. 446 p.

GUMBART, MARY, H. Gold transactions at premium prices. (In I.M.F. The International Monetary Fund : 1945-1965. (Vol. II : Analysis). Washington, 1969. p.174-202).

HARROD, SIR R. Liquidity. (In Grubel, H.G., red. World Monetary Reform : Plans and Issues. Stanford University Press, 1963. p.203-26).

HARROD, SIR R. A Plan for Increasing Liquidity : A Critique. (In Grubel, H.G., red. World Monetary Reform - Plans and Issues. Stanford University Press, 1963. p.111-9).

HARROD, SIR R. The Shape of International Monetary Reconstruction. (In Institute of Directors of S.A. Proceedings of the Symposium on International Monetary Reconstruction. Johannesburg, 1973. p.10-2).

HAWTREY, R.G. The Gold Standard in Theory and Practice. London, Longmans, 1933. 248 p.

HEILPERIN, M.A. The Case for Going Back to Gold. (In Grubel, H.G., red. World Monetary Reform : Plans and Issues. Stanford University Press, 1963. p.329-42).

HILL SAMUEL. Market Commentary : The dollar climbs. Euromoney, Oktober 1974, p.121-3.

HIRSCH, F. Influences on Gold Production. International Monetary Fund Staff Papers, 15:405-90, 1968.

HOADLEY, W.E. What expectations of monetary reform? Euro= money, Oktober 1973, p.24-33.

HOLLOWAY, DR. J.E. Value and Worth : Comments and the function of gold in a healthy monetary system. (In Graduate Institute of International Studies. On international monetary order. Geneva, 1968. p.42-55).

HORIE, S. The International Monetary Fund. (Retrospect and prospect). London, MacMillan, 1964. 207 p.

HORSEFIELD, J.K. Derivation and significance of the Fund's resources. (In I.M.F. The I.M.F. : 1945-1965. (Vol. II : Analysis). Washington, 1969. p.349-80).

HORSEFIELD, J.K. Subsidies to gold Producers. (In I.M.F. The I.M.F. : 1945-1965. (Vol. II : Analysis). Washington, 1969. p.203-14).

HORSEFIELD, J.K. & LOVASY, GERTRUD. Evolution of the Fund's policy on drawings. (In I.M.F. The I.M.F. : 1945-1965. (Vol. II : Analysis). Washington, 1969. p.381-427).

I.M.F. Annual Report 1948. Washington.

I.M.F. Annual Report 1949. Washington.

I.M.F. Annual Report 1950. Washington.

I.M.F. Annual Report 1951. Washington.
I.M.F. Annual Report 1952. Washington.
I.M.F. Annual Report 1953. Washington.
I.M.F. Annual Report 1954. Washington.
I.M.F. Annual Report 1955. Washington.
I.M.F. Annual Report 1956. Washington.
I.M.F. Annual Report 1957. Washington.
I.M.F. Annual Report 1958. Washington.
I.M.F. Annual Report 1959. Washington.
I.M.F. Annual Report 1960. Washington.
I.M.F. Annual Report 1961. Washington.
I.M.F. Annual Report 1962. Washington.
I.M.F. Annual Report 1963. Washington.
I.M.F. Annual Report 1964. Washington.
I.M.F. Annual Report 1965. Washington.
I.M.F. Annual Report 1966. Washington.
I.M.F. Annual Report 1967. Washington.
I.M.F. Annual Report 1968. Washington.
I.M.F. Annual Report 1969. Washington.
I.M.F. Annual Report 1970. Washington.
I.M.F. Annual Report 1971. Washington.
~~I.M.F. Annual Report 1972. Washington.~~
I.M.F. Annual Report 1973. Washington.

I.M.F. A draft outline of monetary reform. Euromoney, Oktober 1973, p.49-55.

I.M.F. The first ten years of the International Monetary Fund. Washington, 1956. 49 p.

I.M.F. International Financial Statistics, 1(1), Januarie 1948.

I.M.F. International Financial Statistics, 1(8), Augustus 1948.

I.M.F. International Financial Statistics, 1(9), September 1948.

I.M.F. International Financial Statistics, 1(12), Desember 1948.

I.M.F. International Financial Statistics, 3, Desember 1950.

I.M.F. International Financial Statistics, 4(1), Januarie 1951.

I.M.F. International Financial Statistics, 12(5), Mei 1959.

I.M.F. International Financial Statistics, 14(5), Mei 1961.

I.M.F. International Financial Statistics. Supplement to 1965/66 Issues.

I.M.F. International Financial Statistics, 19, September 1966.

I.M.F. International Financial Statistics, 24(9), September 1971.

I.M.F. International Financial Statistics, 26(11), November 1973.

I.M.F. International Financial Statistics, 27(2), Februarie 1974.

I.M.F. International Financial Statistics, 27(7), Julie 1974.

I.M.F. The International Monetary Fund : 1945-1965. (Vol. I : Chronicle) by J. Keith Horsefield. Washington, 1969. 663 p.

I.M.F. The International Monetary Fund : 1945-1965. (Vol. III : Documents) by J. Keith Horsefield. Washington, 1969. 549 p.

I.M.F. Summary Proceedings : Annual Meeting. Washington, 1972. 391 p.

I.M.F. What the executive directors said on gold. Euromoney, Oktober 1972, p.32.

JACOBSSON, PER. International Monetary Problems : 1957-1963. Washington, I.M.F., 1964. 368 p.

JEFFERY, A. The London Gold Market. Euromoney (Gold and Silver Survey), 3(3):(ii)-(vi), Augustus 1971.

JOHNSON, H.G. International Liquidity: Problems and Plans. (In Grubel, H.G., red. World Monetary Reform : Plans and Issues. Stanford University Press, 1963. p.369-91).

JOHNSON, H.G. The world economy at the crossroads. London, Oxford University Press, 1968. 106 p.

KASER, M. The Soviet balance-of-payments. International Currency Review, 6(3):60-2, Mei/Junie 1974.

KASER, M. Soviet Gold : Production and sales in 1971. (In Consolidated Gold Fields : Gold 1972. p.18-27).

KATZEN, L. Gold and the South African Economy. Kaapstad, A.A. Balkema, 1964. 115 p.

KEYNES, J.M. A Treatise on Money. Vol. II : The Applied Theory of Money. London, MacMillan and Co., 1930. 424 p.

KINDLEBERGER, C.P. International Economics. Illinois, Irwin, 1968. 611 p.

KORTEWEG, PROF. DRS. S. & KEESING, DR. F.A.G. Het Moderne Geldwezen. Deel II : De Techniek van het Betalingsverkeer. Amsterdam, Noord-Hollandsche Uitgevers Maatschappij, 1971.

KRAMER, R.K. e.a. International Trade and Finance : Theory Policy, Practice. Cincinnati, South-Western Publishing Company, 2e Uitgawe. 638 p.

League of Nations. Report of the Gold Delegation of the Financial Committee. (Series of League of Nations Publications) Geneva, Junie 1932. 83 p.

LOMBARD, J.A. e.a. Goud. Fokus op Economiese Kernvrae, 7:1-8, November 1973.

LUTZ, F.A. The Problem of International Liquidity and the Multiple-Currency Standard. (In Grubel, H.G., red. World Monetary Reform : Plans and Issues. Stanford University Press, 1963. p.238-52).

MACHLUP, F. Plans for Reform of the International Monetary System. Princeton University, 1962. 70 p.

MACHLUP, F. Reform of the International Monetary System. (In Grubel, H.G., red. World Monetary Reform : Plans and Issues. Stanford University Press, 1963. p.253-60).

MACHLUP, F. Remaking the International Monetary System. Baltimore, John Hopkins Press, 1968. 161 p.

McLAUGHLIN, D.H. Gold and inflation. Euromoney, Januarie 1973, p.55-7.

MEADE, J.E. The Future of International Payments. (In Grubel, H.G., red. World Monetary Reform : Plans and Issues. Stanford University Press, 1963. p.301-19).

MEADE, J.E. Gold and Reform : Other views. (In Hinshaw, R., red. Monetary Reform and the Price of Gold : Alternative approaches. Baltimore, John Hopkins Press, 1967. p.121-5).

MENDELSON, M.S. Gold : enter the small investor. Euromoney, Mei 1974, p.81-3.

MENDELSON, M.S. Russia tests the market. Euromoney (Gold and Silver Survey), 3(3):(xiv), Augustus 1971.

MENDELSON, M.S. The sticking points of reform. Euromoney, Oktober 1973, p.44-7.

MORGAN-WEBB, SIR C. The Rise and the Fall of the Gold Standard. London, George Allen and Unwin, 1934. 187 p.

MYNWESE, DEPARTEMENT VAN. Mynboustatistieke 1967, R.P. 47/1968.

MYNWESE, DEPARTEMENT VAN. Mynboustatistieke 1972, R.P. 37/1973.

MYNWESE, DEPARTEMENT VAN. Mynboustatistieke 1973, R.P. 44/1974.

NIEUWENHUIZEN, PROF. P.J. Should gold be demonetized? (In Institute of Directors of S.A. Proceedings of the Symposium on International Monetary Reconstruction. Johannesburg, 1973. p.47-9).

OSSOLA, DR. R. The Shape of International Monetary Reconstruction. (In Institute of Directors of S.A. Proceedings of the Symposium on International Monetary Reconstruction. Johannesburg, 1973. p.6-9).

Pick's World Currency Report, Alle uitgawes sedert Maart 1968.

PLUMBRIDGE, R.A. The future of gold production. (In Chamber of Mines of South Africa. Gold Production - outlook for the future. 1972. p.17-27).

PLUMBRIDGE, R.A. Gold Mining's Major role in future of South Africa. Mining Survey, 74:2-6, April 1974.

POSNER, M.V. The World Monetary System : A Minimal Reform Program. Princeton University, 1972. 46 p.

REEDMAN, J.N. Gold and Post-War Currency Standards. Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie, 9(4):379-99, Desember 1941.

REIERSON, R.L. The Question of international liquidity. New York, Bankers Trust Company, November 1965. 48 p.

REUSS, H.S. Gold : Why the official gold price should be abolished, not raised. International Currency Review, 6(2): 12 en 28, Maart/April 1974.

RIST, C. The Triumph of Gold. New York, Philosophical Library, 1961. 258 p.

ROBBINS, LORD. Concluding Observations. (In Hinshaw, R., red. Monetary Reform and the Price of Gold : Alternative approaches. Baltimore, John Hopkins Press, 1967. p.143-50).

ROLFE, S.E. Gold and World Power. The Dollar, The Pound and the Plans for Reform. MacMillan, 1966. 276 p.

ROOSA, R.V. Monetary Reform for the World Economy. New York, Harper & Row, 1965. 173 p.

ROOT, F.R. International Trade and Investment. South-Western Publishing Company, 1973. 663 p.

ROWE, R.C. Gold's Place in the world : Freedom of movement advocated. The South African Mining and Engineering Journal, LIX(1):717-9, Augustus 1948.

RUEFF, J. Gold Exchange Standard a Danger to the West. (In Grubel, H.G., red. World Monetary Reform : Plans and Issues. Stanford University Press, 1963. p.320-8).

RUEFF, J. The Rueff Approach. (In Hinshaw, R., red. Monetary Reform and the Price of Gold : Alternative approaches. Baltimore, John Hopkins Press, 1967. p.37-46).

RUEFF, J. & HIRSCH, F. The Role and the Rule of Gold : An Argument. Princeton University, 1965. 22 p.

SAMUEL MONTAGU. Market Commentary : Bullion. Euromoney, 3(3):28-9, Augustus 1971.

SAMUEL MONTAGU. Market Commentary : Bullion. Euromoney, 3(5):58-9, Oktober 1971.

SAMUEL MONTAGU. Market Commentary : Bullion - Steady fall in gold prices. Euromoney, Oktober 1973, p.147-9.

SAMUEL MONTAGU. Market Commentary : Bullion - Oil worries push up gold. Euromoney, Februarie 1974, p.77-9.

SAMUEL MONTAGU. Market Commentary : Bullion - The end of the gold boom? Euromoney, Augustus 1974, p.89-91.

SCHUMANN, C.G.W. e.a. Economie, 'n Inleidende Studie. Stellenbosch, Universiteits Uitgewers, 1964. 805 p.

SHANNON, I. International Liquidity : A Study in the Economic functions of Gold. Sydney, F.W. Cheshire, 1965. 143 p.

SHULTZ, G.P. Statement by the Governor of the Fund and Bank for the United States. (In I.M.F. Summary Proceedings : Annual Meeting 1972. Washington, 1972. p.34-44).

SIENAGROEP. Monetary reform 2 : The Siena formula. International Currency Review, 5(5):36-7, September/Oktober 1973.

SIMHA, S.L.N. Gold and the international monetary system. Mysore, Rao and Raghavan, 1969. 104 p.

SPIELER, M. New Gold Supply : A Forward look. The Banker (Survey : South Africa), 119(523):918-927, September 1969.

STAMP, SIR M. The Stamp Plan : 1962 Version. (In Grubel, H.G., red. World Monetary Reform : Plans and Issues. Stanford University Press, 1963. p.80-9).

STATISTIEK, DEPARTEMENT VAN. Bulletin van Statistiek, 8(2), Junie 1974.

STEENKAMP, W.F.J. Die Goudmynbou in die Suid-Afrikaanse Ekonomie. Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1968. 44 p.

STOKVIS, DR. H.J. Bretton Woods en het Internasionaal Monetare Bestel. Leiden, Stenfert Kroese, 1948. 448 p.

Suid-Afrikaanse Reserwebank. Kwartaalblad, 76, Junie 1965.

Suid-Afrikaanse Reserwebank. Kwartaalblad, 97, September 1970.

Suid-Afrikaanse Reserwebank. Kwartaalblad, 99, Maart 1971.

Suid-Afrikaanse Reserwebank. Kwartaalblad, 112, Junie 1974.

Suid-Afrikaanse Reserwebank. 'n Statistiese aanbieding van die betalingsbalans van Suid-Afrika vir die tydperk 1946 tot 1970. (Bylaag tot die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Kwartaalblad, Maart 1971). 41 p.

TEHAN, W.H. The U.S. Dollar and the world monetary system. New York, Herzog, 1970. 37 p.

Die Transvaal, 7 November 1974. p.15.

TRIFFIN, R. The Evolution of the International Monetary System : Historical Reappraisal and Future Perspectives. New York, Princeton University, 1964. 87 p.

TRIFFIN, R. Excerpts from 'Gold and the Dollar Crisis'. (In Grubel, H.G., red. World Monetary Reform : Plans and Issues. Stanford University Press, 1963. p.15-54).

TRIFFIN, R. Gold and the Dollar Crisis. New Haven, Yale University Press, 1961. 181 p.

TRIFFIN, R. Should gold be demonetized? (In Institute of Directors of S.A. Proceedings of the Symposium on International Monetary Reconstruction. Johannesburg, 1973. p.35-40).

TRIFFIN, R. The Triffin Approach. (In Hinshaw, R., red. Monetary Reform and the Price of Gold : Alternative approaches. Baltimore, John Hopkins Press, 1967. p.47-52).

TRIFFIN, R. The world money maze. London and New Haven, Yale University Press, 1966. 585 p.

U.S.A. CONGRESS : Joint Economic Committee : Guidelines for Improving the International Monetary System. Washington, U.S. Government, 1965. 22 p.

U.S. TREASURY. US views on World Monetary Reform : America's official holding position. International Currency Review, 5(5):7-10, September/Oktober 1973.

VAN DER VALK, DR. H.M.H.A. Het internationale monetaire stelsel in een vernieuwingsfase. Deventer, Kluwer, 1972. 143 p.

VAN MEERHAEGHE, M.A.G. International economic institutions. London, Longman, 1971. 381 p.

VAN WYK, L.A. Die ontstaan en ontwikkeling van internasionale geldstelsels en die verskillende planne vir die herstel van die monetêre orde. (Ongepubliseerde skripsie). P.U. vir C.H.O., 1966. 187 p.

VISSER, J.S. Die Goudstandaard en die Wenslikheid van 'n terugkeer daarheen. Die S.A. Bankierstydskrif, LV(12): 476-87, Maart 1959.

VOLCKER, P. America holds its ground. The Economist (A world money survey), 250(6813):19-24, Maart 1974.

WERNER, P. Statement by the Governor of the Fund and Bank for Luxembourg. (In I.M.F. Summary Proceedings : Annual Meeting 1969. Washington, 1969. p.122-5).

WIJNHOLDS, H.W.J. Gold Price, Gold value and Gold Production. San Diego State College, 1968. 36 p.

WONNACOTT, P. A Suggestion for the Revaluation of Gold. The Journal of Finance, 18:49-55, 1963.

YEAGER, L.B. The Triffin Plan : Diagnosis, Remedy and Alternatives. (In Grubel, H.G., red. World Monetary Reform : Plans and Issues. Stanford University Press, 1963. p.160-84).

ZOLOTAS, X. The Gold Trap and the Dollar. Athene, Victor Papisissis Publishers, 1968. 34 p.

ZOLOTAS, X. Toward a Reinforced Gold Exchange Standard. (In Grubel, H.G., red. World Monetary Reform : Plans and Issues. Stanford University Press, 1963. p.292-8).